

.b14020622

U.O.V.S. BIBLIOTEK

01

University Free State



34300000971642

Universiteit Vrystaat

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

**DIE ROL VAN GODSKONSEPTE VIR PASTORALE TERAPIE :
'N KONSTRUKTEORETIESE BENADERING**

deur

Frederick Johannes van Jaarsveld

Proefskrif voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die Fakulteit Teologie
Departement Praktiese Teologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Dr J Janse van Rensburg

BLOEMFONTEIN
November 2001

Aan Eloise

DANKBETUIGINGS

By voltooiing van hierdie proefskrif betuig ek graag dank en waardering teenoor:

Prof J Janse van Rensburg wat as promotor opgetree het en te midde van 'n druk program waardevolle leiding verskaf het.

Ds M C Potgieter vir advies en onontbeerlike bystand met die bepaling van 'n betroubaarheidskoëffisiënt vir die kategoriseringsprosedure van persoonlike konstrunkte.

Dr M Erasmus wat as taalversorger tot die professionele voorkoms van die navorsingsverslag bygedra het.

Die persone wat gewillig was om hulle tyd op te offer deur die moeisame taak van respondente vir die empiriese ondersoek te verrig.

My eggenote, Eloise, vir haar begrip, opoffering, onderskraging en bo alles geduld tydens die studie.

Die Hemelse Vader wat my die genade geskenk het om in hierdie stadium van my lewe geestelike verdieping te vind deur na te vors hoe mense oor God dink.

F J VAN JAARSVELD

BLOEMFONTEIN

November 2001

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

FORMULERING VAN DIE PROBLEEM EN ALGEMENE DOELSTELLINGS	1
1.1 PROBLEEMSTELLING	1
1.2 HIPOTESESTELLING	4
1.2.1 Oorkoepelende hipotese	4
1.2.2 Subhipoteses	4
1.3 DOELWITSTELLING	5
1.3.1 Oorkoepelende doelwit	5
1.3.2 Subdoelwitte	5
1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE	6
1.4.1 Literatuurondersoek	7
1.4.2 Empiriese ondersoek	7
1.5 AANNAMES	9
1.6 OPMERKINGS	9
1.7 AKTUALITEIT EN WAARDE VAN DIE NAVORSING	10
1.8 NAVORSINGSVERSLAG	11

HOOFSTUK 2

TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN PASTORALE TERAPIE	14
2.1 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE IN DOGMATIESE KONTEKS	15
2.2 ANTROPOLOGIESE VERKENNING	18
2.3 FUNDERING EN NORMERING VAN 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE	20
2.3.1 Antropologiese fundering in die Godsleer	22
2.3.2 Antropologiese normering aan Christus	24
2.4 DIE WESE VAN DIE MENS	25
2.4.1 Die mens as beeld van God	26
2.4.1.1 Identiteit van die beeld	27
2.4.1.2 Inhoud van die beeld	29
2.4.1.3 Sonde en die beeld	30
2.4.2 Die mens as verbondswese	31
2.4.2.1 Die karakter van die verbond	32
2.4.2.2 Die mens van die verbond	34
2.4.2.3 Praktiese implikasies van die verbond vir die pastoraat	36
2.4.3 Die mens as verhoudingswese	40
2.4.3.1 Die mens in verhouding tot God	41
2.4.3.2 Die mens in verhouding tot die skepping	43
2.4.4 Belangrike eienskappe van die mens	45
2.4.4.1 Analogiese eienskappe	46
2.4.4.2 Komplementerende eienskappe	47

2.5	AKTUALITEIT VAN DIE SONDE	48
2.5.1	Sonde in die mens se verhouding tot God	49
2.5.2	Sonde in die mens se verhouding tot die skepping	50
2.6	SAMEVATTING	53

HOOFSTUK 3

TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN PASTORALE MODELLE

3.1	PASTORALE MODELLE IN TERAPEUTIESE PERSPEKTIEF	55
3.1.1	Kerugmatiese model	55
3.1.1.1	Aard van die kerugmatiese gesprek	56
3.1.1.2	Inhoud van die kerugmatiese gesprek	57
3.1.1.3	Evaluasie van die kerugmatiese model	58
3.1.2	Eduktiewe model	61
3.1.2.1	Voorbereidende faktore	61
3.1.2.2	Oorsigtelike inhoudsbespreking	63
3.1.2.3	Kritiese evaluering	65
3.1.3	Noutetiese model	66
3.1.3.1	Elemente in die noutetiese konfrontasie	68
3.1.3.2	Kenmerke van die noutetiese konfrontasie	69
3.1.3.3	Kritiese evaluering	71
3.1.4	Bipolêre model	73
3.1.4.1	Sintese	73
3.1.4.2	Bipolêre grondstruktuur van die model	74
3.1.4.3	Verbreding van die pastoraat	76
	a. Verbreding van die gesagsbegrip	76
	b. Verbreding van die antropologie	77
	c. Verbreding in deurwerking van pastoraat as hulpverlening	78
	d. Verbreding van die ampsbeskouing	80
3.1.4.4	Kritiese evaluering	81
3.1.5	Pneumatologiese model	83
3.1.5.1	Van Ruler se teologiese denke as onderbou	84
3.1.5.2	Perspektief op pastorale modelle	84
3.1.5.3	Perspektief op bestaande strukture van pastorale sorg	86
3.1.5.4	Pneumaties gespreksgenoot-gesentreerde pastoraat	87
3.1.5.5	Evaluatiewe opmerkings	89
3.1.6	Konvergensiemodel	90
3.1.6.1	Dilemma van die pastorale teologie	91
3.1.6.2	Basiese beginsels van die God-mens-ontmoeting	91
3.1.6.3	Pastoraat in eskatologiese perspektief	93
3.1.6.4	Promissioterapie as pastorale strategie	95
	a. Aard van promissioterapie	95
	b. Gebruike van promissioterapie	96
	c. Uitwerking van promissioterapie	96
3.1.6.5	Evaluatiewe opmerkings	97
3.1.7	Narratiewe model	98

3.1.7.1	Opkoms van die postmodernisme	98
3.1.7.2	Rol van taal en dekonstruksie	100
3.1.7.3	Narratiewe benadering	101
3.1.7.4	Evaluatiewe opmerkings	103
3.2	PNEUMATOLOGIESE IMPLIKASIES VIR ANTROPOLOGIE EN TERAPIE	105
3.2.1	Pneumatologie en pastorale strategie	109
3.2.2	Praktykteoretiese konsekwensies van die pneumatologie	112
3.3	SAMEVATTING	113

HOOFSTUK 4

	BASIS- EN PRAKTYKTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE	115
4.1	BASISTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE	115
4.1.1	Die verbond as grondmotief vir die pastoraat	116
4.1.2	Eskatologiese perspektiewe vir pastorale terapie	118
4.1.2.1	Struktuur van die eskatologie	119
4.1.2.2	Pastoraat en eskatologie	120
4.1.3	Paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte	122
4.1.3.1	Pastoraat as ontmoeting	122
4.1.3.2	Pastoraat as gebeure van verandering	123
4.1.3.3	Paradigmaverskuiwing na 'n metaforiese verstaan van God	125
4.1.4	Rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting	128
4.1.4.1	Verheldering van die term Godskonsep	128
4.1.4.2	Kategorisering van Godskonsepte	131
4.1.4.3	Pastoraal-terapeutiese aanwending van Godskonsepte	135
	a. Lydingspastoraat en geloofsgroei	136
	b. Pastorale diagnose en herstrukturering van Godskonsepte	138
4.1.4.4	Identifisering van Godskonsepte	140
4.1.4.5	Evaluering van Godskonsepte	141
4.1.5	Samevatting van basisteorie vir die pastorale praktyk	142
4.2	PRAKTYKTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE	143
4.2.1	Eiesoortige aard van pastorale terapie	145
4.2.2	Terapeutiese benaderings in die pastoraat	147
4.2.3	Psigopastorale antropologie vir die pastorale praktyk	149
4.2.3.1	Liggaamlike dimensie	151
4.2.3.2	Psigiese dimensie	152
4.2.3.3	Spirituele dimensie	153
4.2.4	Gespreksprosedure vir die pastorale praktyk	154
4.2.4.1	Eiesoortige aard van pastorale gespreksprosedure	155
4.2.4.2	Model vir gespreksprosedure	156
4.3	SAMEVOEGENDE REFLEKSIE OP 'N BASIS- EN PRAKTYKTEORIE	159

HOOFSTUK 5

	INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA OOR GODSKONSEPTE	162
--	---	------------

5.1	KONSTRUKTEORETIESE BENADERING	162
5.1.1	Persoonlikekonstruk-teorie	163
5.1.1.1	Persoonlike konstrunkte	163
5.1.1.2	Psigopatologie	165
5.1.1.3	Psigoterapie	166
5.1.2	Repertoierrooster-tegniek	166
5.1.2.1	Elementontwikkeling	168
5.1.2.2	Konstrukonthulling	168
5.1.2.3	Dokumentasie	169
5.1.2.4	Analisering en interpretasie van repertoierrooster-data	169
5.2	INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA	170
5.2.1	Metodologie van die empiriese ondersoek	170
5.2.1.1	Aard van die empiriese data	170
5.2.1.2	Kriteria vir die toelaatbaarheid van empiriese data	171
5.2.1.3	Verwerkingsmetode van die empiriese data	171
5.2.2	Respondente vir die empiriese ondersoek	173
5.2.2.1	Kriteria vir keuring van respondente	173
5.2.2.2	Klassifikasie volgens stadia van die volwasse lewensiklus	173
	a. Samestelling van die lewensiklus	174
	b. Kenmerke van die volwasse lewenstadia	175
	c. Godskonsepte in die verskillende volwasse lewenstadia	176
5.2.3	Empiriese ondersoekmodel	177
5.2.3.1	Elemente vir die repertoierrooster	178
5.2.3.2	Loodsstudie vir die kompilasie van repertoierroosters	179
5.2.3.3	Kompilasie van die repertoierroosters	179
5.2.3.4	Kategorisering van die konstrunkte	180
5.2.3.5	Betroubaarheid van die klassifikasiesetel	186
5.2.3.6	Analisering van die kategorieë	188
5.3	SAMEVATTING VAN INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA	190

HOOFSTUK 6

	ANALISERING EN INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA	192
6.1	RESPONDENTE VIR DIE REPERTOIERROOSTER-ONDERSOEK	192
6.2	INHOUDSONTLEDING VAN DIE KONSTRUKTE	193
6.2.1	Metafore vir God tydens verskillende volwasse lewenstadia.	194
6.2.1.1	Vadermetafoer	194
6.2.1.2	Geweldige Krag-metafoer	196
6.2.1.3	Vriendmetafoer	198
6.2.1.4	Sadis- of paaiboeliemetafoer	200
6.2.1.5	Verlossermetafoer	201
6.2.1.6	Kersvadermetafoer	203
6.2.1.7	Troostermetafoer	205
6.2.1.8	Bedryfsingenieurmetafoer	206
6.2.1.9	Regtermetafoer	207
6.2.1.10	Rekenaar- of programmeerdermetafoer	209

6.2.1.11 Moedermetafoor	210
6.2.1.12 Towenaarmetafoor	212
6.2.2 Bespreking van die metafore vir God	214
6.2.2.1 Vergelyking van die metafore	214
6.2.2.2 Vergelyking van die volwasse lewenstadia	215
6.2.3 Metafore vir God in verskillende konstruk-kategorieë	217
6.2.3.1 Vroeë-volwasse lewenstadium	218
6.2.3.2 Middel-volwasse lewenstadium	219
6.2.3.3 Laat-volwasse lewenstadium	220
6.2.4 Bespreking van die kategorieë uit die klaagpsalms	221
6.2.4.1 Vergelyking tussen die kategorieë	222
6.2.4.2 Vergelyking tussen die volwasse lewenstadia	223
6.2.5 Godskonsepte in die volwasse lewensiklus	225
6.2.5.1 Vroeë-volwasse lewenstadium	226
6.2.5.2 Middel-volwasse lewenstadium	228
6.2.5.3 Laat-volwasse lewenstadium	230
6.2.5.4 Vergelykende evaluering van die Godskonsepte	232
6.3 GEVALLESTUDIE	233
6.4 SAMEVATTENDE INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA	235

HOOFSTUK 7

DIE ROL VAN GODSKONSEPTE IN DIE PASTORALE PROSES	236
7.1 EVALUERENDE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE	236
7.1.1 Evaluering van data rakende die vroeë-volwasse lewenstadium	237
7.1.2 Evaluering van data rakende die middel-volwasse lewenstadium	241
7.1.3 Evaluering van data rakende die laat-volwasse lewenstadium	243
7.2 TERAPEUTIESE HERSTRUKTURERING VAN GODSKONSEPTE	247
7.2.1 Die rol van Godskonsepte by kliënteprobleme	247
7.2.1.1 Angs	248
7.2.1.2 Depressie	248
7.2.1.3 Swak selfbeeld	248
7.2.1.4 Verslawing	249
7.2.1.5 Huweliksprobleme	249
7.2.1.6 Antisosiale gedrag	249
7.2.1.7 Behoefte aan katarsis	250
7.2.1.8 Hooputopie	250
7.2.1.9 Onbevredigende geloofslewe	250
7.2.2 Die gebruik van toepaslike Godskonsepte by die herstruktureringproses	251
7.2.2.1 Angs	251
7.2.2.2 Depressie	251
7.2.2.3 Swak selfbeeld	252
7.2.2.4 Verslawing	252
7.2.2.5 Huweliksprobleme	253
7.2.2.6 Antisosiale gedrag	253
7.2.2.7 Behoefte aan katarsis	253

7.2.2.8 Hooputopie	254
7.2.2.9 Onbevredigende geloofslewe	254
7.2.3 Probleme by die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte	255
7.2.4 Inkongruensie tussen Godskonsepte en lewenstadium	255
7.2.5 Pastor se rol in die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte	255
7.2.6 Geloofsvolwassenheid en die herstrukturering van Godskonsepte	257
7.2.7 Skrifgebruik by die herstrukturering van Godskonsepte	258
7.3 AANVULLENDE MODEL VIR PASTORALE GESPREKVOERING	258
7.4 SAMEVATTENDE REFLEKSIE	263

HOOFSTUK 8

GEVOLGTREKKING EN SLOTOPMERKING 265

8.1 GEVOLGTREKKINGS	265
8.1.1 Identifisering van Godskonsepte	265
8.1.2 Godskonsepte tydens verskillende lewenstadia	268
8.1.3 Aanvullende model vir pastorale gesprekvoering	269
8.1.4 Samevoegende gevolgtrekking	271
8.2 AANBEVELINGS	272
8.2.1 Aanbevelings aangaande die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering	273
8.2.2 Voorstelle vir verdere navorsing	274
8.3 SLOTOPMERKING	276

LITERATUURLYS 277

BYLAE

Bylaag 1: Repertoierrooster	291
Bylaag 2: Brief van respondent	294

OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 295

SUMMARY OF RESEARCH REPORT 297

KEY TERMS 299

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1: Sommige analogiese eienskappe van die mens	46
Tabel 2.2: Sommige komplementerende eienskappe van die mens	47

Tabel 4.1: Vergelyking tussen psigoterapie en pastorale terapie	148
Tabel 5.1: Kategoriseringstabel vir die konstrukte	184
Tabel 5.2: Verspreiding van die konstrukte per kategorie	188
Tabel 6.1: Respondente vir die repertoierrooster	192
Tabel 6.2: Metafoor: God as Vader	194
Tabel 6.3: Metafoor: God as 'n Geweldige Krag	196
Tabel 6.4: Metafoor: God as Vriend	198
Tabel 6.5: Metafoor: God as Sadis of Paaiboelie	200
Tabel 6.6: Metafoor: God as Verlosser	202
Tabel 6.7: Metafoor: God as Kersvader	204
Tabel 6.8: Metafoor: God as Trooster	205
Tabel 6.9: Metafoor: God as Bedryfsingenieur	206
Tabel 6.10: Metafoor: God as Regter	208
Tabel 6.11: Metafoor: God as Rekenaar of Programmeerder	209
Tabel 6.12: Metafoor: God as Moeder	211
Tabel 6.13: Metafoor: God as Towenaar	213
Tabel 6.14: Frekwensie van konstrukte per kategorie vir volwasse groepe	217
Tabel 7.1: Vergelykende evaluering van Godskonsepte in volwasse lewenstadia	237

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Handelingswetenskaplike model vir die korrigering van 'n Christelike-kerklike praxis	17
Figuur 4.1: Diagrammatiese voorstelling van die God-metafoor	130
Figuur 4.2: Model vir pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies	157
Figuur 5.1: Empiriese ondersoekmodel	177
Figuur 7.1: Aanvullende model vir pastorale gesprekvoering	260

HOOFSTUK 1

FORMULERING VAN DIE PROBLEEM EN ALGEMENE DOELSTELLINGS

Hierdie navorsing handel oor die implikasies wat mense se konsepte van God vir pastorale terapie inhou. Die gespreksgenoot se persoonlike, emosionele en sosiale behoeftes, asook samelewingsproblematiek kan nie deur die pastorale terapeut geïgnoreer word nie. Selfstandigheid, selfverstaan en die bereiking van geloofsvolwassenheid is immers belangrik. Dit gaan egter in pastorale terapie om veel meer. Dit gaan in die laaste instansie om die heil van 'n mens waarin God se betrokkenheid op so 'n wyse gekommunikeer word dat dit vir hom sin maak en sy geloof in die trou van God versterking vind. In so 'n pastoraat het die mens se verstaan van God, oor wat God vir hom beteken, met ander woorde sy Godskonsepte, belangrik geword.

In hierdie eerste hoofstuk word 'n *probleem* aangaande die tema van mense se Godskonsepte aangetoon en omlyn. Ten einde die probleem sinvol aan te spreek word *hipoteses* en *doelwitte* vir die navorsing daarvan gestel. 'n *Metodologie* vir die navorsingprosedure word geskets. Daarna volg 'n bespreking van die *aktualiteit* van die probleem. Die *waarde* wat 'n ondersoek van die probleem vir pastorale terapie inhou, word aangedui. Daar word afgesluit met 'n sinoptiese oorsig van die *struktuur* van die navorsingsverslag.

1.1 PROBLEEMSTELLING

Uitgaande van 'n konvergeniemodel stel Louw (1997:296-297) 'n psigopastorale antropologie bestaande uit affektiewe, kognitiewe, konatiewe, liggaamlike, normatiewe en koinoniale komponente voor. Met hierdie psigopastorale antropologie as basis, postuleer hy 'n gespreksmodel (Louw 1997:408-414) vir pastorale terapie. In die model word van 'n pastorale diagnose (Louw 1997:374-392) gebruik gemaak. Dit loop uit op promissioterapie (Louw

1997:510-511) vir die hantering van eksistensiële nood by mense. Pastorale diagnose omsluit geloofsanalise, religieuse analise en "teo"-logiese analise wat as kriterium vir geloofsvolwassenheid dien. 'n "Teo"-logiese analise berus op identifisering en evaluering van die pneumatiese mens se spiritualiteit en Godskonsepte. Hierdie prosesse hoort grootliks tuis onder die kognitiewe komponent van die pastorale antropologie. Riglyne vir die uitvoer van kognitiewe aksies in die gespreksmodel is egter beperk. Dit laat leemtes met betrekking tot die identifisering van behoeftes, analise van probleme, formulering van aksieplanne vir die hantering van eksistensiële nood, en veral die identifisering en evaluering van Godskonsepte.

Godskonsepte word by sowel die gespreksgenoot as by die interpreterende pastor deur beide se kultuuropvattinge, kerklike konfessies en dogmas, lewensbeskoulike vraagstukke, antropologiese oortuigings en vorige ervarings beïnvloed. Om hierdie rede spreek Louw (1997:387) sy bedenkinge uit oor die haalbaarheid van die vasstelling van 'n gespreksgenoot se Godskonsepte. Klaarblyklik vrees hy waarnemervooroordeel. Nietemin besef hy blykbaar dat daar 'n probleem bestaan. Daarom skryf hy dat mense se voorstelling en verstaan van God so belangrik is dat pastorale hermeneutiek wat erns maak met paradigmitiese skuiwe rakende Godskonsepte, 'n metode sal moet ontwikkel wat lidmate se ervaring van God meer akkuraat kan evalueer (Louw 1997:114).

Vir die pastor wat sonder hulp van objektiewe meetmiddels op sy subjektiewe oordeel moet staatmaak, laat dit die weg oop vir waninterpretasie van die gespreksgenoot se Godskonsepte. Hy kan nie seker wees dat hy die gespreksgenoot se Godskonsepte korrek begryp en interpreteer nie. Die implikasie is dat die gespreksgenoot gelaat mag word met ontoepaslike Godskonsepte wat 'n remmende invloed op sy geloofsgedrag uitoefen. As gevolg van waarnemervooroordeel mag die pastor selfs 'n konstruktiewe Godskonsep verkeerdelik as destruktief beoordeel en gevolglik terapieë ontoepaslik daarop reageer.

Omdat elke persoon se Godskonsepte vir hom uniek is, en wysiging daarvan pynlik en traumaties kan wees, waarsku Louw (1997:388) dat die pastor hier besondere skroom en terughoudendheid moet beoefen. So 'n versigtige benadering kan meebring dat daar van Godskonsepte weggeskram word, met ernstige konsekwensies. Daardeur word die waarde van die pastorale diagnose ernstig

gereduseer. Dit mag tot gevolg hê dat die pastorale hermeneutiek van die heil in Christus en die stimulering van geloofsgroei in die terapeutiese proses nie tot sy reg kom nie.

'n Verdere konsekwensie van so 'n versigtige benadering is dat die pastor mag wegstroom van terapie waar herstrukturering van ontoepaslike of patologiese Godskonsepte nodig is. Dit kan 'n remmende invloed op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid hê. Organiese Skrifhantering relevant tot mense se lewensvraagstukke kom dan nie tot sy reg nie. Sodoende word die mens verhoed om tot skuldbelydenis, vergifnis, hoop, lof en dankbaarheid te kom.

By die vierfasemodel wat Louw(1997:408-425) vir 'n pastorale gespreksbeleid voorstel, tree die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid in fase 4 sterk na vore. Reeds gedurende fase 2 met die probleemanalise is dit egter belangrik om aan die gespreksgenoot se Godskonsepte en sy geloofsinhoude aandag te skenk. 'n Te versigtige houding en geneigdheid om van Godskonsepte weg te skram, kan dié konsekwensie hê dat die baie belangrike vierfasemodel nie ten volle in die terapeutiese proses benut word nie.

'n Ander belangrike leemte wat in die beskikbare gespreksmodelle waargeneem word, staan in verband met mense se lewenstadia (sien Erikson 1963:249-268). Verskille in gespreksgenote se Godskonsepte en hulle algemene godsdienstige beskouings as gevolg van die betrokke lewenstadium waarin hulle verkeer, word nie genoegsaam verreken nie. So ver vasgestel kan word, word hierdie aspek nie deur Egan (1994:19-45) behandel nie. Dit word blykbaar ook nie deur Louw(1997:374-405; 411-425) in sy beskrywing van geloofsanalise, religieuse analise, teologiese analise of sy vierfasemodel, sinvol aangespreek nie.

Met pastorale terapie wil die pastor verandering in kennis by die gespreksgenoot bewerkstellig. Persoonlikekonstruk-teorie, wat tot dusver nie genoegsaam deur Louw verreken word nie, kan as kognitiewe teorie tesame met sy navorsingstechniek, die repertoierrooster, waardevolle riglyne bied vir die identifisering van denkinhoude en verandering van kennis gedurende promissiotherapie.

1.2 HIPOTESESTELLING

Ten einde die voorgenoemde probleem wat met betrekking tot Godskonsepte geïdentifiseer is, sinvol te behandel en rigting aan die navorsingstudie te gee, word van hipotesestelling gebruik gemaak. 'n Oorkoepelende hipotese wat in 'n aantal subhipoteses uiteenval, word gestel.

1.2.1 Oorkoepelende hipotese

Die vermoede bestaan dat die persoonlikekonstruk-teorie soos deur Kelly (1955) gepostuleer, aanvullend kan inwerk op die konvergensiemodel. Met aanpassing van die tegniek wat oorspronklik vir die identifisering van persoonlike konstrunkte (sien Fransella 1978; Fransella & Bannister 1984; Stewart et al 1981) ontwikkel is, kan verskille in die rol van Godskonsepte gedurende pastorale terapie by persone in verskillende lewenstadia aangetoon word. Dit kan lei tot die postulering van 'n aanvullende model vir insluiting in pastorale gesprekvoering.

1.2.2 Subhipoteses

Bestudering van die oorkoepelende hipotese bring aan die lig dat dit vir die sinvolle hantering van die hipotese nodig is om die volgende subhipoteses vir evaluering te postuleer:

Subhipotese 1:

Die vermoede bestaan dat 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek in so 'n mate geskik is vir die identifisering van Godskonsepte dat dit moontlike verskille in Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid by persone in die verskillende volwasse lewenstadia kan aantoon.

Subhipotese 2:

Die vermoede bestaan dat daar verskille in Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid by persone in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus

voorkom.

Subhipotese 3:

Die vermoede bestaan dat 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering waarin die identifisering en betekenis van Godskonsepte in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus, asook implikasies van die persoonlikekonstruk-teorie geïntegreer word, vir die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei gepostuleer kan word.

1.3 DOELWITSTELLING

Met die voorafgaande hipoteses as vertrekpunt word beoog om sekere doelwitte met die ondersoek van die navorsingsprobleem te bereik. 'n Oorkoepelende doelwit wat in 'n aantal subdoelwitte onderverdeel word, word gestel.

1.3.1 Oorkoepelende doelwit

Die oorkoepelende doelwit met die navorsingstudie is om deur gebruikmaking van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek, inligting aangaande Godskonsepte by persone in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus in te samel, ten einde 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering te postuleer.

1.3.2 Subdoelwitte

Vir sinvolle hantering van die oorkoepelende doelwit word dit in die volgende subdoelwitte verdeel:

Subdoelwit 1:

Die eerste subdoelwit is die ontwikkeling van 'n ondersoekmetode wat individue se Godskonsepte sodanig relatief vry van waarnemervooroordeel kan identifiseer dat dit moontlike verskille by individue se Godskonsepte in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus kan aantoon.

Subdoelwit 2:

Die tweede subdoelwit is om met gebruikmaking van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek aan te toon dat individue in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus verskil met betrekking tot hulle Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid.

Subdoelwit 3:

Die derde subdoelwit behels die daarstelling van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering waarin die identifisering en implikasies van individue se Godskonsepte in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus, asook die betekenis van die persoonlikekonstruk-teorie, by die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei verreken word.

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die navorsingsmetodologie in die onderhawige ondersoek na die probleem rondom Godskonsepte bestaan uit twee komponente, naamlik 'n *literatuurondersoek* en 'n *empiriese ondersoek*. Die twee komponente vorm 'n geïntegreerde eenheid. Inligting wat deur middel van die literatuurondersoek verkry is, dien as motivering vir die besondere vorm wat die empiriese ondersoek aanneem.

1.4.1 Literatuurondersoek

In aansluiting by die navorser se keuse vir 'n diakoniologiese epistemologie, word die literatuurondersoek volgens die deduktiewe metode georiënteer. Die samestelling van 'n teologiese antropologie word allereers krities ondersoek vanuit 'n dogmatiese konteks. Vervolgens word 'n aantal saakmakende pastorale modelle met betrekking tot teologiese antropologie bespreek, en word daar op pneumatologiese implikasies daarvan vir die antropologie gewys. Daarna word die literatuur met betrekking tot 'n basis- en praktykteorie krities nagevors. In die basisteorie word aandag geskenk aan die verbond, die paradigmatverskuiving met betrekking tot Godskonsepte, metaforiese teologie en die rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting.

Die literatuurondersoek met betrekking tot 'n praktykteorie vir pastorale terapie dui die eiesoortigheid van sowel pastorale terapie as ander terapeutiese benaderings aan. Uitgaande van die Bybel, wat die beloftes en trou van God kommunikeer, word via die menswetenskappe tot 'n pastorale antropologie vir die praktyk gekonkludeer. Die implikasies wat dit vir pastorale diagnose, gespreksvoering en terapie in die algemeen inhoud, word aangedui. Leemtes in die beskikbare pastorale antropologiese beskouings, diagnose en gespreksmetodes word aangetoon. Die behoefte word derhalwe gevoel om die bepaalde leemtes aan te vul deur gedagtes uit die persoonlikekonstruk-teorie. Hierdie sintese noodsaak die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale terapie.

1.4.2 Empiriese ondersoek

Die feit dat die navorser uit 'n diakoniologiese epistemologie opereer, sluit die gebruik van 'n empiriese ondersoek nie uit nie. Janse van Rensburg (2000:78) maak twee belangrike stellings aangaande 'n diakoniologiese epistemologie: eerstens is dit op Bybelse beginsels gebaseer en tweedens maak dit van die menswetenskappe gebruik. Volgens hom sluit dit die gebalanseerde gebruik van empiriese navorsing in. De Klerk (1981:11-14) praat in hierdie verband van 'n vrugbare handreiking tussen die ander "pastorale" wetenskappe en die pastoraat. 'n

Diakoniologiese benadering wil dus die Bybelse beginsels met wetenskaplike kennis aanvul. Die Woord van God, met ander woorde die Bybel, is ook in die empiriese ondersoek die vertrekpunt soos sal blyk uit die ontwikkeling van die konstruuskategorieë in Afdeling 5.2.3.4. In die onderhawige ondersoek word inligting benodig aangaande persone se Godskonsepte ten einde die rol daarvan vir pastorale terapie te bepaal. Daar word geensins beoog om deur middel van empiriese navorsing God te verklaar nie. Slegs die denkpatrone van individue word deur middel van die empiriese ondersoek bepaal ten einde Skrifbeginsels aan te wend met betrekking tot die evaluering en herstrukturering van Godskonsepte by individue. In die lig van die voorafgaande uiteensetting word 'n empiriese komponent in die onderhawige studie as volkome versoenbaar met 'n diakoniologiese epistemologie beskou.

Die empiriese komponent van die navorsing word op die volgende wyse uitgevoer:

- *Oriënterende bespreking.* Die doel van die empiriese ondersoek word aangedui. Vervolgens word die metodologie van die empiriese ondersoek bespreek met spesiale verwysing na die aard van die data, kriteria vir die toelaatbaarheid van data en die verwerkingsmetode van die data.
- *Seleksie van respondente.* Kriteria vir die keuse van respondente vir die empiriese ondersoek word gestel. Die metode waarvolgens individuele respondente in bepaalde stadia van die volwasse lewensiklus ingedeel word, word verduidelik.
- *Empiriese ondersoekmodel.* Die samestelling van die empiriese ondersoekmodel, asook die verloop van die ondersoek, word uiteengesit. Dit sluit die identifisering van persoonlike konstruë met betrekking tot Godskonsepte by individuele respondente in.
- *Analisering en interpretasie van resultate.* Die resultate van die empiriese ondersoek word geanaliseer en met inagneming van die lewenstadia waarin die respondente verkeer, geïnterpreteer.

In Afdeling 7.1 word die die empiriese data met die oog op die terapeutiese herstrukturering van

Godskonsepte geëvalueer.

1.5 AANNAMES

Eerste aanname. Die eerste aanname is dat dwarsdeur hierdie navorsingstudie beide geslagte veronderstel word wanneer die manlike hy/hom of die vroulike sy/haar gebruik word, tensy dit uit die konteks anders blyk, of uitdruklik anders vermeld word.

Tweede aanname. "Pastorale beraad" en "pastorale terapie" word as wissel terme beskou. Louw (1997:28) onderskei wel tussen die twee terme. Met *pastorale beraad* bedoel hy die prosedures en gespreksmetodes wat aangewend word om 'n helpende verhouding vanweë 'n geïdentifiseerde probleem tussen pastor en lidmate in nood te vestig. Met *pastorale terapie* verwys hy na 'n toestand van heling, verandering en groei as uitvloeisel van die kommunikasie van die evangelie en koppel dit aan promissiotherapie. Omdat die navorser hierdie onderskeiding as uiters subtiel beskou, word dit dwarsdeur die navorsingsverslag as wissel terme gebruik.

1.6 OPMERKINGS

Eerste opmerking. Die Taalkommissie (1991:49) beveel aan dat die besittlike voornaamwoord *sy* (vir God) met 'n kleinletter geskryf word. Terwille van meer helderheid en om verwarring te voorkom, word dit egter in hierdie navorsingsverslag met 'n hoofletter geskryf wanneer dit op God betrekking het.

Tweede opmerking. Alle Bybelse aanhalings kom uit die 1983-vertaling van die Afrikaanse Bybel. Bybelse verwysings het op hierdie vertaling betrekking, tensy uitdruklik anders vermeld.

Derde opmerking. Met betrekking tot die verwysing na wetenskaplike publikasies en die literatuurlys word die riglyne wat deur Kilian (1993) verskaf word, gevolg. Dit impliseer onder meer dat daar nie 'n punt na die voorletter van 'n van ingevoeg word nie.

1.7 AKTUALITEIT EN WAARDE VAN DIE NAVORSING

Die aktualiteit en waarde van die onderhawige navorsingstudie blyk uit die volgende:

- *Basisteorie.* 'n Teologiese basisteorie wat krities-normatief kan funksioneer vir die ontwikkeling van 'n pastorale praktykteorie word daargestel.
- *Psigopastorale antropologie.* Te midde van vele persoonlikheidsteorieë en antropologieë afkomstig van die psigologie en ander wetenskappe, is dit noodsaaklik dat die pastorale teoloog duidelikheid verkry oor die vraag hoe die Bybel die mens beskryf. Vandaar die ontwerp van 'n psigopastorale antropologie vir die pastoraat in hierdie navorsingstudie.
- *Pastorale terapie teenoor psigoterapie.* In die pastoraat gaan dit om verandering, groei, heling en herstel. Met betrekking tot hierdie proses word duidelikheid verkry oor die eiendomlike aard van die pastorale terapie met geloofsgroei as finale doelwit, en psigoterapie met psigiese volwassenheid as uiteindelijke doelwit.
- *Identifisering van Godskonsepte.* Die pastoraat is wesenlik geïnteresseerd in die funksie en uitwerking van mense se Godskonsepte. Dit dwing die pastoraat om aandag te skenk aan die kwessie van diagnostiese kriteria ten einde in die pastorale gesprek die toepaslikheid van Godskonsepte te evalueer. Die pastorale terapeut worstel egter met die dilemma dat die identifisering van Godskonsepte tot dusver relatief lukraak en spekulatief gedoen is. In hierdie navorsingstudie word 'n metode vir die identifisering, en by implikasie ook die evaluering, van Godskonsepte wat relatief vry van waarnemervooroordeel is, gedemonstreer.
- *Godskonsepte in verskillende lewenstadia.* Die moontlike verskil in Godskonsepte by individue wat in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus verkeer, word ondersoek met die oog op terapeutiese gesprekvoering.
- *Pastorale gesprek.* In die lig van die gevaar van 'n psigologiese reduksie aan die een kant

en 'n pastorale reduksie aan die ander kant, is 'n gespreksprosedure wat perspektiwies op die kommunikasie van die heil aan noodlydendes ingestel is, van wesenlike belang. Met inagneming van die eiesoortige aard van die pastorale gesprek, word 'n poging aangewend om 'n aanvullende gespreksmodel vir pastorale terapie te ontwikkel. In dié model word beoog om basis- en praktykteorie sonder die gevaar van 'n óf-óf-benadering bymekaar te bring.

Indien insiggewende antwoorde verkry word op aktuele kwessies in die voorafgaande gedeelte genoem, kan dit bydra tot meer effektiewe kommunikasie van die heil.

1.8 NAVORSINGSVERSLAG

Die titel van die onderhawige navorsingsverslag is:

Die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie: 'n Konstrueteoretiese benadering.

Die struktuur van hierdie navorsingsverslag word kursories as volg weergegee:

Hoofstuk 1: Formulering van die probleem en algemene doelstellings. In hierdie hoofstuk word 'n inleiding tot die navorsingstudie gegee. Die probleem wat as motivering vir die navorsing dien, word bespreek. Die doelstellings en aktualiteit van die navorsing word aangedui. Ten einde die navorsing sinvol uit te voer, word hipoteses gestel. Die metodologie wat met betrekking tot die ondersoek gevolg word, word verduidelik. Ten slotte word 'n sinoptiese uiteensetting van die struktuur van die navorsingsverslag aangebied.

Hoofstuk 2: Teologiese antropologie en pastorale terapie. Die verband tussen teologiese antropologie en pastorale terapie word aangedui. 'n Dogmatiese vertrekpunt vir die antropologiese oriëntasie word gemotiveer. Onderwerpe wat vervolgens bespreek word, is: fundering en normering van 'n teologiese antropologie, die wese van die mens en die aktualiteit van die sonde.

Hoofstuk 3: Teologiese antropologie en pastorale modelle. 'n Aantal relevante pastorale modelle word vanuit 'n terapeutiese perspektief bespreek. Vervolgens word pneumatologiese implikasies daarvan vir die antropologie aangedui.

Hoofstuk 4: Basis- en praktykteorie vir die pastorale terapie. 'n Basisteorie vir pastorale terapie word aan die hand van beskikbare literatuur ontwikkel. Die eiesoortigheid van pastorale terapie in onderskeiding van psigoterapie, word aangetoon. Met die basisteorie as krities-normatiewe kriterium vir 'n praktykteorie, word 'n psigopastorale antropologie en 'n gespreksmodel vir pastorale terapie aanvullend tot reeds bestaande modelle gepostuleer.

Hoofstuk 5: Insameling van empiriese data oor Godskonsepte. In hierdie hoofstuk word die persoonlikekonstruk-teorie verduidelik. Daar word aandag gegee aan persoonlike konstrunkte met spesiale verwysing na kernkonstrukte. Psigopatologie en terapie word in die konteks van die persoonlikekonstruk-teorie bespreek. Identifisering van persoonlike konstrunkte deur middel van die repertoierrooster word behandel. Insameling van die empiriese data word beskryf.

Hoofstuk 6: Analisering en interpretasie van empiriese data. Analisering en interpretasie van die empiriese data word in detail bespreek. Toetsresultate met betrekking tot Godskonsepte by persone behorende tot verskillende stadia van die volwasse lewensiklus word met gebruikmaking van tabelle toegelig.

Hoofstuk 7: Die rol van Godskonsepte in die pastorale proses. Die resultate wat deur middel van sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek verkry, verwerk en geïnterpreteer is, word geëvalueer. Daarop volg 'n bespreking van die pastoraal-terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte en die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering.

Hoofstuk 8: Gevolgtrekking en slotopmerking. Die hipoteses wat gestel is, word met die oog op aanvaarding of verwerping geëvalueer. Dit lei tot sekere gevolgtrekkings wat op aanbevelings en 'n slotopmerking uitloop.

'n *Bylae* word aan die einde van die navorsingsverslag toegevoeg om bepaalde aspekte van die empiriese ondersoek te illustreer.

HOOFSTUK 2

TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN PASTORALE TERAPIE

'n Teologiese antropologie is beslissend vir die effektiwiteit van die pastorale ontmoeting en die terapeutiese effek wat so 'n ontmoeting op menslike probleme het. Die verstaan van die mens vorm 'n sleuteldimensie vir die pastorale terapie. Kotzé (1971:16-19) toon oortuigend aan dat daar tussen antropologie en pastoraat 'n onlosmaaklike verband bestaan wat allerweë erken word. Wat die terapeut se mensbeskouing is, bepaal sy terapeutiese metode en sy uiteindelijke doelwit met die gespreksgenoot. Daarom dat Louw (1997:153) die belangrike stelling kan maak: "*'n pastorale teologie sonder 'n duidelik omlynde teologiese antropologie loop gevaar om 'dokteries' (lewensvreemd) te raak sonder om met die konkrete mens in sy/haar historiese konteks rekening te hou.*" Van psigologiese kant onderskryf Möller (1995:21) hierdie beskouing wanneer hy beweer dat die mens se interaksie met ander mense deur 'n bepaalde mensbeskouing gerig word.

Die psigoterapeut se mensbeskouing, met ander woorde sy antropologie, sal grootliks sy optrede teenoor sy kliënt beïnvloed. Hoe hy sy kliënt evalueer, sy siening van die psigopatologie sowel as sy psigoterapeutiese werkswyse, is afhanklik van sy mensbeskouing. Pastorale terapie hang saam met 'n bepaalde benaderingswyse, 'n persoonlikheidsteorie en lewensbeskouing wat daarop ingestel is om die mens met sy lewensprobleme in die wydste sin van die woord te help en te ondersteun. Dit gaan dus om 'n begrip van die totale mens. Daarom kan terapie, mensbeskouing en hulpverlenende tegnieke nie los van mekaar verstaan word nie.

Elke persoonlikheidsteorie is gebaseer op sekere aannames oor die aard van die mens en die oorkoepelende doel van sy lewe (Meyer et al 1990:14-15). Omdat die pastorale terapie wesenlik om 'n bediening aan mense gaan, word enige beleid en strategie bepaal deur die grondliggende beskouing oor die mens. Hoe iemand deur die pastor hanteer word, watter middele gebruik en wat uiteindelik met 'n pastorale ontmoeting beoog word, hang nie net van die grondliggende basisteorie af nie, maar van die bepaalde beskouing wat die pastor oor die mens huldig, met ander

woorde, van sy pastoraal-antropologiese siening. Louw (1997:104) wys daarop dat sisteemdenke 'n beslissende rol speel in die verstaan van 'n pastorale antropologie. Die mens moet nie as 'n geslote individu benader word nie, maar as 'n ope sisteem. Die "self" is nie net 'n netwerk van konneksies nie, maar dit is 'n wordende realiteit wat uit hierdie kontinue konneksies te voorskyn tree (Graham 1992:78).

'n Teologiese antropologie is 'n poging om 'n stelsel vir die beskrywing en verklaring van die mens as persoon te ontwikkel. Dit skenk aandag aan 'n model van die mens se funksionering, en is gebaseer op sekere aannames oor die aard van die mens en die oorkoepelende doel van sy lewe. Dit voorsien die terapeut van 'n verwysingsraamwerk waarin hy sy kliënt kan konseptualiseer.

'n Teologiese antropologie verskil in belangrike opsigte van 'n fenomenologiese antropologie. Die fenomenologie stel hoofsaaklik in die mens as verskynsel belang. Dit soek na die persoon se dinamika in terme van eienskappe, trekke, moontlikhede en gedragsuitinge. Hierteenoor stel die teologiese antropologie in laaste instansie belang in die mens se verhouding tot God en die implikasies daarvan vir die vraag na die sin van die mens se lewe.

Die doel van hierdie hoofstuk is die oriëntering van 'n teologiese antropologie met betrekking tot pastorale terapie teen die agtergrond van bepaalde Godskonsepte. As vertrekpunt word teologiese antropologie in dogmatiese konteks bespreek. Vervolgens word daar na die fundering en normering van 'n teologiese antropologie, die wese van die mens en die aktualiteit van die sonde verwys.


2.1 TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE IN DOGMATIESE KONTEKS

Sowel die titel as die tema van die onderhawige navorsingstudie verwys na die belang van Godskonsepte vir pastorale terapie. Ten einde terapeuties met Godskonsepte om te gaan, vra dit nie alleenlik na 'n verstaan van wie God is nie, maar ook na die evaluering daarvan. Die evaluering van Godskonsepte moet teen 'n bepaalde dogmatiese agtergrond geskied. Heyns (1988:53) skryf: "Ware kennis van God, is volgens Gereformeerde beskouing alleenlik moontlik

op grond van die openbaring in die Skrifuur . . ." In die Dogmatiek is Skrifbeginsels oor God in bepaalde stellings, konklusies en hipoteses georden (vgl Heyns 1988:37-77; König 1975; König 1991). Die keuse van 'n diakoniologiese epistemologie vir hierdie navorsingstudie impliseer 'n deduktiewe benadering, wat beteken dat beginsels vir die antropologie uit die Skrif afgelei word. Daarom word 'n dogmatiese vertrekpunt vir die antropologiese oriëntasie gekies.

In hierdie verband word aansluiting gevind by die handelingswetenskaplike model wat Zerfaß (1974:166-169) vir die Praktiese Teologie ontwikkel het met die oog op aanpassings in die Christelik-kerklike praxis. Zerfaß poog om op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse die teorie (teologie) en die praktyk (met behulp van die hulpwetenskappe) met mekaar te laat omgaan om sodoende 'n verantwoorde nuwe praktyk (praxis) tot stand te bring. Hy gebruik 'n modelkonstruksie om hierdie problematiek te verduidelik en oplossings te bied vir verdere navorsing en besinning. Figuur 2.1 toon 'n visuele voorstelling van die model.

In Figuur 2.1 bied Praxis 1 nie bevredigende oplossings vir die bestaande problematiek in die Praktiese Teologie nie. Om te werk na 'n verbeterde Praxis 2 moet daar eerstens teruggegryp word (2) na die teologiese tradisie (4) wat bygedra het tot die vorming van Praxis 1. Die volgende stap is om met gebruik (3) van die hulpwetenskappe tot 'n geanaliseerde situasie (6) te kom. Deur gedagtewisseling (5) tussen die teologiese tradisie (4) en die geanaliseerde situasie (6) word langs die weg van (7) en (8) 'n teorie vir die Praktiese Teologie (9) ontwikkel. Met hierdie teorie vir die Praktiese Teologie (9) wat uit die wisselwerking (5) tussen die teologiese tradisie (4) en die geanaliseerde situasie (6) tot stand gekom het, ontwikkel (10) 'n nuwe verbeterde Praxis 2 (11). Zerfaß beklemtoon dat daar nie alleenlik met die gegewens van die hulpwetenskappe gewerk moet word nie. Daar moet met sowel die teologiese tradisie (4) as die geanaliseerde situasie (6) wat met gebruikmaking van die hulpwetenskappe tot stand gekom het, tot 'n nuwe teorie (9) vir die daarstelling van Praxis 2 (11) gekom word. Die probleemoplossing lê by 'n konvergensie (5) tussen die teologiese tradisie (4) en die geanaliseerde situasie (6) om sodoende 'n gemeenskaplike bodem (9) vir die daarstelling van Praxis 2 (11) te bereik. Die nuwe praktyk (11) word vervolgens getoets (12) aan die geanaliseerde situasie (6). Die nuwe praktyk (11) kan ook daartoe bydra dat daar 'n nuwe waardering (13) en begrip vir die teologiese tradisie (4) ontstaan. Bäumlner (1976:90) wys daarop dat aan die voorlopige einde van



FIGUUR 2.1: Handelingswetenskaplike model vir die korrigering van 'n Christelik-kerklike praxis (Uit: Zerfaß 1974:167).

die proses die vernude praktyk weer die uitgangspunt vir verdere ontwikkeling van die praktykteorie word. Die model van Zerfaß moet dus in die betekenis van 'n leersirkel verstaan word.

In die onderhawige navorsingstudie word by die metodologiese model soos in Figuur 2.1 verbeeld, aansluiting gevind. Hierdie metode stel die navorser in staat om die rol van Godskonsepte in die pastorale terapie teen die agtergrond van bepaalde dogmatiese en kerklike tradisies te evalueer. Daarvolgens kan die beginsels vanuit die dogmatiek ten opsigte van antropologie en Godskonsepte, sowel as die beginsels vanuit die relevante vakliteratuur, asook die gegewens van 'n empiriese ondersoek met mekaar vergelyk en geïntegreer word. Sodoende kan op 'n wetenskaplik verantwoorde wyse tot 'n evaluering van die rol van Godskonsepte vir die pastorale terapie gekom word. In die lig hiervan word die keuse vir 'n dogmatiese vertrekpunt vir die antropologie gemaak.

2.2 ANTROPOLOGIESE VERKENNING

Die antropologiese besinning dateer so ver terug as die antieke tye toe pogings aangewend is om menslike gedrag te verklaar. Die vroeë Griekse en Romeinse filosowe het gewonder wat die menslike verstand is en waar dit gehuisves word. Plato (427-347 v C) het die psige en die liggaam as twee afsonderlike substansies voorgestel - 'n onsterflike siel en 'n sterflike liggaam. Aristoteles (384-322 v C), daarenteen, het beweer dat psige en liggaam 'n eenheid vorm. Die psige is die gemanifesteerde vorm van die liggaam. Die een sonder die ander maak dus geen sin nie (Jordaan & Jordaan 1989:11). Hy het die konsep van die psige voorgestel as 'n *tabula rasa* wat leeg is totdat deur ervaring daarop geskryf word, 'n term wat die Britse filosoof John Locke (1632-1704) negentien eeue later aangeneem het om sy instemming met hierdie siening van die menslike psige daarmee uit te druk. Daarteenoor het die Franse filosoof René Descartes (1596-1650) volgehou dat die psige en die liggaam geskei is, maar dat die een 'n groot invloed op die ander het. Volgens hom word die mens met sekere idees en vermoëns gebore (Papalia & Olds 1988:8).

Anders as Plato en Aristoteles, wat die woord *siel* as 'n baie algemene term gebruik het en dit nie beskou het as iets wat van mens tot mens kan verskil nie, het St Augustinus (354-430 n C) 'n merkbare onderskeid getref tussen die onsterflike *religieuse siel* en die *psige as bewussyn* wat met die menslike bestaan op aarde gemoeid is. Die eenheidskonsep van siel en liggaam wat deur Aristoteles voorgestel is, is egter deur die teoloog Thomas Aquinas (1225-1274) verwerp. Hy het geglo dat die siel noodwendig onsterflik en afsonderlik van die liggaam moet wees. Dit het tot die wydverspreide aanvaarding van Plato se idee van die fundamentele splitsing tussen psige en liggaam gelei (Jordaan & Jordaan 1989:7).

Nêrens in die Bybel word 'n sistematiese en geordende bespreking van die mens gevind nie. "De bijbel is evenmin een leerboek voor antropologie als voor astronomie of biologie" (Berkhof 1973:191). Van Pelt (1999:294) verduidelik dat die Bybel geen afgeronde mensvisie in wetenskaplike terme uitgedruk, bevat nie. Geen definisie van die menslike natuur word gegee nie. Berkhof (1962:11-12) skryf: "In die openbaring is nièt de complete kennis aangaande de mens besloten. Wat de mens als biologisch, psychologisch, sociologisch, enz. verschijnsel is, kan men niet in de bijbel lezen, maar moet door geduldige waarneming uit de ervaring worden afgelezen." Ons kan slegs hooflyne waarneem (Kotzé 1971:148). Volgens Heyns (1974:69) bied die Skrif as die openbaring van God nie 'n wetenskaplike analise van alles nie, maar 'n vertikale beligting daarvan. Dit gaan in die Bybel eerder om 'n tydgebonde blik op die mens. Die Bybelskrywers het, onder leiding van die Heilige Gees, oor die mens geskrywe in die taal en idioom van hulle dag. So praat die Bybel dan oor die siel van die mens, oor sy gees en liggaam, oor sy niere en hart, met inhoude wat aan die toenmalige Joodse wêreld ontleen is. 'n Skerp afgebakende wese van die mens neem nie voor die Bybelleser se oë gestalte aan nie. Daar word fragmentaries en soms selfs onduidelik oor die mens gepraat. Heyns (1988:119-120) is nietemin van mening dat die Bybel 'n *vertikale blik*, 'n *totale blik* en 'n *realistiese blik* op die mens werp.

Vertikale blik. Allereers skets die Bybel die mens in sy vertikale verhouding tot God (Berkhof 1973:191). Dit is 'n tweerigting verkeer tussen God en mens. Die mens van die Bybel is God se mens; die mens met wie Hy Hom deur die eeue heen bemoei. Dit is ook die mens wat in al sy doen en late Godsbetrokke is: hy is aan God gehoorsaam of ongehoorsaam; hy het Hom lief of nie lief nie.

Totale blik. Die Bybel werp ook 'n totale blik op die mens. Daar word gepraat van die mens se siel en liggaam, van sy vlees en gees, van die ou mens en die nuwe mens, van die uitwendige en die inwendige mens. Die indruk kan ontstaan dat hier allerlei onderskeidings met betrekking tot die mens gemaak word sodat hy in afsonderlike "dele" uiteenval. Die Skrif wil egter niks meer doen nie as om die aandag te vestig op 'n besondere aspek van, of 'n perspektief op die mens waarin die eintlike en die wesenlike van die menswees op 'n bepaalde wyse tot uitdrukking kom. Daarom gaan dit om die ganse mens in sy verhouding tot God. Geen enkele "deel" ontvang 'n selfstandige, en van die geheel geïsoleerde aksent nie.

Realistiese blik. Die Bybel bied ook 'n realistiese blik op die mens. Die mens word nie in optimistiese sin geteken asof hy altyd net goed en gaaf, mooi en edel is nie. Ewe min word hy in 'n pessimistiese sin geskilder asof hy voortdurend net die bose bedink, hom net met die slegte besig hou en daarom geen toekoms het nie. In realistiese sin word die mens besing as kroon van Gods skepping met die ewigheid in sy hart. Naas sy grootheid word ook sy verloreheid as sondaar egter in die felste kleure geteken.

Nieteenstaande die feit dat die Bybel nie 'n geordende antropologiese verklaring van die mens bied nie, kan die saak nie daar gelaat word nie. Louw (1997:5) beklemtoon dat die verstaan van die mens self 'n sleuteldimensie vir die pastorale terapie vorm. Daarom is dit noodsaaklik om duidelikheid te verkry oor die vraag hoe die Skrif die mens verstaan. Vandaar die aandag aan 'n teologiese antropologie.

2.3 FUNDERING EN NORMERING VAN 'N TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE

Met die *fundering* van 'n teologiese antropologie word rekenskap gegee van die redes waarom 'n bepaalde mensbeeld aanvaar word; waarom die mens juis bepaalde eienskappe behoort te vertoon. In die *normering* van 'n teologiese antropologie word verantwoord hoe die menslike eienskappe wat in die funderingsproses geïdentifiseer is, behoort te lyk.

In hierdie afdeling word, in aansluiting by König (1991:45-62), 'n poging aangewend om 'n

teologiese antropologie in die Godsleer te fundeer en aan Christus te normeer.

Daar is in die verlede pogings aangewend om 'n teologiese antropologie in Christus te fundeer (Barth 1959:64-82; Brunner 1972:63-65). Heyns (1974:138) voer egter aan dat, deur die antropologie in die Christologie te fundeer, die historiese orde wat die Bybel gee, naamlik skepping-sondeval-verlossing, versteur word. Volgens hom mag die antropologie wel deur die Christologie belig word.

In die gereformeerde teologie is vroeër ook heelwat gedoen om 'n teologiese antropologie te fundeer in die mens-voor-die-sondeval, die oorspronklike, die sondelose toestand van die mens. Daar is egter onoorkomelike probleme hieraan verbonde. Allereers is daar byna geen Bybelse gegewens in hierdie verband beskikbaar nie. Genesis 1 en 2 en ook die ander skeppingsverhale in die Bybel, het opvallend min belangstelling in hierdie toestand van hierdie mens. Die indruk word gewek dat Adam en Eva byna onmiddellik na die skepping in sonde geval het.

'n Ander moontlikheid wat ook nie sonder meer aanvaar kan word nie, is om 'n teologiese antropologie te bou op dit wat in die algemeen oor die mens in die Bybel geleer word. Soms word 'n aantal menslike eienskappe gekies, soos byvoorbeeld liefde en vryheid (Berkhof 1985:179-180). In ander gevalle oorheers enkele (Heyns 1988:119-140; Ebeling 1982:346-355). Hierdie metode, naamlik om 'n teologiese antropologie te bou op dit wat in die algemeen in die Bybel oor die mens geleer word, het egter meer meriete as die vorige een. Die mens is immers 'n sentrale tema in die Bybel en daar word 'n groot verskeidenheid uiters belangrike dinge oor die mens gesê. Vanselfsprekend sal hierdie eienskappe dan ook in enige Bybelse antropologie gebruik moet word. Die probleem is egter om 'n sentrale konsep te vind vir die ordening van hierdie eienskappe. Die Bybel bied egter 'n sentrale konsep in die vorm van die mens as beeld van God en as verbondswese. Dit vloei dus logies uit hierdie konsep voort dat 'n teologiese antropologie in die Godsleer gefundeer word.

Die mens is die beeld van God, die beeld wat deur die mens beskadig is, maar wat God in Christus herstel het. Christus het dus 'n besondere rol te speel in die normering van 'n teologiese antropologie. Volgens Heyns (1974:138-139) kom Christus met God se restourasieplanne vir

die lewe van die mens wat deur die sonde tot 'n ruïne verval het. In Hom word die nuwe mens kenbaar. Heyns (1974:139) stel dit onder andere só: "In Hom sien ons hoe Adam kon gewees het, as die sonde sy lewe nie verwoes het nie. Daarom is Hy vir ons die tweede Adam in Wie ons ware bestemming onthul is."

Omdat Christus self ook die beeld van God genoem word (2 Kor 4:4; Kol 1:15; Heb 1:3), sal daar 'n bepaalde "identiteit" tussen Christus en die mens wees. Dit kan benut word deur 'n teologiese antropologie aan Hom te normeer. Wanneer daar, byvoorbeeld, gedink word aan menslike eienskappe soos gehoorsaamheid of dankbaarheid wat uit die mens se verhouding met God afgelei is, blyk dit dat hierdie eienskappe nie aan God gemeet kan word nie. God kan immers nie in dieselfde sin as die mens gehoorsaam of dankbaar wees nie. Hierdie eienskappe kan egter wel aan Christus gemeet word. Christus is juis 'n unieke voorbeeld van 'n mens wat gehoorsaam en dankbaar teenoor God is. Hy het nie net aan die nuwe mens gewerk nie, maar was self ook die Nuwe Mens op aarde, ". . . daarom is Sy menswees vir óns menswees van die allergrootste belang" (Heyns 1974:139).

2.3.1 Antropologiese fundering in die Godsleer

König (1991:49) verwys na die eerste hoofstuk in Calvyn se *Institusie* waarin hy die mening huldig dat dit volkome duidelik is dat die gawes wat die mens het, nie uit homself kan kom nie, maar net uit God. Hier is duidelik spore van 'n verband tussen die Godsleer en die antropologie. Ook Bavinck (1918:595-605) wy 'n aantal bladsye aan 'n bespreking van die verhouding tussen die Godsleer en 'n teologiese antropologie. Volgens hom is God Self die oorsprongsvoorbeeld van die mens. Hy skryf onder meer ". . . dat de gansche Godheid de archetype des menschen is" (Bavinck 1918:595). Alles wat in God is, Sy geestelike Wese, Sy deugde en volmaakthede, Sy onderskeidinge as Vader, Seun en Gees, Sy openbaring in die skepping - alles het 'n eindige en beperkte analogie en ooreenkoms in die mens (Bavinck 1918:603-604). Die aangehaalde voorbeelde dui daarop dat fundering van 'n teologiese antropologie in die Godsleer nie geheel en al nuut is en noodwendig antities teenoor tradisionele beskouinge staan nie.

In 'n poging om 'n teologiese antropologie uit 'n Godsbeskouing af te lei, moet in gedagte gehou word dat die mens nie aan God identies is nie. In terme van die mens se beeld is die vraag waarin die mens God se beeld is. 'n Beeld is immers minder as identiteit (Van Selms 1973:36). In die mens se verhouding met God kom veral twee aspekte na vore: daar is 'n *verskil* en 'n *ooreenkoms* tussen God en die mens. Albei aspekte vloei voort uit die verbondsverhouding tussen God en mens (König 1991:52-58).

Verskil tussen God en mens. Allereers is daar 'n verskil tussen God en die mens. Die verbond is 'n ongelyke verhouding tussen God en die mens as Sy skepsel. God en mens staan nie op 'n gelyke vlak met mekaar nie. God beveel, en die mens moet gehoorsaam. God is genadig, en die mens moet dankbaar wees. God is getrou, en die mens vertrou op Hom. God gee beloftes, en die mens hoop op die vervulling daarvan. Daarom kan daar van aanvullende of komplementerende eienskappe gepraat word. Die mens se gehoorsaamheid vind plaas by God se gesag. Dit vul Sy gesag aan. Dit komplementeer Sy gesag. Uit die eienskappe van God kan, volgens die beginsel van paslikheid of aanvulling, afgelei word watter eienskappe die mens behoort te hê. Die mens se aanvullende eienskappe is reaktiewe eienskappe. God neem die inisiatief.

Ooreenkoms tussen God en mens. Daar is ook ooreenkoms tussen God en die mens. Dit word in die verbondsverhouding veral beklemtoon deur die feit dat die mens na die beeld van God geskep is. Hy moet Hom verteenwoordig, moet na Hom heenwys. Omdat 'n beeld egter nie identies is aan die voorwerp wat dit uitbeeld nie, kan hier nie van identiteit gepraat word nie. Die mens kan nie aan God identies wees nie. Daar is nietemin wel besliste punte van ooreenkoms. In so 'n geval word daar van 'n analogie gepraat. Dit sluit ooreenkoms en verskil in. As die mens die beeld van God is, beteken dit dat hy sekere analogieë met Hom vertoon. Hy het sekere eienskappe wat gedeeltelik met dié van God ooreenkom. Daar is heelwat sulke analogiese eienskappe. God is liefde, en daarom moet die mens liefhê. God is heilig, en daarom moet die mens heilig wees. God is vry, en daarom moet die mens vry wees. God is goed, vriendelik en geduldig, en daarom moet die mens dit wees. Dit beteken egter nie dat die mens se liefde, vriendelikheid en geduld identies aan dié van God is nie. Dit is op sy beste maar 'n onvolmaakte weerkaatsing daarvan.

Daar is dus twee aspekte van die verhouding tussen God en mens waaruit die inhoud van menswees afgelei word. Uit die verskil tussen God en die mens word 'n aantal komplementerende eienskappe afgelei, en uit die ooreenkoms word 'n aantal analogiese eienskappe afgelei. Die aangeleentheid van komplementerende en analogiese eienskappe word in Afdeling 2.4.4 verder toegelig wanneer die belangrike eienskappe van die mens bespreek word.

2.3.2 Antropologiese normering aan Christus

Christus word dié beeld van God genoem (2 Kor 4:4; Kol 1:15; Heb 1:3). Hy is egter ook die unieke verbondsmens. Die beeld wat deur die mens geskaad is, het God in Christus aan die mens teruggegee. In Hom kan die mens sien hoe hy behoort te lyk, wat die aard van sy liefde, dankbaarheid en geduld behoort te wees. In Hom sien 'n mens hierdie eienskappe in volmaakte vorm. Du Toit (2000:99) skryf: "Die etiese norme wat Jesus preek en uitleef . . . dit is hoe God wil hê dat Hy waargeneem sal word deur die wêreld wanneer hulle na sy volgelinge kyk." Christus se lewe is dus 'n voorbeeld en 'n norm waaraan die inhoud van die mens se lewe gemeet kan word. Daarom kan 'n teologiese antropologie as die beeld van die mens, aan Christus se beeld gemeet, genormeer word.

In die normering van 'n teologiese antropologie aan Christus waarsku König (1991:60-62) teen twee oorvereenvoudigings, naamlik om Christus te *verdeel* en om Christus onnadenkend *na te boots*.

Verdeling van Christus. 'n Moontlike oorvereenvoudiging is dat Jesus se lewe in twee dele verdeel en net een as normatief vir die lewe van die mens aanvaar word. Dit gebeur wanneer uit die feit dat Jesus God én mens is, afgelei word dat Sy woorde en daede in twee verdeel. Die een groep woorde en daede het Hy in Sy hoedanigheid as God gesê en gedoen, en die ander groep woorde en daede in Sy hoedanigheid as mens. So 'n beskouing vind nie in die Nuwe Testament steun nie. Jesus het deur dieselfde daede God én mens geopenbaar. Omdat God liefde is, en die mens Hom en sy naaste moet liefhê, reflekteer Jesus se liefde tegelyk Sy Goddelikheid en Sy menslikheid. Dit geld ook van Sy vriendelikheid, geduld, getrouheid,

trouens van al die analogiese eienskappe.

Wat die komplementerende eienskappe betref, het Christus sowel gesag as gehoorsaamheid geopenbaar, sowel genade as dankbaarheid, en ook wat die ander komplementerende eienskappe betref. In Sy hele lewe is Hy dus die mens se norm en voorbeeld - in Sy lewe as God én as mens. Wanneer die mens iets soos God moet doen, moet hy nog altyd na Christus kyk om te weet hoe God dit doen. Paulus wys die Efesiërs daarop dat, omdat God hulle liefhet, hulle Sy voorbeeld moet volg. Dan verwys hy na die norm vir die beoefening van hulle liefde as hy skryf: "Lewe in liefde soos Christus ons ook liefgehad het" (Ef 5:1-2). Christus se lewe is 'n eenheid waarin Hy God én mens openbaar. As sulks moet Hy as norm aanvaar word.

Nabootsing van Christus. Die tweede moontlike oorvereenvoudiging van die normering aan Christus is om Hom net maar na te boots in plaas van na te volg. Dan word probeer om op 'n simplistiese wyse alles "soos Jesus" te wil doen. Dit beteken om soos Jesus geen vaste werk te wil doen en geld te verdien nie, nie te trou of 'n huis te besit nie, ensovoorts. Teenoor enige oorvereenvoudigde nabootsing, is dit egter die mens se verantwoordelikheid om die persoon en lewe van Jesus binne Sy laat-Joodse en Hellenistiese konteks te interpreteer, en dan te vra wat dit in die huidige situasie beteken. Die teenswoordige mens moet Jesus se woorde en dade "vertaal" in terme van huidige probleme en uitdagings.

In teenstelling met die voorgenoemde moontlike oorvereenvoudigings, moet aan die hand van die Nuwe Testament probeer onderskei word tussen dit waarin Christus uniek is, en dit waarin Hy nagevolg moet word.

2.4 DIE WESE VAN DIE MENS

Die mens is 'n konkrete, intelligente wese. Hy beskik oor bepaalde gawes en 'n eie persoonlikheid. Hierdie mens word daaglik vanuit talle verskillende grondoortuigings en perspektiewe ondersoek. Trouens, daar is so baie kennis oor hom beskikbaar dat vakwetenskaplikes soms

wanhoop of die kennis ooit weer alles sinvol geïntegreer en gebruik sal kan word (Pesch 1983:51). Teenoor die vakwetenskaplike wat die mens uit 'n bepaalde wêreldbeskoulike en grondoortuiging benader, vra die teoloog na die boodskap van die Bybel oor die mens.

Een van die basiese eienskappe van menswees wat gegrond is in die Bybel, is die feit dat hy as liggaam en siel bestaan. Die Skrif gee geen definisie van die liggaam en die siel nie. Hierdie twee begrippe word gevolglik nie sterk van mekaar afgegrens nie en vloei dikwels in mekaar oor. Menslikheid is veel meer as om 'n liggaam te hê. Om te sê "ek *het* 'n liggaam" maak die afstand tussen die *ek* en die *liggaam* te groot. Die mens het nie 'n liggaam in dieselfde sin as wat hy 'n kledingstuk het wat hy kan uittrek of weggee nie. Aan die ander kant, om te sê "ek *is* my liggaam" is te veel gesê. Tussen hierdie twee uitsprake sal die waarheid insake die menslike liggaamlikheid wel lê. Hoe dit ook al geformuleer word, dit is duidelik dat die mens se liggaam vir sy lewe op aarde onontbeerlik is (Heyns 1988:120-121).

König (1991:4-13) onderskei tussen die *formele aspekte* van menswees en die *inhoudelike aspekte* daarvan. Die formele aspekte van menswees sluit in dat hy vry is van die omgewing (Weltoffen, sien Portmann 1968:50-51), 'n historiese wese is (Heyns 1974:83) en spraakvermoë besit (Ebeling 1982:352; Jüngel 1980:310). As *ant-woordende* mens beskik hy oor taal wat hom aan God bind (Berkhof 1985:182; Zijlstra 1989:362). Die inhoudelike aspekte van menswees dui daarop dat die mens na die beeld van God geskape is, in 'n verbond met God betrokke is en in verskillende verhoudings staan.

Die mens word vervolgens bespreek in terme van die inhoudelike aspekte van menswees, naamlik die mens as *beeld van God*, die mens as 'n *verbondswese* en die mens as 'n *verhoudingswese*. As afsluiting van hierdie afdeling word *belangrike eienskappe van die mens* bespreek.

2.4.1 Die mens as beeld van God

Die uitdrukking in Genesis 1:26-27 wat lui dat die mens na die beeld van God geskape is, kan as 'n sleuteluitspraak vir die teologiese antropologie beskou word. Nie net in die Ou Testament

word die mens die beeld van God genoem nie, maar ook in die Nuwe Testament word die mens as die beeld (*eikon*) en heerlijkheid (*doksa*) van God beskryf (1 Kor 11:7). Die mens word ook vernuwe tot volle kennis van die beeld van sy Skepper (Kol 3:10; Ef 4:24). Jakobus 3:9 verwys na die mens wat na die gelykenis van God geskape is. In die lig van hierdie en ander Skriftuurplase kan die opmerking oor die mens as beeld van God nie gering geskat word nie.

Geen wesensidentiteit tussen God en die mens word egter geïmpliseer nie. Daar moet eerder in die rigting van 'n analogie gekyk word (Heyns 1988:124-125). Die mens is as verteenwoordiger van God op aarde aangestel. God is wel op aarde teenwoordig, maar op 'n onsigbare wyse. Deur die mens na Sy beeld te skep, word God in en deur die mens sigbaar verteenwoordig. Die mens as beeld van God is deursigtig in dié sin dat deur na die mens te kyk, iets dieper en hoër gesien word. Wanneer na die mens gekyk word, sy handeling gesien en sy woorde gehoor word, word daar eintlik *deur* die mens na 'n ander werklikheid gekyk, naamlik na God. Die mens is as 'n kreatiewe werklikheid die heenwyser na en die verteenwoordiger van God op aarde.

Die uitdrukking dat die mens na die beeld van God geskape is, word vir die doel van die onderhawige navorsingstudie kortliks vanuit drie aspekte belig. Allereers word die *identiteit* van die beeld bepaal, naamlik wie die beeld van God is. Vervolgens word aandag geskenk aan die *inhoud* van die beeld deur te verwys na die bestaanswyse van die mens as beeld van God en die handelingswyse van die mens as beeld van God. Laastens word die mens as beeld van God in terme van die sonde nader beskou.

2.4.1.1 Identiteit van die beeld

Oor die identiteit, met ander woorde oor wie die beeld van God is, is verskillende menings uitgespreek. Hier word kortliks na sommige van die menings verwys:

- In die Christelike denke is, in navolging van Plato wat gemeen het dat die hele wêreld 'n beeld van God of die goddelike idees is (Ebeling 1982:376), 'n paar pogings aangewend om die beeld uit te brei om meer as net mense in te sluit. Tereg wys Berkouwer (1957:85-

86) daarop dat geen steun in die Bybel vir so 'n beskouing gevind word nie.

- Calvyn het gemeen dat ook die engele na die beeld van God geskape is (sien Berkouwer 1957:86). Hierdie gedagte word deur Bavinck (1918:485-486) sterk weerspreek as hy skryf: ". . . dat wel de mensch, maar nooit de engel naar Gods beeld geschapen heet". Inteendeel, Bavinck (1918:486) waarsku teen die leer van Origenes wat die gedagte inhoud dat die engele, weens die feit dat hulle suiwer geestelik is, hoër as die mens geag word ". . . en daarom nog meer of minstens evenveel recht hebben op de naam van beelddraggers Gods". Hy stel dit uitdruklik dat slegs die mens die beeld van God is.
- Volgens Wolff (1974:161) is die "mens" wat God geskep het, 'n versamelbegrip en beteken dit eintlik die mensheid.
- Weber (1972:618-619) is oortuig dat die uitdrukking *beeld van God* nie 'n sinsbegrip is nie, maar eerder 'n verhoudingsbegrip.
- Sommige teoloë het die beeld van God in die meer "geestelike dele" van die mens gesien. Die verantwoordelikheid van die mens is onder meer, byvoorbeeld deur Ott, as die beeld van God beskou (sien Buri et al 1976:70-74).
- Berkouwer (1957:77) beklemtoon dat die hele mens beeld van God is wanneer hy sê: "Nergens wordt in verband met 'beeld-gelijkenis' scheiding gemaakt tussen het 'geestelijke' en het 'lichamelijke' om daaruit dan het beeld Gods te verbinden met het geestelijke als de alleen-mogelijke analogie." Dit is nie slegs 'n gedeelte van die mens, en met name sy siel wat in aanmerking kom vir analogie met God nie. Die Skrif noem die ganse mens, liggaam en siel, beeld van God (Heyns 1988:125). Bavinck (1918:568-569) voer aan dat daar nie dele van God is wat uitgesluit is nie. Die mens is nie na enkele deugde of één Persoon in die Goddelike wese geskape nie. Die mens dra ook nie die beeld van God slegs na die siel of die verstand of die heiligheid nie. Hy skryf: "Veeleer is de gansche mensch beeld der gansche Godheid" (Bavinck 1918:569).

Hoewel die nadruk op die enkeling as beeld van God gelê word, ken die Bybel nie 'n enkeling geïsoleerd van die gemeenskap nie. Die mens is 'n verhoudingswese. Hy kan net in verhoudings volledig mens wees. Daar kan dus gesê word dat net die mens in gemeenskap met ander mense beeld van God kan wees (König 1991:26). Heyns (1988:127) voeg hieraan toe dat wat van die individuele mens geld, ook van die kollektiewe mensheid gesê kan word. Elke mens afsonderlik,

maar ook alle mense saam, is voor God verantwoordelik vir wat hulle doen in en met 'n wêreld wat God aan hulle versorging en bewaring toevertrou het.

2.4.1.2 Inhoud van die beeld

Die saak wat in hierdie afdeling aan die orde gestel word, is waarin en hoe die mens, as beeld van God, God se sigbare verteenwoordiger op aarde is. As dit tot die handeling van die mens beperk word, met ander woorde tot dit wat hy dink, doen en sê, word die kind en veral die menslike embrio, as beeld van God uitgesluit. Aan die ander kant is beperking tot slegs die menslike bestaanwyse te eensydig. Dan word die volle mens nie in berekening gebring nie. Daarom word van die standpunt uitgegaan dat die hele mens, sowel in sy *bestaanswyse* as in sy *handelswyse*, beeld van God is. In wat hy *is* en in wat hy *doen*, bied hy 'n uitsig op God (Heyns 1988:126-127).

- *Menslike bestaanswyse.* In die menslike bestaanswyse word iets van die Goddelike bestaanswyse weerspieël. Vanaf die moment van konsepsie is die mens 'n mens en daarmee beeld van God. Al kan hy nie onmiddellik sy representatiewe funksie effektief uitvoer nie, het hy reeds sy status voor God ontvang, in onderskeiding van alle ander kreature. Die analogie tussen die Goddelike en die menslike bestaanswyse word op drieërlei wyse belig:
 - *Persoonlike bestaan.* God is 'n selfstandige wese wat Homself "Ek" noem. Hy besit verskillende eienskappe soos name, wil, rede en handeling. Hierdie persoonlike, menslike eienskappe van God kom in die empiriese studie wat in Hoofstukke 5 en 6 gerapporteer word, weer ter sprake. Ook die mens het 'n persoonlike bestaan. Hy is 'n "ek" wat hom van alle ander dinge kan onderskei. As sulks is hy toegerus met 'n bewussyn en 'n selfbewussyn, asook 'n wil en rede.
 - *Ewige bestaan.* Sowel God as die mens het 'n ewige bestaan. Daar is natuurlik 'n verskil. God se ewige bestaan is sonder begin en einde, terwyl die mens se ewige bestaan nie só lyk nie. Ewigheid dui hier op voortgesette bestaan. Dit dui op 'n bestaan wat nie ophou nie, selfs nie deur die dood beëindig kan word nie,

maar voortdurend deur God geskenk word. Die feit dat die mens bestaan, en sal bly bestaan, daarin wys hy heen na God.

- *Meervoudige bestaan.* God bestaan ook meervoudig. God ken die rykdom van 'n drie-enige lewe, maar ook die verhouding tot die kosmos. Die tipiese van die mens is dat hy ook in verhoudings staan: ek-ek, ek-U, ek-jy, ek-dit.
- *Menslike handelswyse.* In die menslike handeling word ook iets van die Goddelike beeld weerspieël. God word in die Skrif geken as die God wat skep; op sý wyse skep die mens ook; in sy menslike skepping wys hy heen na die Goddelike daad van skepping. God heers oor die wêreld; ook die mens kry die opdrag om te heers. God het lief; die mens het ook lief. God ken; die mens ken ook. God maak Homself in 'n woord bekend; die mens hanteer ook die woord as 'n openbaringsmedium. Begryplikerwys bestaan daar tussen die menslike handeling en dié van God 'n onoorbrugbare kloof van andersoortigheid. Tog kan dit met mekaar vergelyk word. Juis in hierdie heenwysende vergelykbaarheid vertoon die mens die beeld van God.

Die menslike handelswyse as beeld van God is nie 'n statiese toestand nie. Hoe meer die mens buig onder die gesag van Gods Woord, hoe meer sy heerskappy oor die aarde in die Naam van die Here plaasvind, hoe meer sy verhouding tot ander deurdrenk word met liefde, hoe meer reg en geregtigheid in sy handeling ingebou word, des te duideliker word die mens se heenwysing na God en hoe sigbaarder God se teenwoordigheid op aarde.

2.4.1.3 Sonde en die beeld

Die aktualiteit van die sonde word in Afdeling 2.5 bespreek. In hierdie stadium is dit egter van belang om die mens as beeld van God in die lig van die sonde aan die orde te stel.

Die mens het nie die beeld van God as gevolg van die sonde verloor nie. Die beeld is egter ook nie die onaantasbare, nie-kwesbare en onbereikbare kern van menswees wat die sonde vrygespring het nie. Hoewel die sonde die mens na sy diepste wese aangetas het, het hy nog beeld van God

gebly. In hierdie verband verwys Berkouwer (1957:35) na die bekende onderskeiding in die gereformeerde dogmatiek tussen die beeld van God in *ruimer* en *enger* sin.

- *Beeld van God in ruimer sin.* Deur die sondeval is die mens in die ruimer sin, die *imago essentialis*, nie verdierlik of verdemoniseer nie. Hy bly nog mens en derhalwe beeld van God. Hy bly egter beeld van God nie omdat hy oor eie inherente kwaliteite wat deur die sonde onaantasbaar is, beskik nie, maar alleenlik op grond van God se genade.
- *Beeld van God in enger sin.* Die beeld van God in enger sin is wel sodanig aangetas dat die mens se konformering met die wil van God skade berokken is. Volledig mens na God se bedoeling, onmiskienbaar in sy sigbare verteenwoordiging van God op aarde, kan hy nou alleenlik wees wanneer hy in die geloof deel gekry het aan die versoening in Jesus Christus.

Berkouwer (1957:110-111) verklaar: "Het is in de gehele Schriftgetuigenis duidelik, dat het inzicht in de beeld Gods alleen zuiver kan zijn in onlosmakelijk verband met de getuigenis aangaande Jesus Christus, die het beeld Gods wordt genoemd." Jesus Christus is immers die Nuwe Mens, die ware Beeld van God (2 Kor 4:4; Kol 1:15), die sigbare verteenwoordiger van God op aarde. In Hom word God se bedoeling met die mens duidelik, soos in Afdeling 2.3.2 met die antropologiese normering aan Christus aangedui. Wie in Christus is, is self 'n nuwe mens. As sulks is hy dan self 'n sigbare verteenwoordiger van God op aarde (Heyns 1988:127).

2.4.2 Die mens as verbondswese

Die begrip *verbond tussen God en die mens* is een van die beslissende insigte in die Bybelse antropologie. Die mens word in hierdie afdeling vanuit drie aspekte as 'n verbondswese aan die orde gestel. Allereers word die *karakter* van die verbond kortliks geskets. Vervolgens word 'n aantal gevolgtrekkings aangaande die *mens* wat in die verbond betrokke is, gemaak. Ten slotte word aandag geskenk aan die *praktiese implikasies* wat die verbond vir die pastoraat inhou.

2.4.2.1 Die karakter van die verbond

Onder die term verbond word die verhouding tussen God en die mens verstaan soos God bedoel het dat dit behoort te wees. Dit is egter nie vanselfsprekend dat hierdie verhouding 'n verbond en die mens 'n verbondswese genoem word nie. Die mens kan 'n koninkrykswese genoem word (Heyns 1974:72-78). Vriezen (1977:183) toon aan dat die mens geen volwaardige vennoot met God in die verbond kan wees nie, want alles gaan van God uit. God stel die voorwaardes van die verbond. "Het verbond is dus in oorsprong 'monopleurisch', niet 'dipleurisch'; van Israel wordt gehoorzaamheid verwacht aan de regels van het verbond, die door God en door Hem alléén zijn gesteld" (Vriezen 1977:184). Harrison (1988:259) huldig in *The New Unger's Bible Dictionary* selfs die mening dat dit onvanpas is om dit 'n verbond tussen God en die mens te noem. Hy betoog dat aangesien die mens nie 'n onafhanklike party in die verbond kan wees nie, so 'n verbond nie in die ware sin 'n wederkerige ooreenkoms kan wees nie, maar 'n belofte van die kant van God om voorsiening te maak vir die welsyn van hulle wat aan Hom gehoorsaam is.

Daar is egter, volgens König (1991:14), genoegsame rede waarom die mens se verhouding met God 'n verbond genoem kan word. Allereers is dit die begrip wat die meeste in die Bybel vir die mens se verhouding tot God gebruik word. Verder is die enkele sin waarin die inhoud van die verbond gegee word, die sin wat die meeste in die Bybel voorkom (König 1991:14): "Ek sal julle God wees en julle sal My volk wees." Hierdie beskrywing is inderdaad besonder insiggewend oor die verhouding tussen God en die mens. Dit beteken dat God alle verantwoordelikheid vir die mens aanvaar het én volle gesag oor hom het. Verder beteken dit dat die mens volkome afhanklik van Hom is en onvoorwaardelik gehoorsaam moet wees. Die God van liefde neem die inisiatief en veg om die behoud van dié sondige mensdom. Hierdie verbond het reeds op God se inisiatief volmaakte gestalte gekry in die unieke verhouding waarin God en die mens in Sy Seun Jesus Christus staan.

Die verbond word deur König (1991:15-18) hoofsaaklik as 'n verhoudingsgerigte werklikheid (sien ook Janse van Rensburg 1996:156) tussen God en die mens in die lig van die volgende aspekte beskryf:

- *Historiese verhouding tussen God en die mens.* God is nie 'n starre wese wat net 'n ewige plan in die tyd uitvoer nie. Telkens word nuwe inisiatiewe geneem in Sy stryd om Sy doel met die mens en die wêreld te bereik. Hierdie verbond is telkens in nuwe gestaltes herbevestig, soveel so dat daar selfs later van 'n nuwe verbond gepraat word. Omdat God en Sy dade teleologies op die realisering van hierdie verbond en die toekoms gerig is, sou 'n mens selfs van 'n eskatologiese verbond kon praat.
- *Ongelyke verhouding tussen God en die mens.* God is die inisiatiefnemer in die totstandkoming, handhawing en deurvoering van die verbond. Dit is dus 'n ongelyke verhouding. God en die mens verkeer nie op gelyke voet nie. Hulle het nie gelyke verpligtinge en lewer nie gelyke bydraes tot die verbond nie (vgl Harrison 1988:259). Die feit dat die verbond soms, veral in die Nuwe Testament, 'n belofte genoem word, is juis kenmerkend hiervan.
- *Wedersydse verhouding tussen God en die mens.* Hoewel die verbond 'n ongelyke verhouding tussen God en die mens is, is dit tog 'n wedersydse verhouding. Dit is 'n verhouding waarin albei partye verantwoordelikhede het. Daar is tradisies, meestal in die Ou Testament, waar die verbond (veral in die vorm van die Dawidiese verbond) byna uitsluitlik bestaan het uit beloftes van God aan die volk. Dit is egter 'n fase wat later belig is deur sommige profete se sterk nadruk op die verantwoordelikhede van die volk. Alhoewel daar in die Nuwe Testament soms van die verbond as "die belofte" (Rm 4, Gl 3) gepraat word, beteken dit egter nooit dat die gelowiges geen verantwoordelikheid in hulle verhouding tot God het nie. As die Verbondsgod gee Hy juis aan die mens ruimte om in vryheid en verantwoordelikheid ten volle aan die realisering van die verbond deel te neem.
- *Genadeverhouding tussen God en die mens.* God is die genadige God wat aan die mens gee wat hy nie het nie en wat hy nodig het. God is in die verbond die Een wat vir die mens omgee, hom versoen, vergewe en versorg. Die mens is dus 'n begenadigde wat van God se guns lewe.

- *Vaste verhouding tussen God en die mens.* Die feit dat God 'n genadige God is, vloeit uit Sy wese. Die mens weet dus dat hy daarop kan staatmaak om in die hede en in die toekoms van God se guns te leef.
- *Korporatiewe verhouding tussen God en die mens.* God maak nie 'n afsonderlike verbond met elke mens en met elke gelowige nie. Die verbond is 'n korporatiewe verhouding met God. Die mensdom is gesamentlik daarin opgeneem. Hy het die verbond waarin die mens leef, éénmaal met Abraham en sy nageslag gesluit. Abraham het, by die sluiting van die verbond, korporatief sy nageslag ingesluit.

Natuurlik reageer alle mense nie positief op die verbond nie, net soos almal wat van Israel afstam, nie werklik Israel is nie (Rm 9:6). Die verbond is egter oop vir alle mense, want God wou in Abraham alle nasies seën. Die mens, elke mens, is dus objektief bepaal deur die verbond. Die mens is 'n verbondswese, bestem vir hierdie verhouding met God (Kraus 1983:227, 229).

2.4.2.2 Die mens van die verbond

Uit die verbondsgestemdheid van die mens vloeit 'n aantal gevolgtrekkings oor die mens voort (König 1991:18-20).

- *Die mens is 'n eskatologiese verbondswese.* Die verbond is teleologies gerig. God neem die mens saam die toekoms in na Sy doel, naamlik om in volkome vredesharmonie met die mens op die nuwe aarde te leef. Nieteenstaande sy herhaalde ontroou sien die mens uit na die dag wanneer sy ontroou en ongehoorsaamheid finaal agter die rug sal wees. Janse van Rensburg (1996:155) stel dit so: "In die lig van Gods verbondsbeloftes word die mens opgeroep om die eskatologiese heil nou reeds op te eis en blymoedig daaruit te lewe. Dán is dit die verbond wat die konstituerende beginsel word en wat die eskatologie binne-wêrelds konkretiseer."
- *Die verbond gee sin aan die mens se lewe.* Die mens se verbondenheid aan God open vir

hom die toekomspektief van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. As bondgenoot van God gee dit hom ware, egte lewensin.

- *Gebonde aan die Verbondsgod.* Die mens se gebondenheid aan God is nie iets waaroor hy kan besluit nie. As verbondsmens is daar vooraf besluit dat hy aan God gebonde is. Die mens mag hierdie binding ontken, maar dit maak hom nie van God los nie. Sy gebondenheid aan God is so beslissend vir sy menswees dat dit nog altyd ewe waar en geldig bly selfs al sou hy dit ontken (Feiner & Löhner 1967:564).
- *Die mens is in God geborge.* Volgens God se eie verbondsbepaling is Hy die mens se God. Hy is die God wat omgee. Hy is "'n skuilplek in tye van nood" (Ps 9:10). Die mens is in Hom geborge. Hy sorg vir die mens omdat Hy die Vader is. Trouens, wie positief op God se verbond reageer, is nie net met Christus in Sy kruisdood en opstanding verenig nie, het dus nie net 'n beëindigde ou lewe en 'n verheerlikte nuwe lewe nie, maar is ook "saam met Christus verborge in God" (Kol 3:3).
- *Die mens moet as verbondsmens by God pas.* In die verbondsverhouding met God is die mens die een wat die verbondsverhouding "aanvul" of vervolledig. Dit beteken egter nie dat die mens God aanvul en volledig maak nie. Dit beteken alleenlik dat hy die verbond volledig maak deur die bondgenoot van God te wees (König 1991:9). In die verbond tree God met gesag op en die mens antwoord met gehoorsaamheid; God tree met genade op en die mens antwoord met dankbaarheid. Die mens reageer sinvol, aanvullend, komplementêrend op God se inisiatiewe.

Met inagneming van die karakter van die verbond en die rol wat die mens in die verbond beklee, word in die volgende afdeling ondersoek ingestel na die praktiese implikasies wat die verbondsverhouding vir die pastoraat inhou.

2.4.2.3 Praktiese implikasies van die verbond vir die pastoraat

Die doel met die voorafgaande kursoriese bespreking van die verbondsmens en die verbond as 'n verhoudingsgerigte werklikheid, is om die praktiese implikasies wat die verbond vir pastorale terapie inhou, aan die orde te stel. Uitvoering word hieraan gegee deur allereers die *verbondsgedagte in die vakliteratuur en die pastorale gesprek* te ondersoek. Vervolgens word redes aangevoer waarom die navorser van mening is dat die verbondsgedagte 'n *sentrale plek* in die pastorale gesprek behoort in te neem. Daar word voorts aangedui dat die verbond 'n gepaste *vertrekpunt* vir die pastorale gesprek is. Ten slotte word *verbondsherstel* wat op promissiotherapie uitloop, in die vooruitsig gestel.

- *Verbondsgedagte in die vakliteratuur en pastorale gesprek.* Die verbondsgedagte as prinsipiële begroning vir die pastoraat figureer in die vakliteratuur op relatief beperkte wyse.

Rossouw (1983:63) sluit by sy identifisering van tien onontbeerlike "kernmomente" vir nadenke oor die pastoraat vanuit gereformeerde teologie, nie die verbond in nie. Clinebell (1987:51-59) bring ook nie sy holistiese pastoraat direk met die verbond in verband nie. Brillenburg Wurth (1955:120-126) verwys in sy bespreking van die gemeente as voorwerp van sielsorg nêrens na die verbond nie. Selfs Heyns en Jonker (1977:299-301), wat die poimeniek diakoniologies fundeer en struktureer, maak geen melding van die verbond nie.

De Klerk (1985:30) meen dat Thurneyen (1968:58-76) se beklemtoning van die pastorale bediening as "Seelsorge der Hoffnung" met die klem op Christus as lewende en opgestane Heer wat weer kom, volkome aansluit by die inhoud van die verbondstroos wat in die pastorale gesprek 'n sleutelrol te vervul het. In sy basisteoretiese besinning dink Adams (1973:26-40) vanuit die verbond, alhoewel hy aan die mens se sondige natuur die belangrikste plek toeken. In sy praktyk-georiënteerde pastorale advies word die verbond dan ook nêrens ter sprake gebring nie (sien Adams 1980:159-313). Nieteenstaande dit, huldig Hielema (1975:154-177) wel die oortuiging dat die verbond by Adams se noutetiese model 'n belangrike rol speel. Müller (1981:33-35) toon aan dat omdat God

en die gelowige deur die verbond met mekaar verbind is, pastorale sorg met verbondsluiting, verbondshernuwing en verbondsbevestiging te doen het. Volgens Janse van Rensburg (1996:162) veronderstel Trimp (1981:44-63) die verbond as die fundering vir sy sleutelmag-benadering tot sielsorg. Firet (1979:43) verwys soms na die verbond en wanneer hy oor die modus van die *didaché* skryf, veronderstel hy die hele tyd die verbond. Tog funksioneer die verbond nie as proprium in sy agogiese model nie.

Wanneer Louw (1984:43) vanuit die eskatologiese vertrekpunt oor die pastoraat as oorwinningsorg handel, skryf hy onder meer: "Wanneer God Homself oor die nood van sy volk bekommer, is dit Gods wese, sy liefde, wat in beweging kom. Hierdie wese word sigbaar en hoorbaar in die dae van sy Verbondsgenade." Vanuit hierdie perspektief kom hy tot die konklusie dat pastorale sorg verbondskommunikasie van die Godsontferminge is.

De Klerk (1985:23-39) bespreek die plek van die verbond in die pastoraat met verwysing na die prediking, die pastorale gesprek, die erediens en gemeentebou. Hy voer die volgende redes aan waarom die verbond in die verlede nie die nodige aandag en erkenning van poimenetici ontvang het nie: 'n verwronge soteriologiese beskouing; 'n gespletenheid tussen belydenis en praktyk; 'n oorwaardering van die psigoterapeutiese praktyk waarmee Janse van Rensburg (1996:163) volmondig saamstem; en 'n eensydige verbondsbegrip. Janse van Rensburg (1996:163) spreek verder die mening uit dat onkunde oor die verhouding en interaksie tussen die monopleuriese en dupleuriese karakter van die verbond (vgl Heyns 1978:202), of ook 'n geringskatting van die waarde van die verbond vir die poimeniek, tot die verwaarlosing van die verbondsgedagte in die vakliteratuur en die pastorale gesprek aanleiding gegee het.

- *Verbondsgedagte as sentrale inhoud van die pastorale gesprek.* Bavinck (1918:611-613) wys daarop dat, selfs waar die verbond nie in die Skrif by name genoem word nie, die saak van die verbond soos 'n goue draad dwarsdeur die heilsgeskiedenis loop. Die verbond word deur Heyns (1978:200) as 'n besonder omvattende begrip hanteer wanneer hy skryf: "Die verbond is inklusief, dit wil sê, ongeveer alle aspekte van Gods handelinge met die

mens, kom in mindere of meerdere mate, op die een of ander wyse, binne die gesigseinder wanneer oor die verbond gehandel word." In ooreenstemming met bogenoemde ontleed Janse van Rensburg (1996:152-165) die verbond vanweë sy dogmatiese konteks as fundamentele begrip. Op grond van sy ondersoek kom hy tot die gevolgtrekking dat die verbond Bybels en teologies uitnemend geskik is om as proprium vir 'n gereformeerde pastoraat te dien. Dit is die waarborg waarop die pastorale beraad gebou is; die waarborg dat God met die noodlydende bemoeienis maak.

In die pastorale gesprek is dit die enkeling wat as persoon aangespreek word (Firt 1979:94). Die paraklese of die vermaning in al sy vorme, soos amptelike bemoediging, bestraffing, verkondiging en lering, is op die enkeling of die lede in gesinsverband gerig (De Klerk 1978:12). Daar is egter in die pastorale gesprek 'n sentrale doel waarna gestreef moet word. Brillenburg Wurth (1955:139) sê: "Het gaat er maar niet om, dat men als mensen elkaar ontmoet. Daarin en daarachter moet de ander God ontmoeten." Müller (1981:16) beskryf die amptelike funksie van die pastoraat so: "Die pastoraat wil Woord en Lewe bymekaar uitbring op so 'n wyse dat die mens midde-in sy lewe die versorgende nabyheid van God en die direkteur van sy Verbondswoord ervaar." Bonhoeffer (1985:30-33) argumenteer dat dit nie die taak van die pastoraat is om mense se karakter te bou nie, maar om mense in nood met die lewende Woord in verbinding te bring. In wese is die pastor in die pastorale bediening op gesprekmatige wyse met die diepste lewensvraag besig, naamlik dié na die verhouding tussen God en die mens. Hierdie verbondsverhouding berus, volgens De Klerk (1985:24-28), op die volgende:

- Die uitverkiesende genadebesluit oor die mens.
- Die genadewerk van die Heilige Gees in die mens.
- Die realisering daarvan op die weg van geloof en bekering.
- Die omsluiting van al die ander verhoudings.
- Die voorskrif van die verbondswet.

In die lig van die voorafgaande bespreking kan daar gesê word dat die verbondsverhouding as sentrale tema van die pastorale gesprek dien. Dit gaan om

aanvaarding van die belofte en aanbod wat God verbondsmatig in die evangelie bied.

- *Verbondstrou as vertrekpunt vir die pastorale gesprek.* In die verbond gaan dit om die vertrouwe op Gods beloftes wat in die genadewerk van Christus realiseer. In die lig hiervan word die verbondsverhouding tussen God en die mens as 'n besondere vertrekpunt vir die pastorale gesprek beskou. De Klerk (1985:32-37) struktureer verbondstrou as vertrekpunt vir die pastorale gesprek rondom die volgende momente:
 - *Twyfel nood as besondere uitdaging.* Twyfel gaan gepaard met gebrek aan geloofsversekerdheid in tye van lewenskrisisse.
 - *Verbondswoord as besondere antwoord.* Die pastor kan in sy onmag (vgl Brillenburg Wurth 1955:200) die twyfelende verbondsmens vra om na die stem van God te luister soos dit opklink in die verbondsbeloftes van die Skrif.
 - *Doop as vertrekpunt.* Die verbondsmens word in die pastorale gesprek herinner aan die verbondstrou van God wat deur die doop as teken en seël van die verbond bevestig is.
 - *Nagmaal as besondere versterking.* Die feilbare en wankelende mens word deur die nagmaal van God se liefde, trou en versorging verseker.

Op sterkte van die voorafgaande uiteensetting word die verbondstrou van God as 'n geskikte vertrekpunt vir die pastorale gesprek beskou.

- *Verbondsherstel as mikpunt vir die pastorale gesprek.* In die pastorale gesprek gaan dit om die regstel van die grondverhouding tussen God en die verbondsmens. Allan (1986:173-174) stel dit so: "What is meant by this *true* therapy is that the inner healing or wholeness of a person ultimately has to do with a healing relationship with God; these two are inextricably bound to each other." Dit is 'n verhouding wat alleenlik in Christus en deur die Heilige Gees reggestel kan word. Vir die pastorale bediening is dit die basis van waaruit die probleme van die lewe hanteer moet word.

De Klerk (1985:38-39) koppel verbondsherstel as mikpunt van die pastorale gesprek aan

die voorskrifte van die Skrif, opsig en tug, en die evangeliese toesegginge. In verband met laasgenoemde is die navorser oortuig dat promissioterapie, soos deur Louw (1997:518-520) in die vooruitsig gestel, 'n onmisbare komponent daarvan behoort te wees. Die oorhoofse doelwit van pastorale terapie is immers geloofsvolwassenheid.

Uit die bespreking van die praktiese implikasies van die verbond is dit duidelik dat 'n verbondsraamwerk aan die pastorale gespreksbediening gegee kan word. As die verbondsgedagte se relatief beperkte funksionering in die hedendaagse gesprekvoering verreken word, kan verbondstrou as 'n besondere vertrekpunt en verbondsherstel as mikpunt in die pastorale gesprek tot sy reg kom.

2.4.3 Die mens as verhoudingswese

Die drie formele aspekte van menswees wat in Afdeling 2.4 aangehaal is, impliseer dat die mens 'n wese is wat in verhoudings leef. Kotzé (1971:156) stel dit sterk: "Voortvloeiend en bouend op die beeldkarakter van die mens, moet die mens altyd as 'n *wese-in-verhoudinge* gesien word . . . Hy is mens in en deur ontmoeting met God én die naaste . . . Hy kan nie sonder hierdie grondverhoudinge werklik mens wees nie." Die stelling word dikwels selfs gemaak dat die wese van die mens verhoudings is (Auer & Ratzinger 1975:227). Berkhof (1962:31) skryf: ". . . het wezen van de mens ligt niet in zijn substantie, maar in zijn relaties." Zijlstra (1989:362) meen dat wanneer beweer word dat die mens 'n "antwoord-wesen" is, dan beteken dit tegelykertyd dat hy op die ander en die wêreld aangewese is. "Alleen via de ander, via een echt 'tegenover', dat anders is en toch aan hem verwant, kan hij zichzelf worden" (Zijlstra 1989:362). Daar word ook gesê die Bybel handel nie eintlik met die mens-op-sigself nie, maar net met die verhoudings waarin die mens leef, en daarom is dit moeilik om 'n antropologie uit die Bybel af te lei (Taeger 1982:29).

Berkhof (1985:181-182) voer aan dat die mens in die Bybel juis nie die mens-op-sigself is nie, maar die mens-in-verhoudings. Wanneer daar dus in die Bybel oor die mens-in-verhoudings geles word, word oor die ware mens, die mens volgens God se bedoeling, geles. Volgens die Skrif kom die mens eers in sy verhoudings tot sy eie identiteit en bereik daarin sy bestemming as

mens. In die verhoudings word dit eintlik eers duidelik *wie* die mens is wat in verhoudings staan (Heyns 1988:128). Die heersende algemene Christelike geloof is, volgens *Geloofsverklaring 2000* (Kruispunt: Paas-uitgawe 23 April 2000:7), dat mens-wees binne 'n netwerk van verhoudings tot volle ontplooiing kom. Die Bybel het wel sterk uitsprake oor hoe hierdie verhoudings moet lyk en nie moet lyk nie en hoe die mens in hierdie verhoudings moet optree. Om egter van die mens-in-verhoudings te praat as die Bybel se antropologie, is 'n eensydige oorbeklemtoning. Die Skrif dui nie op 'n eensydige oorbeklemtoning van die menslike substansie of die menslike relasie nie.

In teenstelling met Berkhof (1962:27) wat menswees as 'n drieledige verhouding, naamlik verhouding tot God, tot die medemens en tot die natuur tipeer, beskryf Heyns (1988:128-137) die mens se verhouding tot God, sy medemens, homself, die natuur, die kultuur en die strukture. Genoemde basiese verhoudings waarin die mens staan, word vervolgens kortliks bespreek uit die perspektiewe van die mens se *verhouding tot God* en die mens se *verhouding tot die skepping*.

2.4.3.1 Die mens in verhouding tot God

Dit word redelik algemeen aanvaar dat die mens die moontlikheid en die behoefte het om in 'n verhouding met 'n verhewe wese te tree. Vanuit Christelike standpunt word hierdie moontlikheid en behoefte met 'n heel spesifieke inhoud gevul: die mens bestaan en lewe *voor God* (König 1991:8).

Die mens staan in die Bybel in die middelpunt juis omdat God in die middelpunt staan (Berkhof 1985:179). 'n Mens kan nie oor God dink sonder Sy verhouding tot mense nie. Hy openbaar Hom juis in Sy omgang met mense en Sy dade vir mense. Berkhof (1973:188) skryf: "Het gaat immers om hun ontmoeting en relatie, om de geschiedenis die zij met elkander doormaken." Trouens, in die mens se *verhouding tot God* sien sommige teoloë die wese van die mens (sien Berkhof 1962:31; Kotzé 1971:156). Berkhof (1962:10-11; 1985:179-183) sien dit as die bydrae van die teologie wat deur geen ander vakwetenskap gelewer kan word nie. Dit voorsien juis die middelpunt waaromheen al die ander Christelike vakwetenskappe hulle kennis oor die mens orden.

Dit gaan by elke vakwetenskap om 'n bepaalde 'n aspek van die mens, maar die teologie praat oor die hele mens in sy verbondenheid aan God. Berkouwer (1957:27-28) stel dit so: "Veelmeer is het in de Schrift duidelik, dat zij aandacht vraagt voor de volledige, werkelijke mens, maar dan voor deze mens, die staat voor Gods aangezicht, in de religieuze verbondenheid met God in de totaliteit van zijn bestaan."

Die mens is nie 'n wese-op-sigself waaraan sy verhouding met God eers later toegevoeg word "als een soort 'donum superadditum', een *plus* bij het mens-zijn op zichzelf" nie. Die ware mens is sonder meer die-mens-voor-God. Wie oor die mens buite 'n verhouding met God praat, praat oor 'n abstraksie, nie oor die ware mens nie (Berkouwer 1957:19, 24-33, hfst. X). Daarom is die mens se verhouding tot God beslissend vir menswees.

Die mens kan nie besef wie hy is, wat hy is, wat die sin en doel van die lewe is, as hy nie besef dat hy voor God leef en dat hy beslissend aan God verbind is nie. Van der Woude beweer dat "... de Bijbel primair en konsekwent over de mens spreekt in zijn relatie tot God" (sien Berkhof & Van der Woude 1970:75). Die mens as *die-mens-voor-God* is een van die algemeenste insigte in die teologie van die afgelope paar dekades (Feiner & Löhner 1967:564; Von Rad 1965:369; Kraus 1979:179).

God is Skepper en Onderhouer van die mens. Binne hierdie verhouding van God en mens is die formele struktuur van menswees, volgens Heyns (1988:128-129), dié van 'n aangesproke en antwoordende wese. Hierdie mens waarom dit gaan, is die totale mens. Sy ganse bestaan is 'n aangesproke en antwoordende bestaan. In al sy vermoëns word hy aangespreek en met al sy vermoëns moet hy antwoord. Alles waaroor die mens beskik, denke en gevoel, is betrokke by sy woordgemeenskap met God. Die totale mens word aangespreek en die totale mens antwoord (Heyns 1992:11). Die mens kan nooit verstaan word buite sy verhouding tot God nie.

Die mens se verhouding tot God het twee kante. Enersyds is hy die beeld van God en andersyds leef hy in die verbond met God. Hierdie tweeledige verhouding tot God bepaal die wese van die mens (König 1991:9). In die beeldverhouding gaan dit om die *eendersheid* tussen God en mens, en in die verbondverhouding gaan dit om die *andersheid* as God. Hierdie twee kante van die

mens se verhouding met God bepaal sy wese - en gevolglik ook sy ander verhoudings.

2.4.3.2 Die mens in verhouding tot die skepping

Uit die mens se verhouding met God vloei sy verhouding met God se skepping voort. In aansluiting by Heyns (1988:130-137) word die volgende verhoudings met die skepping onderskei:

- *Die mens in verhouding tot sy medemens.* Menswees as geskapene deur God is saamwees met God én die medemens (Heyns 1988:130). Die verantwoordelikheid vir mekaar word reeds op die eerste bladsye van die Skrif dramaties geïllustreer as Kaïn deur God na die welsyn van sy broer gevra word. Jüngel (1980:299) sê dit hoort tot die samestelling van die mens om sy menswees uit die ontmoeting met iemand anders te ontvang. Ook Berkouwer (1957:195-197) lê klem daarop dat die verhouding tot die medemens nie 'n byvoeging, 'n super-additum, is nie, maar volgens God se bedoeling tot die wesenlike van menswees behoort. In hierdie verband wys Hy op die *medemenslikheid* wat tussen mense as sondaars oorgebly het. "Het is en blijft een van de aangrijpende verschijnselen in de werkelijkheid van het gevallen mensenleven, dat we de verbanden tussen mens en mens zien functionneren midden in de corruptieve macht van het kwaad" (Berkouwer 1957:196).

Met betrekking tot die bepaling van wie die persoon se medemens is, speel sy keuse, sy voorkeure en afkeure geen rol nie. Sy medemens is elke persoon wat in sy konkrete lewensomstandighede sy lewensweg kruis (Heyns 1988:130-131). Die mens se lewe saam met sy medemens is bestem om 'n weerspieëling te wees van sy lewe saam met God. Wat God vir die individu is, moet die individu vir sy medemens wees, soos later sal blyk wanneer die menslike eienskappe wat analogies aan God se eienskappe is, bespreek word (sien Afdeling 2.4.4.1). Analogies aan die liefde van God betoon die individu ook liefde aan sy medemens. So word ook die mens as beeld van God, wat in Afdeling 2.4.1 bespreek is, gerealiseer. Die lewe bestaan egter nie net uit ontmoetings tussen twee enkelinge nie. Menswees word ook gevorm deur verhoudings in die gemeenskap.

Berkhof (1962:105) brei verhoudings uit as hy sê die mens is nie bedoel om as één mens in verhouding tot één ander mens te staan nie, maar om in 'n gemeenskap te leef.

- *Die mens in verhouding tot homself.* Saam met die mens se selfbewussyn, waarin hy van die dier onderskeie is, word talle ander bewyse van die mens se verhouding tot homself gevind. Heyns (1988:134) beskryf die mens se verhouding tot homself as onder meer selfkennis, selfrespek, selfkritiek, selfontplooing en selfliefde. Volgens hom begin ware selfkennis by die wete dat die mens nie self Skepper is nie, maar net die skepsel; dat hy deur God goed geskape is met gawes en talente (Mt 25:14-15); dat hy in sonde geval het en alleen deur Christus gered kan word. Selfkennis bewaar die mens van selfonderskatting aan die een kant, en selfoorskating aan die ander kant. Berkhof (1962:27) beskou egter die mens se verhouding tot homself nie as 'n begrip wat in die Bybel gefundeer is nie, maar in die beskouinge van die eksistensialisme wanneer hy skryf: "Merkwaardigerwys ligte deze veronderstelling niet in de bijbelse lijn."
- *Die mens in verhouding tot die natuur.* Die mens is in sy verhouding met die natuur besig met sy verhouding tot God, wat die sentrale en fundamentele verhouding van sy lewe is (Berkhof 1962:44). Mens en wêreld is op mekaar aangewys en op talle maniere met mekaar verweef. Vir sy bestaan is die mens van die natuur afhanklik. Vir sy bewerking is die natuur van die mens afhanklik. Aan die mens het God die opdrag gegee om dit te onderwerp, te bewerk en op te pas (Gn 1:28, 2:15). Berkhof (1962:38) wys daarop dat hierdie aspek van menswees in Genesis 1 besondere aandag geniet, maar tog in die Christelike antropologie baie verwaarloos word. Die mens is mede-arbeider van God en ook daarin beeld van God (Heyns 1988:136). Deur met sy arbeid skeppend, bewarend en versorgend met die wêreld besig te wees, sit hy op sy wyse God se skeppende handeling voort. Soos God liefdevol en versorgend met die skepping omgaan, moet die mens as beeldraer van God, ook daarmee besig wees.
- *Die mens in verhouding tot die kultuur.* Berkhof (1962:27) erken slegs drie verhoudings van die mens as deel van sy wese, naamlik sy verhouding tot God, sy verhouding tot die medemens en sy verhouding tot die natuur. Hy brei egter sy beskouing oor die mens

se verhouding met die natuur wyd uit tot ". . . het menselijk bestaan zelf, voorzover het objectiveerbaar is, dus voorwerp van menselijk handelen en ordenen kan worden" (Berkhof 1962:37). Volgens hom sluit dit onder meer kultuur, wetenskap, ekonomie en politiek in. Deur sy arbeid bou die mens die natuur uit tot kultuur. Heyns (1988:137) bewoord dit so: ". . . kultuur is bewoonbaargemaakte en genietbare natuur". Hy beklemtoon dat ook kultuurvorming in gehoorsaamheid aan bepaalde norme moet geskied, anders kan Gods bestemming met die natuur nie verwesenlik word nie.

- *Die mens in verhouding tot die strukture.* Strukture is die wyse waarop die mens sy lewe en die samelewing organiseer. Dit is redelik vaste patrone wat soms baie lang tradisies het (König 1991:114). Verhoudings tussen 'n persoon en 'n instelling, organisasie of ordening wat rigting- en vormgewend op 'n mens se lewe inwerk, kan die struktuuraspect van die samelewing genoem word (Heyns 1988:137). Iets hiervan word by Paulus verneem wanneer hy sê dat die mens se stryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die bose magte van hierdie sondige wêreld, teen die bose geeste in die lug (Ef 6:12). So word daar dan verwys na die struktuur van die huwelik en gesin (Ef 5:22-33); die struktuur van arbeid wat 'n arbeidsritme het (Eks 20:10) en arbeidsverhoudings eis (Ef 6:5, 9; Mt 20:8); en die struktuur van die staat met sy wetgewing (Rm 13).

Volgens Berkhof (1962:44) is die mens in sy verhouding tot die natuur en sy medemens, en by implikasie die ander verhoudings, steeds besig met sy verhouding tot God wat die sentrale en fundamentele verhouding van die mens se lewe is. Hy verduidelik voorts dat omgang met die medemens diens aan God is. So is ook beheersing van die natuur deur die mens, diens aan God en die medemens.

2.4.4 Belangrike eienskappe van die mens

Die mens is na die beeld van God geskape. Ook staan hy in 'n verbondsverhouding met God. Uit hierdie feite kom twee belangrike aspekte na vore: daar is 'n *ooreenkoms* en 'n *verskil* tussen God en die mens. Op grond hiervan word tussen *analogiese* en *komplementerende* menslike

eienskappe onderskei.

2.4.4.1 Analogiese eienskappe

Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is (sien Afdeling 2.4.1), beteken dat daar ooreenkoms tussen God en die mens is. Die beeld van God is by die mens egter nie identies aan God nie. Daar is wel besliste punte van ooreenkoms. Die mens het dus sekere eienskappe wat gedeeltelik met dié van God ooreenkom. Omdat hierdie eienskappe wat die mens vertoon, sowel ooreenkoms as verskil insluit, word hulle analogiese eienskappe genoem. Tabel 2.1 bied 'n oorsigtelike samehang van 'n aantal belangrike analogiese eienskappe wat die mens behoort te vertoon.

TABEL 2.1
SOMMIGE ANALOGIESE EIENSKAPPE VAN DIE MENS

EIENSKAPPE VAN GOD	EIENSKAPPE VAN MENS TEENoor GOD	EIENSKAPPE VAN MENS TEENoor MENS	VERWANTE EIENSKAPPE
Liefde	Liefde	Liefde	Goedhartigheid Vriendelikheid
Vryheid	Vryheid	Vryheid	Geduld Selfbeheersing
Heiligheid	Heiligheid	Heiligheid	Geregtigheid
Getrouheid	Getrouheid	Getrouheid	Betroubaarheid

Tabel aangepas uit König (1991:64).

In Tabel 2.1 word belangrike eienskappe van God in Kolom 1 genoem. Kolom 2 bevat eienskappe analogies aan dié van God wat die mens behoort te vertoon. Hulle aard toon ooreenstemming met die eienskappe van God. Omdat God liefde, vryheid, heiligheid en getrouheid as eienskappe het, moet die mens as beeld van God dit ook vertoon. Kolom 3 wat die mens se reaksies teenoor ander mense bevat, wys daarop dat die persoon teenoor ander mense net so moet optree soos teenoor God. Hy moet dus teenoor ander mense met liefde vryheid,

heiligheid en getrouheid optree. Kolom 4 bevat sommige eienskappe wat verwant is aan dié in Kolomme 2 en 3. Dit sluit onder meer eienskappe soos goedhartigheid, vriendelikheid, geduld, selfbeheersing, geregtigheid en betroubaarheid in.

2.4.4.2 Komplementerende eienskappe

In die verbondsverhouding staan God en die mens nie op gelyke vlak met mekaar nie (sien Afdeling 2.4.2). Die aksie kom van God en die mens reageer sinvol daarop. Uit die eienskappe van God kan, volgens die beginsel van paslikheid of aanvulling, afgelei word watter eienskappe die mens behoort te hê. Die komplementerende eienskappe van die mens is reaktiewe eienskappe. Daar word dus van aanvullende of komplementerende eienskappe gepraat. Sommige belangrike komplementerende eienskappe wat die mens behoort te vertoon, word in Tabel 2.2 aangebied.

TABEL 2.2
SOMMIGE KOMPLEMENTERENDE EIENSKAPPE VAN DIE MENS

EIENSKAPPE VAN GOD	EIENSKAPPE VAN MENS TEENoor GOD	EIENSKAPPE VAN MENS TEENoor MENS	VERWANTE EIENSKAPPE
Genade	Dankbaarheid	Dankbaarheid Genade	Vreugde
Gesag	Gehoorsaamheid	Gehoorsaamheid Gesag	Nederigheid Eerbied
Beloftes	Hoop	Hoop Beloftes	Toekomsgerig
Getrouheid	Geloof	Vertroue	Vrede

Tabel aangepas uit König (1991:64).

In Tabel 2.2 word belangrike eienskappe van God in die eerste kolom genoem. Kolom 2 dui die eienskappe aan wat komplementêrend of in reaksie tot God se eienskappe wat in Kolom 1 genoem is, by mense behoort voor te kom. Genade word met dankbaarheid beantwoord, gesag met gehoorsaamheid en beloftes met hoop. Die Goddelike eienskap van getrouheid manifesteer by die mens as 'n komplementêrende sowel as 'n analogiese eienskap. As komplementêrende

eienskap word God se getrouheid met geloof beantwoord. Kolom 3 bevat die mens se reaksies teenoor ander mense. Die individu moet in sekere situasies teenoor ander mense net so optree soos teenoor God, dit wil sê met dankbaarheid, gehoorsaamheid en hoop. In ander situasies moet die individu teenoor mense optree soos God teenoor die mens optree, naamlik met genade, gesag en beloftes. Daar moet dus onderskei word tussen die verhoudings waarin die persoon met ander mense staan. Teenoor kinders moet die persoon met gesag optree, maar teenoor sy ouers met gehoorsaamheid. Teenoor dié wat vir die persoon goed is, met dankbaarheid en teenoor dié wat in nood is, met genade. Kolom 4 wys op 'n aantal eienskappe wat verwant is aan dié in Kolomme 2 en 3. Daar verskyn byvoorbeeld eienskappe soos vreugde, nederigheid, eerbied, toekomsgerigtheid en vrede.

Die menslike eienskap *hoop*, wat komplementêr tot die Goddelike eienskap *beloftes* is, kom sterk na vore op plekke waar na promissioterapie verwys word.

2.5 AKTUALITEIT VAN DIE SONDE

Die mense waarmee pastorale terapie handel, is almal sondaars. Daarom sal 'n teologiese antropologie waarin die sondaarwees van die mens nie verreken word nie, onprakties wees. Daar word met Pesch (1983:35) saamgestem dat dit 'n onwerklike mens is oor wie nagedink word as sy sondaarwees buite rekening gelaat word. In teenstelling met sommige ander godsdienste maak die Christelike geloof besondere erns met die verskynsel van sonde (sien Peck 1993:156-159).

Die Hebreeuse woord *chata* wat dikwels gebruik word om die sonde te beskryf, beteken om die doel te mis. Dieselfde grondgedagte kom in die Griekse woord *hamartia* voor (Heyns 1974:128-129). Adams (1979:147) voer aan dat die Bybel sonde uit 'n multidimensionele standpunt hanteer. Volgens hom kom daar byvoorbeeld meer as sewentien onderskeie terme vir sonde in die Bybel voor. Augustinus definieer sonde as *privatio boni*, 'n berowing van die goeie (sien Durand 1978:22). Die skepping is van sy goedheid beroof. Volgens Durand (1978:131) is die sonde 'n vreemde indringer in God se skepping. Dit is teen die mens se natuur (Berkhof 1985:207). Dit onteer God se beeld in die mens. Dit word verder gesuggereer dat die sonde 'n dinamiese

destruktiwe mag is wat die mens van die goeie beroof (Berkouwer 1960:32).

Enige poging om tot 'n verklaring van die sonde te kom, probeer niks anders nie, sê Berkouwer (1958:12), as om sinduiding aan die sinlose te gee, om die irrasionele te rasionaliseer en om dit wat alleen wanorde beteken, te orden. Berkouwer (1960:58) voer aan dat dit nie die mens se taak is om die sonde te definieer nie, maar om dit te bestry. In hierdie afdeling gaan dit derhalwe nie om 'n verklaring of 'n definisie van die sonde nie, maar om die aktualiteit van die sonde soos gemanifesteer in menslike verhoudings, aan te dui.

Die mens is in Afdeling 2.4.3 onder meer as 'n verhoudingswese beskryf. Dade van sonde manifesteer sigself in die verhoudings wat deel van die menslike wese is. Die Bybel verbind sonde op verskillende maniere met die verhoudings waarin die mens hom bevind (Heyns 1988:175). God het die mens geskape om in 'n netwerk van hegte, opbouende verhoudings te leef. Hierdie verhoudings word nie noodwendig deur die sonde verbreek nie. Hulle kan wel bly voortbestaan, maar dan in ontwigte vorm (Berkhof 1962:66-67). As gevolg van sy verdorwenheid is die mens geneig is om sy verhoudings negatief te vul: 'n verhouding van liefde word 'n verhouding van haat, vertrouwe word wantroue, eenheid word verdeeldheid, vriendskap word vyandskap. Pastorale terapie is met dié verskynsel gemoeid in dié sin dat wanneer verhoudings versteur of verwing word, mense ernstige lewensprobleme kan ondervind. Versteuring van menslike verhoudings word vervolgens uit die perspektiewe van *sonde in die mens se verhouding tot God* en *sonde in die mens se verhouding tot die skepping* bespreek.

2.5.1 Sonde in die mens se verhouding tot God

Die mens se verhouding tot God is 'n fundamentele verhouding. Jesus noem liefde vir God die grootste en die eerste gebod (Mt 22:38). Weber (1972:629) noem sonde sonder meer verbondsverbreking. Die drie bekendste Ou Testamentiese woorde vir sonde, *chata*, *awoon* en *pesja* sowel as die Nuwe Testamentiese *hamartia*, dra in hulle, volgens Durand (1978:153), die gedagte van 'n mislukte verhouding tot God. Berkouwer (1957:152) beskryf sonde as ". . . manifestasies van de éne vervreemding van God: 'zonder hoop en zonder God in de wereld'".

In die mens se verhouding tot God openbaar die sonde hom veral ten opsigte van die *bestaan*, die *wil* en die *betekenis* van God (Heyns 1988:178-179).

- *Bestaan van God.* Ten opsigte van die bestaan van God kan sonde verskillende vorme aanneem. Die uiterste is ateïsme, as die teoretiese of beredeneerde ontkenning van die bestaan van 'n persoonlike God of van iets Goddeliks. Ander vorme kom onder meer voor in die beskouinge van die panteïsme en die agnostisisme.
- *Wil van God.* Sonde manifesteer ten opsigte van die wil van God in 'n negering en 'n manipulering daarvan. Die mens wil hom in sy teoretiese denke of praktiese lewe nie aan die gegewe openbaring onderwerp nie. Hy wil dit eerder na sy wense interpreteer, verander en aanpas.
- *Betekenis van God.* Ten opsigte van die betekenis van God openbaar sonde hom in die teoretiese standpunt dat God vir die mens funksioneel nie noodsaaklik is nie. God laat die aarde alleen voortgaan volgens 'n in-die-natuur-immanente wetmatigheid. In die empiriese ondersoek wat in Hoofstuk 6 gerapporteer word, manifesteer hierdie beskouing in verskillende vorme.

2.5.2 Sonde in die mens se verhouding tot die skepping

Deurdad die fundamentele verhouding waarin die mens lewe, naamlik dié tot God, deur die sonde aangetas is, is ook al die ander menslike verhoudings deur die sonde besmet. Benewens sonde in die mens se verhouding tot God, verwys Heyns (1974:131-137; 1988:179-184) na verwringing van ander menslike verhoudings wat hoofsaaklik in verband met die skepping staan.

- *Sonde in die mens se verhouding tot die medemens.* Berkouwer (1960:21-22) beskou sonde in die mens se verhouding tot sy medemens van besondere belang wanneer hy skryf: "Zo ergens, dan wordt hier duidelijk, dat de relatie van de zonde (van alle zonde) tot God de blik op de zonde tegen de naaste niet doet vervagen, maar veel meer verscherpt." So leef die mens onverskillig by sy naaste verby en misbruik hom vir eie gewin. Die "praktyke van die sondige natuur" in Galasiërs 5:19-21 dui almal op dade wat

gemeenskapverbrekend van aard is. In die interpersoonlike verhoudings laat sonde hom geld in die huwelik, die familiekring, die vriendekring, arbeidsverhoudings, op nasionale en internasionale vlak (Heyns 1988:179).

Adams hanteer die sonde as hermeneutiese sleutel wanneer hy alle psigiese versteurings vanuit die sonde verklaar (Adams 1973:1-19; Adams 1980:166; sien ook Janse van Rensburg 1996:159). Daar word nie noodwendig met Adams saamgestem en by implikasie 'n kousale verband tussen sonde en psigiese versteurings gelê nie. Tog word gewys op 'n mate van ooreenstemming tussen Heyns (1974:142; 1988:179) se beskouing van sonde in die mens se verhouding tot sy naaste en beskrywings wat deur psigoloë van die antisosiale persoonlikheid se gedrag gegee word (Louw 1989b:405-408; Coleman et al 1984:248-250).

- *Sonde in die mens se verhouding tot homself.* Heyns (1974:132; 1988:179-180) beskryf die sondaar se verhouding tot homself as iemand wat aan grenslose selfoorskating ly. Sy gawes en talente gebruik hy uitsluitlik in diens van homself - sy eie eer, aansien en verryking. Sodanige gedrag word deur genoemde skrywer aan die sonde van begeerte gekoppel. König (1991:147-148) lê 'n verband tussen begeerte en selfliefde wanneer hy praat van 'n verkeerde gerigtheid van die liefde op die individu self in plaas van op die ander. 'n Opvallende ooreenkoms word bemerk tussen die sondige mens se verhouding tot homself soos hierbo beskryf en die sielkundige term *narsisme* wat deur Plug en ander (1989:231) as selfliefde gedefinieer word. Berkhof (1962:27) praat van die mens se verhouding tot homself in hierdie verband as " . . . een ziekelijk verschijnsel, meer samehangend met onze val dan met onze schepping". Verskeie psigoloë (Gerdes et al 1981:113; Hall & Lindzey 1960:55; Louw 1989a:561; Louw & Edwards 1993:720; Meyer et al 1997:83, 172, 184) beskryf dit as 'n patologiese toestand.
- *Sonde in die mens se verhouding tot die natuur.* As gevolg van die mens se sonde is die aarde vervloek (Gn 3:17). Dit lei daartoe dat die mens se omgang met die skepping uitermate bemoeilik is. Hy is nog tot die arbeid geroepe, maar in sy besig wees met die natuur ondervind hy teenstand. Met die sonde het die arbeid ook sy roepingskarakter

verloor. Daarmee word ook die vreugde wat in die arbeid opgesluit lê, misken. Die gevolg is arbeidsversaking. Heyns (1988:180-182) bespeur in die mens se sondige omgang met die natuur 'n tweërlei houding. Aan die een kant is daar 'n houding van natuuraanbidding. Teenoor die chaos van die mens se lewe word die harmonie van die natuur as goed en edel eensydig verheerlik. Aan die ander kant is daar 'n houding van natuurverwaarlosing. Berkhof (1962:31) wys daarop dat nieteenstaande die feit dat die mens se verhouding tot die natuur besondere aandag in die Bybel kry, dit tog in die geskiedenis van die teologie verwaarloos is.

- *Sonde in die verhouding van die mens tot kultuur.* Berkhof (1962:37) brei die mens se verhouding tot die natuur uit sodat dit kultuur, en daarmee die wetenskap, ekonomie en politiek insluit. Die ontwrigting van die mens se verhouding tot kultuur word deur Heyns (1974:135; 1988:182) getipeer as 'n losmaking van God tot eie eer en selfverheerliking. Die norme waarvolgens kultuur dan geskep word, word nie in Gods Woord gevind nie, maar in die mens self, in die gemeenskap, in die volk en in die staat. Met betrekking tot die kultuurvorme kuns, wetenskap en tegniek, kry mens die indruk dat 'n godsdienstige raamwerk en verankering dikwels ontbreek.

- *Sonde in die mens se verhouding tot die strukture.* Sowel die strukture wat hulle oorsprong in God het as dié waarvoor die mens verantwoordelik is, word deur die sonde ontwig (Heyns 1974:136; Heyns 1988:183). Die ontwrigting kan op verskillende maniere manifesteer (König 1991:113):
 - Die mens kan in 'n goeie struktuur sonde doen, sonder dat die struktuur self in gedrang kom. 'n Voorbeeld hiervan is ontrou in die huwelik. Die huwelikstruktuur word egter nie as gevolg van die ontrou 'n sondige struktuur nie.
 - Die mens kan sondige fasette in goeie strukture inbou sonder dat die strukture as sodanig heeltemal sondig word. Wanneer 'n samelewing byvoorbeeld poligamie aanvaar, is daar 'n sondige faset in die huwelikstruktuur ingebou. Dit maak egter nog nie die huwelik as struktuur sondig nie.
 - 'n Struktuur kan as sodanig heeltemal sondig en verwerplik wees. Wanneer 'n

samelewing byvoorbeeld die huwelik verwerp en vrye liefde of saamwoon die huwelik eenvoudig vervang, dan het die struktuur self sondig geword.

Deur die sonde kan strukture in selfstandige groothede ontwikkel waardeur die verwerkliking van menswees bemoeilik word. Die struktuur van die staat kan byvoorbeeld in 'n magstirannie ontaard, om maar een voorbeeld te noem.

2.6 SAMEVATTING

Die terapeut se mensbeskouing bepaal sy terapeutiese metode. Daarom is 'n teologiese antropologie beslissend vir die effektiwiteit van die pastorale ontmoeting en die terapeutiese uitwerking wat so 'n ontmoeting op menslike probleme het. 'n Teologiese antropologie verskil in belangrike opsigte van 'n fenomenologiese antropologie. Die fenomenologie stel in die mens as verskynsel belang terwyl die teologiese antropologie hoofsaaklik op die mens se verhouding tot God fokus.

Ten einde 'n teologiese antropologie met betrekking tot pastorale terapie teen die agtergrond van Godskonsepte te oriënteer, word die teologiese antropologie in dogmatiese konteks as vertrekpunt geneem. Daar word aangetoon dat die Bybel nie 'n geordende bespreking van die mens bied nie. Nogtans is dit noodsaaklik om duidelikheid te verkry oor hoe die Skrif die mens verstaan. In die onderhawige navorsingstudie word die teologiese antropologie in die Godsleer gefundeer en aan Christus genormeer.

'n Bespreking van die wese van die mens volg. Daarin word die mens beskryf as na die beeld van God geskape, 'n verbondswese en 'n verhoudingswese. Geen wesensidentiteit word tussen God en die mens geïmpliseer nie. Daar moet eerder in die rigting van 'n analogie gesoek word. Die feit dat die mens na die beeld van God geskape is en in 'n verbondsverhouding met God staan, bring mee dat daar 'n ooreenkoms en 'n verskil tussen God en die mens bestaan. Op grond hiervan word tussen analogiese en komplementerende menslike eienskappe onderskei.

Die pastorale terapie handel met die mens as 'n sondaar. Daarom sal 'n teologiese antropologie waarin die sondaarwees van die mens nie verreken word nie, ongeldig wees. Die aktualiteit van sonde in die lewe van die mens word gevolglik uit die perspektief van die mens as 'n verhoudingswese bespreek. Daar word op 'n aantal menslike verhoudings wat deur die sonde verwing is, gewys.

HOOFSTUK 3

TEOLOGIESE ANTROPOLOGIE EN PASTORALE MODELLE

In aansluiting by die pastorale terapeut se antropologiese oriëntasie word daar verder aan sy terapeutiese benadering gestalte gegee deur die pastorale model waaruit hy opereer. Louw (1997:160) verduidelik dit so: "Dit is 'n feit dat die bedoeling van die pastorale bediening, asook die uiteindelijke terapeutiese doelwit, wesenlik bepaal word deur 'n spesifieke siening oor die mens wat as veronderstelde raamwerk binne 'n spesifieke pastorale model funksioneer." Die terapeut se beskouinge oor die God-mensverhouding vanuit 'n bepaalde pastorale model is dus van deurslaggewende aard.

3.1 PASTORALE MODELLE IN TERAPEUTIESE PERSPEKTIEF

Met die oog op die uiteindelijke posisionering van die navorser word die gestaltegewing van die pastoraat uit die perspektief van die volgende pastorale modelle krities bespreek: die kerugmatiese, eduktiewe, noutetiese, bipolarêre, pneumatologiese, konvergensie- en narratiewe model.

3.1.1 Kerugmatiese model

Die Switserse teoloog Eduard Thurneysen word as die eksponent van die kerugmatiese model vir die pastoraat beskou. Hy sluit in sy studies oor die "Seelsorge" enersyds by die gereformeerde tradisie aan en andersyds by die teologiese beskouinge van Barth (De Klerk 1978:31). Müller (1981:14) meen dat 'n mens die kerugmatiese model, globaal gesproke, die tradisioneel Protestantse model kan noem. Die model is teologies goed verantwoord. Daar vind geen vermenging van die amptelike vakke en die psigososiale wetenskappe plaas nie. Thurneysen

(1963:66) skryf onomwonde: "True pastoral care must be *biblical*. Let us beware of deviating from this!"

3.1.1.1 Aard van die kerugmatiese gesprek

In die pastorale sorg gaan dit by uitstek, volgens Thurneysen, om die verkondiging van die Woord. Dit sluit by die prediking aan, maar geskied aan die enkeling in die vorm van 'n gesprek wat hy beskryf as "Gespräche von Mensch zu Mensch" (Thurneysen 1968:12). Hy beskryf dit voorts as volg: "Seelsorge ist eine Ausweitung und Verlängerung der Verkündigung, wie sie in Wort und Sakrament in der Kirche ergeht, durch das Mittel des Gespräches" (Thurneysen 1976:129). Hy verduidelik dat pastorale sorg 'n bepaalde wyse van Woordverkondiging is: "Seelsorge ist eine bestimmte Weise der Verkündigung des Wortes Gottes. Sie vollzieht sich im Unterschied zur Predigt in Gestalt eines *Gesprächs*" (Thurneysen 1968:77). Deur die gesprek laat dit die lig van Gods Woord oor die mens in sy besondere situasie val. Thurneysen (1963:109) skryf: "Pastoral counseling happens in the form of a conversation - listening to the Word of God and responding to the Word of God. The partners in the conversation become servants of this Word for one another."

Met betrekking tot die rol van die psigologie in die pastorale gesprek is daar by Thurneysen geen twyfel oor die absolute primaat van Gods Woord nie. Hy skryf: "Pastoral care is and remains proclamation of the Word to the individual and neither can or should ever be anything else" (Thurneysen 1963:201). Ten einde die boodskap van vergifnis aan die kliënt te bring, moet die pastor hom egter deur middel van die psigologie so goed as moontlik van sy kliënt se innerlike lewe vergewis. Met die oog hierop het die pastorale sorg wel die psigologie nodig as 'n besondere hulpwetenskap (Thurneysen 1963:201-202). Die Woord van God bly egter die primêre bron van kennis. Hy stel dit onomwonde: "The Word of God is not one source of knowledge among others; it is the basis of all knowledge even in the matter of the understanding of man" Thurneysen 1963:206). Hierdie aspek kom weer in Afdeling 4.2.1 ter sprake wanneer raakpunte en grense tussen die pastoraat en psigologie uit die perspektief van die eiesoortige aard van pastorale terapie bespreek word.

3.1.1.2 Inhoud van die kerugmatiese gesprek

Die doelwit van die kerugmatiese gesprek is om die kliënt deur die verkondiging van die Woord tot vergifnis van sonde deur Jesus Christus te lei. Thurneysen (1963:67) verduidelik dit as volg: "Therefore, the content of proclamation of pastoral care can be no other than the *forgiveness of sins* through Jesus Christ." Met die oog op die bereiking van hierdie doelwit word die kerugmatiese gesprek deur die volgende momente beheers:

- *Soewereiniteit van God.* Die kerugmatiese benadering van Thurneysen word deur die absolute soewereiniteit van God en die primaat van die Woord beheers. Dit waarborg God se triomf oor alle duistere en kwade magte (vgl Thurneysen 1963, 1968, 1976). As sleutel tot sy pastorale model beklemtoon hy die grootheid en uniekheid van God. Daar is 'n geweldige afstand tussen God en die mens. God is die onaantasbare. Die mens is die ondergeskikte. As sulks is die mens volledig van God afhanklik.
- *Verdorwenheid van die mens.* Die radikale verdorwenheid van die mens word bely. Die mens moet vanuit die Bybelse antropologie as sondaar geken word, soos Gods Woord hom voorstel (vgl Thurneysen 1963:54-67). Wanneer die verdorwenheid en sondigheid van die mens bloot as tekorte, gebreke en beperkinge gesien word, dan is daar nie sprake van ware herderlike sorg nie. Daarom skryf Thurneysen (1968:186): "Es fällt auf, daß im Alten und im Neuen Testament die Heilung von Krankheiten aufs engste verbunden ist mit der Vergebung der Sünden."
- *Verlossing uit genade.* Die verlossing van die mens bloot uit genade word verkondig. Thurneysen (1963:67) skryf: "Gods absolving grace must be communicated in pastoral care." Hy verduidelik verder: "Der Seelsorger wird die ganze Schwere der Lebenssituation des Leidenden in sich aufnehmen, um sie dann in dieses Licht der Erkenntnis der Gnade zu rücken" (Thurneysen 1968:195). Op 'n ander plek stel hy dit so: "... our whole talk should flow from the heights of forgiveness; its whole content should explicitly be the proclamation of the mercy of God in Jesus Christ" (Thurneysen 1963:159). Alle pogings tot selfverlossing deur eie godsvrug word afgewys.

- *Lewendmaking deur die Gees.* Die mens bied geen aanknopingspunt vir die ware ag gee op die Woordverkondiging nie. Daarom is hy ten diepste aangewys op die Heilige Gees wat lewend maak. Thurneysen (1963:186) handhaaf dit onomwonde wanneer hy skryf: "Our responsiveness to God thus means and is first and last our being elected by God; it is thus the exclusive work of the Holy Spirit, who speaks and makes acceptable the electing Word . . ." Elders gaan hy voort: "The ultimate presupposition here as elsewhere when we are concerned with the Word of God is the *Pneuma*, the Spirit of God, who alone gives life to the Word" (Thurneysen 1963:53). Alleen deur die krag van die Heilige Gees kan die pastor Sy Woord spreek en kan die kliënt daarna luister.
- *Gemeentegerigheid.* Thurneysen neem die verband tussen herderlike sorg en kerklike tug besonder ernstig op. Daar is by hom 'n sterk gemeentegerigheid omdat die vergewing van sondes en die sakrament wat dit verseël, altyd weer voer na die gemeente wat gesamentlik verenig. Hy skryf derhalwe: ". . . pastoral care occurs within the realm of the church" (Thurneysen 1963:53).

3.1.1.3 Evaluasie van die kerugmatiese model

Kritiese opmerkinge oor die kerugmatiese model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

Positiewe elemente. Positiewe waardering vir die volgende aspekte in die kerugmatiese model word uitgespreek:

- *Deduktiewe model.* Die kerugmatiese model is 'n volledig deduktiewe model. Dit kry al sy inligting uit die Bybel en gee dit aan die individu. Thurneysen (1976:100) verduidelik dit so: "Seelsorge ist ein Sprechen, das unter einer ganz besonderen Voraussetzung steht: Sie will ein Gespräch sein, das vom Worte Gottes herkommt und zum Worte Gottes hinführt . . ."

- *Uitgangspunt van die herderlike sorg.* Die uitgangspunt vir die herderlike sorg word in God as die gans Andere geneem. Hy staan teenoor die verlore mens met wie Hy in verbinding tree. Die groot afstand word slegs oorbrug deur Hom wat die ruimte vir die Woord skep (De Klerk 1978:34).
- *Gesag van die Woord.* Die gesag wat in die kerugmatiese gesprek geproklameer word, is nie die gesag van die pastor nie. Dit is die gesag van die Hemelse Vader, soos in die Heilige Skrif geopenbaar (De Klerk 1978:34).
- *Erkenning vir die psigologie.* Ten einde die boodskap van vergifnis van sonde uit genade aan die gespreksgenoot oor te dra, is kennis van sy innerlike lewe belangrik. Thurneysen (1963:209) verduidelik dat pastorale sorg om hierdie rede die bevindings van die psigologie moet oorneem om dit in diens van die Woordverkondiging te gebruik. Daarom beskou hy psigologie as 'n besonder belangrike hulpwetenskap (Thurneysen 1963:201-202). Hoewel hy die Woord van God as die basis van alle kennis beskou, selfs in sover dit die verstaan van die mens betref, skryf hy: "This in no way belittles psychology and its research" (Thurneysen 1963:206).
- *Eiesoortigheid van die herderlike sorg.* Die eiesoortigheid van die herderlike sorg as onderskeidend van ander vorms van beraad, word deur Thurneysen gehandhaaf te midde van sy waardering vir die psigologie. Die psigologie het wel betekenis om die menslike natuur te leer ken, maar hy skryf: "Pastoral care is and remains proclamation of the Word to the individual and neither can nor should ever be anything else" (Thurneysen 1963:201). Die herderlike sorg mag nie sy teologiese karakter inboet deur te ontlaar in 'n psigologiese beraad wat in 'n godsdienstige kleed gehul word nie. Ten opsigte van psigologie skryf hy: "What is needed, is a *Christian use* of psychology, an application of its results in the pastoral care of the Christian church" (Thurneysen 1963:209).

Negatiewe elemente. Elemente in die kerugmatiese model wat as negatief uitgelig word, is die volgende:

- *Pastoraat as suiwer homiletiese gebeure.* Thurneyssen laat die pastoraat sodanig in homiletiese gebeure opgaan dat die mens in sy eksistensiële nood nie tot sy reg kom nie. Die gesprek dreig om tot so 'n mate raadgewend te word dat die elemente van ontmoeting en kommunikasie verlore gaan. Dit kan maklik ontaard in 'n monoloog sonder enige interaksie. Hierdeur vind 'n kerugmatiese reduksie plaas (Louw 1997:44-45, 88). Die pastoraat kan nie bloot tot die gebeure van verkondiging gereduseer word nie. Die pastoraat is 'n gepreksmatige konkretisering van die evangelie binne die lewenswerklikheid van gelowige mense.
- *Verskraalde antropologie.* Thurneyssen (1963:54-67) voer aan dat pastorale sielsorg op die Bybelse antropologie gegrond moet word. In Afdeling 2.2 is reeds aangetoon dat daar nêrens in die Bybel 'n gesistematiseerde en geordende bespreking van die mens gevind word nie (sien Berkhof 1962:11-12; Berkhof 1973:191; Kotzé 1971:148; Van Pelt 1999:294). Heeltemal tereg wys Louw (1997:162) dan ook daarop dat die kerugmatiese model worstel met die probleem van watter plek daar aan die mens en sy vermoëns toegeken moet word. Hierdie aangeleentheid kom weer in Afdeling 4.2.3 ter sprake wanneer 'n psigopastorale antropologie vir die pastorale praktyk aan die orde gestel word.
- *Onbereikbaarheid van God.* Kommunikasie tussen God en die mens vind oor so 'n groot afstand plaas dat God as ontoeganklik beskou kan word. Riess (1973:186) maak die stelling dat die kerugmatiese model die hulpsoekende volwassene tot 'n "(Beicht'-) Kind zu regredieren". Response wat met die empiriese ondersoek, soos in Hoofstuk 6 gerapporteer, verkry is, het hierop betrekking.

Wanneer die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte en 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering in Hoofstuk 7 aan die orde gestel word, raak sommige van die positiewe aspekte in Thurneyssen se pastorale model hoogs relevant.

3.1.2 Eduktiewe model

Die eduktiewe model vir die pastoraat waarvan S Hiltner as die eksponent beskou kan word, staan in skille kontras teenoor die kerugmatiese benadering van Thurneysen. Te oordeel na Hiltner, is Thurneysen te veel met God besig en te min met die mens. Terwyl Thurneysen die realisering van sy pastorale doelwitte van die Woordverkondiging en die Heilige Gees verwag, verwag Hiltner dit van die helende krag wat deur die psigoterapeutiese beraad vrygestel word. Laasgenoemde aksentueer terapeutiese leiding met die oog op selfverwesenliking van die gespreksgenoot deur die aanwending van die kreatiewe moontlikhede wat hy besit. Vandaar die benaming "eduktiewe model" vir die pastoraat. Die woord "eduktief" is afgelei van die Engelse *educere* wat beteken "te voorskyn bring" (Bosman et al 1979:1172). Dit skyn verband te hou met die Latynse *ē + dūcere* wat volgens Wormald (1956:331) beteken: *om uit te lei*. Die eduktiewe model beoog derhalwe om dit wat in 'n persoon is, na vore te bring.

Die eduktiewe model word vervolgens in perspektief gestel deur te verwys na *voorbereidende faktore*, 'n *oorsigtelike inhoudsbespreking* en 'n *kritiese evaluering*.

3.1.2.1 Voorbereidende faktore

Onder die faktore wat die weg voorberei het vir die ontstaan van die eduktiewe model, tel sekere *denkkrigtings* wat 'n besondere invloed op Hiltner gehad het, asook die *progressiewe ontwikkelingsproses* in die Amerikaanse pastorale teologie.

(i) *Denkkrigtings*.

Veral drie denkkrigtings het 'n besondere impak op Hiltner se denke gehad. Dit is: Whitehead se "process philosophy", Tillich se "method of correlation" en Boisen se "living human documents" (Hielema 1975:12).

Alfred North Whitehead. "Process philosophy" wat deur Whitehead onderskryf word, behels 'n denksisteem wat die gedagte van verandering beklemtoon. Volgens Whitehead (1953:238) is godsdiens "the vision of something which stands beyond, behind and within, the passing flux of immediate things; something which is real and yet waiting to be realized". Op voetspoor hiervan tipeer Hiltner (1966:7) teologie as 'n proses wanneer hy skryf: "The present participle of theology 'theologizing', is a usefool tool for reminding ourselves that theology is a process rather than a final verbal formulation." Hy hou vol dat dit moeilik is, indien nie onmoontlik nie, om konsepte soos onder meer skepping, sonde, genade, siekte en predestinasie te aanvaar soos dit deur vorige geslagte geformuleer is. "We must begin to put a new eye on Creation . . ." (Hiltner 1968:7). Hy huldig derhalwe die mening dat teologie in voortdurende dialoog met ander dissiplines moet wees (Hielema 1975:10). Dit beteken dat teologie altyd dinamies moet wees. Hy stel dit duidelik: "In the process of helping and the never-ending selfreflection which is a vital part of helping . . . theology - as the reception and assimilation of faith - is always in the making and never finished" (Hiltner 1958:222; Hiltner 1965b:7-8).

Paul Tillich. Hiltner toon 'n besondere affiniteit vir Tillich se belangstelling in die verband tussen teologie en kultuur. Hy is veral geïnteresseerd in Tillich se korrelasiemetode waaroor hy skryf: "The method of correlation explains the contents of the Christian faith through existential questions and theological answers in mutual interdependence" (Hiltner 1958:222-223). Volgens Hielema (1975:25) bestaan daar ook 'n besondere ooreenkoms tussen Tillich se beginsels van menslike natuur en Hiltner se konstruk van die ten volle funksionerende persoonlikheid.

Anton T Boisen. Hiltner verleen besondere erkenning aan Boisen wanneer hy na hom verwys as ". . . this great teacher of mine" (Hiltner 1965a:10). Op 'n ander plek skryf hy: "The person who has done more than any other in our country to prepare the soil for a new pastoral theology is Anton T. Boisen" (Hiltner 1958:51). Hy erken verder Boisen se invloed wanneer hy in *Preface to Pastoral Theology* skryf: "Boisen has not himself been concerned to work out a systematic pastoral theology, but the basic clue to the systematic construction of this author [Hiltner] has come from Boisen" (Hiltner 1958:51). Hielema (1975:25-26) toon aan dat hierdie "basic clue" waarna Hiltner verwys, die bestudering van "living human documents" is. Hy meen dat Hiltner deur Boisen die kuns aangeleer het om die menslike persoonlikheid te bestudeer.

(ii) Prosesmatige ontwikkeling.

De Klerk (1978:36-38) beskryf die eduktiewe sielsorg, soos dit deur Hiltner en ander onderskryf word, as die produk van 'n drie-fase prosesmatige ontwikkeling in die Amerikaanse "Pastoral Theology" wat met A T Boisen (1876-1956) begin het as die eerste fase. Boisen se soeke na 'n pastorale bediening waarin die psigoterapeutiese praktyk 'n belangrike woord spreek, is die begin van 'n pastorale sielkunde waarin die studie van die openbaring van God moet plaasvind deur die gebruikmaking van die lewende menslike dokument.

In die tweede fase van ontwikkeling val die klem op die innerlike genesende krag wat by die siek persoon aanwesig is, asook op die interpersoonlike kommunikasie wat deur kreatiewe luister ontstaan. Die name van C Cabot, 'n geneesheer, en R Dicks, 'n sielsorger, word aan hierdie fase gekoppel (vgl Cabot & Dicks 1964).

Die nie-riktiggewende of kliënt-gesentreerde beraad soos deur Rogers (1951) bespreek, beheers die derde ontwikkelingsfase. In navolging van Rogers het Hiltner die pastorale beraad met 'n psigologiese model en 'n psigoterapeutiese metodiek benader en uitgebou.

3.1.2.2 Oorsigtelike inhoudsbespreking

Die teologiese denke wat in die eduktiewe model gestalte kry, word deur De Klerk (1978:38) beskryf as "die teologie van tussenmenslike verhoudinge waarin die begrip kommunikasie sentraal staan". Die psigoterapeutiese metode wat gebruik word om die kommunikasie te bereik, word opgebou uit die Rogeriaanse model met die klem op die kliënt-gesentreerde, non-direktiewe eise. Aksente wat deur Rogers benadruk word is: begrip vir die ander, aanvaarding, opheldering, wederkerigheid, vryheid en verantwoordelikheid (Rogers 1951).

Hiltner (1958:89-172) toon in sy *Preface to Pastoral Theology* aan dat sy pastorale metode verband hou met genesing (*healing*), bystand (*sustaining*) en leiding (*guiding*) as die hoofmomente. In die *genesing* gaan dit om die funksionele geheel van die mens met die afwysing

van die Bybelse sondebegrip (De Klerk 1978:30). Hy skryf: ". . . healing is to be understood as the process of restoring functional wholeness" (Hiltner 1958:89). In die *ondersteuning* gaan dit om bystand terwyl die genesing nog gesoek word. Hy verduidelik dit as volg: ". . . sustaining relates to those situations that as total situations cannot be changed or at least cannot be changed at this time" (Hiltner 1958:116). In die *leiding* gaan dit nie om leiding in die sin van etiese voorskrifte nie, maar om die eduktiewe: ". . . it 'leads out' something that may be regarded as either within the person or potentially available to him" (Hiltner 1958:151). Deur die kliënt-gesentreerde vaardighede van die pastor word die interne kragte wat by die kliënt aanwesig is, gemobiliseer. Hiltner (1958:171) beskryf die proses van leiding in die volgende terme: ". . . guiding should be conceived as a thrust toward healing mainly through reminder of sources that have been present, are now absent and weak, but that will return". Om hierdie doel op 'n sinvolle wyse te bereik, moet daar kommunikasie wees. Die metode wat gebruik word om die doel en kommunikasie te bereik, word uit die Rogeriaanse model opgebou.

In die teologiese benadering van Hiltner verkry dogmatiese leerstukke oor die openbaring, die verlossing, die eskatologie en ander, nuwe inhoude wat radikaal van die vroeëre Bybelse teologie verskil (De Klerk:1978:38). Die openbaring van God word nie met die Skrif afgesluit nie. Die positiewe boodskap moet verkry word langs die weg van 'n progressiewe teologie wat altyd in beweging is, "that is always in the making and never finished" (Hiltner 1958:222), selfs in so 'n mate dat dit "may augment Paul's understanding" (Hiltner 1958:29).

Die teologie is nie alleen op die openbaring van die Skrif, soos dit dan telkens weer opnuut verklaar word, aangewys nie, maar daar is ook nog steeds "die lewende menslike dokumente" waarmee rekening gehou moet word. Daarom moet die teologie steeds weer verstaan word vanuit 'n twee-rigting-verkeer tussen die Bybelse boodskap en die ander wetenskappe. Daar is 'n voortdurende korrelasie wat die teologie laat tipeer as "Theologie-in-Beziehung" (Riess 1973:204). Vir die eduktiewe sielsorg beteken dit baie definitief die volgende: "Ihre theoretische Konzeption setzt sich aus psychologischen *und* theologischen Komponenten zusammen" (Riess 1973:205).

3.1.2.3 Kritiese evaluering

Die eduktiewe model word kortliks uit die perspektief van positiewe en negatiewe elemente geëvalueer.

Positiewe elemente. Die eduktiewe benadering bevat, soos Faber en Van der Schoot (1962), Kotzé (1971), Riess (1973), W J de Klerk (1975), Hielema (1975) en J J de Klerk (1978) aantoon, elemente wat vir die gereformeerde pastoraat positiewe betekenis kan hê. Die volgende verdien onder meer aandag:

- Die werke van Hiltner beklemtoon dat die predikante (geestelikes) nie eenkant moet staan asof hulle aan 'n ander soort van die menslike spesie behoort nie. Intendeel, hulle behoort eksistensiel betrokke te wees in die hele lewe (Hielema 1975:9).
- 'n Gespesialiseerde en relatief gestruktureerde gesprekstegniek word aangebied. Dit plaas aksente op die empatiese luisterhouding, die aanvaarding van die gespreksgenoot, die betekenis van psigologiese kennis van die ander, en die gesprek in die konteks en dinamiek van positiewe of negatiewe gevoelens (De Klerk 1978:41; Kotzé 1971:142).

Negatiewe elemente. Die volgende negatiewe elemente in die eduktiewe benadering word as van belang beskou vir die onderhawige navorsing:

- De Klerk (1978:36) meen dat Hiltner die sielsorg metodologies en op omvattende wyse met die psigoterapeutiese beraad geïdentifiseer het. In hierdie verband skryf Kotzé (1971:109): "As ons die pastorale beraad se fundamente deurdink, is dit duidelik dat ons hier 'n ywerige poging het om die pastorale gesprek en die psigologiese counselingsproses in een te laat smelt." Louw (1997:88) se kritiese kommentaar op so 'n benadering is dat 'n teologie van die pastoraat nie gereduseer kan word tot slegs die ervaring en behoeftes van die mens nie. Pastoraat is meer as die ontsluiting van innerlike potensiaal en 'n proses van selfrealisering langs die weg van empatiese inlewing. Hy kom tot die gevolgtrekking dat indien die pastoraat met gesprekstegnieke volstaan en in lewenshulp opgaan, dan

verloor dit sy eiesoortige dimensie van geloofsontwikkeling. Daar word met die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering in Afdeling 7.3 by hierdie gedagte aangesluit.

- Hielema (1975:232-233) voer aan dat wanneer Hiltner (1959:14) skryf: "we need to utilize any knowledge and wisdom we can get from any source", hy die Skrif sodanig met ander bronne gelykstel dat dit die genoegsaamheid van die Skrif sterk degradeer.
- Kotzé (1971:143-144) is van mening dat die Amerikaanse kliënt-gesentreerde pastoraat 'n eensydige en gereduseerde mensbeeld handhaaf. Daar word slegs van sekere fenomene van die mens kennis geneem. Die mens se verbondenheid met God word nie genoegsaam verreken nie; die bo-kosmiese dimensie word gemis.
- 'n Metodiese-eensydige gespreksmodel word gebruik (De Klerk 1978:41). Kotzé (1971:144) voer aan dat dit nie verder en dieper as 'n monoloog gaan nie. Die God-mens-ontmoeting word tot 'n terapeutiese proses beperk. Die teologiese karakter van die pastorale beraad gaan verlore. Die aspek van die leer en die tug bly agterweë as dit bloot bestaan in "accepting, understanding and clarifying inner conflicts" (De Klerk 1978:41). Die doel van die sielsorg is immers meer as die ontwikkeling van insig in eie probleme.

Nieteenstaande kritiek op sommige aspekte, lewer die eduktiewe benadering tog 'n waardevolle bydrae tot die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering, soos blyk uit Afdeling 7.3.

3.1.3 Noutetiese model

Met die noutetiese model vir die pastoraat posisioneer Jay E Adams homself ferm teenoor die meer liberaal-teologiese uitgangspunte van die eduktiewe model. Sy model is gebaseer op en ontwikkel uit die Bybel. Gevolglik kan hy skryf: "That is why Christian counseling may (with ease) be called *biblical* counseling" (Adams 1979:37). Verskeie faktore het bygedra tot Adams

se beskouing wat uiteindelik in die nouetiese model vir die pastoraat gekulmineer het. Dit sluit onder meer in: sy huldiging van 'n *Bybelse antropologie*, sy *onvergenoegdheid met psigiatrie en psigologie*, en sy *kennismaking met Mowrer*.

- *Bybelse antropologie*. Adams (1974:94-138) se antropologiese uitgangspunt maak erns met die Bybelse beeld van die mens soos dit manifesteer in sonde, genade, bekering, wedergeboorte, die krag van die versoening en die werk van die Heilige Gees. Hy skryf: "The Christian counselor uses the Scriptures as the sole guide for both counselor and counselee" (Adams 1976a:4). Dan gaan hy voort: "Do not forsake the Fountain of living water for the cracked cisterns of modern counseling systems" (Adams 1979:xiv).
- *Onvergenoegdheid met psigiatrie en psigologie*. Uit Adams (1973:1-19) se beskrywing van die problematiek rondom die verhouding tussen pastoraat en psigoterapie blyk dit dat die resultate van die psigiatrie, soos in die lyn van Freud en Rogers beoefen, sterk bevraagteken word (vgl Hielema 1975:126-136). Die Freudiaanse etiek ken met sy mediese model geen plek aan menslike verantwoordelikheid toe nie. Dit maak die mens 'n produk van oorerwings- en omgewingsfaktore. Hierdie streng biologiese determinisme (Hjelle & Ziegler 1983:50) roep 'n sisteem na vore wat die Skrifgelowige onbevredig laat (Adams 1973:17-19). Adams (1978:6) verwoord sy beswaar onder meer as volg: "To adopt methods that have been structured to get along without God and that are designed to achieve humanistic ends is unthinkable."
- *Kennismaking met Mowrer*. Adams se kennismaking met Mowrer (Adams 1973:xiv-xix; Adams 1974:86-89; Adams 1979:147) het hom tot 'n opgawe van sy eie standpunt ten opsigte van die pastoraat gedwing. Hielema (1975:139) skryf: "The contact with Mowrer initiated, under the guidance of God's Spirit, the rise of nouthetic counseling." Mowrer (1961:60) vra: "Has evangelical religion sold its birthright for a mess of psychological pottage?" Heeltemal tereg beweer Mowrer dat die mediese model die mens se sin vir verantwoordelikheid wegneem. Antities stel Mowrer 'n morele model van verantwoordelikheid voor (sien Adams 1973:xvii). Hy lê klem op die persoonlike verantwoordelikheid van die mens. Terwyl Mowrer egter in gebreke gebly het om die

basiese verhouding van die mens tot God in berekening te bring, soek Adams die oplossing in die Bybels-noutetiese beraad. Hy sê: "But Christians must turn to the Scriptures to discover how God (not Mowrer) says to do it" (Adams 1973:xviii).

Die noutetiese model word vervolgens bespreek aan die hand van *elemente* en *kenmerke* wat eie is aan die noutetiese konfrontasie. Daarna word afgesluit met 'n kritiese evaluering van die noutetiese model.

3.1.3.1 Elemente in die noutetiese konfrontasie

Die Griekse woord *νουθεσία* beteken, volgens Strong (1984:50), in Engels "admonition" wat in Afrikaans vertaal kan word met vermaning, waarskuwing, teregwysing, bestraffing of berisping (Bosman et al 1979:968). Volgens Adams (1973:44-50) bestaan die noutetiese konfrontasie uit ten minste drie basiese elemente, naamlik die veronderstelling van 'n *probleem*, verbale *konfrontasie* en 'n beoogde *verandering* by die gespreksgenoot.

- *Probleem word veronderstel.* Sentraal in die noutetiese konfrontasie is die idee dat iets in die gespreksgenoot se lewe verkeerd is. Daar is 'n sonde, 'n obstruksie, 'n probleem wat erken en waarmee gehandel moet word. Die veronderstelling is dat daar 'n toestand by die gespreksgenoot bestaan wat God wil hê moet verander (Adams 1974:14).
- *Verbale konfrontasie.* Inherent in die konsep van noutetiese konfrontasie is vervat dat probleme nouteties deur middel van verbale metodes interpersoonlik opgelos word (Adams 1973:45-49; Adams 1979:ix). Noutetiese konfrontasie in sy Bybelse gebruik beoog om die individu se karakter- en gedragpatrone sodanig te verander dat dit met Bybelse standaarde konformeer.
- *Beoogde verandering by die kliënt.* Die fundamentele doel met noutetiese konfrontasie is om persoonlike en gedragsveranderinge te bewerkstellig (Adams 1973:44-45). Die gedagte is altyd dat die verbale korreksie bedoel is om die kliënt tot voordeel te strek

(Adams 1974:14; Adams 1979:ix). Dit impliseer verandering van dit in die lewe van die kliënt wat hom seermaak. Die doel moet dus wees om struikelblokke verbaal te oorwin; nie om die kliënt te straf nie, maar om hom te help (Adams 1973:49-50).

Die drie basiese konsepte in *nouthesis* kan as volg saamgevat word: Noutetiese berading word gemotiveer deur besorgdheid oor 'n probleem in die lewe van die gespreksgenoot. Deur middel van verbale metodes word gepoog om karakter- en gedragsveranderinge wat tot die kliënt se voordeel strek, te bewerkstellig.

3.1.3.2 Kenmerke van die noutetiese konfrontasie

Die noutetiese benadering soos deur Adams uiteengesit, besit sekere wesenskenmerke wat daaraan 'n eie karakter verskaf.

- *Reaksie teen humanisme en non-direktiewe benadering.* In sy noutetiese benadering reageer Adams sterk teen die humanisme. Hy skryf: "... humanism is a serious problem because (in the end) it puts human beings in the place of God. Man becomes the measure of all things" (Adams 1979:95). Ook spreek hy hom sterk uit teen die non-direktiewe benadering van die "pastoral counseling". In teenstelling met Rogers se beskouinge (vgl Adams 1973:78-93) wat deur Hiltner en ander aanvaar word, skryf Adams (1979:1): "... man did not come from God's hand with all the resources that he would ever need prepackaged within". Hy vertoon 'n relatief negatiewe houding teenoor die psigiatrie wanneer hy skryf: "The psychiatrist has reason for existence only when he specializes as a physician to treat medically those persons whose problems have an organic etiology" (Adams 1974:11).
- *Sondaarmens.* Die noutetiese konfrontasie werk met die sondaarmens, soos wat Gods Woord hom as sondaar aanspreek (Adams 1976a:31-32). Dit word veral gedoen vanuit die teologiese inhoud van die soewereiniteit van God, die vergifnis van sonde ter wille van Jesus Christus en die werkinge van die Heilige Gees (Adams 1976a:57-62). Adams

(1973:108-109; 1979:139-140) stel dit egter baie uitdruklik dat nie alle probleme van gespreksgenote as gevolg van hulle eie sondes ontstaan nie.

- *Outoritatiewe gedrag.* Die noutetiese konfrontasie word op 'n outoritatiewe wyse gedoen. Adams (1973:55) skryf onomwonde: ". . . notice that Christian counseling involves the use of authoritative instruction". Verder gaan hy voort: "There is a need for divine authority in counseling. Only biblical counseling possesses such authority" (Adams 1974:15). Hy verduidelik dat outoriteit in berading, net soos outoriteit in die prediking, op twee vlakke voorkom. Daar is die outoriteit van die boodskap en daar is die outoriteit van die boodskapper. Laasgenoemde is afgeleide outoriteit. Die feit dat hy God se Woord verkondig, konstitueer die fundamentele element van sy outoriteit (Adams 1977:55).
- *Vermanende aard van die konfrontasie.* Omdat dit die fundamentele doel van noutetiese konfrontasie is om persoonlike en gedragsveranderinge te bewerkstellig (Adams 1973:45-49), is dit meer as 'n blote konsultasie. Dit dra 'n vermanende aard uit die gesag van die Woord in dié sin dat dit konfrontasie met die beginsels en die praktyke van die Skrif is (Adams 1973:51). Adams (1979:xiii) huiwer nie om die volgende te sê nie: "The Bible is his counseling textbook". Hy meen dat daar 'n organiese verhouding tussen teologie en berading bestaan. Deur hierdie twee te skei, word albei geweld aangedoen. Daarom is berading sonder teologie dood (Adams 1979:15).
- *Direktiewe aard van die gesprek.* Vanweë die outoritatiewe aard van die berading vind dit op 'n direktiewe wyse plaas. "'Authoritative instruction' requires the use of directive, nouthetic techniques" (Adams 1973:55). Adams (1974:17) skryf verder: "The New Testament word for counseling (*nouthesia*) implies scriptural direction." Dit kom daarin tot uiting dat die gespreksgenoot verbaal aangaande die sonde wat aan die wortel van die meeste van sy probleme lê, gekonfronteer word met die oog op sy voordeel (Adams 1974:14).
- *Werk van die Heilige Gees.* Adams (1973:20-25; 1974:5-8; 1976a:57-62; 1979:21) lê

swaar aksent op die werk van die Heilige Gees soos dit in die proses van die pastorale beraad moet geskied. Hy stel dit as 'n noodsaaklike vereiste: "Counseling is the work of the Holy Spirit. Effective counseling cannot be done apart from him" (Adams 1973:20). Omdat die Heilige Gees deur die Woord werk, is dit noodsaaklik dat die berader 'n deeglike kennis van die Skrif het (Adams 1974:13). Verder moet hy die doel van elke gedeelte daarvan verstaan en kan gebruik (Adams 1976a:24-30).

3.1.3.3 Kritiese evaluering

Die noutetiese model soos deur Adams as 'n pastorale benadering voorgelê, bevat uit die oogpunt van die navorser sowel positiewe as negatiewe aspekte.

Positiewe aspekte. Positiewe waardering vir die noutetiese model sluit onder meer die volgende in:

- *Handhawing van Bybels-teologiese inhoud.* Adams se antropologiese uitgangspunt is sterk Bybels-georiënteerd. Hy maak erns met die beeld van die mens soos dit manifesteer in sonde, genade, bekering, versoening en die werk van die Heilige Gees (Adams 1973:20-25; Adams 1974:5-8, 94-138; Adams 1976a:31-32, 57-62; Adams 1979:21).
- *Vermanende aspek in die pastorale gesprek.* Die noutetiese konfrontasie is meer as 'n bloot nie-riktig-gewende gesprek. Dit dra 'n vermanende aard uit die gesag van die Woord deurdat dit konfrontasie met die beginsels en praktyke van die Skrif is (Adams 1973:51). In teenstelling met die mediese model se gebrek aan menslike verantwoordelikheid, soos deur die biologiese determinisme van Freud geïmpliseer (Hjelle & Ziegler 1983:50), word menslike verantwoordelikheid wel hierdeur gehandhaaf. Adams (1973:55) skryf in hierdie verband: "Instead of excuse-making and blameshifting, nouthetic counseling advocates the assumption of responsibility . . ."
- *Selfstandigheid van die pastorale bediening.* In die noutetiese model word die

selfstandigheid van die pastorale bediening gehandhaaf. Net so min as wat die pastoraat verpsigologiseer mag word, mag die psigologie verteologiseer word. Daar word nie opgegaan in die kliniese of die psigoterapeutiese praktyk nie. Dit word beklemtoon dat die Christelike berader die Bybel as sy enigste riglyn moet gebruik (Adams 1976a:4) en dat beradingsmetodes wat gestruktureer is om sonder God te opereer, ondenkbaar is (Adams 1978:6). Die verandering wat by die kliënt deur middel van die berading beoog word, moet ooreenstem met Bybelse standaarde tot verheerliking van God (Adams 1973:51).

Negatiewe aspekte. Aspekte wat deur die navorser as negatief ervaar word, is die volgende:

- *Eiesoortige gebruik van die Bybel in die beraad.* Wanneer die Bybel as 'n teksboek vir die beraad gebruik word, bestaan die gevaar van 'n biblisistiese wyse van Skrifaanwending. Hierteenoor beklemtoon Hielema (1975:233) dat die Skrif sy toepassing vind vanuit sy organiese eenheid en boodskap. Die Skrif bevat die waarhede wat normatief is vir die beraad van elke situasie, sonder dat dit 'n teks vir elke situasie in voorraad het, soos blykbaar deur Adams (1976a:92-105) gesuggereer word.
- *Veroordeling van psigiatrie.* Adams (1974:11) se bykans algehele afwysing van die psigiatrie word as 'n oorreaksie teen die determinisme van Freud en die humanisme van Rogers en ander beskou. Volgens Janse van Rensburg (1996:159) hanteer Adams (1973:1-19; 1980:166) die sonde as hermeneutiese sleutel wanneer alle psigiese steurnisse vanuit die sonde verklaar word en die regverdiging byna tot veranderingsprinsipe *ex opera operato* verhef word. Regverdiging in Christus bewerk, volgens Adams (sien Hielema 1975:230-259), meteens ook genesing van depressie en ander probleme. Die navorser is van mening dat verkeerde uitgangspunte in sommige sisteme van die psigologie en die psigiatrie nie tot 'n algemene bevraagtekening van die dissiplines gevoer mag word nie. Die positiewe waarde van elkeen, veral as hulle van 'n Bybels-gefundeerde antropologie uitgaan, kan na waarde geskat word.
- *Die noutetiese beraad as verengde begrip.* Om alle beraad onder die noutetiese

konfrontasie tuis te bring, sal 'n verenging van die begrip pastorale beraad tot gevolg hê. Die nouetiese konfrontasie het wel, as gevolg van verwaarlosing daarvan, 'n noodsaaklike element in die pastorale gesprekvoering geword. Pastorale gesprekvoering is egter meer as dit. Uiteraard sou die parakletiese met sy aksent op sowel die bemoedigende as die bestraffende 'n meer oorkoepelende begrip wees. Adams voel blykbaar hierdie probleem self aan. Daarom skryf hy: "I have used the word nouthetic in the title and throughout the text of this book simply as a convenience by which the biblical system of counseling that has been developed in such books as 'Competent to Counsel' and 'The Christian Counselor's Manual' might be identified most easily" (Adams 1976b:1).

Daar word met waardering kennis geneem van die nouetiese model in die pastoraat soos deur Adams uiteengesit. Nieteenstaande sommige negatiewe aspekte bevat dit tog waardevolle elemente wat uit 'n gereformeerde posisionering nie geïgnoreer mag word nie.

3.1.4 Bipolêre model

Met die bipolêre model in die pastoraat, oftewel sy hulpverleningsmodel, soos Gerben Heitink dit noem, wend hy primêr 'n poging aan om 'n sintese tussen die kerugmatiese standpunte van Thurneysen en die eduktiewe benadering van Hiltner te bewerkstellig. In die proses verbreed hy die tradisionele pastoraat.

Die model word vervolgens uit die perspektiewe van 'n *sintese*, die *bipolêre grondstruktuur van die model* en die *verbreding van die pastoraat* bespreek. 'n *Kritiese evaluering* van die model dien as afsluiting.

3.1.4.1 Sintese

Die verskillende pastorale modelle kan volgens Heitink (1999:194-196) op 'n kontinuum geplaas word. Die kontinuum strek van 'n oneindige onderskeid tussen die werklikheid van God en mens

aan die een kant tot 'n algehele identifikasie van beide aan die ander kant:

- Die eerste model is die van diastase wat op die veronderstellings van die dialektiese teologie berus. Die sosiale wetenskappe word tot 'n aanvullende rol beperk.
- Die tweede model is die van bipolariteit waarvolgens die Goddelike heil en menslike werklikheid in 'n spanningsvolle relasie tot mekaar staan.
- Die derde model is die van korrelasie met 'n hegte band tussen vraag en antwoord. Teologie formuleer die vrae wat in menslike eksistensie ingebed is.
- Die vierde model word hoofsaaklik op die identifikasie van menslike en religieuse ervaring gebou. Dit geskied vanuit óf 'n antropologiese óf 'n historiese perspektief.

Heitink (1999:195) plaas sy hulpverleningsmodel (sien Heitink 1979) binne die raamwerk van die tweede model in die voorgemelde kontinuum, naamlik dié van bipolariteit. Hiermee poog hy om 'n sintese tussen die kerugmatiese benadering van E Thurneysen (1963, 1968) en die kliënt-gesentreerde benadering van S Hiltner (1958, 1959) te bewerkstellig. Te midde van hierdie poging probeer hy steeds binne die bane van die gereformeerde teologie bly (Rossouw 1983:8, 25). Volgens hierdie model moet die pastoraat nie net 'n suiwer kerklike nie, maar ook 'n buitekerklike gerigtheid op die wêreld hê (Heitink 1979:59). In aansluiting hierby wys hy daarop dat die Skrif in die pastorale teologie nie soseer as fundering nie, maar eerder ter illustrering van die pastoraat dien. Die verhale in die Bybel dien byvoorbeeld slegs as illustrasie van die bemoeienis van God met die mens (Heitink 1979:60).

Rossouw (1983:61) kom egter tot die gevolgtrekking dat Heitink uiteindelik veel nader aan die standpunt van Hiltner eindig as aan dié van Thurneysen. Heitink se pastoraat as hulpverlening sluit inderdaad nouer aan by die *Pastoral Counseling* van Hiltner as by die *Seelsorge im Vollzug* met sy swaar aksent op die Woord alleen, soos deur Thurneysen aangebied.

3.1.4.2 Bipolêre grondstruktuur van die model

Pastoraat as hulpverlening word soos volg deur Heitink (1979:75) gedefinieer: "*Onder pastoraat*

als hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen." Bipolariteit as die basis van sy pastorale teologie is inherent in die definisie teenwoordig. Heitink (1979:75) illustreer sy definisie van hulpverlening deur middel van 'n skets met twee brandpunte. 'n Verbindingslyn tussen die twee brandpunte dui op die bipoelêre, spanningsvolle relasie tussen die twee pole. Dit is egter 'n wederkerige relasie waarin die een pool nie sonder die ander tot sy reg kan kom nie. Die sin en bestemming van die een lê in die verhouding tot die ander. Elkeen van die pole is noodsaaklik vir die sinvolle bestaan van die ander. In die uitwerk van die definisie gaan dit telkens om twee afwisselende pole (Rossouw 1983:15-16):

God - mens

subjek - objek

algemene openbaring - besondere openbaring

teologie - psigologie

pastoraat - ander vorme van hulpverlening

teorie - praktyk

woord - daad

Heitink (1979:77-78) beskou sy definisie van pastoraat as 'n funksionele definisie. Daarmee bedoel hy dat dit 'n definisie is wat as doel het om sowel teorie as praktyk te integreer. Die spanningsvolle bipolariteit word dan oorbrug deur 'n derde vlak, naamlik die sogenaamde praktykteorie. Daar bestaan geen primaat van die teorie bo die praxis of andersom nie. Hy skryf: "Teorie moet voortdurend getoets word aan die praxis, wat empirisch-georiënteerd praktisch-theologiesch onderzoek vraagt en die praxis moet vanuit die teorie onder kritiek gestel word, wat een voortgaande hermeneutiese teorie-vorming noodzakelik maak" (Heitink 1993:150).

Bipolariteit geld ook met betrekking tot die verhouding tussen pastoraat en ander vorme van hulpverlening. Volgens Heitink staan die een brandpunt vir dit wat die pastoraat met ander vorme van hulpverlening in gemeen het en die ander brandpunt vir die eie identiteit van die pastoraat. Onder die elemente wat die pastoraat met ander vorme van hulpverlening in gemeen het,

onderskei Heitink vier velde, naamlik die mediese, sosiale, psigiese (of psigoterapeutiese) en pastorale hulp (Heitink 1979:79).

3.1.4.3 Verbreding van die pastoraat

In die lig van die tradisionele siening oor die Bybelse fundering van die pastoraat, praat Heitink van 'n sogenaamde verbreding. Met die verbreding bedoel hy 'n wyer siening as die tradisionele siening van die pastoraat as besondere toespitsing van die Woord (Heitink 1979:135-144). Hierdie verbreding doen, volgens hom, geen afbreuk aan die gereformeerde pastoraat nie, maar open 'n weg vir die evangelie na die werklikheid waarin die mens leef. Die verbreding van die tradisionele pastoraat geld veral op die terreine van Heitink se beskouinge oor die *gesagsbegrip*, die *antropologie*, die *deurwerking van die pastoraat as hulpverlening* en die *ampsbeskouing* (Rossouw 1983:61).

a. Verbreding van die gesagsbegrip

'n Verbreding in die gesagsbegrip is, volgens Heitink (1979:146), noodsaaklik omdat die dialogiese karakter van die Bybelse openbaring weinig tot uitdrukking kom in Thurneysen se dialektiese werkwyse. Hierin vind hy aansluiting by Berkoff (1973:78-79) wat beweer dat die begrippe "algemene" en "besondere" openbaring nie voldoende is om aan die Bybelse openbaringsbegrip volle gestalte te gee nie. Volgens hom is alle openbaring "besondere" openbaring. Die onderskeid tussen algemene en besondere openbaring word verwerp. Met Heitink se aanvaarding van die openbaringsbegrip van Berkhof is die weg vir die verbreding duidelik gebaan. Die op-een-vlak-stel van die Skrif en die "algemene openbaring" lei daartoe dat beide meespreek vir die pastoraat. Daarom is Rossouw (1983:19) van mening dat die mees basiese bipolêre verhouding in Heitink se model dié van die algemene teenoor die besondere openbaring is. Heitink beweer dat dit onverantwoordelik is om met 'n beroep op die evangelie (1 Kor 1:23) of op gesag van die amp 'n monologiese en direkte pastorale benadering in stand te hou (Heitink 1979:153).

b. Verbreding van die antropologie

Heitink (1979:82-84) bevraagteken die uniekheid van die Skrif *alleen* om 'n volledige beeld van die mens te gee. Hy is van mening dat ander wetenskappe bykomstige inligting kan verskaf om sodoende 'n ware mensbeeld te verkry. Hy werk gevolglik 'n tweërlei antropologiese benadering uit. Die eerste antropologiese benadering dien as basis vir al die vakwetenskappe wat in 'n helpende verhouding tot die pastoraat staan. In 'n tweede benadering verbreed hy dit tot 'n sogenaamde "pastoraal teologiese antropologie" wat in besonder op die pastoraat gerig is (Heitink 1979:109, 375).

- *Antropologie as basis vir al die vakwetenskappe.* Heitink (1979:108-109) bied in hierdie antropologiese benadering 'n samevatting van dit wat uit al die hulpwetenskappe rakende die antropologie geleer word. Hy beskryf die benadering wat hy "een groeiende antropologiese *consensus*" noem, as "aandacht voor de hele mens" (Heitink 1979:108). In 'n latere publikasie bespreek Heitink (1998:86-106) die antropologiese insigte uit 'n sewetal psigologiese en terapeutiese rigtings wat helderheid bring met betrekking tot die teologie-psigologiespanning. Die rigtings wat hy bespreek, omvat die psigoanalitiese, Jungiaanse, humanisties-psigologiese, behavioristiese, eksistensiële, kognitief-psigologiese en konstruksionistiese rigtings. In hulle onderlinge samehang lewer hulle 'n bepaalde beeld van die mens op.
- *Pastoraal-teologiese antropologie.* Onder 'n pastoraal-teologiese antropologie word 'n teologiese antropologie wat in diens van die pastoraat staan, bedoel. Dit soek bewustelik aansluiting by die resultate van die mens- en gedragwetenskappe. So 'n antropologiese benadering is daarop gerig om die mens in 'n empiriese sin te verstaan (Heitink 1979:109). As redes vir die uitwerk van hierdie tweede breër antropologie gee Heitink (1979:110-113) onder meer die volgende aan: Die Skrif bied geen wetenskaplike leer oor die mens nie. Die teologiese antropologie is deur die eeue heen nooit beperk tot die Bybelse spreke oor die mens nie, maar is altyd medebepaal deur die antropologiese mode van die tyd. In die reformatoriese kring wek die spreke oor die mens dikwels die indruk dat dit oor 'n ander mens gaan as die hele mens in sy verhoudings.

In die breër antropologie, soos deur Heitink voorgestel, staan die bipolariteit voorop. Aan die een kant is daar die pool van die Bybelse antropologie en aan die ander kant die pool van die "algemene antropologie". Hierdie twee pole staan in sodanige noue relasie tot mekaar dat die een nie sonder die ander tot sy reg kan kom nie. Die volheid van die twee pole lê dus in die sintese daarvan wat sy beslag vind in die begrip "die hele mens" (Rossouw 1983:37).

c. Verbreding in deurwerking van pastoraat as hulpverlening

In die deurwerking van die pastoraat as hulpverlening word die *terrein* van die pastorale praktyk, die *verhouding* tussen pastoraat en psigoterapie, asook die *funksies* van die pastoraat aan die orde gestel.

- *Terrein van die pastorale praktyk.* Die pastorale praktyk sentreer rondom twee pole, naamlik geloofsvrae en lewensvrae (Heitink 1979:190). Geloofs- en lewensvrae word volgens *probleemvelde* en *aspekte van menswees* georden (Heitink 1979:193-194). Probleemvelde konstitueer personale probleme, relasionele probleme en sosiaal-kulturele probleme. Ten opsigte van die aspekte van menswees word aandag geskenk aan die mens in sy ontwikkeling, psigiese strukture van die mens, en religieus-etiese norme en waardes.
- *Verhouding tussen pastoraat en psigoterapie.* Pastorale sorg is gemoeid met die geestelike funksionering van die mens in relasie tot ander, waarby singewing vanuit 'n religieuse perspektief verstaan word. Inhoudelik word dit vanuit die Christelike geloof gevul. In hierdie proses van singewing kan, volgens Heitink (1998:151-152), vanuit die gesigspunt van die gespreksgenoot drie niveaus onderskei word, naamlik die kognitiewe, emosionele en eksperiëntele niveau. Hierdie niveaus is voortdurend in wisselwerking met mekaar en kan gevolglik nooit geheel en al van mekaar geskei word nie. In 'n pastorale ontmoeting speel al drie 'n rol. Tussen geloofsinhoud, geloofsbeleving en geloofservaring word hulle in 'n proses van integrasie betrek.

Met betrekking tot die verhouding tussen pastoraat en psigoterapie kom Heitink

(1979:275) tot die gevolgtrekking dat daar sowel 'n psigoterapeutiese moment in die pastorale verhouding skuil as 'n evangeliese moment in die terapeutiese verhouding. Dit lei Heitink (1979:282-283) daartoe om 'n model waarin die hele mens in sy verhoudings sentraal staan, te postuleer. Met hierdie model word aangetoon dat die mens as hulpvraer in vier rigtings hulp kan soek. Hierdie vier rigtings is die sosiale, mediese, pastorale en psigoterapeutiese rigting. Die mens in sy verhoudings vorm die snypunt van die vier deelvelde van die groot geheel van hulpverlening. Elke vorm van hulpverlening is weens sy eiendomlike aard op 'n bepaalde terrein gerig. Daar bestaan egter 'n sterk verband tussen die vorme van hulpverlening. Daarom word daar gepleit vir samewerking in multi-professionele spanverband op die terrein van hulpverlening met erkenning van die religieuse dimensie van menswees.

- *Funksies van die pastoraat.* Heitink onderskei vier funksies van die pastoraat as hulpverlening:
 - i. *"Helen."* Onder die helende funksie van die pastoraat verstaan Heitink die moontlike positiewe gevolge wat die pastorale optrede met betrekking tot die gesondheid en die welsyn van mense in die ruimste sin van die woord het (Heitink 1979:289).
 - ii. *"Bijstaan."* Met bystaan verstaan Heitink (1979:294) die aangaan en instandhou van 'n verhouding met 'n mens in nood of lyding. So 'n verhouding hou as moontlike gevolg in dat die persoon op die moeilike weg wat hy moet gaan, getroos en ondersteun voel.
 - iii. *"Begeleiden."* Die begeleidingsfunksie het betrekking op geestelike leiding aan mense wanneer hulle voor moeilike religieuse of etiese beslissings staan. Daardeur word hulle gehelp om op grond van hulle lewensooruigings hulle eie keuses te bepaal en beslissings te neem (Heitink 1979:300).
 - iv. *"Verzoenen."* Onder versoening word verstaan dat mense wat van mekaar, van sigself of van God vervreemd is, tot insig kom. Sodoende leer hulle om in nuwe verhoudings te leef. Die versoeningsfunksie moet teen die agtergrond van die mens se sondeskuld gesien word (Heitink 1979:307-311).

Heitink (1998:127) wys daarop dat al vier funksies van die pastoraat nie gelyktydig aan die orde kom nie. Gedurende 'n bepaalde periode, en onder bepaalde omstandighede en afhanklik van die konteks, tree een bepaalde funksie op die voorgrond.

d. Verbreding van die ampsbeskouing

Die ekklesiologie vorm 'n belangrike onderbou vir die pastoraat (Heitink 1979:329-331). Die probleem is egter dat "de kerk op allerlei gebied haar monopolieposisie verlore heeft" (Heitink 1979:334). Heitink (1993:14) is van mening dat daar in die Westerse samelewing 'n gesagskrisis ontstaan het. Hy vermoed dat daar op hierdie wyse met die laaste oorblyfsels van 'n outoritêre kultuur afgereken word. Binne die kerk kom die gesag van die Skrif, die gesag van die amp en die kerklike leergesag onder kritiese bespreking. Vir die eerste keer kom die kerk in Nederland in 'n minderheidsposisie deurdat 52% van die bevolking hulle nie meer as behorende tot 'n kerkgenootskap beskou nie. Hierdie verskynsel blyk nie tot Nederland beperk te wees nie. Vorster (2001:4) rapporteer dat, volgens 'n kerkhistorikus se bevinding, die "Presbyterian Church of the United States of America" van 1966 tot 1987 soveel as 1,2 miljoen lidmate verloor het en die "Methodist Church" van 1970 tot 1987 nie minder nie as 1,4 miljoen lidmate. Volgens Versluis (2001:4) neem lidmaatskap van die "hoofstroom"-kerke in Europa jaarliks met gemiddeld 8% af. Die tradisionele opvatting van die pastoraat waar die kerk en lidmaatskap daarvan sentraal staan, is gevolglik nie meer so algemeen geldend soos in die verlede nie. In hierdie omstandighede maak Heitink (1979:335) daarop aanspraak dat die pastoraat as hulpverlening soos hy dit ontwikkel het, meer moontlikhede bied om die mens en sy situasie vanuit die Evangelie te bereik.

Heitink (1979:341-350) gaan van die veronderstelling uit dat die kerk 'n instelling naas andere is. As sulks is die kerk 'n dienslewerende instansie. In sy grondhouding van die "pastoraat as diakonia" (Heitink 1979:350) wil hy aantoon dat die ganse werk van die kerk een van diens is.

Hoewel Heitink se bipolêre model van hulpverlening reeds in sy publikasie van *Pastoraat as hulpverlening: inleiding in de pastorale theologie en psychologie* (1979) beskryf word, skryf Van Pelt (1999:17 voetnota) dat die visie wat Heitink in sy *Pastorale zorg: Theologie, differentiatie,*

praktijk (1998) na vore bring, "is in hoofdzaak niet anders dan in zijn eerdere publicaties". Trouens, Heitink (1998:5) bevestig dit wanneer hy met betrekking tot sy *Pastoraat als hulpverlening* skryf: "Dit nieuwe boek, *Pastorale zorg: teologie, differentiatie, praktijk* is op hetzelfde fundament gebouwd."

3.1.4.4 Kritiese evaluering

Kritiese opmerkinge oor die bipolarêre model met betrekking tot positiewe en negatiewe beskouinge word as volg saamgevat:

Positiewe beskouinge. Positiewe waardering vir die bipolarêre bydrae tot die pastoraat is die volgende:

- *Onhoudbaarheid van 'n teologiese of psigologiese reduksie.* Volgens Louw (1997:160) toon die bipolarêre aanpak dat dit in die pastorale ontmoeting onmoontlik is om menslike probleme te beperk tot óf 'n *psigologiese reduksie* waarbinne die terapie hoofsaaklik op inherente menslike potensiaal fokus, óf 'n *teologiese reduksie* waarbinne die terapie hoofsaaklik van 'n eksterne bron, Woordverkondiging, afhanklik is. Die proses van interaksie tussen God en die mens is te kompleks en omvattend vir eensydighede.
- *Terrein van die pastorale praktyk.* Heitink lewer 'n besonder groot bydrae met sy indeling van die terrein van die pastorale praktyk (Rossouw 1983:62). Hy maak 'n onderskeid tussen die basiese geloofs- en lewensvrae van die mens, wys op die problematiek wat by elkeen sentraal staan, skets die situasie waarin die vrae gewoonlik na vore kom en wys op die doelstelling wat die pastor by elke problematiek moet hê.

Negatiewe beskouinge. Die volgende negatiewe opmerkings word met betrekking tot die bipolarêre model geboekstaaf:

- *Bipolarêre verhouding tussen God en die mens.* Die bipolarêre verhouding tussen God en die

mens word onder meer deur Heitink (1979:15) as volg toegelig: "Wanneer God en mens met elkaar omgaan op de wijze van een verbond, houdt dit in dat de werkelijkheid van God en de werkelijkheid van de mens zozeer op elkaar betrokken zijn, dat de ene niet zonder de andere tot haar recht kan komen." Die bipolariteit tussen God en mens, in die sin van interafhanklikheid van mekaar vir die sinvolle bestaan van beide, staan egter onder verdenking (Rossouw 1983:16). Dit kan beteken dat God onvolledig is. Louw (1997:88) meen dat God en mens dan maklik komplementêr tot mekaar beskou kan word. In aansluiting hierby beweer Vriezen (1966:183) dat die mens geen gelykwaardige vennoot van God in die verbond kan wees nie.

- *Sondebeskouing.* Die denkskema wat impliseer dat die mens van homself nie klein genoeg en van God nie groot genoeg kan dink nie (sien Heitink 1979:112), vorm volgens Janse van Rensburg (1996:157) die fundering vir Heitink se antropologie waarin geen ruimte vir die sonde gelaat word nie. In teenstelling met die gereformeerde tradisie wat van die *mens as sondaar* praat (verwysende hier na die Kategismus), verkies hy om van die *mens as skepsel* te praat (Rossouw 1983:35).
- *Versmelting van die wetenskappe.* De Klerk (1981:12) verwys na die waarde wat ander "pastorale" wetenskappe vir die pastoraat kan hê. Hy skryf dat die handreiking van bevriende bure 'n besondere bydrae kan lewer. Hy gaan verder voort: "Vanweë die rigtinggewende deskundigheid kan die verskillende pastorale wetenskappe vrugbare koersbepaling vir die Pastoraat maak" (De Klerk 1981:13). Rossouw (1983:37) is oortuig dat daar met so 'n beskouing nie 'n versmelting van wetenskappe gesuggereer word nie, terwyl daar by Heitink wel 'n versmelting plaasvind. Heitink wil in die antropologie die onderskeiding tussen die pastoraat en ander hulpwetenskappe ophef. Met sy bipolariteit beskouing is daar aan die een kant die pool van die Bybelse antropologie en aan die ander kant die pool van die algemene antropologie. Hierdie twee pole staan in sodanig noue relasie tot mekaar dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie. Die volheid van die twee pole lê dus in die sintese daarvan.
- *Krisispastoraat.* Heitink (1979:193) identifiseer *probleemvelde* en die *aspekte van*

menswees as die terrein waarin die pastorale praktyk moet funksioneer. Dit impliseer dat dit in die pastorale praktyk net om één saak gaan en dit is probleme. Die pastorale praktyk gaan dus in 'n krisispastoraat op. Rossouw (1983:44) meen dat die pastoraat hiermee tot 'n spreekkamerpraktyk gedeformeer word en daar gevolglik te min van die opbou van die gelowige tereg kom.

- *Ooraksentuering van priesterlike amp.* Heitink beskou die kerk as 'n dienslewerende instelling naas andere. Met sy grondhouding van "pastoraat als diakonia" (Heitink 1979:350) neig hy om aan te toon dat die ganse werk van die kerk een van diens is. Sodoende loop hy die gevaar om die kerklike terreine sodanig te versmelt dat hy die drie ampte in Christus in so 'n mate minimaliseer dat dit uiteindelik tot ooraksentuering van die priesterlike amp lei (Rossouw 1983:56-57).

Samevattend word tot die gevolgtrekking gekom dat Heitink met die ontwerp van sy bipolarêre pastorale model vir hulpverlening daarin slaag om die terrein van die pastoraat aansienlik te verbreed. Hoewel hy soms op relatief dun ys beweeg, bly hy tog grootliks binne die riglyne van die gereformeerde pastoraat. Met sy poging om 'n sintese tussen die kerugmatiese model van Thurneysen en die eduktiewe model van Hiltner te bewerkstellig, skyn die swaartepunt na die kant van Hiltner oor te leun.

3.1.5 Pneumatologiese model

Jacob Rebel pleit vir 'n pastoraat in pneumatologiese perspektief. Met Van Ruler se teologiese denke as onderbou, ontwikkel hy 'n pneumatologiese model vir die pastoraat (Rebel 1981). Die model word uit die volgende perspektiewe sinopties bespreek: Van Ruler se teologiese denke as *onderbou*, perspektief op *pastorale modelle*, perspektief op bestaande *strukture van pastorale sorg*, *pneumaties gespreksgenoot-gesentreerde pastoraat* en *evaluatiewe opmerkings*.

3.1.5.1 Van Ruler se teologiese denke as onderbou

Rebel (1981:205) meen dat Van Ruler se teologiese denke 'n belangrike bydrae tot 'n pneumatologiese besinning lewer. Daar word by Van Ruler 'n nuwe teologiese denke van die realisering van die heil aan en in en deur die mens gevind. Hy vereenselwig hom met die reformatoriese tradisie wat postuleer dat die mens deur die Gees deel kry aan die heil van God in Christus. Verder komplementeer hy dit met 'n pneumatologiese verantwoorde konsekwensie van die menslike mondigheid en outonomie. Die mens kom dus deur sy denke op 'n heel eie wyse aan die beurt. Hiermee werp Van Ruler hom midde in die hedendaagse problematiek rondom die menslike waardigheid en mondigheid. Rebel (1981:206) is van mening dat wanneer kategorieë soos "zelf-beaming" en "mondigheid" in pneumatologiese verband gesien word, daar volledig reg kan geskied aan die humaniteit in al sy potensialiteite en kreatiwiteit sonder om in humanisme te verval.

In aansluiting by sy beskouings oor 'n pneumatologiese antropologie wat behels dat die Heilige Gees deur middel van interpersoonlike kommunikasie werk, praat Van Ruler van 'n "pneumatisch pastoraat" waarin die mens deur die Gees tot sy reg kom (Rebel 1981:208-209). 'n Pastoraat vanuit so 'n antropologiese verbrede pneumatologie bied aan sowel die pastor as die gespreksgeenoot met betrekking tot hulle eie potensialiteite en kreatiwiteit geleentheid tot realisering. Rebel (1981:210) kom dus tot dié gevolgtrekking: "Van Ruler was in zijn pneumatologiese besinning zijn tijd al vooruit."

3.1.5.2 Perspektief op pastorale modelle

Met inagneming van sommige bestaande pastorale modelle beoog Rebel (1981:210) 'n teologiese verantwoorde posisiekeuse. In die proses word die kerugmatiese model van Thurneysen, die pastoraal-terapeutiese sielsorg van Hiltner en die pastoraat as hulpverlening soos deur Heitink uiteengesit, geëvalueer.

- *Tekort by Thurneysen se kerugmatiese sielsorg.* By Thurneysen val alle nadruk op

verkondiging in die sielsorg en die pastorale gesprek (Rebel 1981:211). Te midde van baie wat in Thurneysen se beskouings waardeer kan word, bestaan daar egter 'n tekort. Ter staving hiervan haal Rebel vir Heitink (1979:147) aan wanneer laasgenoemde skryf dat die Heilige Gees die mens nie uitskakel nie, maar juis wil inskakel in God se vernuwingswerk. Dit kry egter by Thurneysen geen kans nie. Hoe die mens binne die kragveld van die Heilige Gees funksioneer en watter prosesse daar voltrek word, bly buite die gesigsveld van Thurneysen (Rebel 1981:212).

- *Eensydigheid by Adams se noutetiese model.* Vanweë Adams se groot klem op die gebruik van die Skrif in berading en sy weiering om menslike moontlikhede sentraal te stel, plaas Rebel (1981:213-214) eersgenoemde in noue verband met die kerugmatiese sielsorg. Rebel (1981:214-216) voer aan dat Adams gesien kan word as dié verteenwoordiger van die sielsorg wat wel trou wil bly aan die onfeilbare Woord van God, maar vanweë 'n te smalle pneumatologie weinig ruimte laat vir die werk van die Heilige Gees in nie-Christelike wetenskappe, die geskiedenis van die Christendom en die lewe van die gelowige. Omdat Adams uit so 'n smalle pneumatologiese basis dink en opereer, ontbreek dit by hom aan 'n stewige teologiese deurdenking van die vrae wat in 'n moderne pastoraat ter sprake kom.
- *Gebrek by die Amerikaanse sielsorgbeweging.* Hiltner waarsku teen 'n statiese teologie wat verwyderd is van die eksistensiële probleme van die mens. Hy beskou sy teologie as funksioneel en dinamies. Volgens hom is alle waarheid en wysheid nie in die Bybel bevat nie. God gebruik nie alleen die Bybel as toegangsweg tot die mens nie; daar is ook ander weë soos die psigologie en die psigoterapie. Rebel (1981:217-219) wys egter daarop dat die mens in hierdie weë op die leiding van die Heilige Gees aangewese is.

Vir Hiltner is die doel van die pastoraat dat die pastor sy gespreksgenoot help om homself te help. Daarvoor vind hy aansluiting by die kliënt-gesentreerde nie-rigtinggewende metode van Rogers (1951). Die potensiële hulpbronne vir die genesing van persoonlike probleme is in die individu self geleë. Deur middel van die pastorale berading moet hierdie kragte tot ontwikkeling gebring word. Rebel (1981:219-225) meen dat juis omdat die

Amerikaanse sielsorgbeweging so sterk nadruk lê op die kommunikatiewe, relasionele en funksionele aspekte van die pastoraat, moet 'n mens uitkom by en selfs allereers uitgaan van die leer van die Heilige Gees. Die Gees is immers die Een wat kommunikasie bewerkstellig, brûe bou en relasies stig by uitnemendheid.

Rebel is egter van mening dat die Amerikaanse sielsorgbeweging in 'n groot mate faal met betrekking tot 'n verantwoordende teologiese fundering (Rebel 1981:217). Daarom, skryf hy, is daar "een ernstig manko in de Amerikaanse zielsorgbeweging, dat zij omtrent de Heilige Geest zo 'n magere leer heeft" (Rebel 1981:225). Hy beskou dit as 'n ernstige gebrek juis omdat hierdie beweging so sterk klem lê op kommunikasieprosesse in die pastorale verhouding.

Uit die voorafgaande evaluering word dus tot die gevolgtrekking gekom dat daar by die kerugmatiese model, die noutetiese model en die Amerikaanse sielsorgbeweging 'n gebrek aan erkenning vir die werk van die Heilige Gees in die pastoraat bestaan.

3.1.5.3 Perspektief op bestaande strukture van pastorale sorg

Met die oog op die daarstelling van 'n nuwe benadering in pastorale sorg, plaas Rebel (1981:226-248) sekere vorms van pastorale benaderings soos uit die pastorale modelle afgelei, in perspektief. Allereers word 'n *antroposentriese* benadering in die pastorale sorg geëvalueer en daarna 'n uitsluitend *christosentriese* pastorale benadering.

- *Antroposentriese pastoraat.* In die Amerikaanse sielsorgbeweging bekleed die mens met sy moontlikhede (Hiltner) en sy relasies (Clinebell) 'n sentrale plek. Rebel (1981:227-233) beskou dit op sigself genome nog nie as 'n gevaarlike oorskatting van die mens nie. Ook beskou hy dit nie as in mededinging met die teosentriese aspek van die pastoraat nie. Aandag vir die antroposentriese vereenselwig die mens tog nie direk met die humanisme nie. Die kontroverse rondom die humanisme gaan trouens nie allereers om die erkenning al dan nie van die sentrale betekenis wat die mens in die totale werklikheid inneem nie,

maar wel om die gesag van Gods Woord en daarom die eer van God wat in die humanisme gedegradeer word ten gunste van die mondigheid van die mens. Daarom stem Rebel met Berkouwer (1957:6) saam wanneer laasgenoemde skryf: "... men kan vanuit de Schrift zeker deze centrale plaats niet loochenen en mág dat zelfs niet doen". Gevolglik pleit Rebel saam met Heitink (1979:13) vir "een pastorale theologie, die zowel de bijbels-theologische traditie als de mens van deze tijd in gelijke mate serieuus neemt". So 'n pastoraat word "voltrekt in een wisselwerking tussen 'de tekst van de bijbel' en 'de mens als tekst'" (Heitink 1979:22).

- *Christosentriese pastoraat.* Rebel (1981:234-248) neem stelling in teen 'n uitsluitend christosentriese pastorale sorg. In aansluiting by Van Ruler se klem op die unieke en onherhaalbare karakter van die werk van Christus in Sy Middelaarskap as plaasvervanging, kom Rebel tot die oortuiging dat 'n antropologie nie vanuit die Christologie opgebou kan word. Wie die mens is, kan nie uit Jesus ontdek word nie (sien ook Afdeling 2.3). Die beeld wat van Jesus in die Nuwe Testament gegee word, is nie 'n toonbeeld van menslikheid nie, maar oorheesend van versoenende betekenis. Christus het die mens nooit opgeroep om soos Hy te word nie. "We moeten niet Christus worden, noch als Christus, maar christenen of nog beter 'mensen Gods' door de Geest" (Rebel 1981:238). Daar word instemmend by Heitink (1979:169) aangesluit wanneer laasgenoemde skryf: "Doordat Hij de mensen gelijk geworden is, word de ongelijkheid tussen Hem en ons niet opgeheven."

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Rebel 'n antroposentriese benadering met sekere voorbehoude as onderbou vir die pastoraat erken, dog 'n uitsluitend christologiese benadering afwys. Dit lei tot sy postulasie van 'n nuwe pneumatologiese model vir sielsorg.

3.1.5.4 Pneumaties gespreksgenoot-gesentreerde pastoraat

Teenoor die psigoterapeuties klient- en verhoudingsgesentreerde sielsorg van Hiltner en sy medewerkers, met Tillich daaragter en die kerugmaties christosentriese sielsorg van Thurneysen

en medewerkers met weer Barth daaragter, poneer Rebel (1981:248-263) die "pneumatische pastorant-centraalstellende zielsorg" vanuit die teologiese denke van Van Ruler. Twee aspekte wat met die oog op die onderhawige navorsingsprojek in die pneumaties gespreksgeenoot-gesentreerde pastoraat uitgelig word, is die *outonomie van die mens voor God* en die *verhouding tussen psigoterapie en pastoraat*.

- *Outonomie van die mens voor God.* Met sy beskouinge oor 'n pneumatologiese pastoraat kom Rebel (1981:248-251) tot 'n nuwe konsep van die pastoraat. Deels staan dit teenoor, maar andersins vorm dit 'n brug tussen die kerugmatiese en psigoterapeutiese sielsorg. 'n Pneumatologiese pastoraat stel die gespreksgeenoot sentraal. Dit word egter nie ten koste van die teologiese en die kerugmatiese aspekte gedoen nie. Deur die werk van die Heilige Gees kry die mens ruimte. Die Gees maak die mens vry sodat hy weer God se gespreksgeenoot word met al die moontlikhede tot ontplooiing wat hy in die skepping geskenk is. Die Gees handel met inskakeling van die mens as mens. In 'n pneumatologiese antropologie het die mens mondigheid, selfstandigheid en reseptiewe outonomie waarop die Gees in sy handeling juis uit is.

'n Pneumatologiese mensvisie reik veel verder as 'n psigologiese antropologie. Die pneumatiese mens word in God se hand in 'n pneumatiese outonomie gehou. Hy weet, wil, handel en oordeel mee met God in sake van die heil, die ryk en die wêreld. Deur sy gebed neem hy deel aan die Goddelike wêreldregering. Daarom kan daar van 'n pneumatonome sinergie gepraat word. Die mens beleef as mens sy mondigheid teenoor God.

- *Verhouding tussen psigoterapie en pastoraat.* In die pneumaties gespreksgeenoot-gesentreerde pastoraat word onder meer die verhouding van pastorale sorg en psigoterapie in die lig van pneumatologie bespreek (Rebel 1981:252-261). Rebel (1981:253) spreek hom daarteen uit om ". . . achteraf psychotherapie christologies te annexeren en imperialiseren voor het pastoraat". Hy is dit met Heitink (1979:275) eens wanneer laasgenoemde 'n volstreekte skeiding van pastoraat en terapie afkeur, maar tog pleit vir 'n onderskeid en klem wil lê op die eie aard van elkeen. Volgens hom bring die

pneumatologiese perspektief 'n goeie verhouding tussen die twee tot stand en laat elkeen tot sy reg kom.

Vanuit Van Ruler se denke kom Rebel tot 'n teologies verantwoorde erkenning en waardering van die profane wetenskappe met hulle metodes en resultate. Hy meen dat die kerk nuwe dimensies moet vertoon deur die integrasie daarvan. So sluit hy aan by Berkhof (1973:50) waar laasgenoemde skryf: "Dat Christus dé waarheid is, betekeniet dat er buiten hem nergens waarheden te vinden zijn, wèl dat deze alle fragmentarisch en gebroken zijn, tenzij ze in hem hun integratiecentrum hebben gevonden." Wanneer die gespreksgenoot deur bemiddeling van die psigoterapie tot 'n dieper insig in homself gebring word, word daar in die kragveld van die Heilige Gees inbeweeg. In hierdie opsig kan die psigologie as 'n katalisator vir die teologie van die pastoraat dien.

Rebel (1981:251) konkludeer dat as psigoterapeutiese sorg reeds bevrydend werk en byvoorbeeld vir neuroties gefikseerde mense 'n nuwe weg kan aanwys, dan nog veel meer kan 'n pneumatologiese pastoraat die mens op weg bring na sy bestemming, naamlik vreugde oor sy eie bestaan voor Gods aangesig en na Sy wil.

3.1.5.5 Evaluatiewe opmerkings

Positiewe waardering vir die pneumatologiese model word met betrekking tot die volgende aspekte uitgespreek:

- *Outonomie van die mens.* 'n Pneumatologiese pastoraat stel die gespreksgenoot sentraal. Dit word egter nie ten koste van die teologiese en kerugmatiese aspekte gedoen nie (Rebel 1981:248). Die nuwe mens word vir die Heilige Gees die antropologiese aansprekings- en ook insprekingspunt. Te midde hiervan word die outonomie van die mens steeds gehandhaaf. In 'n pneumatologiese antropologie behou die mens sy mondigheid en selfstandigheid. Deur sy gebed neem hy deel aan die wêreldregering. Daarom word daar van 'n pneumatonomie sinergie gepraat (Rebel 1981:249).

- *Erkenning aan profane wetenskappe.* Rebel (1981:246) skryf dat die betekenis van die psigologie as katalisator vir die teologie nie onderskat moet word. Die verhouding tussen psigoterapie en pastoraat moet egter pneumatologies gesien word. Die psigoterapie soek die geestelike welsyn van die mens en die Heilige Gees het 'n aandeel daarin. Wanneer die psigoterapie die mens tot dieper insigte lei, vind dit deur die krag van die Heilige Gees plaas. As katalisator vir die teologie het die psigologie derhalwe 'n stimulerende werking op die teologie (Rebel 1981:260).
- *Funksie van die pneuma tot geloofsvolwassenheid.* Die ontwikkeling van menslike persoonlikheid word binne 'n pneumatologie meer as net 'n op-weg-wees na psigiese volwassenheid. Die Heilige Gees pas die heilswerk van Christus in die lewe van die mens toe en inisieer daardeur die proses van geloofsvolwassenheid (Louw 1993:201).

In Afdeling 3.2 word verdere aandag aan pneumatologiese implikasies vir die antropologie geskenk.

3.1.6 Konvergensiemodel

In 'n poging om 'n teologie vir die pastorale bediening te ontwerp, postuleer Daniël J Louw (1984, 1993, 1997) die konvergensiemodel. Daarin toon hy aan dat die eiesoortige karakter van die pastoraat teleologies deur 'n eskatologiese perspektief bepaal word. In die proses verwys hy na die *dilemma van die pastorale teologie*. Uitgaande van die *basiese beginsels van die God-mens-ontmoeting* bied hy aan die hand van 'n *pastoraat in eskatologiese perspektief* 'n moontlike uitweg uit die dilemma waarin die pastorale teologie verkeer. Dit loop uit op sy beskouing oor *promissioterapie as pastorale strategie*. Enkele *evaluatiewe opmerkings* word aan die einde van die bespreking gemaak.

3.1.6.1 Dilemma van die pastorale teologie

Die dilemma van die pastorale terapie wortel onder meer in die aard van sy operasionele terrein. Volgens Louw (1984:16-17) bestaan die terrein van pastorale terapie uit drie probleemvelde, naamlik 'n saakprobleem, 'n persoonsprobleem en 'n situasieprobleem. Die uiteenlopende aard en kompleksiteit van die pastorale terrein bring mee dat daar nie eenstemmigheid bestaan oor die *doel* van die pastoraat nie. Is die doel persoonlikheidsontploffing, potensiaalontginning, gevoelsanalise, bekering of geloofsvolwassenheid? Oor die *metode* van die pastoraat bestaan ook onsekerheid. Mag die pastoraat gebruik maak van die kennis van die empiriese wetenskappe, van gesprekstegnieke en psigoterapeutiese insigte of moet die pastoraat met die Skrif, die gebed en die sakramente volstaan?

In die lig van voorafgaande onsekerhede kom dit voor asof die pastorale teologie met sy eie identiteit sukkel. Voortdurend dreig die gevaar van twee uiterstes waartussen die pastoraat in die verlede dikwels gehuiwer het (Louw 1984:16). Aan die een kant is daar die gevaar van 'n teologiese reduksie met alle aksent op die kerugmatiese benadering en 'n verontpsigologisering van die pastoraat. Dit word dan 'n wesenlike moontlikheid dat die pastoraat sy relevansie vir die menslike bestaan verloor en van 'n doketisme beskuldig kan word. Aan die ander kant dreig die gevaar van 'n psigologiese reduksie van die pastoraat met alle aksent op die eduktiewe benadering. 'n Verdere probleem in die huidige dilemma van die pastoraat is die toenemende verdwyning van die rol wat waardes, asook die morele dimensie in die proses van geloofsvolwassenheid speel (Louw 1984:20).

3.1.6.2 Basiese beginsels van die God-mens-ontmoeting

In sy soeke na 'n uitweg vir die dilemma waarin die pastorale teologie verkeer, toon Louw (1984:21-26) aan dat vier basiese beginsels 'n inherente deel van die God-mens-ontmoeting in die pastorale gespreksituasie uitmaak. Dit is die *bipolêre spanning*, die *gebeure van verandering*, die *dialogiese ontmoeting* en die *relasionele groeiproses*.

- *Bipolêre spanning: die beginsel van wederkerigheid.* Teoloë maak van verskillende beskrywings gebruik om die verband tussen God en mens aan te dui: Barth praat van 'n *analogia fidei*, Berkhof van komplementariteit in oorsprong, Van Ruler van 'n teonome resiprositeit en Berkouwer van 'n geloofskorrelasie. Sonder twyfel is die beginsel van bipolariteit aanduidend van 'n bepaalde verband tussen God en mens. Die waarde van 'n bipolêre beginsel lê daarin dat die pastoraat rekening moet hou met sowel die Goddelike werklikheid as die menswerklikheid. Die probleem met 'n bipolariteitsbeginsel is die gevaar van komplementariteit waardeur die een pool in terme van die ander geïnterpreteer word. Louw (1984:23) meen dat die bipolêre beginsel wel van komplementariteit gevrywaar kan word deur die beginsel van die eskatologiese voorbehoud. Daardeur word die aspek van verbondenheid tussen God en mens behou, maar die wederkerigheidsgebeure as 'n daad van God gesien.
- *Gebeure van verandering: die beginsel van agogie.* Agogie in die pastoraat beskryf 'n beïnvloedingsgebeure waardeur verandering binne die geestelike funksies van die mens plaasvind. Hy word deur 'n proses van wedergeboorte en bekering onder leiding van die Heilige Gees tot geloofsvolwassenheid begelei. Agogie is dus die tot lewe bring van die mens deur God via die intermediêr van die pastorale optrede.
- *Dialogiese ontmoeting: die beginsel van kommunikasie en gesprek.* Die soekende God stig deur Sy Woord 'n unieke vorm van kommunikasie, naamlik verbondskommunikasie. Hy ontmoet die mens in sy nood en tree met hom in dialoog deur middel van die gesprek. Die gesprek wat deur die verbondskommunikasie gestig word, is 'n unieke gesprek. Dit gaan daarin om Gods trou. Dit is egter nie die persoon van die pastor of die struktuur van die gesprek wat in laaste instansie die terapeutiese effek bepaal nie. Die terapeutiese effek is 'n uitvloeiende van God se dialoog met die mens in Christus. In die lig van die eskatologiese heilswerklikheid roep die verbondskommunikasie die mens op tot geloof.
- *Relasionele groeiproses: die beginsel van gemeenskap en koinonia.* Die mens is geroep om binne die verhouding tot God, homself, die medemens, die kultuur en die natuur as beeld van God aan sy funksiebestemming te beantwoord. Die opstandingsdinamiek

ontketen deur die Heilige Gees 'n proses van groei en heiligmaking wat gerig is op geloofsvolwassenheid. Geloofsgroei benodig in die pastoraat 'n ekklesiologiese konteks. Die kerk is 'n teken van die koninkryk van God en laat die gelowige in die liturgie en sakramente iets ervaar van die eskatologiese werklikheid waarin hy deel. Relasie word dan verdiep tot egte gemeenskap met God en die medemens.

3.1.6.3 Pastoraat in eskatologiese perspektief

Die antwoord op die dilemma van die pastoraat waarna in Afdeling 3.1.6.1 verwys word, is nie in een van die tradisionele teenstrydighede geleë nie. 'n Pastorale teologie vind sy wese en inhoud nie in 'n suiwer kerugmatiese model van verkondigingsgebeure en Woord-aangeleentheid nie. Dit is ook nie te vind in 'n suiwer eksistensiële aangeleentheid wat op empiriese vlak tot selfaktualisering en -ontplooiing aanleiding gee nie. 'n Bipolariteit of korrelasiebeginsel waarin die onderskeid tussen God en mens telkens dreig om geminimaliseer te word, kan ewemin die teologiese dilemma van die pastoraat oorbrug. Louw (1984:27-28; 1993:46; 1997:88) meen dat die perspektief van God se koninkryksheerskappy 'n uitweg uit die dilemma van die pastorale teologie bied. Die bipolariteit van die God-mens-spanning moet perspektiwies verstaan word. Dit vind sy perspektiewiese fokuspunt in die eskatologiese perspektief van die komende Godsryk. Hy verduidelik dit verder aan die hand van die *eskatologiese voorbehoud* en die *implikasies van die eskatologiese perspektief*.

- *Eskatologiese voorbehoud*. Die eskatologiese voorbehoud voorkom enersyds dat die bipolariteit tussen God en die mens komplementêr gedink word. Andersyds voorkom dit dat die bipolariteit tussen God en mens so verabsoluteer word dat God en mens net in terme van relasie en kommunikasie verstaan word. Binne die eskatologiese perspektief word die *dialogiese model* met 'n *teleologiese model* aangevul. Dit beteken dat die God-mens-dialoog deur 'n spanning gedra word wat in terme van die belofte-invervulling-struktuur van hierdie dialoog, 'n teleologiese dinamiek besit (Louw 1984:27-28).

Die teleologiese aard van die God-mens-spanning besit 'n tweërlei dinamiek wat Louw (1984:28; 1997:89) as *sentrifugaal* en *sentripetaal* beskryf. Vanuit die Godpool moet die eskatologiese dinamiek *sentrifugaal* gesien word. Die dinamiek van die *eschaton* word deur die handeling van God self bepaal. Hy is in die God-mens-spanning soos 'n middelpuntvlietende krag waardeur die menslike bestemming bepaal word deurdat die geloof op die uiteindelijke bestemming van die mens, naamlik die lof van God, gerig word. Vanuit die menspool moet die eskatologiese dinamiek *sentripetaal* gesien word. Binne die God-mens-verhouding bly die mens 'n onrustige soeker. Teleologies gesproke is die mens middelpuntsoekend. Hy is op soek na die sin en bestemming van sy lewe.

Louw (1984:28-29) verduidelik pastoraat in eskatologiese perspektief verder: In die *geloof* is die mens aan die teosentriese sentrum, die koninkryk van God gebind. Die *hoop* rig die mens op hierdie teosentriese sentrum. Geloof is dus vir die pastoraat fundamenteel. Dit bind die mens aan God en Sy beloftes. Hoop as konsekwensie van die geloof rig die geloof vorentoe op die toekomstige dimensie van die *eschaton*.

- *Implikasies van die eskatologiese perspektief.* Die ontwerp van 'n eskatologiese perspektief vir die pastorale bediening hou vir die praktyk die volgende belangrike konstruktiewe implikasies in (Louw 1997:91-92): 'n Positiewe sinhorison word verskaf deurdat dit na die geheel van God se vervulde beloftes wat op die heil gerig is, verwys. Die gelowige word aan die trou van God, wat sekuriteit te midde van wisselvallighede bied, verbind. 'n Eskatologiese perspektief word in die pastorale bediening die normatiewe en kritiese faktor wat die pastoraat help om sy teologiese basisteorie te onderskei van bloot empiries ontwerpte teorieë. 'n Eiesoortige profiel word aan die pastorale optrede verskaf vanweë die feit dat die spesifieke medium waarmee die pastor werk, die geloof is.

Die praktiese toepassing van die eskatologiese perspektief in die pastoraat word in Afdeling 3.1.6.4 as promissiotherapie aan die orde gestel.

3.1.6.4 Promissioterapie as pastorale strategie

Louw (1997:518) beskou promissioterapie as 'n vakwetenskaplike term wat pastorale terapie as 'n unieke teologiese fenomeen van psigoterapie onderskei. Daardeur word die pastor gehelp om in sy terapeutiese betrokkenheid tussen die psigologiese en pastorale momente waarna in Afdeling 3.1.4.3 verwys word, te onderskei. Die doel van promissioterapie, soos deur Louw (1984:56-60; 1997:510-540) ontwikkel, is om die mens te rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Dit is die deurgee van die Christelike hoop wat ontspring by die beloftes en trou van God. As strategie vir die pastorale praktyk word die volgende momente uitgelig: die *aard van promissioterapie*, die *gebruik van promissioterapie* en die *uitwerking van promissioterapie*.

a. Aard van promissioterapie

'n Aantal stellings waarin Louw (1997:518-520) promissioterapie verduidelik, kan as volg saamgevat word:

- *Gekoppel aan God se beloftes.* Pastorale terapie in die gestalte van promissioterapie, is aan God se trou en beloftes gekoppel. Dit is die toespitsing van die heilsbeloftes via die pastorale ontmoeting op die pneumatiese mens se geloofsfunksies.
- *Geloofsgroei.* Promissioterapie, as die toespitsing van God se beloftes op die totale situasie van die mens, het geloofsgroei en -ontwikkeling as effek.
- *Antisipasie van die heilsbeloftes.* Die onmiddellike effek van promissioterapie is bekering en geloof. Die langtermyn effek van promissioterapie is die antisipasie van die heilsbeloftes via hoop. Op 'n antisiperende wyse kry die gelowige vooruitgrypend deel aan die volheid van die heil.
- *Toekomsdimensie.* Promissioterapie skep 'n toekomsdimensie vir die gelowige mens. Dit ontsluit 'n sinhorison waarbinne die gelowige elke dag oorwinnend kan leef vanuit die

opstandingshoop.

Promissioterapie as 'n gegronde verwagting word in die teologie nie bloot rondom lewenswaardes gebou nie, maar rondom die persoon van die opgestane Christus. Hierin verskil promissioterapie van logoterapie (Louw 1997:519).

b. Gebruike van promissioterapie

Promissioterapie kan met vrug in die volgende situasies aangewend word (Louw 1984:57):

- *Toekomsneurose.* Baie mense ervaar angs by die gedagte aan die toekoms. Die eskatologie van God se koninkryksheerskappy kan die geblokkeerde toekomsverwagting by gelowiges weer oopmaak.
- *Hoopatologie.* Hoopatologie ontstaan wanneer die gelowige die begeerte aan herstel die inhoud van sy geloof maak. Normatief is die hoop dan op genesing gerig. In so 'n geval is die hoop nie afhanklik van God se beloftetrou nie, maar van die eie obsessie om te lewe. So 'n hoop genereer optimisme wat maklik in teleurstelling oorslaan.
- *Hooputopie.* Dikwels is die hoop 'n onrealistiese verwagting dat dit in die toekoms beter sal gaan. Die toekoms word met valse beloftes as die oplossing van alle probleme geantisipeer terwyl verantwoordelikheid in die hede ontduik word.

c. Uitwerking van promissioterapie

Promissioterapie as pastorale strategie bewerkstellig die volgende (Louw 1984:57-60):

- Dit skep hoop by die pastor sodat hy 'n positiewe lewenstyl en uithouvermoë in die bediening behou.
- Die pastor ontwikkel 'n egte pastorale sensitiwiteit. Hy gee nie bloot gevoelens empaties deur nie, maar kommunikeer die ontferminge van God.

- Promissioterapie beskik nie oor 'n uitgewerkte skema met logiese antwoorde vir lyding en waaromvrae nie, maar daar word in die gebed saam na leiding gesoek.
- Promissioterapie werk met die volle verskeidenheid van verskillende tipes van Skrifgebruik in die pastoraat. Dit behels 'n saamsoek na daardie Skrifbeloftes wat inpas in die situasie van die lydende.
- Promissioterapie werk voorkomend en opbouend. Voordat byvoorbeeld 'n terminale siekbed mense oorval en die verwerkingspotensiaal tot die minimum beperk is, kan die pastoraat mense begelei tot sinduiding en lydingsverwerkliking.

Samevattend kan gesê word dat pastoraat in eskatologiese perspektief 'n nuwe wending bring in die aard en karakter van lewe. Dit laat die gelowige leef vanuit die opstandingsgeloof met die lewensperspektiewe van die opstandingshoop.

3.1.6.5 Evaluatiewe opmerkings

Met betrekking tot die konvergensiemodel soos deur Louw gepostuleer, val die volgende op:

- Die konvergensiemodel met sy eskatologiese perspektief lewer 'n wesenlike bydrae om die betekenis van die eskatologie vir die pastoraat uit te lig.
- Die konvergensiemodel rig 'n waarskuwing teen oorbeklemtoning van die psigologie en psigoterapie ten koste van die teologie.
- Geloofsvolwassenheid word geaksentueer. Daar word nie by die daad van sondevergifnis stilgestaan nie.
- 'n Geïntegreerde model word verskaf wat aanduidend is van verbondskommunikasie, paraklese, pneumatologie, promissioterapie, Skrifgebruik, gespreksprosedures, diagnostiese kriteria, gebed en geloof.
- Van besondere betekenis vir die onderhawige navorsingsprojek is Louw (1997:515) se opmerking dat mense se siening en persepsie van God, dit wil sê hulle Godskonsepte, in 'n pastorale perspektief deurslaggewend is.

Gedagtes voortvloeiend uit die konvergensiemodel word in Afdeling 4.2 baie relevant wanneer 'n praktykteorie vir die pastorale terapie aan die orde gestel word.

3.1.7 Narratiewe model

Die narratiewe model wat verband met die konstruktivistiese epistemologie hou, het sy wortels in die postmodernisme. Aangesien laasgenoemde paradigma teenswoordig besondere aandag geniet, word die narratiewe model uit die volgende perspektiewe kursories bespreek: *opkoms van die postmodernisme*, *rol van taal en dekonstruksie* en *die narratiewe benadering*. Enkele *evaluatiewe opmerkings* dien as afsluiting.

3.1.7.1 Opkoms van die postmodernisme

Du Toit (2000:14-23) praat van die premoderne of voorwetenskaplike tyd. Met hierdie begrippe beskryf hy die lewens- en wêreldbeskouing wat deur die Ou- en Nuwe-Testamentiese tye tot met die aanbreek van die moderne tyd aan die begin van die sestiende eeu geheers het. Gergen (1991:18) kategorieer die negentiende eeu as die bloeitydperk van die romantisisme. Hierdie perspektief lê klem op die onsienlike, selfs heilige kragte wat diep in die persoon setel en aan lewe en verhoudings hulle betekenis gee. Teen die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu, is die romantistiese perspektief deur die modernisme verdring. In hierdie meer praktiese beskouing is na die waarheid gesoek deur "systematic observation and rigorous reasoning" (Gergen 1991:29). Hierdeur het die wetenskaplike metode aan die orde gekom. Die standaardbeeld van die wetenskap wat deur Van Niekerk (1992:49) as *modern* getipeer word, berus op die objektiwiteit van wetenskaplike kennis aansprake en die rasionaliteit van die metode van kennisverwerwing. Becvar en Becvar (1996:87) verduidelik dat die mens in die moderne era geleer het om op die krag van die wetenskap en die kennis van objektiewe deskundiges te vertrou.

Dill en Kotzé (1997:6) wys op 'n groot kentering wat in die gedagtes van die wetenskaplike wêreld as gevolg van die ontwikkeling van Thomas Kuhn se teorie (sien Kuhn 1962) plaasgevind

het. Genoemde teorie dui daarop dat wetenskapsparadigmas 'n wesenlike invloed op wetenskapsbeoefening uitoefen. Kuhn voer aan dat daar deur die eeue heen invloedryke standaard-wetenskaplike werke ontstaan het. Dié werke het later so gesaghebbend geword dat dit die soort vrae wat toekomstige navorsers stel en die verklarings wat hulle bied, direk beïnvloed. Deur hierdie argument het die kriteria van die sogenaamde standaard-wetenskapsbeskouing onder verdenking gekom. Barbour (1990:35-36) som die situasie van die wetenskapsbeoefening in die volgende woorde op: "In sum science does not lead to certainty. Its conclusions are always incomplete, tentative and subject to revision. . . But science does offer reliable procedures for testing and evaluating theories by a complex set of criteria."

In die resente era, waarna as die postmodernisme verwys word en wat volgens Janse van Rensburg (2000:6) in die 1960s begin het, word geloof in die moontlikheid van objektiewe kennis en absolute waarheid aan baie fronte ondermyn. Die sogenaamde moderne wetenskapsmetodes kom al meer onder verdenking. Die relatiwiteit van kennisaansprake word progressief deur bekende wetenskaplikes uitgewys. Daar word toenemend aanvaar dat verskeie standpunte ewe geldig in verskillende situasies kan wees, 'n beskouing wat as *pluralisme* bekend staan. Postmoderniteit kan, volgens Dill (1996:7), gesien word as 'n groot versameling van pogings om verskeie modernistiese dualismes te deurbreek. Hy beskou die term postmodern egter nie as die teenpool van modern nie, maar as 'n korrekatief, 'n aanvulling en 'n verruiming van die moderne (Dill 1996:2).

Ter illustrasie van die toenemende probleme wat die sogenaamde standaard-wetenskapsbeoefening ondervind, verwys Dill en Kotzé (1997:7-13) na verskeie epistemologiese breuke met die verlede by die toegepaste natuurwetenskappe. Op die gebied van die sosiale en geesteswetenskappe word objektiewe kennis ook bevraagteken en verwys Dill en Kotzé (1997:13-16) na epistemologiese dilemmas. So skryf Botha (1977:143) byvoorbeeld: "Die werk van T S Kuhn het benewens die indirekte invloed daarvan op die afbraak van die positivistiese standaard-opvatting van die wetenskap in die sosiale wetenskappe in die algemeen, ook deurgewerk in 'n verskeidenheid van spesifieke sosiale wetenskappe." Mouton (1993:73) sluit by Botha aan en wys daarop dat Kuhn se paradigmateorie die probleme tussen teorie en feite asook dié van waardevryheid aanspreek. Hoffman (1992:9) maak die volgende stelling: "The

social constructionists not only challenge the idea of singular truth, but doubt that there is such a thing as objective social research as well." Op geestelike gebied het daar ook gedurende die afgelope dekades verskeie vrae ontstaan oor die logiese positivisme as kennismodel (Dill & Kotzé 1997:15).

Teenoor die moderniste se wetenskapsmetodes wat objektiviteit, redelikheid en sekerheid beklemtoon, stel Brueggemann (1993:9-10) 'n alternatiewe wetenskapsmetode voor. Hy postuleer dat kennis kontekstueel te vind is, dat kennis 'n lokale invloed uitoefen en dat kennis op 'n pluralistiese wyse betekenis moet kry. Heitink (1998:142) vat die situasie bondig saam: "Juist in een post-moderne kultuur ontstaat meer ruimte voor het articuleren van de eigen levensovertuiging, omdat deze principieel ruimte laat voor de ander om tot haar of zijn eigen vertolking hiervan te komen." Becvar en Becvar (1996:87) konkludeer dat in die plek van objektiviteit en sekerheid wat as die wetenskapsideaal van die modernisme voorgehou is, nou die gedagte gevind word dat die realiteit onvermydelik subjektief is en dat die mens inderwaarheid in 'n multiversum woon wat deur die daad van observasie gekonstrueer word. Feite word deur perspektiewe verplaas en met hierdie verskuiwing word 'n uitdaging aan die krag en privilegie wat vantevore aan die besitters van "kennis" toegeken is, gerig.

3.1.7.2 Rol van taal en dekonstruksie

Die verskuiwing van 'n geloof in feite na 'n bewuswording van perspektiewe fokus in die postmoderne era die aandag op die rol van taal en diskoers. Gergen (1994:30-31) wys op die belangrike paradigmatverskuiwing wat daar rondom taal ontstaan het. Vir die postmodernis word taal verstaan as die middel waardeur individue so ver kom om hulle wêreld te ken en in die kenproses tegelykertyd die wêreld te konstrueer. Gergen skryf (1985:267): "The terms in which the world is understood are social artifacts, products of historically situated interchanges among people. From the constructionist position the process of understanding is not automatically driven by the forces of nature, but is the result of an active, cooperative enterprise of persons in relationship." Die postmodernis moet dus daarvan kennis neem dat die self nie 'n geïsoleerde, outonome wese is nie, maar eerder in verhoudings geskep word.

Dill en Kotzé (1997:20) verduidelik dat daar in die geskiedenis van taal en hermeneutiek twee fases onderskei kan word: Eerstens is daar 'n primêre klem op die oorspronklike teks en die outeur. Die doel is om die eksakte bedoeling en oorspronklike betekenis van tekste te ontdek. Tweedens kom die klem op sowel die onmiddellike teks voor hande as op die leser van die teks. 'n Groter verwysende potensiaal van die teks kom dus ter sprake. Veral belangrik is dat 'n groter kontekstuele en kultuur-sosiale beklemtoning by die hermeneutiese proses in ag geneem moet word. Gergen (1991:106-108) wys op die relatiewe betekenis van woorde en begrippe tot die taalsisteem waarin dit funksioneer. Volgens Dill en Kotzé (1997:21) is woorde se betekenis nooit finaal nie. Vanuit hierdie insigte word die belangrike konsep *dekonstruksie* ontwikkel.

Dekonstruksie word deur Dill (1996:83-86) as 'n sleutelbegrip in die narratiewe paradigma beskryf. Daarvolgens moet betekenis nie agter of binne 'n teks gesoek word nie. Tradisionele konsepte moet eerder getransformeer en vervang word terwyl hulle voorveronderstellings krities bevraagteken word. Alle konsepte is derhalwe wesenlik onbeslis. Geen teks se betekenis word deur iets of iemand gewaarborg nie, maar kan te alle tye gedekonstrueer word. Olivier (1993:252) skryf in hierdie verband: "... no text is in itself 'smooth', univocal and fixed in its meaning." Ware betekenis hou dus nie verband met enige bedoelde betekenis nie, maar eerder met 'n netwerk van onbesliste prosesse van betekenis-aanduiders. In hierdie verband sou die leser ook as een van die betekenis-aanduiders gesien kan word. Deur dekonstruksie kan daar op kreatiewe wyse na die mens, sy kennis en sy lewensomstandighede gekyk word. Die kritiese instelling van die benadering kan ook rigiede modernistiese denkpatrone en gedrag deurbreek en verruimde verstaan- en lewensomstandighede skep. Langs hierdie weg bied dekonstruksie dus die geleentheid om nuut na versteekte betekenis van tekste te kyk en nuwe betekenis moontlik te maak. Hierdeur word die weg geopen vir die pastoraal-terapeutiese aanwending van die narratief.

3.1.7.3 Narratiewe benadering

Marais (1993:638) voer aan dat die mens sy ervarings kombineer en interpreteer deur 'n narratief saam te stel uit dit wat hy ervaar het. Dill (1996:94) wys daarop dat mense betekenis aan hulle

lewens gee deur die stories wat hulle oor hulle lewens konstrueer. Kotzé en Kotzé (1993:364) verduidelik: "Eensyds konstrueer mense lewenstories gebaseer op hulle ervaring van die lewe, terwyl hierdie stories andersyds weer die lewe van mense vorm." As stories dan bespreek en ondersoek word, is groter selfbegrip en kennis moontlik en kan dit aanleiding gee tot nuwe, konstruktiewe lewensdiskoerse. Die teologiese implikasies van sodanige benadering is, volgens Dill (1996:94-95), dat dit die gelowige veronderstelling is dat God se verhaal die konteks is waarbinne terapie plaasvind. Volgens Janse van Rensburg (2000:9) is die kern-idee van postmoderniteit dat waarheid as 'n objektiewe realiteit nie bestaan nie. Volgens hierdie epistemologie is realiteit saamgestel uit 'n veelheid narratiewe wat as oop-einde refleksies op die realiteit beskou moet word.

Daar word van verskeie narratiewe strategieë gebruik gemaak. Die volgende kan onder meer genoem word: Die geneagram (sien Kerr & Bowen 1988:221-255; McGoldrick & Gerson 1995:1-38; Müller 1996:97-217), bibliodrama (sien Heitink 1998:169-170), eksternalisering (sien White & Epston 1990:38-76), ritueel (sien Mitchell 1989:68-77; Müller 1993:1-13), refleksiewe ondervraging (sien Tom 1987:167-183), "reframing" (sien Becvar & Becvar 1996:100-101; Capps 1990:165), die reflekerende span (sien Becvar & Becvar 1996:273-275) en skryfwerk (sien White & Epston 1990:34-37). Weens gebrek aan ruimte word genoemde strategieë nie verder bespreek nie.

In die Verenigde State van Amerika word die naam van Gerkin (1984, 1986) onder meer aan die narratiewe benadering verbind. Verder word Capps (1990) genoem. In Wes-Europa maak die narratiewe benadering, volgens Heitink (1998:82), sy intrede vanaf ongeveer 1985. Hier geniet die naam van Veltkamp (1988) onder meer die aandag. In Suid-Afrika word die narratiewe benadering onder meer met Kotzé (sien Kotzé & Kotzé 1993; Kotzé & Botha 1994; Dill & Kotzé 1997), Müller (1996) en Dill (1996) in verband gebring.

In die narratiewe model, verduidelik Heitink (1998:80), word die pastoraat geskets in terme van 'n verhaal. Dit is die lewensverhaal van die mens en die verbindings wat hierin lê met die Verhaal van God met die mense. Die geloofsperspektief hoef nie van buite af ingebring te word nie, want dit is terug te vind in die lewensverhaal van die mens self, in die wyse waarop hy in die loop van

sy lewe deur religie of 'n bepaalde geloofstradisie of lewensbeskouing in positiewe of negatiewe sin beïnvloed is. In die pastorale gesprek word hierdie elemente geaktiveer. 'n Mens is immers voortdurend besig om sy eie lewensverhaal te herinterpreteer in die lig van nuwe ervarings. Die pastorale gesprek sluit hierby aan. Om mense te help om tot verhaal te kom (sien Müller 1996), is dus die kern van die pastoraat. Die pastoraat word deur Veltkamp (1988:186) beskryf as 'n kragveld waarin drie soorte verhale op mekaar inwerk, naamlik die verhaal van die gespreksgenoot, die van die geloofstradisie en die van die pastor self. Verder werp die narratiewe benadering lig op prosesse van oordrag van tradisie en godsdienstige opvoeding (Heitink 1998:104).

In die narratiewe model word daar na verbande tussen die gespreksgenoot se storie en die Storie van God gesoek. Die vermelding van die Godsnaam of verwante temas in die stories, byvoorbeeld God se wil, Sy straf of Sy genade, kan aanduidend wees van die gespreksgenoot se binding aan en afhanklikheid van God. Louw (1997:389-390) onderskei ses tipes stories wat insiggewend kan wees in verband met die vermelding van die Godsnaam, naamlik komiese, tragiese, romantiese, ironiese, dramatiese en terapeutiese stories. Voorts wys Louw (1997:449) op die rol van effektiewe Skrifbenutting in die narratiewe model. In sommige situasies is dit nodig om Bybelverhale te vertel sodat die gespreksgenoot bewus kan word van God se konkrete, aktiewe teenwoordigheid. 'n Ander nuttige aanwending van die narratiewe metode van Skrifgebruik is in die pastorale bediening aan kinders. Heitink (1998:104) meld ook voorbeelde waarin die metode kan deurwerk in gesinsterapie.

3.1.7.4 Evaluatiewe opmerkings

Kritiese opmerkings oor die narratiewe model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

Positiewe elemente. Die volgende positiewe waardering vir elemente in die narratiewe model word gemeld:

- Strategieë soos die narratief en dekonstruksie wat in postmoderniteit gebruik word, kan wel met vrag aangewend word mits hulle nie in 'n postmoderne epistemologie geplaas word nie. Epistemologies is dit moontlik omdat 'n strategie soos die narratief nie eksklusief tot die postmoderniteit behoort nie (Janse van Rensburg 2000:37).
- Heitink (1993:243-244) meen dat die postmodernisme wat teenoor die optimistiese verligtingsdenke krities staan, maar nietemin trou bly aan die rasionaliteit, geen afskeid beteken nie, maar eerder 'n radikalisering van die moderne denke. Janse van Rensburg (2000:37) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die Bybel narratiewe en dekonstruksie gebruik het lank voordat postmoderniteit die waarde daarvan beklemtoon het.
- Met aanwending van die dekonstruksieteorie kan modernistiese dualismes moontlik oorkom word. Deurdat verskeie nuwe horisonne vir die verstaan van "tekste" gebied word, en nie net die "regte" oplossing gesoek hoef te word nie, word die verstaansproses verruim (Dill 1996:96). Sodoende kan uitkomst vir dilemmas moontlik gebied word.

Negatiewe elemente. Elemente in die narratiewe model wat as negatief uitgelig word, is die volgende:

- In die kulturele klimaat van die postmodernisme, meen Heitink (1998:156), het spreke oor God radikaal problematies geword.
- 'n Postmodernistiese epistemologie hou ernstige implikasies vir die debat met betrekking tot etiese gedrag in. Becvar en Becvar (1996:88) voer aan dat as ons konsekwent moet wees met die fundamentele aannames van die postmoderne wêreldbeskouing, moet dit verstaan word dat kliënte ewe geldige perspektiewe het en ons daarvan bewus moet word dat daar nie 'n "transcendent criterion of the correct" (Gergen 1991:111) bestaan nie.

Dit sal bemerk word dat kritiek nie soseer teen die narratiewe benadering as sulks gerig word nie, maar wel teen die postmodernistiese paradigma. Daar word gevolglik by Janse van Rensburg

(2000:36-37) aangesluit wanneer hy aantoon dat daar onderskei moet word tussen die postmoderne kritiek en 'n postmoderne paradigma. Hy beskou die postmoderne kritiek in die meeste gevalle as geldig. So is byvoorbeeld die absolute eis dat die rede superieur oor alles is en die veronderstelde onfeilbaarheid van wetenskaplike bewyse, onaanvaarbaar. In hierdie verband skryf Du Toit (2000:115): "Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is: Ons ken voorlopig en ons ken ten dele . . ." Aan die ander kant rig Janse van Rensburg (2000:37) sy kritiek direk teen die postmoderne paradigma en epistemologie wanneer hy skryf: "We can agree that our foundationalist approach led us to make absolute statements about everything. That was wrong. But to make an epistemological statement that *there is no absolute truth* and no place for grand narratives would be impossible to uphold if we also want to remain biblically based Christians and theologians."

In die pastorale modelle word telkens na die werk van die Heilige Gees verwys. Die implikasies wat dit vir die antropologie en die pastoraat inhou, word in Afdeling 3.2 verder bespreek.

3.2 PNEUMATOLOGIESE IMPLIKASIES VIR ANTROPOLOGIE EN TERAPIE

Met die bespreking van pneumatologiese implikasies vir die antropologie in hierdie afdeling word nie enige prioriteit in die Persone van die drieënige God geïmpliseer nie. Daar word aangesluit by Van Pelt (1999:191) se trinitariese perspektief van God as Skepper, God as Verlosser en God as Vernuwer.

Hoewel die Persoon en werk van die Heilige Gees in die Ou Testament meer op die agtergrond bly, is die Gees duidelik ook daar aanwesig (Gn 1:2; Ps 139:7; Esg 37:1-14). In die Ou Testament word oor die Heilige Gees in terme gespreek wat 'n mens soms meer aan 'n Krag as aan 'n Persoon laat dink (Van Pelt 1999:213). Na die aspek van God as 'n geweldige krag word weer verwys wanneer die resultate van die empiriese ondersoek in Hoofstuk 7 geëvalueer word.

In die Nuwe Testament word 'n besondere verhouding tussen Christus en die Heilige Gees geteken. Christus het die Gees op 'n unieke wyse ontvang. Die Messiaanse Seun word met die

Gees gesalf. Met die Gees wat as Trooster van Christus kom, word veral die werk van die Gees in die dissipels en die gelowiges beklemtoon. Christus as die Sender van die Gees laat die gelowiges deur middel van die werk van die Gees deel in die heil wat Hy verwerf het (Van Pelt 1999:213-214). Louw (1993:201) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat die Heilige Gees die heilswerk van Christus in die lewe van die mens toepas en daardeur die proses van geloofsvolwassenheid inisieer.

Tussen God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees bestaan daar so 'n intieme verhouding dat laasgenoemde ook die Gees van God en die Gees van Jesus Christus genoem word (Rm 8:9; Flp 1:19). Jesus praat in Johannes 14:16 van die Gees as 'n "ander Voorspraak" (Παράκλητος). Letterlik kan dit ook vertaal word met advokaat of trooster (Strong 1984:55). Die Heilige Gees word ook beskryf as "die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het" (Ef 1:14). Heyns (1988:299-301) voer aan dat geen enkele historiese heilsfeit genoem kan word waaraan die Heilige Gees nie Sy aandeel gehad het nie. In hierdie verband vestig hy die aandag op die uitverkiesing, die verbond, die vleeswording van die Woord, Skrifwording van die Woord en die kerk. Heyns (1992:144) vat dit as volg saam: "Kortom: die sleutel wat al die waarhede in die prediking oopsluit, is die werking van die Heilige Gees."

Thurneyen (1963:186) beklemtoon dat die mens geen aanknopingspunt bied vir die ware ag gee op Woordverkondiging nie, maar dat die mens ten diepste aangewys is op die Heilige Gees wat lewend maak. Volgens Adams (1973:20) is pastorale beraad die werk van die Heilige Gees. Hy meen dat effektiewe berading nie sonder die hulp van die Heilige Gees gedoen kan word nie. Heitink (1979:129) skryf dat sy verbreding van die antropologie vir 'n nuwe oriëntasie op die werk van die Heilige Gees vra. Die mens word deur die Gees vernuwe en vanuit sy herskepping ingeskakel. Rebel (1981:217-219) is van mening dat Hiltner in gebreke bly om die rol van die Heilige Gees aan te toon in sy dinamiese teologie waarin hy daarop wys dat die Skrifwaarheid deur ander bronne aangevul kan word (sien Hiltner 1959:14). Met sy beskouinge oor 'n pneumatologiese pastoraat kom Rebel (1981:248-251) tot 'n nuwe konsep van die pastoraat. Die Gees maak die mens vry sodat hy God se gespreksgenoot word. Deur sy gebed neem die mens deel aan die wêreldregering sodat daar van 'n pneumatonome sinergie gepraat kan word.

In Afdeling 2.4.3 is na die mens as 'n verhoudingswese verwys. Daar is in die besonder op sy verhouding met God klem gelê. Die verbondsbegrip omskryf hierdie verhouding nader en vul dit met inhoud (Afdeling 2.4.2). Hiermee word die antropologie en die pastoraat as die Godmensverhouding binne die verbondsrelasie geplaas. In die lig hiervan word die verbond as 'n gepaste vertrekpunt vir die pastorale gesprek beskou. Vir die pastoraat hou dit onder meer die pneumatologiese implikasies in dat die Heilige Gees 'n belangrike rol vervul in die *vestiging*, *instandhouding* en *herstel* van die verbondsrelasie.

- *Vestiging van die verbondsrelasie.* In bo-historiese sin verwys Heyns (1988:205-206) na die Raad van Verlossing (*pactum salutis*) waarin God Drieënig in ewigheid alreeds oor die heil van die mens besluit het. Die Heilige Gees onderneem om die lang weg vir die Middelaar voor te berei en om uiteindelik self in die uitverkorenes te woon en die verworwe geregtigheid van Jesus Christus aan hulle mee te deel. Deurdadig Jesus die verbondseise vervul het en die gemeenskap tussen God en die mens herstel het, het die ewige verbond van genade 'n historiese werklikheid geword. Deur die wederbarende werking van die Heilige Gees word hierdie historiese werklikheid 'n persoonlike werklikheid in die lewe van elke uitverkorene (Heyns 1988:215). Janse van Rensburg (1996:162) stel dit dat die Gees die verbond in die koninkryk van God konkretiseer. Volgens Van Pelt (1999:214) bring die Heilige Gees as gawe van die *eschaton* die eskatologiese heil in die hart van die gelowige. Die Heilige Gees vestig dus in die hart van die gelowige die geloof dat daar ewige heil beskikbaar is op grond van die soenverdienste van Jesus Christus.
- *Instandhouding van die verbondsrelasie.* Die Heilige Gees is arbeidsaam in die voortsetting van die skepping. Van Pelt (1999:212) dui aan dat mens en kosmos sonder die lewegewende werking van die Gees sal vergaan. Hy meen dat die mens los van die Gees van God niks anders as stof is nie. Heyns (1988:297) skryf: ". . . Hy [die Heilige Gees] is permanent aanwesig - werkend aanwesig - in die skepping". Die krag van die Heilige Gees hou die wêreld van oomblik tot oomblik in stand. Alles sal in die niet terugval as die Gees Hom vir 'n enkele oomblik daarvan sou onttrek. Die instandhouding deur die Gees is egter nie net 'n blote bewaring van die bestaande nie, maar 'n proses van

voortdurende verandering en ontwikkeling gerig op die einddoel. In hierdie verband skryf Heyns (1988:297): "... in die Heilige Gees gaan Hy [God] voort om sy doel daarmee [die wêreld] te verwesenlik". Die Gees gaan ook met die verseëling en bekragtiging van Gods verkiesing in die lewens van mense voort. Hy skenk geloofsekerheid aan mense en laat hulle in die geloof volhard (Heyns 1988:299). Nieteenstaande die destruktiewe werking van die sonde hou God steeds Sy verbond in stand en gaan die positiewe God-mensrelasie nie in die hart van die uitverkorene verlore nie.

- *Herstel van die verbondsrelasie.* Direk na die sondeval van Adam het dit geblyk dat God nie van plan was om die mens in sy ongehoorsaamheid te laat nie. Hy stuit die mens in sy vlug weg van God af. Dit loop vervolgens uit op die moederbelofte van Genesis 3:15 en die soenverdienste van die Middelaar. Hiermee word die verbondsrelasie tussen God en die uitverkorene in beginsel herstel. Die herskepping van die mens in die daad van die wedergeboorte is die besondere arbeid van die Heilige Gees. Louw (1997:208) verduidelik dit so: "Dié stelling kan gemaak word: *dit is 'n pneumatologie wat die Christologie binne die daaglikse eksistensiële oriëntering en sosiale konteks van die mens konkretiseer.*" Die Heilige Gees verrig werk wat vir die ewige lewe van die grootste betekenis is en dus saligmakend van aard is. Dié werk doen Hy in aansluiting by en as toepassing van die Middelaarswerk wat Jesus Christus alreeds volbring het (Heyns 1988:297-298). Van Pelt (1999:214) skryf: "... is Christus ook Zender van de Geest en doet de gelovigen door middel van het werk van de Geest delen in het heil dat Hij verworven heeft". Deur die wedergeboorte, geloof en bekering kry die mens deel in die heil van Christus. Die God-mensverhouding wat deur die sonde versteur is (Afdeling 2.5), word hierdeur op die weg van herstel geplaas. Soos die gelowige groei in geloofsvolwassenheid en heiligmaking, word die verbondsrelasie al meer kongruent aan die oorspronklike doel daarvan.

In sommige kringe word dit egter betreur dat die Heilige Gees dikwels 'n randverskynsel in die kerk is. Cornelissen (1979:29) skryf byvoorbeeld: "In het gunstigste geval 'funcioneert' de Geest alleen aan de rand van kerk en pastoraat, terwijl in het centrum, traditie, wet en leergezag normbepalend zijn." Louw (1984:51) spreek die oortuiging uit dat die pastor se eie

geloofwaardigheid afhang van die vraag of sy pastorale identiteit in persoonlike vermoëns of in die charisma van die Gees setel. Wanneer Van Dam (1977:180) van charismatiese sielsorg praat, bedoel hy 'n geloofsvertroue dat die Heilige Gees in elke gesprek met Sy gawes aanwesig is. Hy skryf: "*Pneumatherapie* stelt de Heilige Geest present in de geest van de mens, waardoor het Godsryk kan doorbroken in de konfident, in alle aspekten van zijn leven en zijn relaties, en zo de nuwe schepping, openbaar kan worden." Rebel (1981:112) pleit vir 'n pneumatologiese pastoraat waarin geleer word dat die Heilige Gees nie alleen vernuwe nie, maar dat die mens onder Sy leiding sigself ontdek, as mens inskakel, ontplooi en tot sy bestemming as mens van God gebring word.

Met inagneming van voorgemelde agtergrond word die pneumatologiese implikasies vir die antropologie bespreek met spesiale verwysing na *pneumatologie en pastorale strategie* en *praktykteoretiese konsekwensies*.

3.2.1 Pneumatologie en pastorale strategie

Binne 'n fenomenologiese model in die pastoraat is menslike potensiaal suiwer psigofisies van aard. Binne 'n pneumatologiese model is menslike potensiaal charismaties van aard. Laasgenoemde impliseer dat die psigofisiese en sosiale potensiaal binne die vlak van die mens deur die Heilige Gees getransformeer word om 'n nuwe gerigtheid en toepassingskonteks te ontvang. Persoonlikheidseienskappe word nuut gerig. Hierdie proses van transformasie bring mee dat die Heilige Gees nuwe moontlikhede in die mens vrystel.

In onderskeiding van 'n fenomenologiese model besit 'n pneumatologiese model in die pastoraat, volgens Louw (1997:213-215), 'n aantal belangrike kenmerke wat as volg saamgevat word:

- *Die beïnvloedingsfaktor.* Die psigologie is deur middel van kommunikasietegnieke van die gesprekvoerder se vermoë, die kwaliteit van die kommunikasiestyle en die hoorder se insig afhanklik. In die pneumatologiese gerigte pastoraat gebeur daar egter iets dieper. Die Heilige Gees kan met behulp van die Skrif (Heb 4:12) 'n mens se wese beoordeel, 'n insig

skep, 'n radikale verandering teweegbring en 'n nuwe bestemmingsfunksie vir die menslike bestaan ontwerp. Louw (1997:208) stel dit so: "*Mense word waarlik mens en kom tot 'n nuwe aanvaarding en die ontdekking van hul identiteit deur die werk van die Heilige Gees.*" Die waarborgfaktor vir die egtheid van hierdie veranderings is nie afhanklik van menslike potensiaal nie, maar van die nuwe mens se beseëling deur die Heilige Gees (Ef 1:13-14).

- *Nuwe dinamiese gerigtheid.* Die Heilige Gees skep 'n nuwe gerigtheid in die dinamiek van die menslike bestaan. Die tendens van 'n na-binne-gerigte selfhandhawing word na 'n nabuite-gerigte selfverloëning getransformeer. Dit beteken dat in die geloofsvolwasse mens op die saak van die heil gefokus word. Antropologie kry hierdeur die dimensie van selftransending in die hoop. Die pneumatologie skep dus 'n teleïtiewe dimensie in die menslike bestaan. Die mens is op grond van God se beloftewoord toekomsgerig.
- *Geloofsvolwassenheid.* Die ontwikkeling van menslike persoonlikheid is binne 'n pneumatologiese perspektief meer as net 'n op-weg-wees na psigiese volwassenheid. Die Heilige Gees pas die heilswerk van Christus in die lewe van die mens toe en inisieer daardeur die proses van geloofsvolwassenheid.
- *Nuwe lewenspatroon.* Die teleïtiewe lewensoriëntasie wat as 'n nuwe bestaansgerigtheid beskryf word, realiseer in 'n radikaal nuwe lewenspatroon en gedragsverandering. Dit is in ooreenstemming met Galasiërs 5:25 wat lui: "Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."
- *Nuwe moraal.* Met behulp van die gawes ontdek die gelowige 'n nuwe moraal. Dit is die moraal van diens binne die gemeente as die liggaam van Christus. As sulks begin die gelowiges om mekaar pastoraal te versorg.
- *Eiesoortige gespreksontmoeting.* 'n Eiesoortige gespreksontmoeting word bewerkstellig waarin die komponente van gevoel, rede en wil by die groeiproses na geloofsvolwassenheid ingeskakel word. In Afdeling 3.2.2 word hieraan aandag geskenk

wanneer praktykteoretiese konsekwensies van die pneumatologie aan die orde gestel word.

- *Besondere identiteit vir die pastor.* Binne die pneumatologiese perspektief verkry die pastor 'n besondere identiteit deurdat hy nie slegs van kommunikasievaardighede en gesprekstegnieke afhanklik is nie. In die liefde van Christus met sy onvoorwaardelike genadekarakter verkry die pastorale bediening nou 'n priesterlike karakter. Die pastor kommunikeer Christus se medelye met die mens.
- *Pastoraat beoog heilsterapie.* Pastoraat word meer as psigoterapie binne 'n Christelike konteks. Dit het heilsterapie as doelwit. Die herstel tot die nuwe mens setel nie volledig in menslike potensiaal wat wag om geaktualiseer te word nie, maar buite die mens in Christus se heilswerk wat herskeppend, vernuwend en transformerend inwerk op vlakke van menslike eksistensie. Die middel waardeur hierdie heilsterapie gerealiseer word, is onder meer die pastorale gesprek. Wanneer 'n gespreksmodel vir pastorale terapie in Afdeling 4.2.4 bespreek word, word hierdie onderwerp verder toegelig.
- *Korporatiewe aangeleentheid.* Die proses van geloofsvolwassenheid is 'n korporatiewe aangeleentheid. Dit raak die opbou van die gemeente as die liggaam van Christus. Daarom werk die pastor binne die pneumatologiese perspektief nie slegs individu-gerig nie, maar ook groeps- en gemeentegerig. Die opbou van die gemeente word die konteks waarbinne die genadegawes funksioneer.

Uit die voorafgaande word tot die gevolgtrekking gekom dat 'n pneumatologie nuwe perspektiewe op die spiritualiteitsdimensie van die mens open. Binne 'n pneumatologiese perspektief word spiritualiteit die inoefening van geloof binne lewensverhoudings en sosiale kontekste onder die leiding van die Heilige Gees. 'n Pneumatologie definieer dus die nuwe mens as 'n individu wie se genadegawes as kernpotensiaal dien vir die ontplooiing van sy lewe. In hierdie verband beklemtoon Heitink (1998:124) dat die vernuwing van die mens in die kader van die pneumatologie nooit ten koste van die wesenlike van menswees geskied nie. Dit vind juis sy sentrum in die herstel van die mens in sy vryheid en verantwoordelikheid.

3.2.2 Praktikteoretiese konsekwensies van die pneumatologie

Volgens Louw (1997:295-299) het die pneumatologiese perspektief drie belangrike praktikteoretiese konsekwensies vir 'n pastorale strategie, naamlik 'n *geïntegreerde pastorale antropologie vir die bediening*, die *pastorale gesprek as 'n trialoog* en die *verhouding tussen pastoraat en psigologie*.

- *Geïntegreerde pastorale antropologie vir die bediening.* 'n Pneumatologiese perspektief integreer die psigologiese menslike gegewens tot 'n eenheid met as fokuspunt die normatiewe en sedelike komponente van menswees. Die basiese komponente van die menslike persoon, naamlik die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en liggaamlikheid word vanweë die pneumatologiese perspektief met die normatiewe en koinoniale komponente aangevul.
- *Pastorale gesprek as 'n trialoog.* Die pneumatologiese perspektief het die konsekwensie dat die pastorale gesprek wesenlik 'n trialoog is. Hoewel kommunikasie en empatiese bystand van wesenlike belang is, is die werklike identiteit van die pastorale gesprek af te lei van die feit dat God as gespreksgenoot sprekend teenwoordig is. Die proprium van die pastorale ontmoeting moet dus, volgens Klein Kranenburg (1988:36-38), in sy trialogiese karakter gesoek word. Die derde faktor in die pastorale gesprek is dus die sprekende God via die Skrif in welke geval die pastor 'n vertolkingsfunksie vervul.
- *Verhouding tussen pastoraat en psigologie.* Die pneumatologiese perspektief formuleer die verhouding tussen die antropologie van die pastoraat en die antropologie van die psigologie as 'n perspektiewese verskil. Die pastoraat benader die mens openbaringsmatig vanuit 'n skeppings- en herskeppingsperspektief. Die psigologie beskou die mens fenomenologies vanuit 'n persoons- en gedragsmatige perspektief. Dit beoog selfrealisering en kongruensie van die persoonlikheid. Pastoraat stel as doelwit geloofsrealisering. Die pastoraat benader die mens vanuit 'n eskatologiese perspektief en werk met die transendente dimensie van sinvelde. Die psigologie benader die mens vanuit 'n intra- en interpsigiese perspektief en werk met die empiriese dimensie van

kommunikasie en gedragspatrone. Sowel die pastoraat as die psigologie werk elkeen vanuit sy perspektief met die volledige mens in alle konkrete situasies. Daarom vul hierdie twee perspektiwiese benaderings binne 'n pneumatologiese benadering mekaar in 'n geïntegreerde pastorale model wedersyds aan.

Die pneumatologie stempel die pastoraat wesenlik tot 'n parakletiese versorgingsgebeure. Die Heilige Gees word die *parakletos* wat die heil bemiddel en die aard van die konkretiseringsgebeure in die pastorale ontmoeting bepaal. 'n Pneumatologie herdefinieer die nuwe mens as 'n mens met genadegawes wat as kernpotensiaal vir die ontplooiing van lewe dien.

3.3 SAMEVATTING

In 'n pastorale antropologie gaan dit om die mens vanuit sy verhouding tot God. In aansluiting by die pastorale terapeut se antropologiese oriëntasie word daar aan sy terapeutiese benadering gestalte gegee deur die pastorale model waaruit hy opereer. Om hierdie rede word die gestaltegewing van die pastoraat krities bespreek aan die hand van 'n aantal pastorale modelle.

In die kerugmatiese model soos deur Thurneysen gepostuleer, gaan dit by uitstek om die verkondiging van die Woord. Die doelwit is om die gespreksgenoot tot die vergifnis van sonde te lei. Die eduktiewe model in die pastoraat beoog om menslike potensiaal na vore te bring. Leiding met die oog op selfverwesenliking word aan die gespreksgenoot verskaf. Met die noutetiese model in die pastoraat posisioneer Adams homself ferm teenoor die meer liberaal-teologiese uitgangspunte van die eduktiewe benadering. Faktore wat in die totstandkoming van die model 'n belangrike rol gespeel het, is Adams se huldiging van 'n Bybelse antropologie, sy onvergenoegdheid met die psigiatrie en psigologie, en sy kennismaking met Mowrer. Met die bipolarêre model in die pastoraat probeer Heitink om 'n sintese tussen die kerugmatiese standpunte van Thurneysen en die eduktiewe benadering van Hiltner te bewerkstellig. In die uitwerk van sy pastoraat as hulpverlening gaan dit telkens om twee pole wat in 'n spanningsvolle verhouding tot mekaar staan. In die proses verbreed hy die pastoraat met betrekking tot die antropologie en die Bybelse gesagsbegrip.

Met Van Ruler se teologiese denke as onderbou ontwikkel Rebel 'n pneumatologiese model vir die pastoraat. Dit kulmineer in die postulasie van 'n pneumaties gespreksgenoot-gesentreerde pastoraat. In 'n poging om 'n teologie vir die pastorale bediening te ontwerp, postuleer Louw die konvergensiemodel. Daarin toon hy aan dat die eiesoortige karakter van die pastoraat teleologies deur die eskatologiese perspektief bepaal word. Met die voorafgaande as basis stel hy promissiotherapie as pastorale strategie voor. Die narratiewe model wat met die postmodernisme en die daarmee gepaardgaande dekonstruksieteorie verband hou, het vir die pastoraat gebruikwaarde. Deur die aanwending van verskillende narratiewe strategieë word die mens se verhaal met die Verhaal van God in verband gebring.

In aansluiting by die pastorale modelle word pneumatologiese implikasies vir die pastoraat bespreek. Hoewel die Heilige Gees deel in al die heilshandelinge het, kom Sy invloed soms in die kerk nie tot sy reg nie. Daar word gevolglik vir 'n pneumatologiese pastoraat gepleit. Die pneumatologiese model in die pastoraat verskil in belangrike opsigte van die fenomenologiese model. Die pneumatologiese model hou ook belangrike konsekwensies vir die pastoraat in: Dit integreer psigologiese gegewens met normatiewe komponente by die mens; die dialogiese karakter van die pastorale gesprek word aangedui; dit formuleer 'n perspektiwiese verhouding tussen pastoraat en psigologie.

HOOFSTUK 4

BASIS- EN PRAKTYKTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE

Pastorale terapie word bedryf as 'n wisselwerking tussen 'n teologiese basisteorie, spesifieke Skrifgegewens en die probleemverskynsel soos dit die mens in die totaliteit van sy bestaan raak (Louw 1997:488). Dit vind plaas teen die agtergrond van die pastorale terapeut se antropologiese oortuiging en die pastorale model waaruit hy opereer. In 'n basisteorie word relevante teologiese materiaal georden om as fundering vir 'n bepaalde saak te dien. Sonder 'n metode wat die beginsels van die basisteorie in die bedieningspraktyk kan toepas, loop 'n basisteorie egter gevaar om lewensvreemd te raak. Daarom is 'n pastorale strategie in die vorm van 'n praktykteorie vir die pastorale gesprek noodsaaklik.

In hierdie hoofstuk word allereers aandag geskenk aan die onderliggende teologiese inhoud wat as *basisteorie* vir pastorale terapie dien. Vervolgens word sekere teoretiese aangeleenthede gekoppel aan die empiriese belewingswêreld van die mens om 'n metode vir pastorale terapie in die vorm van 'n *praktykteorie* te ontwikkel.

4.1 BASISSTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE

'n Basisteorie word deur Heyns en Pieterse (1990:53) verduidelik as 'n vakgerigte teorie wat relevante teologiese materiaal rondom 'n bepaalde saak orden. Lemmer (1991:14) voeg daaraan toe dat die prakties-teologiese basisteorie 'n kritiese, ideële, normatiewe en teologiese teorie verwoord wat 'n bepaalde handeling in die praktiese teologie ten grondslag lê. Louw (1997:5) sluit hierby aan in sy beskouing dat 'n teologiese basisteorie 'n normatief-kritiese funksie besit wat 'n eiesoortige teologiese perspektief verteenwoordig waardeur daar in samewerking met ander hulpdisiplines 'n praktykteorie ontwikkel word. Die basisteorie dien dus as kriterium om onder meer empiriese materiaal te orden met die oog op die bediening in die praktyk.

In die onderhawige navorsingstudie word van die veronderstelling uitgegaan dat Godskonsepte 'n fenomenologiese kenveld besit waarmee rekening gehou moet word. Die betrokke basisteorie orden derhalwe relevante teologiese materiaal rondom die tema van Godskonsepte vir pastorale terapie. As vertrekpunt vir die basisteorie dien die *verbond as grondmotief vir die pastoraat*. Vervolgens word aan die *eskatologie* as die uitwendige gerigtheid van die verbond aandag geskenk. Hierna word die belangrike *paradigmaverskuiwing* met betrekking tot Godskonsepte aan die orde gestel. Dit loop uit op 'n kritiese bespreking van die *rol van Godskonsepte* in pastorale terapie.

4.1.1 Die verbond as grondmotief vir die pastoraat

Daar is reeds in Afdeling 2.4.2.3 op die praktiese implikasies wat die verbond vir die pastoraat inhou, gewys. Die verhouding tussen die verbond en die pastoraat word deur Janse van Rensburg (1996:153-162) met verwysing na die volgende perspektiewe beskryf:

- *Raad van God.* Die verbond is onlosmaaklik aan die Raad van God verbind. Alle aspekte van Gods handeling met die mens kom in mindere of meerdere mate binne die gesigseinder wanneer oor die verbond gehandel word (Heyns 1978:200). Dit sluit onder meer die liefde en lankmoedigheid van God met die mens in. Dit waarborg God se bemoeienis met die mens in die pastorale beraad.
- *Koninkryk van God.* In die besinning oor die pastoraat figureer die koninkryk van God op 'n prominente wyse. Bucer (1991:12, 18, 26-30) bring die herderskap van God direk met die koningskap en die koninkryk in verband. Op grond daarvan beskou O'Meara (1983:26-30) die koninkryk as die sentrale simbool van Jesus Christus se boodskap en word die koninkryk as die doel van die pastorale bediening aangedui. Deurdat die koninkryk die terrein is waarbinne die verbondsheil en die beloftes gekonkretiseer word, is die verbond en die pastorale optrede onlosmaaklik aan mekaar gekoppel.
- *Kerugma en verandering.* Janse van Rensburg (1996:155) skryf: "In die lig van Gods

verbondsbeloftes word die mens opgeroep om die eskatologiese heil nou reeds op te eis en blymoedig daaruit te lewe." Die kommunikasie van die heil, dit wil sê die kerugma met die oog op verandering, vind op grond van die verbondsbeloftes plaas met die pastor as intermedieërende verbondskommunikator deur wie die Heilige Gees die noodlydende mens opsoek.

- *Koinonia*. Die verbond word deur König (1991:15-18) hoofsaaklik as 'n verhoudingsgerigte werklikheid beskou. Volgens Clinebell (1987:31-33) word heelheid langs die weg van herstelde verhoudings bereik. Mense vind binne die gemeentelike verband ondersteuning, begrip en aanmoediging.
- *Bipolariteit en sleutelmag*. Teenoor Heitink se beskouings oor bipolariteit voer Janse van Rensburg (1996:157) aan dat daar binne die kader van die verbond nie ruimte vir 'n bipolêre spanning tussen God en die mens is nie. In die genadeverbond reik God uit na Sy kinders en ontmoet hulle in hul nood.
- *Eskatologie*. Daar is 'n inherente eskatologiese perspektief in die verbond aanwysbaar. "*Die verbond is die inwendige grond van die eskatologie en die eskatologie die uitwendige gerigtheid van die verbond*" (Janse van Rensburg 1996:159). Die eskatologie kan in die pastorale teologie dus nie van die verbond losgemaak word nie.
- *Soteriologie*. Pastorale sorg is 'n vorm van kommunikasie waarin dit in laaste instansie gaan om 'n herstel van die verhouding tot God. Die pastorale sorg is op hierdie doel afgestem. Elke pastorale handeling, insluitend die uitreik na ongelowiges in nood, het alleenlik in die Christus van die verbond sin en betekenis.
- *Pneumatologie*. Die plek en werk van die Heilige Gees in die pastorale gesprekvoering hou direk en onlosmaaklik met die verbond verband. Die verbond is 'n genadeverbond en die werking van die Heilige Gees 'n genadewerking. In sake van ewige heil of tydgebonde welsyn is die mens in sy herderlike versorging volledig van die seënryke werking van die Heilige Gees afhanklik. Waar die verbond nie volledig verreken word nie, loop die

pastoraat gevaar om die heilswerk van God en die genesende krag van Sy nabyheid vir 'n antroposentriese pastoraat te verruil.

In die lig van die voorafgaande word daar by Janse van Rensburg (1996:162) aangesluit as hy tot die gevolgtrekking kom dat die verbond die mees omvattende hermeneutiese sleutel is om die Heilige Skrif vir die pastorale teologie oop te sluit en relevant te maak. Dit is die waarborg waarop die pastorale beraad gebou is, naamlik dat God met die noodlydende op weg is. Die verbond as grondmotief vir die pastoraat word derhalwe as betekenisvol vir die onderhawige navorsingsprojek beskou. Deur die verbond word God se bemoeienis met die mens gewaarborg. Dit toon God as 'n wyse, liefdevolle, genadige, lankmoedige God wat in Sy trou vir mense omgee.

4.1.2 Eskatologiese perspektiewe vir pastorale terapie

Die eskatologie vestig die aandag op die voleinding van die skepping wat deur die Vader geskep is, deur Christus verlos is, en deur die Heilige Gees geheilig word (Heyns 1988:390). Volgens Louw (1984:32-33) kan die eskatologie op verskillende wyses geïnterpreteer word. As moontlike interpretasies bespreek hy die konsekwente, die futuriese, die transendentale en die eksistensiële eskatologiese beskouinge. Hy is egter van mening dat nie een van die voorafgaande interpretasiewyses aan die begrip eskatologie reg laat geskied nie. Volgens hom is eskatologie 'n begrip wat te doen het met die heilshistoriese en teleologies-toekomstige element van God se rykshandelinge. In Christus besit die eskatologie 'n perfektiese moment en in die Heilige Gees 'n presentiese en eksistensiële moment, terwyl dit as rykshandeling van God Drieëinig in die geskiedenis ingaan en horisontaal verwys na 'n futuriese moment aan die einde van die geskiedenis.

In hierdie afdeling word na 'n antwoord gesoek op die vraag watter rol die eskatologiese perspektief in die ontwerp van 'n teologiese basisteorie vir die pastoraat speel. Eers word die *struktuur van die eskatologie* bespreek. Daarna word na die *verband tussen pastoraat en eskatologie* verwys.

4.1.2.1 Struktuur van die eskatologie

In die ontwerp van 'n basisteorie vir die evaluering van die rol van Godskonsepte in die pastoraat word daar by Louw (1984:36) se drieledig strukturele ontleding van die eskatologie aangesluit. Hy beskryf dit as 'n *gerealiseerde*, 'n *presentatiewe* en 'n *futuriese* eskatologie.

- *Gerealiseerde eskatologie.* Jesus Christus word as die vervulling van die beloftes gesien. Hy word "die laaste" (die *Eschatos*) genoem (König 1975:231). Heyns (1988:280-281) skryf oor die eskatologiese dimensie van Christus se werk: "Die koninkryk wat Jesus bring en verkondig is nie net 'n gebeure nie, maar 'n gebeure wat voller word omdat dit op die einde gerig is - dit is trouens die eindgebeure self wat al gekom het, maar ook nog sal kom." Volgens De Beus (1979:260) is die voleinding die voltooiing van die heil wat in die koms van Christus vir die mens en die wêreld reeds aangebreek het. Sy hele geskiedenis word gesien as die eskatologie, as die vervulling van God se beloftes en die vergestaltung van die skeppingsdoel. Louw (1984:36) tipeer eskatologie as 'n Christologiese, representatiewe eskatologie. Hierdie perfektiese moment van die eskatologie konstitueer dus die *alreeds* van die heil. Eskatologie kan derhalwe beskryf word as die gebeure van God se heilsplan wat in Christus in vervulling gaan as 'n kwalitatief nuwe skepping met as middelpunt die kruis en die opstanding van Christus. Daarom kan König (1980:51) aanvoer dat die eskatologie in Christus doelgerigte of teleologiese Christologie is. 'n Eskatologiese perspektief hang dus saam met alles wat as daad van God in Christus met die oog op die uiteinde van die ganse skepping geskied het.
- *Presentatiewe eskatologie.* Heyns (1988:390) beklemtoon dat die eskatologiese handeling nie eksklusief in die toekoms geplaas mag word nie. Dit gaan wel oor die beloftes aangaande die toekoms, maar hierdie beloftes staan nie los van die mens van ons tyd nie. Eskatologie het inderdaad 'n kronologiese dimensie. Dit handel oor die tyd, en met name oor die toekoms, maar dan 'n toekoms wat nooit los van die hede of die verlede gesien mag word nie. Daarom dat Louw (1997:88) van die eskatologiese perspektief in die pastoraat as die "alreeds en nog nie-spanning" kan praat. Op grond van die inwonende werk van die Heilige Gees verkeer die eskatologie in 'n proses van realisering.

Eskatologie bevat dus 'n presentiese moment, naamlik die realisering van die heil. Wat vir God reeds heilswerklikheid is, is vir die gelowige 'n gebeurte wat tussen *alreeds* en *nog nie* 'n geloofstryd behels. In hierdie verband kan Rebel (1981:361-362) aangehaal word wanneer hy in die opsomming van sy proefskrif skryf: "Van Ruler does not see God working towards the end, but from the end backwards." Vanuit hierdie toekoms waarop alles gerig is, kom God na die mens en stel Sy koninkryk op.

- *Futuriese eskatologie.* Binne die belofte-in-ervulling-struktuur van die heil is die eskatologie teleologies op die voleinding gerig. Eskatologie is 'n teleologiese rykshistoriese eskatologie. In die *eschaton* word hierdie werklikheid en die geskiedenis in sy voleindigde gestalte teruggevind. Eskatologie bevat derhalwe ook 'n futuriese moment, naamlik die voleindiging van die heil.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat eskatologie 'n perfektiese moment (die alreeds van die heil), 'n presentiese moment (die realisering van die heil) en 'n futuriese moment (die voleinding van die heil) bevat. Louw (1984:36) wys verder daarop dat die tekens van die Godsryk in hierdie bedeling altyd vermengd voorkom, naamlik as 'n stryd tussen goed en kwaad. Van Pelt (1999:249) skryf dat vanweë die strydsituasie tussen die ou en die nuwe mens die volledige realisasie van die heil nog nie moontlik is nie. Daar bly 'n spanning tussen die "reeds" en die "nog nie" van die heil. Intussen is daar die teleologiese gerigtheid op hierdie einde. De Beus (1979:259) stel dit so: "Het koninkrijk Gods als handelen van God met de wereld door Zijn Zoon Jezus Christus, is teleologisch bepaald, d.w.z. het is doelgericht en beweegt naar een einde, dat een voleinding van dat werk betekent: Zoals het zaad in de akker gezaaid is, opkomt en vrucht draagt, en aan het einde van de groeiweg geoogst wordt, zo is Gods werk met het Koninkrijk een dynamisch, doelgericht en onweerstandelijk gebeuren dat 'vanzelf' geschiedt, in de zin als in Marc 4:26-29 door Jezus bedoeld is."

4.1.2.2 Pastoraat en eskatologie

Die teleologiese gerigtheid van die eskatologiese perspektief in die basisteorie gee doel en sin aan

die pastorale bediening. Dit dui, volgens Louw (1984:39-41; 1997:91-92), onder meer op die volgende toepassingsvelde in die pastoraat:

- *Lydingsverwerking.* Die eskatologiese perspektief bring vir die mens in lyding 'n troosboodskap wat hom daartoe in staat stel om in die hoop op 'n heerlike hiernamaals te volhard. König (1975:161) skryf in hierdie verband: "Ons troos lê dus in ons geloof in God se *toekoms*."
- *Heiligmaking.* Die eskatologiese perspektief bied die impuls tot heiligmaking. Dit vorm die kern van die heiligmakingsproses met etiese konsekwensies.
- *Geloofsvolharding en -groei.* Die eskatologiese perspektief beskerm die individu en die gemeente teen agteruitgang in die geloof. Heyns (1988:392) stel dit so: "Dit is duidelik dat die sterk toekoms-perspektief in die eskatologie nie anders kan as om die hoop in die hart van die gelowige te stimuleer nie." Daardeur word 'n hoop geskep wat voorkom dat die individu en die gemeente moeg raak en tou opgooi.
- *Sinsontsluiting.* Die teleologiese gerigtheid van die eskatologiese perspektief is belangrik vir 'n pastoraat wat erns maak met die proses van sinsontsluiting. Dit verskaf 'n positiewe horison van sin deur na die geheel van God se beloftes wat op die heil gerig is, te verwys.
- *Neuroses.* Vir neuroses as geblokkeerde hoop, kan die eskatologiese perspektief nuwe toekomsmoontlikhede ontsluit. Vanuit die oorwinning van die opstanding kan die sirkelgang van mislukking deurbreek word.
- *Depressie.* Die opstanding en die daarmee gepaardgaande eskatologiese perspektief open 'n positiewe alternatief wat die depressiewe persoon kan help om vanuit die positiewe dimensie van lewe die negatiewe aspekte te verwerk.

Die eskatologiese model is trinitaries gefundeer en op die koninkryk van God gerig. In hierdie gerigtheid op die koninkryk van God mond dit uit in 'n pastorale bediening wat deur Louw (1984:40-41) geloofshulp as lewenshulp genoem word. Onderliggend aan die gedagte van God se sorg vir die mens soos onder meer in die herdermetafoer verbeeld, lê die eskatologiese perspektief. Steere (1980:596) stel dit so: "Underlying the shepherding relationship is a particular eschatological quality of action in which all saving acts are conducted in anticipation of their final consummation in eternal life which is both now and to come." In laaste instansie laat pastoraat

in eskatologiese perspektief die gelowige leef vanuit die opstandingsgeloof met die lewensperspektiewe van die opstandingshoop.

Met die eskatologiese perspektief word moontlikhede vir die vraagstuk oor die onderlinge verhouding tussen psigologie en pastoraat geopen. Na hierdie aspek word in Afdeling 4.2.1 verder verwys wanneer die eiesoortige aard van pastorale terapie aan die orde gestel word.

4.1.3 Paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte

Die paradigmaverskuiwing in pastorale teologie met betrekking tot Godskonsepte word bespreek aan die hand van die *pastoraat as 'n ontmoeting, gebeure van verandering* wat deur die Godmens-ontmoeting teweeggebring word en 'n wysiging van Godskonsepte in die rigting van 'n *metaforiese verstaan van God binne kontekste*.

4.1.3.1 Pastoraat as ontmoeting

Die pastorale ontmoeting as 'n ontmoeting met God moet metafories verstaan word. Die feit dat die pastor met 'n gelowige in gesprek tree, beteken nie 'n letterlike ontmoeting met God nie. Louw (1997:92-93) verwys na die metaforiese gebruik van *pastorale ontmoeting* as 'n sakrament wat as 'n derde faktor heenwys na God se mistieke teenwoordigheid in die pastorale gesprek. Klein Kranenburg (1988:36-38) meen dat die *proprium* van die pastorale ontmoeting in 'n *trialogiese* karakter gesoek moet word. In die pastorale ontmoeting tree die pastor namens God op. Deur sy vertolkingsfunksie word God se wil, teenwoordigheid en liefde uitdruk. Die derde faktor in die pastorale ontmoeting is dus die sprekende God via die Skrif. Klein Kranenburg (1988:141) stel dit so: "Deze expliciete vertolking van de Schrift is het *proprium* van het pastorale gesprek, en dit onderscheidt het van alle andere helpende gesprekken." Die pastorale ontmoeting verwys dus na kommunikasiegebeure waarin die betekenis van God se Woord vir menslike lewe vertolk word. Via die pastoraat word die sorg van God konkreet aan mense gedemonstreer.

In die pastorale ontmoeting word God se verbondsgenade gekonkretiseer (O'Meara 1983:33). Janse van Rensburg (1996:157) skryf dat die verbond in die pastoraat as ontmoetingsgebeure 'n volledige kulminasie vind. Heitink (1979:162) tipeer pastoraat as "*ontmoetingsgestalte van het evangelie.*" Vir Donga (1989:113) beteken pastoraat as ontmoeting die gebeure waardeur mense hulle wedersyds aan mekaar wy. Louw (1997:95-96) beskryf die term "ontmoeting" as vertolking met die oog op groter helderheid, begrip en uiteindelik 'n proses van beïnvloeding en verandering. Ook Heitink (1979:162) wys daarop dat die ontmoeting 'n proses van verandering inisieer. Louw (1997:98) definieer die pastorale gesprek as "*die kommunikasieproses tussen God en mens binne 'n konkrete situasie waarbinne die mens, in die lig van die Skrif via geloof, sin ontsluit, God se teenwoordigheid ontdek en konkreet ervaar, en tot 'n beter selfverstaan kom.*" Pastoraat as ontmoetingsgestalte van die evangelie kan as 'n kenproses beskryf word. Dit is 'n proses waarin die mens God beter leer ken.

4.1.3.2 Pastoraat as gebeure van verandering

Die pastorale ontmoeting genereer verandering. Dit het 'n transformasie van die totale mens tot gevolg. Wanneer God en mens in die metaforiese ontmoeting teenoor mekaar te staan kom, kan daar volgens Louw (1997:100-101) 'n *konstitutiewe* en 'n *agogiese* verandering sowel as *heiliging* van die menslike lewe plaasvind.

- *Konstitutiewe verandering.* Wesenlike bestaansverandering word in die Bybel met die woord *metanoia* beskryf. Volgens Strong (1984:47) is die betekenis van die Griekse woord *μετάνοια* om anders te dink. Daar vind dus by die mens 'n konstitutiewe verandering met betrekking tot sy wesenlike toestand en kwaliteit van lewensgerigtheid plaas. Die klem val op 'n verandering in die menslike wil en rede.
- *Agogiese verandering.* In die veranderingsproses as gevolg van die pastorale ontmoeting is daar beslis sprake van 'n beïnvloedingsgebeure waarin kennis en inligting 'n rol speel. Die inligting tydens die agogiese proses van beïnvloeding genereer 'n verandering wat die mens se totale lewenswandel met betrekking tot sy lewensprioriteite raak. Hoewel *agogie*

nou verbind is met *metanoia* verskil eersgenoemde in die sin dat dit verandering in terme van 'n doelgerigte lewenswandel beskryf.

- *Heiliging van die menslike lewe.* Die pastorale ontmoeting lei voorts tot 'n verandering in heiliging van die menslike lewe. Louw (1997:101) koppel dit aan die Griekse woord *anastrophé* wat 'n veranderingsproses in veral die mens se houding, gedrag en lewenstyl beskryf. Hy voer aan dat die pastorale ontmoeting 'n verandering meebring wat etiese implikasies vir mense se gedrag en die heiliging van hulle totale lewens inhou. *Anastrophé* beoog dus veral daardie verandering wat tot 'n heilige lewenswandel en nuwe lewenstyl aanleiding gee. Hiermee word stelling ingeneem teenoor die situasionele, kontekstuele en blykbaar relativistiese etiese beskouinge van die postmoderne paradigma (sien Janse van Rensburg 2000:65-75).

Volgens Fletcher (1966:47) kan op etiese norme slegs binne 'n bepaalde situasie besluit word. In aansluiting hierby spreek Dill en Kotzé (1997:16) die mening uit dat die waarheid slegs in 'n bepaalde konteks gevind kan word. Omdat waarheid dus nie 'n ontologiese bestaan het nie, beteken dit dat die individu dit waarmee hy die beste identifiseer in 'n veelheid van keuses moet soek. In die lig hiervan skryf Janse van Rensburg (2000:69): "If objective truth does not exist, then objective ethical norms cannot exist either." Hy kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat alhoewel postmodernisme nie a-eties is nie, die essensie van sy etiese strukture onvermydelik in etiese relativisme eindig. Volgens Calhoun (1992:265) kom die postmoderne benadering tot moraliteit beslis op relativisme neer. Du Toit (2000:96) skryf dat die postmoderne tyd "verlof toestaan" aan enigeen om te glo wat hy wil en om te leef soos hy wil.

In die lig van die voorafgaande is dit verstaanbaar dat konstruktivisme doelbewus wegstuur van ekspert-oplossings vir probleme (sien Dill 1996:203). Die konstruktivistiese argument is dat die terapeut wat met 'n ekspert-opinie probeer om etiese waardes af te dwing, die gevaar loop van 'n ongelukkige keuse deur sy gespreksgenoot. In ooreenstemming hiermee is Dill (1996:170) van mening dat die terapeut nie as 'n "oplosser" van probleme gesien moet word nie, maar eerder as een wat betekenis gee aan

hoe "reg gedoen" moet word in die lewe. Die terapeut dien slegs as gids wat sy gespreksgenoot bystaan om nuwe moontlikhede te vind. Konstruktivisme wil dus nie voorskriftelik in morele sake wees nie, maar eerder die kulturele en godsdienstige moraliteit van kliënte respekteer (Dill 1996:213). Volgens Janse van Rensburg (2000:71) beteken dit dat daar uit die perspektief van die konstruktivisme geen objektiewe morele waardes bestaan waarmee die gespreksgenoot gekonfronteer kan word nie. Hy moet self daarvoor besluit.

In teenstelling met die voorafgaande voeg die navorser hom met betrekking tot die heiliging van die menslike lewe by Noyce (1989:20) wanneer laasgenoemde die oortuiging uitspreek dat mense morele leiding verwag en dat die kerk hierdie plig nie mag ontduik nie. Dit sluit sterk aan by die imperatiewe element van die paraklesemetafoor waarna Louw (1997:61-78) verwys (sien ook Schniewind 1947:364; Furet 1979:109; Trimp 1981; Seitz 1985:157). Möller (1983:72, 109) is oortuig dat indien die pastoraat wil voorkom dat die kerk bloot 'n mini-kliniek vir psigoterapeute word, dit die paraklese-dimensie nie mag verwaarloos nie.

Sentraal binne die gebeure van die pastorale ontmoeting is daar dus die radikale transformasie wat deur die Heilige Gees in die hart van die mens bewerkstellig word. Dit wil die mens beïnvloed, verander, vernuwe en onderskraag. Hierdie transformasie kan nie van Godskonsepte losgemaak word nie. In Afdeling 4.1.3.3 word meer lig hierop gewerp.

4.1.3.3 Paradigmaverskuiwing na 'n metaforiese verstaan van God

In die paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte gaan dit om 'n metaforiese verstaan van God. Deist (1986:104) definieer 'n metafoor kursories: "Speaking of one thing as if it were another . . ." Die Griekse woord *metaphorein* beteken, volgens Hick (1993:99), om te verwys, te verplaas of oor te dra. Met 'n metafoor word dan 'n oordragtelike, nie-letterlike uitdrukking bedoel (Van Gennep 1990:360). Oordrag van betekenis vind plaas deurdat 'n minder bekende term verhelder word deur dit met 'n meer bekende term te verbind. Laasgenoemde term

suggereer die onbekende met die oog op doeltreffende kommunikasie en sinvolle verstaan. In die proses transendeer dit die bekende. Dit oorskry die situasie in die lig van die reeds bestaande betekenisveld deur dit verder as die bloot rasionele beperkinge van die begripsel te neem. Daardeur word die werklikheid ontsluit met die oog op 'n beter verstaan van die onderhawige saak. In dié verband word aangesluit by Ploeger (1993:254) wat daarop wys dat metaforiese taalgebruik iets wil sê oor God of oor sake wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie.

Tradisioneel word die wese van God in metafisies-ontologiese terme of abstrakte synskategorieë verklaar. In hierdie verband verwys Heyns (1988:59-72) na hoedanighede wat eie is aan die wese van God. Hy noem dan Goddelike eienskappe soos ewigheid, onbegryplikheid, on sienlikheid, onveranderlikheid, oneindigheid, almag, wysheid, kennis, regverdigheid, goedheid en heiligheid.

Louw (1997:110) is egter van mening dat abstrakte konsepte wat op metafisiese wyse oor God spekulêr, dikwels die rede is waarom gelowiges in tye van krisis nie hulle geloof in God sinvol kan aanwend nie. Dit gee maklik aanleiding tot die konsep van 'n apatiese God op 'n afstand wat slegs in abstrakte terme verstaan moet word. Van Genneep (1990:358) spreek hom uit teen 'n metafisies-ontologiese spreke oor God in die lewensituasie van die mens wanneer hy skryf: "Wij zijn niet in staat te zeggen, wie of wat God is. Het is voor ons niet mogelijk om in ontologische (in zijns-kategorieën) over God te spreken. Wij zijn alleen in staat om te verstaan, hoe Hij zich in de gelijkenis van zijn wezen aan ons toont of aan ons uitlegt." Klem word gelê op die noodsaaklike om God teen die agtergrond van probleme in 'n gesekulariseerde wêreld in metaforiese vorm te verstaan. In plaas van 'n ontologiese spreke, word gekies vir 'n simboliese spreke oor God waardeur die gelykeniskarakter van die mens se verstaan van God verduidelik word.

Die konsep van 'n pastorale ontmoeting waarin metafories oor 'n ontmoeting met God gepraat word, maak dit moeilik om in metafisies-ontologiese terme oor God te spekulêr. Pastoraat moet die storie van mense binne konteks hermeneuties so ontsluit dat God se Storie betekenis kry vir mense se soeke na sin. Dit bring die belangrike aspek van die funksie van metaforiese teologie in die pastorale hermeneutiek, soos deur Louw (1997:110-117) bespreek, na vore. Hiermee word ook die rol van metaforiese teologie in Godskonsepte aan die orde gestel. 'n Antwoord word

gesoek na die verband tussen die pastorale ontmoeting en mense se verstaan, beleving en ervaring van God. In hierdie afdeling word gevolglik ondersoek ingestel na die paradigmaverskuiwing in pastorale teologie met betrekking tot 'n metaforiese verstaan van God.

Die gedagte van die pastorale ontmoeting as 'n vergestaltung of medium tot die realisering van die heil wysig die verstaan van God. Dit behels 'n wysiging weg van 'n metafisies-ontologiese aanpak in die rigting van 'n metaforiese verstaan van God binne kontekste. Pastoraat in die gestalte van troos, sorg, hulp en heling van menslike nood kan as die praktiese toepassing van dogmatiese waarhede geïnterpreteer word. Louw (1997:110) beskryf dit só: "Dogmatiek is pastoraat in aksie."

Om oor God in terme van 'n metaforiese ontmoeting te praat, impliseer dus 'n paradigmaverskuiwing, 'n herstrukturering van die denkskema. Deur die verskuiwing word gevestigde metafisies-ontologiese konsepte en tradisionele persepsies verander na 'n teologiese denkskema waarin God metafories verstaan word. Teenoor die metafisiese interpretasie beteken 'n metaforiese benadering dat daar gekyk word na mense se verstaan en sinvolle ervaring van God binne kontekste en relasies. Dit beteken dat spreke oor God verbind word met bekende menslike ervaringe. In die konsep van 'n pastorale ontmoeting word dan veral Godskonsepte wat verband hou met patriargale en nasionale assosiasies gebaseer op status, hiërargie, dominansie en afstand, gewysig.

Dit gaan dus in die pastorale ontmoeting om die vertolking en verstaan van God vir mense wat in nood is. Begeleiding geskied sodat die gespreksgenoot van 'n bepaalde Godskonsep gebruik kan maak om God te interpreteer of te vertolk binne die konkrete lewensomstandighede waarin hy homself bevind. In die pastorale vertolkingsgebeure word dan met die rol van metafore in die spreke oor God rekening gehou. Voorbeelde van metafore vir God wat onder meer genoem word, is Vriend, Vader (Louw 1997:115-117, 402), Moeder, Minnaar (McFague 1987:61-62) en "au pair" (Bezuidenhout 2000:3).

Samevattend word die paradigmaverskuiwing beskryf as 'n beweging weg van 'n metafisies-ontologiese verklaringsmodel vir God in terme van abstrakte synskategorieë na 'n

kommunikatiewe metaforiese ontmoetingsmodel waarin God se betrokkenheid binne kontekste van menslike ervaring sistemies in berekening gebring word. Daar word wegbeweeg van 'n metafisiese verklaring van God in terme van afstand na 'n metaforiese verstaan van God in terme van eksistensiële kontekste met die oog op singewing. Met betrekking tot hierdie paradigmaverskuiwing sluit die navorser graag aan by Nicol (2001:7) wanneer hy skryf: "Die ware God is só groot dat ons Hom nie kan vashou nie, maar wel kan ervaar dat Hy óns vashou." Joubert (1997:307) trek die betekenis van God se metafisies-ontologiese hoedanighede en 'n metaforiese verstaan van God in 'n enkele sin saam: "Sonder Hom, sy onbegryplike genade en sy onbeskryflike grootsheid, sou niks moontlik gewees het nie." Sodanige uitsprake impliseer vir die navorser dat die gans andersheid van God wel in metafisiese terme gesien kan word, maar tegelykertyd word Hy in die pastorale terapie metafories naby die gespreksgenoot gebring, bevatlik gemaak.

4.1.4 Rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting

Soos die titel aandui, neem die rol van Godskonsepte in pastorale terapie by die onderhawige navorsingstudie 'n belangrike plek in. In hierdie afdeling word gevolglik 'n kritiese bespreking van Godskonsepte aan die hand van 'n aantal relevante aspekte gedoen.

4.1.4.1 Verheldering van die term Godskonsep

Te midde van Bybelse inligting bly God nog die verborge, die onbegryplike God. De Klerk (1998b:55) skryf: "Hy [God] is onsigbaar. Hy is bonatuurlik. Hy is onvatbaar in sy volheid. Hy is ondefinieerbaar. Hy is oneindig, sonder ruimte en tyd. Hy is die Totaal Andere. Die groot Geheim. Die onbegryplike Misterie." Daar word betoog dat die Bybel net 'n loergaatjie op God is. De Klerk (1998a:9) voer aan dat die misterie van God eintlik die grootste openbaring van die Bybel is. Die kernpunt is dat die mens God nie kan ken nie. Hy is 'n misterie, maar Hy word vir die mens vermenslik sodat die mens 'n soort begrip van Hom kan vorm - God die Vader, Moeder, Vriend, Minnaar wat sy beminde soek, Vangnet, Regter. Naudé (2000:8) skryf: "Taal


werk deur beelde, vergelykings en metafore. Dis taal se beste manier om die onbegryplike tog op 'n manier te 'gryp'; om die onsienlike tog op 'n manier sigbaar te maak; om die ewige tog in-die-tyd te bring." Daarom is predikers deur die eeue heen gekonfronteer met die uitdaging om vir elke geslag weer klinkhelder oor God te praat. Dit impliseer telkens weer nuwe beelde waarmee God op 'n manier verstaanbaar gemaak kan word. De Villiers (1997:56) meen dat al meer mense tans probleme ervaar om 'n beeld van God te vorm soos die mense dit in die verlede gehad het.

Volgens McFague (1987:33) kan die teologie slegs metafores oor God praat. Dit impliseer dat spreke oor God indirek is. Sy skryf: ". . . no words or phrases refer directly to God, for God-language can refer only through the detour of a description that properly belongs elsewhere" (McFague 1987:34). Teenoor monargiese metafore wat afstand skep, kies sy metafore soos God as Moeder, Minnaar en Vriend (McFague 1987:61). Volgens haar kommunikeer hierdie metafore vertroeteling, medelye, ondersteuning en wederkerige samewerking. 'n Model wat Van der Ven (1990:197) vir analisering van die individu se Godsbeskouing presenteer, handel oor 'n empiries-gebaseerde ervaring van God binne 'n lydingsituasie. Dit dui vir hom op 'n omvattende bewuswording van God in die leefwêreld van van die mens.

In 'n poging om 'n sintese tussen McFague se metaforiese verstaansmodel en Van der Ven se empiriese teodiseemodel te bewerkstellig, presenteer Louw (1997:394) 'n diagrammatiese voorstelling van die God-metafoer soos in Figuur 4.1 weergegee.

Figuur 4.1 toon aan dat 'n monargiese metafoer, byvoorbeeld Koning of Regter, via die prinsiepe of beginsel van gesag en 'n verstaan van God se styl wat almag behels, die menslike ervaring van lyding sodanig kan beïnvloed dat dit aanleiding tot 'n geïntensifiseerde skuldbewussyn kan gee. Langs dieselfde ontwikkelingslyn kan die familiemetafoer (God as Vader of Moeder) ondersteunend werk, die verbondsmetafoer (Vriend, Bondgenoot, Vertroueling) verantwoordelikheid met etiese komplikasies motiveer en die persoonsgerigte metafoer (Geliefde, Minnaar) 'n bevrydende uitwerking wat tot dankbaarheid, vreugde en hoop lei, bewerkstellig.

Uit die oogpunt van die pastoraal-terapeutiese aanwending van Godskonsepte (sien Afdeling



FIGUUR 4.1: Diagrammatiese voorstelling van die God-metafoor (Louw 1997:394).

4.1.4.3) kan die diagrammatiese voorstelling van Figuur 4.1 nuttig geïmplementeer word.

4.1.4.2 Kategorisering van Godskonsepte

Weens die uiteenlopende aard van Godskonsepte is daar in die verlede pogings aangewend om Godskonsepte in verskeie kategorieë te klassifiseer. Cavannagh (1992:75) identifiseer byvoorbeeld Godskonsepte wat blokkerend op geloofsontwikkeling kan inwerk wanneer hy na sekere Godskonsepte verwys: "God is vengeful, God is needy, God is our caretaker, God is our tutor." Frielingsdorf (1992:107) verwys na vier demoniese Godskonsepte van vergeldende aard, naamlik "Richtergott", "Todes Gott" ('n God wat vernietig en die dood veroorsaak), "Buchhaltergott" ('n gevoellose God) en "Leistungsgott" (genoegdoening). Gerkin (1994:60-61) identifiseer drie "objek-beelde" in die vorming van mense se Godskonsepte, naamlik: Godskonsepte wat korreleer met mense se begeertes, behoeftes en wense; Godskonsepte wat korreleer met mense se ervaring van verwerping; en Godskonsepte wat korreleer met ideale van volmaaktheid.

Vir die doel van die onderhawige navorsingstudie oor die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie, word die tipering deur Louw (1997:400-403) as die mees praktiese kategorisering beskou. Hy onderskei tussen *positiewe* en *negatiewe* Godskonsepte.

Positiewe Godskonsepte. Voorbeelde van metafore vir God wat as positiewe Godskonsepte getipeer word, is die volgende:

- *God as Vader.* Volgens De Klerk (1998b:58) word in die Bybel op meer as 200 plekke na God as Vader verwys. Heitink (1983:58) noem dit die tradisionele lewensgevoel wat relatief staties oorkom. Die aksent lê op die Goddelike almag en voorsienigheid. Horak (2000:6) lê klem op die intieme verhouding wat tussen God en die mens bestaan soos weergegee in Jesus se aanspreek van God as Vader in die Aramese vorm, naamlik *Abba*. Dit dui op nabyheid, intimiteit, sagtheid, geborgenheid, veiligheid, vertrouwe en versorging.

Hierteenoor voer De Villiers (1997:56) aan dat die Westerse Wêreld uit sy ervaringsveld

van 'n vader, God met 'n outoritêre persoon in verband bring. Haendler (1971:20) verwys na twee projeksies wat binne die Christelike verstaan van *God as Vader* 'n probleem kan skep, naamlik "Despotenprojektion" en "Patriarchprojektion". In die boek *Expositio Apocalypsin* wat Joachim van Fiore (1145-1202), ab van Cortale, in pouslike opdrag gedurende die Middeleeue geskryf het, verdeel hy die wêreldgeskiedenis in drie ingesteldhede wat tot uiting kom in Tydperke van die Vader, die Seun en die Heilige Gees onderskeidelik. Die Tydperk van die Vader was, volgens hom, dié van vrees, gehoorsaamheid en slawerny waartydens die Mosaïse wette van die Ou Testament gegeld het (Van Bart 2001:2). In Hoofstuk 7 waar die resultate van die empiriese navorsing geëvalueer word, word na hierdie aspek teruggekeer. Louw (1997:113) is verder van mening dat die verband tussen die vaderskap van God en 'n patriargale kultuursisteem ook by vroue negatiewe assosiasies kan ontlok deurdat hulle byvoorbeeld die term "die vaderskap van God" as 'n teken van onderdrukking kan ervaar.

- *God as Vriend*. Met hierdie metafoer word aangedui dat God soos 'n vriend naby is. Bons-Storm (1992:147-149) wys op die beperkinge van die tradisionele pastoraat met die sterk klem op manlike en patriargale metafore. Sy kies gevolglik vir die metafore "bondgenootskap" en "vriendskap". Louw (1997:115-117) sluit hierby aan met sy voorkeur vir die metafoer "God as Vriend". Hy wys daarop dat die Vriendmetafoer God se troue liefde soos dit in die geskiedenis van Israel geweef is, kommunikeer. Die metafoer *God as Vriend* is daarop gerig om pastorale konsepte soos troos, sorg en hulp 'n teologiese betekenis te gee wat sin in die mens se lewe ontsluit. Dit dui op God se liefde wat intimiteit skep en vir mense wil sê dat God elke persoon onvoorwaardelik aanvaar.
- *God as Verlosser*. Die versoening wat deur God in Christus bewerkstellig is, word deur God as die Verlosser bevestig. Deur hierdie metafoer word die idee van versoening, vrede en algehele bevryding geskep.
- *God as Trooster*. Met die Troostermetafoer word aangedui dat God teenoor die destruktiewe magte van die bose aan die kant van die mens staan. Hy verklaar die mens

regverdig en is elke oomblik teenwoordig om moed, krag en hoop te gee.

- *God as Regter.* Die wete dat menslike gedrag deur God se norme in die lig van die Skrifwaardes geëvalueer word, beteken dat die mens 'n sedelike wese is. Die Regtermetafoor dui derhalwe daarop dat die mens te alle tye met God rekening moet hou, Hom moet vrees. Dit lei tot verantwoordelike gedrag en 'n sensitiewe onderskeidingsvermoë tussen reg en verkeerd.

Hoewel met die voorgemelde voorbeelde van positiewe Godskonsepte volstaan word, word daarmee nie te kenne gegee dat dit volledig is nie.

Negatiewe Godskonsepte. Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, word onder negatiewe Godskonsepte die volgende metafore vir God geklassifiseer:

- *God as Kragreus.* Die almag van God word dikwels teen die agtergrond van die Griekse *pantokrator* en die Romeinse despootkonsep as sterkte, geweldadige krag en eiewillige mag geïnterpreteer (sien Louw, D J 1989:54-55). Die moderne mens met sy wetenskaplike kennis kan volgens De Villiers (1997:56) nie meer mitologiese beelde oor God net so aanvaar nie. Daarom word daar al minder aan God as 'n persoon gedink en al meer na 'n krag- of energiebron wat alles in die kosmos beheer, verwys. Dit is vir die moderne mens wat alles logies wil verklaar, makliker aanvaarbaar. So 'n bewering word deur Pieterse en ander (1993:202) gestaaf. Hulle rapporteer 'n empiriese ondersoek waaruit blyk dat daar 'n tendens by professionele blanke gelowiges in Suid-Afrika bestaan dat God as Persoon sterk gemeng is met nie-persoonlike Godskonsepte soos God as 'n krag of 'n mag. So 'n God, meen De Villiers (1997:205), is onpersoonlik en nie bedreigend nie. Hierteenoor beklemtoon De Klerk (1998b:58) egter die Christelike tradisie dat God 'n persoon is. Hy skryf: "Wat wel as 'n beginsel in die Christelike tradisie geld, is dat God 'n EK is. 'n Persoon, 'n Wese wat 'n eie profiel het, soos enige mens se gees 'n eie profiel het. Hy is nie 'n onpersoonlike krag nie." 'n Interpretasie van God as blote krag kan, volgens Louw (1997:400), tot verwyte en neerslagtigheid lei. In die empiriese ondersoek word hierdie tipe Godskonsep deur middel van die metafoor *God as*

'n *Geweldige Krag* ondersoek (sien Afdeling 5.2.3.1).

- *God as Paaiboelie*. Omdat God straf, dink mense soms dat Hy sadisties is en 'n behae in die lyding van mense het. In plaas daarvan dat tugtiging gesien word as 'n liefdesdaad om 'n koerswysiging in negatiewe gedrag aan te bring, word dit deur hierdie metafoer as 'n sadistiese behae geïnterpreteer. Louw (1997:401) meen dat hierdie metafoer aanleiding kan gee tot weerstand, opstandigheidsgevoelens, haat en aggressie. Capps (1990:119) haal in dié verband navorsing aan waarin bevind is dat een van die drie mees algemene response by ouers wat 'n seun of dogter deur kanker of 'n bloedsiekte verloor het, was om God te blameer of die genade van God in twyfel te trek.
- *God as Kersvader*. By sommige mense bestaan die opvatting dat God net goeie dinge gee. Geloof in Hom is derhalwe daar om sukses te waarborg en vooruitgang te bewerkstellig. Soos 'n assuransiepolis moet Hy teen verliese beskerm. Ungersma (1961:150) spreek die mening uit dat nie alleenlik sommige neurotici nie, maar ook baie ander mense vasgevang word op 'n vlak van kinderlike verbeelding in sover dit hulle godsdienstige groei aangaan. In hierdie eenvoudige vorm van vroomheid word God dan as 'n hemelse Sinterklaas geprojekteer. Die gevolg is, volgens Louw (1997:401), dikwels teleurstelling en vertwyfeling.
- *God as Outeur/Bedryfsingenieur*. Hierdie metafoer impliseer dat die mens geloof dikwels as 'n verklaringsbeginsel vir alle onverklaarbare raaisels gebruik. God moet instaan vir alle pynlike lewensmisteries. In laaste instansie is Hy dus die outeur van die kwaad en die verklaringsbeginsel van lyding. Dit kan tot neutraliteit en ongeloof by die individu lei.
- *God as Programmeerder/Rekenaar*. Met hierdie metafoer word die Raad van God as 'n logiese bloudruk vir menslike gedrag en die verloop van die geskiedenis geïnterpreteer. Van hierdie bloudruk kan nie afgewyk word nie omdat die lewe vooraf binne die uitverkiesende Raad van God geprogrammeer is. So 'n Godskonsep kan onsekerheid, angs en twyfel in die hand werk.

- *God as Towenaar*. Die indruk word gewek dat God Sy towerstaffie swaai en dan is alles reg. Daarmee word oppervlakkiglik te kenne gegee dat net geglo kan word en alle probleme sal verdwyn. 'n Valse optimisme word gewek.

In beginsel kom voorgemelde tweeledige onderskeiding tussen positiewe en negatiewe Godskonsepte neer op wat Louw (1997:400) in sy *kognitiewe geloofsgedrag-model* noem 'n onderskeid tussen *gesonde* en *patologiese* Godskonsepte. Hy praat ook van *toepaslike* en *ontoepaslike* Godskonsepte. Positiewe Godskonsepte assosieer hy met volwasse geloof, terwyl negatiewe Godskonsepte aan die term *infantiele geloof* gekoppel word.

Met die bespreking van die pastoraal-terapeutiese aanwending van Godskonsepte in Afdeling 4.1.4.3 word die voorafgemelde kategorisering van Godskonsepte prakties belig.

4.1.4.3 Pastoraal-terapeutiese aanwending van Godskonsepte

Gelowiges se eie Godskonsepte neem 'n beslissende plek by die hantering van godsdienstverwante probleme in. Wanneer God byvoorbeeld as 'n hardvotige tiran of 'n bestraffende regter beskou word, kan so 'n konsep van God 'n deurslaggewende faktor wees in die individu se geloofsinterpretasie van 'n bepaalde traumatiese lewensituasie.

Die onderskeid tussen positiewe en negatiewe Godskonsepte moet nie in 'n morele sin verstaan word nie. Dit gaan om die uitwerking daarvan op geloofsgedrag. Die reaksie wat mense op sekere Godskonsepte toon, kan 'n konstruktiewe uitwerking op hulle geloofsgedrag hê. Ander Godskonsepte kan weens hulle destruktiewe aard 'n ontwrigtende en remmende invloed op geloofsgedrag hê. In die geval van eersgenoemde word ook gepraat van gesonde Godskonsepte, terwyl na laasgenoemde as patologiese Godskonsepte verwys word. Met die oog op 'n pastorale diagnose wat later bespreek word, is dit meer noukeurig om na *toepaslike* en *ontoepaslike* Godskonsepte te verwys. In 'n pastorale diagnose gaan dit immers om die sinvolle funksie van Godskonsepte en hulle kwalitatiewe waarde. Daarby moet in aanmerking geneem word dat dieselfde metafoor vir God, byvoorbeeld *God as Vader*, een persoon se geloof kan bou terwyl dit

op die ander persoon se geloofsgedrag 'n remmende invloed kan hê, afhangende van die Godskonsep wat die bepaalde metafoor vir die persoon inhou.

Met inagneming van die voorafgaande word die pastoraal-terapeutiese aanwending van Godskonsepte krities bespreek.

a. Lydingspastoraat en geloofsgroei

By die praktiese implementering van Godskonsepte in die pastoraat verdien *lydingspastoraat* en *geloofsgroei* aandag.

- *Godskonsepte en lydingspastoraat.* Met betrekking tot die konsep *lyding* word daar by Louw (1982:1) se uitgebreide beskouing van die konsep aangesluit. Lyding van die mens is nie bloot in eksterne faktore soos 'n ongeneeslike siekte, 'n wrede ongeluk, 'n dreigende of onherstelbare verlies, 'n finansiële krisis of iets dergelyks geleë nie. Daar is ook interne faktore wat die mens se bestaan van binne bedreig soos spanning, depressie en angs vir die sinloosheid van die lewe.

Die taak van die pastor is om die lydende persoon te troos en van God se ontferminge bewus te maak. Prakties gesproke kom dit daarop neer dat die pastor sy gespreksgenoot moet begelei om God deur middel van sy Godskonsepte in sy lyding te integreer. Booth (1991:20-21) vestig die aandag daarop dat baie Christene herhaaldelik worstel om die konsepte van pyn en lyding met die liefde van God te versoen. Depoortere (1990:218) wys op die hegte verband tussen pasiënte se siening van God, met ander woorde hulle Godskonsepte, en hulle ingesteldheid teenoor lyding. Hieruit blyk hoe belangrik dit is om duidelikheid te verkry oor die bepaalde Godskonsepte wat by die lydende funksioneer. Wanneer die aksent byvoorbeeld swaar op *God as Regter* val, mag die idee van straf en skuld by die lydende persoon oorheersend wees. Wanneer die konsep van God as 'n Heerser of Koning kragdadig funksioneer, kan die lydende persoon sy krisis en beproewing as deel van God se beplanning met sy lewe ervaar. Wanneer God beskou

word as 'n Vader kan die lyding ervaar word as tugging omdat God die persoon wil louter, opvoed en leer (Louw 1997:115). By die lydende persoon wat God as 'n Towenaar sien, kan dit tot 'n valse optimisme lei. Dit mag dan vir die terapeut nodig wees om daarop te wys dat God nie noodwendig lyding laat verdwyn nie, maar dat dit in liefde en begrip gedeel word. Nouwen (1979:92) skryf in hierdie verband: "It is healing because it does not take away the loneliness and the pain of another, but invites him to recognize his loneliness on a level where it can be shared."

Die verband tussen lyding en mense se verstaan van God dui daarop dat solidariteit wat identifikasie kommunikeer (vgl die Vriendmetafoor in Figuur 4.1) oor 'n groter trooswaarde beskik as Godskonsepte wat op vergelding en straf dui. Hierdie stelling word nie alleenlik bevestig deur die navorsing van Van der Ven (1990) nie, maar ook deur die studie van Sarot (1995:189) wat skryf: ". . . when confronted with severe suffering, the conception of God that is psychospiritually most helpful views God as co-suffering". 'n Empatiese Godskonsep het aldus, pastoraal gesproke, 'n dieper trooswaarde as die voorstelling van God as rigied en onveranderlik.

- *Godskonsepte en geloofsgroei.* Daar word met die basiese hipotese gewerk dat toepaslike Godskonsepte die proses van geloofsvolwassenheid bevorder, terwyl ontoepaslike Godskonsepte die proses rem en uiteindelik tot geloofspatologie kan lei. Die feit dat ontoepaslike opvattinge oor God geloofsgroei rem, kan een van die redes wees waarom geloof dikwels nie sinvol in eksistensiële lewenskrisisse aangewend word nie.

Omdat positiewe Godskonsepte geloofsgedrag bou, word dit met volwasse geloof geassosieer. Dit versterk die ervaring van hoop, liefde, dankbaarheid en vreugde. Aan die ander kant neig negatiewe Godskonsepte om die ontwikkeling van geloofsgedrag te vertraag. Dit pen die gelowige op negatiewe gedagtes en emosies vas omdat hy dan nie daarin slaag om tot skuldbelydenis, hoop, lof en dankbaarheid te kom nie. Daarom word daar soms van infantiele geloof gepraat. Mense se toekomsverwagting word dan geblokkeer as gevolg van Godskonsepte wat eerder angst as vertrouwe, skuld as bevryding, en wanhoop as hoop bevorder.

Die pastor het dus die taak om wanneer hy ontoepaslike Godskonsepte met 'n remmende invloed op die gespreksgenoot se geloofsgedrag waarneem, die gespreksgenoot sodanig te begelei dat die ontoepaslike Godskonsepte na toepaslike Godskonsepte herstruktureer word. Deur sodanige aksie word geloofsgroei, met as eindproduk optimale geloofsvolwassenheid, in die hand gewerk.

b. Pastorale diagnose en herstrukturering van Godskonsepte

Pastorale sorg in lydingsverwerking en ook met die oog op geloofsgroei, behels onder meer die herstrukturering van die gespreksgenoot se Godskonsepte. Dit word logies voorafgegaan deur 'n pastorale diagnose wat die evaluering van die gespreksgenoot se Godskonsepte behels. Daar word gevolglik aandag geskenk aan 'n *pastorale diagnose* met betrekking tot Godskonsepte en die *herstrukturering* van Godskonsepte.

- *Pastorale diagnose*. Die pastoraat is wesentlik geïnteresseerd in die funksie en uitwerking van mense se Godskonsepte. Dit dwing die pastoraat tot 'n evaluasie van die toepaslikheid van gespreksgenote se Godskonsepte. Evaluering van Godskonsepte is egter 'n ingewikkelde saak. Volgens Miller (1994:342) is dit die punt waar bygeloof en afgodiese elemente kan insluip. Dit kan so maklik gebeur dat gelowiges die metafoer of voorstelling van God, byvoorbeeld *God as Vader*, gelykstel aan die werklikheid. Vir die vervulling van hierdie evaluasiefunksie is die maak van 'n pastorale diagnose van groot waarde. Die navorsing van De Jongh van Arkel (1987:19-21) bevestig hierdie stelling. In die maak van die pastorale diagnose neem die gespreksgenoot se Godskonsepte 'n belangrike plek in.

Die analisering van 'n gespreksgenoot se verstaan van God, ook *teo*-logiese analise genoem (sien Louw 1997:377), konsentreer op 'n ontleding van Godskonsepte wat óf 'n konstruktiewe funksie in geloofsgedrag kan vervul, óf 'n blokkerende faktor kan wees. In 'n pastorale diagnose word 'n Godskonsep disfunksioneel of ontoepaslik of patologies geag wanneer dit skynheiligheid, wettisisme en werklikheidsvreemdheid in die hand werk.

Lindijer (1990:9) verduidelik die norm vir patologie met betrekking tot Godskonsepte soos volg: "... een godsbeeld is verkeerd als het ons verkramp en onvry, onmenselijk of angstig maakt en als we er illusies door gaan najagen". Knelpunte met betrekking tot die praktiese uitvoerbaarheid van 'n diagnose kom in Afdeling 4.1.4.5 ter sprake wanneer die evaluering van Godskonsepte bespreek word.

- *Herstrukturering van Godskonsepte.* Cavannagh (1992:80) is oortuig dat individue se Godskonsepte tot baie van hulle probleme bydra as hy skryf: "In summary, a significant percentage of problems that people bring to ministers is caused, or at least is contributed to, by their unhelpful perceptions of God." Dan gaan hy voort deur daarop te wys dat dit die pastor se verantwoordelikheid is om die gespreksgenoot op te voed tot die besef dat sy ontoepaslike Godskonsepte deel is van sy probleem. Hy skryf: "When this occurs, it is the responsibility of a minister to educate people to the fact that their perception of God is part of their problem and not part of the solution" (Cavannagh 1992:80).

Deur die voorafgaande word geïmpliseer dat die pastor in die pastoraal-terapeutiese gesprek die Woord van God met betrekking tot die gespreksgenoot se problemsituasie sodanig moet vertolk dat die ontoepaslike Godskonsepte kognitief by die gespreksgenoot herstruktureer word om 'n toepaslike funksie te vervul. Vir die bereiking van hierdie doel is Frielingsdorf (1992:107) se voorstel van belang. Hy stel 'n paradigmaverskuiwing voor weg van bestraffende vergeldingskonsepte na liefdevolle kategorieë van Godskonsepte wat kreatiwiteit stimuleer. Daardeur kan die pastor dit vir hom as doelwit stel om sy gespreksgenoot te begelei om kognitief vanaf negatiewe Godskonsepte wat ontoereikende geloof tot gevolg het, na positiewe Godskonsepte wat toereikende geloof meebring, te beweeg.

Die herstrukturering van ontoepaslike na toepaslike Godskonsepte is geen eenvoudige taak nie. Dit vra onder meer 'n verandering in kernkonstrukte by die gespreksgenoot en kan gevolglik vir die betrokke individu uiters traumaties wees. Kernkonstrukte beklee 'n sentrale plek in die individu se persoonlikheidsfunksionering. Persoonlike konstrunkte en by implikasie kernkonstrukte wat volgens Stewart en ander (1981:24-25) die individu se geloof in God insluit, word in Afdeling

5.1.1.1 verduidelik. Die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte word verder bemoelijk deur die feit dat elke pastor sy eie persoonlike Godskonsepte huldig en dit 'n belangrike plek inneem in sy terapeutiese hantering van probleemsituasies. Hierdie aspek word in Afdeling 4.1.4.5 bespreek.

4.1.4.4 Identifisering van Godskonsepte

Identifisering van mense se Godskonsepte is 'n moeisame taak. Verskillende metodes is in die verlede aangewend. Die volgende kan onder meer kortliks gemeld word:

- *Nie-verbale meting van Godskonsepte.* Basset en ander (1990:73-81) rapporteer navorsing wat daarop gebaseer is dat 'n groep persone die instruksie gegee is om oor God na te dink waarna elkeen 'n prent moes teken oor sy voorstelling van God. Hierdie prente is volgens sekere kriteria in kategorieë verdeel en aan 'n ander groep individue voorgelê met die instruksie om die bepaalde prente waarmee hulle identifiseer, te kies. Op hierdie wyse kon insig verkry word in mense se konsepte van God.
- *Verhaalanalise.* In verhaalanalise is dit die terapeut of pastor se taak om te luister waar die Godskonsep in die verhaal sterk ter sprake kom. Louw (1997:389-390) bespreek ses tipes verhale wat met die identifisering van Godskonsepte nuttig kan wees, naamlik komiese, tragiese, romantiese, ironiese, dramatiese en terapeutiese verhale. Die vermelding van die Godsnaam of verwante temas soos die wil van God, Sy straf, of Sy genade, kan vir die terapeut aanduidend wees van Godskonsepte wat die gespreksgenoot huldig.
- *Analiserings van gebede.* Die rol van Godskonsepte in hospitaalpasiente se gebede is ondersoek. Grossoehme (1996:33) wys op hoe veral die aksie van God in pasiente se gebede 'n rol speel. Hulle verwag dat God vir hulle iets sal doen.
- *Repertoierrooster as metode van identifisering.* In die onderhawige navorsingstudie is

van die repertoierooster as metode vir die identifisering van Godskonsepte gebruik gemaak. Dit is 'n metode wat oorspronklik deur Kelly (1955:270-272) ontwikkel is vir gebruik in die kliniese psigologie en deur Van Jaarsveld (1986) aangepas is vir gebruik in die bedryfopsigologie. In die onderhawige empiriese ondersoek is die repertoierooster aangepas vir die identifisering van Godskonsepte. So ver vasgestel kon word, is dié metode nog nie vantevore vir ondersoeke in die teologie aangewend nie. Hoofstukke 5 en 6 werp meer meer lig op hierdie metode van ondersoek.

Die feit dat daar met die voorgemelde metodes vir die identifisering van Godskonsepte volstaan word, impliseer geensins dat dit die enigste metodes is wat vir dié doel in die verlede aangewend is, of in die toekoms aangewend kan word nie.

4.1.4.5 Evaluering van Godskonsepte

Met die oog op 'n effektiewe pastorale gesprek wend die pastor 'n poging aan om sy gespreksgenoot se verstaan van God te evalueer. In die soeke na kriteria om Godskonsepte te evalueer, moet uiters versigtig te werk gegaan word. Godskonsepte is 'n komplekse saak. Daar moet rekening gehou word met die vele fasette waarin God Hom in die Skrif openbaar. Kultuuropvattinge, kerklike konfessies en dogmas, lewensbeskouwlike vraagstukke en antropologiese voorstellinge speel verder 'n rol hierin. Die afleiding kan derhalwe gemaak word dat daar geen algemeen geldende Godskonsep, waardeur God volledig verstaanbaar en sinvol gekommunikeer kan word, bestaan nie.

Wanneer 'n pastorale diagnose met behulp van Godskonsepte gemaak word, moet onder meer met die volgende riglyne waarna Louw (1997:387-388) verwys, rekening gehou word:

- *Terapeut se eie Godskonsepte.* Elke terapeut besit sy eie unieke Godskonsepte wat 'n weergawe is van sy ervaring van God en dit wat God vir hom persoonlik beteken. Dit kan sy evaluering van die gespreksgenoot se Godskonsepte beïnvloed.
- *Terapeut se kerklike tradisie en dogmatiek.* Die terapeut se kerklike tradisie en

- dogmatiese oortuigings beïnvloed sy evaluering van die gespreksgenoot se Godskonsepte.
- *Sensitiwiteit vir gespreksgenoot se Godskonsepte.* Elke persoon se Godskonsepte is vir hom uniek en belangrik. Dit het hom tot so ver deur die lewe gedra. Wysiging van 'n persoon se Godskonsepte kan dus traumaties wees. Daarom moet die terapeut groot sensitiwiteit vir die gespreksgenoot se Godskonsepte openbaar.
- *Waak teen etiese evaluering.* Dit gaan nie om 'n goeie of slegte, 'n regte of verkeerde Godskonsep nie. Dit gaan veeleer om die vraag in watter mate 'n Godskonsep 'n konstruktiewe funksie in geloofsgedrag by die gespreksgenoot vervul.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die pastorale terapeut te alle tye daarvan bewus moet wees dat sy kriterium vir toepaslike Godskonsepte mag verskil van dié van sy gespreksgenoot. 'n Godskonsep wat aan 'n bepaalde metafoor gekoppel is, mag vir die terapeut besonder geloofopbouend wees, terwyl dieselfde metafoor met sy gepaardgaande Godskonsep vir die gespreksgenoot geheel en al onaanvaarbaar is. Uit die data van die empiriese ondersoek wat in Hoofstuk 6 geïnterpreteer word, blyk dat onder meer die metafore *God as Vader* en *God as Moeder* aan sulke uiteenlopende Godskonsepte gekoppel word.

4.1.5 Samevatting van basisteorie vir die pastorale praktyk

Die verbond as grondmotief vir die pastoraat konstitueer die vertrekpunt in 'n basisteorie vir die pastorale praktyk. Die verbond word as die mees omvattende hermeneutiese sleutel beskou om die Heilige Skrif vir die pastorale teologie oop te sluit. In die verbond openbaar God Hom as die God van wysheid, genade, liefde, lankmoedigheid en trou. Hy gee vir die mens om en maak daarom met die mens bemoeienis. Die eskatologie is inherent aan die verbond. Struktureel is die eskatologie van drieërlei aard: Dit is *gerealiseerde* eskatologie deurdat Jesus in Sy koms na die aarde die vervulling van die beloftes is. Dit is *presentatiewe* eskatologie omdat die eskatologiese handeling nie eksklusief in die toekoms geplaas kan word nie. Dit is *futuriese* eskatologie wat binne die belofte-in-vervulling-struktuur van die heil teleologies op die voleinding gerig is. Die teleologiese gerigtheid van die eskatologiese perspektief in die basisteorie gee doel en sin aan die pastorale bediening met betrekking tot onder meer lydingsverwerking, heiligmaking, geloofsgroei

en sinsontsluiting.

Die pastoraat bewerkstellig 'n ontmoeting met God in metaforiese sin. In die proses tree die pastor namens God op deurdat hy 'n vertolkingsfunksie vervul. Daardeur leer die mens sowel God as homself beter ken. Op hierdie wyse genereer die pastorale ontmoeting by die gespreksgenoot verandering wat realiseer in 'n konstitutiewe verandering, 'n agogiese verandering en heiliging van die menslike lewe. Dit word met die konstruktivisme se huiwering om verandering by die mens te inisieer gekontrasteer. Sentraal binne die gebeure van die pastorale ontmoeting is daar dus die radikale transformasie wat deur die Heilige Gees in die hart van die mens bewerkstellig word. Hierdie transformasie staan in hegte verband met Godskonsepte. Dit impliseer egter 'n paradigmaterskuiwing weg van 'n metafisies-ontologiese verklaringsmodel vir die wese van God na 'n kommunikatiewe metaforiese ontmoetingsmodel vir die verstaan van God binne kontekste.

In aansluiting by die metaforiese spreke oor God word die rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting krities ondersoek. 'n Aantal metafore vir God word in positiewe en negatiewe Godskonsepte gekategoriseer. Met die kategorisering blyk dit dat positiewe Godskonsepte 'n bemagtigingsinvloed op geloofsgedrag uitoefen, terwyl negatiewe Godskonsepte 'n remmende uitwerking op die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid tot gevolg het. In die lig hiervan kan Godskonsepte sinvol in die pastorale bediening geïmplementeer word, byvoorbeeld in lydingsverwerking en begeleiding tot geloofsgroei. In hierdie proses is dit nodig om negatiewe of ontoepaslike Godskonsepte wat by die gespreksgenoot werksaam is, te identifiseer en te herstruktureer. Met die diagnose en herstrukturering van 'n gespreksgenoot se Godskonsepte moet die pastorale terapeut daarteen waak dat sy eie kerklike konfessies, dogmas, kultuuroppvattinge en etiese kodes hom nie bevooroordeel maak met betrekking tot sy gespreksgenoot se Godskonsepte nie.

4.2 PRAKTYKTEORIE VIR DIE PASTORALE TERAPIE

'n Basisteorie op sigself loop gevaar om weens sy suiwer teoretiese aard in onbruik te verval. Dit

benodig 'n metode waarin aangedui word hoe die teologiese beginsels van die basisteorie in die praktyk toegepas kan word. Dit lei dan tot die ontwerp van 'n praktykteorie vir die pastorale bediening. Daarmee word 'n poging aangewend om die effektiwiteit en aktualiteit van die pneumatologiese interaksiegebeure tussen God en mens te verhoog.

In onderskeiding van 'n basisteorie beskryf Heyns en Pieterse (1990:23) 'n praktykteorie as 'n teorie wat reeds in die praktyk funksioneer of vir die praktyk bedoel is. Dill (1996:111) meen dat elke handeling in die praktyk 'n teorie as basis moet hê. Volgens hom beteken dit prakties dat sulke teorieë baie spesifiek van aard is. Met 'n praktykteorie wat vir die pastorale bediening bedoel is, word drie belangrike fasette met mekaar verbind en in perspektief geplaas. Dit is die gespreksgenoot wat in sy probleemsituasie hulp soek; die pastorale gesprek wat deur die pastor in die proses van hulpverlening gevoer word; en die bydrae uit die geesteswetenskappe, byvoorbeeld die psigologie.

Na analogie van Zerfaß (1974:166-169) se metodologiese model vir die korrigering van 'n Christelik-kerklike praxis (sien Figuur 2.1), word 'n praktykteorie in hierdie afdeling ontwerp. Die basisteorie word met die geanaliseerde situasie geïntegreer. Met die teologiese basisteorie as fondament word 'n praktykteorie ontwikkel in samewerking met ander hulpdisiplines. In die praktykteorie word die gegewens oor die pastorale teologie soos dit in die basisteorie verantwoord is, met 'n psigopastorale antropologie geïntegreer. Dit word gedoen met die oog op 'n gespreksmodel waarbinne die vraagstuk van 'n metode vir effektiewe kommunikasie van die heil aan die orde gestel word.

In hierdie afdeling word aan die hand van beskikbare literatuur standpunt ingeneem met betrekking tot 'n praktykteorie onderliggend aan pastorale terapie. Die verhouding tussen pastorale teologie en psigologie in die terapeutiese proses word bespreek. Die *eiesoortige aard van pastorale terapie* word aangetoon deur onder meer raakpunte en grense tussen pastoraat en psigologie te evalueer. Dit lei tot 'n onderskeiding tussen twee belangrike *terapeutiese benaderings*, te wete psigoterapie en pastorale terapie. Ten einde die mens in nood by te staan, benodig die pastorale terapeut 'n mensbeeld waardeur hy kan verstaan hoe die mens as persoon saamgestel is en funksioneer. 'n *Psigopastorale antropologie* vir die pastorale praktyk word dus

geformuleer. Vervolgens word die metodevraagstuk aan die orde gestel. As sulks word die pastorale gesprek bespreek. Daar word afgesluit met die postulering van 'n *gespreksprosedure* vir pastorale terapie.

4.2.1 Eiesoortige aard van pastorale terapie

In sy hulpverleningsmodel vir die pastoraat voer Heitink (1979:275) aan dat daar 'n terapeutiese moment in die pastorale relasie skuil. Hiermee spreek hy hom uit teen 'n volstreekte skeiding van pastoraat en terapie. Raakpunte tussen die twee dissiplines word dus geïmpliseer. Hy voer verder aan dat daar 'n evangeliese moment in die terapeutiese relasie aanwesig is. Hiermee pleit hy vir 'n onderskeiding van beide werkvoorpele. Grense tussen pastoraat en terapie word geïmpliseer.

- *Raakpunte tussen pastoraat en psigologie.* Thurneysen (1963:201-202) wys daarop dat ten einde die boodskap van vergifnis aan die gespreksgenoot te bring, dit vir die pastor nodig is om hom deur middel van die psigologie so goed as moontlik van sy gespreksgenoot se innerlike lewe te vergewis. Met die oog hierop het die pastorale sorg wel die psigologie nodig as 'n besondere hulpwetenskap. Hy verduidelik in hierdie verband: "Pastoral care, however, takes over the findings of psychology in order to place them in the service of the required proclamation of the Word" (Thurneysen 1963:209). As voorbeeld van so 'n bewering wys sowel De Klerk (1978:41) as Kotzé (1971:142) daarop dat die gespesialiseerde en relatief gestruktureerde gesprekstekniek wat Hiltner aanbied, aksente plaas op elemente wat groot waarde vir die pastorale terapie het. Hulle noem onder meer elemente soos die empatiese luisterhouding en die onvoorwaardelike aanvaarding van die gespreksgenoot. Verder word psigologiese kennis aangaande die gespreksgenoot, asook die dinamiek van positiewe en negatiewe gevoelens, genoem.
- *Grense tussen pastoraat en psigologie.* Daar het reeds in die verlede stemme opgegaan wat waarsku teen 'n vermenging van pastorale terapie en psigoterapie. So waarsku Thurneysen (1963:209): "The attempt to establish a 'Christian' psychology pursued by Christian scholars is senseless. As there is no Christian zoology or physics, there is no

Christian psychology either." Ook Mowrer (1961:60-61) rig so 'n waarskuwing as hy te kenne gee dat die kerke en seminariums hulle vroeëre jammerlike verwaarlosing van psigopatologie probeer korrigeer deur na die ander uiterste te oorreageer. Adams (1973:xviii; 1979:xiv) sluit hierby aan en pleit vir 'n Bybels-gefundeerde pastoraat. Wat Hiltner betref, meen De Klerk (1978:36) dat alle grense weggeveeg word en die sielsorg metodologies en op omvattende wyse met die psigoterapeutiese beraad identifiseer. Kotzé (1971:109) sien die eduktiewe model as 'n ywerige poging om die pastorale gesprek en die psigologiese "counselingsproses" in een te laat smelt. Ungersma (1961:150) skryf dat die tyd vir psigoterapie en godsdiens aangebreek het om grense te erken, om hulself aan te spreek met betrekking tot die grensgebied waar albei aktief optree om die seer van mense te genees.

Hoewel hy geensins die psigologie of die navorsing wat deur psigologie bedryf word, gering wil skat nie, bly die Woord van God vir Thurneyesen (1963:206) die primêre bron van kennis. Louw (1997:118) voer aan dat wanneer geloof teologie inruil vir empirie, dan verwar teologie sy unieke karakter as verstaan en vertolking van die heilsboodskap met algemene handelingswetenskaplike modelle in die geesteswetenskappe. Pastoraat is meer as die ontsluiting van innerlike menslike potensiaal. Indien die pastoraat met gesprekstegnieke volstaan en in lewenshulp opgaan, dan verloor dit sy eiesoortige dimensie van geloofsontwikkeling (Louw 1997:88).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat alhoewel daar raakpunte tussen pastorale terapie en psigoterapie bestaan, die grense wat die eiendomlike van elke dissipline afbaken, nie sonder meer uitgewis mag word nie. De Klerk (1975:8) vat die situasie op 'n besondere wyse saam wanneer hy beweer dat die verskil tussen pastorale terapie en psigoterapie in die intensie en die effek geleë is. Die pastorale terapeut se motief is pastoraal en op geloofsvergestalting gerig waardeur 'n psigohigiëniese effek bewerkstellig word. Die psigoterapeut se motief is psigologies en dus op psigoterapie gerig, hoewel hierdie psigoterapeutiese gerigtheid die moontlikheid van 'n religieuse effek nie uitsluit nie. Thurneyesen (1976:275) beskryf die verhouding tussen religie en terapie as 'n verhouding waarin die eiendomlike van elke werkvorm bly voortbestaan. Pastorale terapie moet 'n ander effek hê as bloot selfverstaan en -insig. In pastorale terapie setel 'n uniekheid, 'n

eiesoortigheid. Bonhoeffer (1985:30-35) spreek hom uit teen 'n pastorale benadering wat nie geloof en verlossing ter sprake bring nie, maar die pastorale gesprek tot advies in nood reduceer.

Wagenaar (1959:66) vind die onderskeid tussen die werk van die pastor en die werk van ander hulpaksies daarin dat die herderlike dimensie van die pastoraat die versoening van die mens met God as doelwit het. In aansluiting hierby meen Janse van Rensburg (1996:157-158) dat die pastoraat volledig van die genade-beginsel in 'n Bybelse antropologie behoort uit te gaan. Louw (1984:30) voeg hieraan toe dat die pastoraat die eskatologiese perspektief moet beklemtoon ten einde te voorkom dat die pastoraat sy eiesoortigheid opoffer terwille van 'n psigoterapeutiese populariteit. Dit bring verder mee dat die spanning tussen pastoraat en psigologie nie dualisties gesien word nie. Die eskatologiese perspektief laat nie 'n psigologiese reduksie toe nie. Aan die ander kant voorkom dit 'n teologiese reduksie. Die pastoraat bepaal perspektiwies die toespitsingspunt en funksie van die psigologiese gegewens. Dit beteken enersyds nie kompartementalisering van pastoraat en psigologie nie, maar andersyds ook nie grensuitwissing nie. Dit behels 'n samewerking met raakvlakke in die metodiek, die objek, die omvang en die waarheidsveld (Louw 1984:31).

4.2.2 Terapeutiese benaderings in die pastoraat

Met betrekking tot terapeutiese benaderings wat vir die pastorale bediening van besondere of direkte belang is, word daar tussen *psigoterapie* en *pastorale terapie* onderskei. Deur kritiese evaluering van 'n geselekteerde monster uit beskikbare literatuur (sien Blühm 1983:51; Coleman et al 1984:631-671; De Klerk 1975:8; Faber & Van der Schoot 1962:129-130; Klein Kranenburg 1988:36-38; Louw 1989a:3-7; Louw 1989b:501-662; Louw 1997:299-301; Meyer et al 1997:508-511; Papalia & Olds 1988:526-540; Plug & al 1989:268) word 'n vergelyking tussen psigoterapie en pastorale terapie in Tabel 4.1 aangebied.

Die kursoriese inhoud van Tabel 4.1 word aan die hand van die volgende opmerkings verder toegelig:

TABEL 4.1
VERGELYKING TUSSEN PSIGOTERAPIE EN PASTORALE TERAPIE

KATEGORIE	PSIGOTERAPIE	PASTORALE TERAPIE
Metodiek	Korreleer met bepaalde persoonlikheidsteorie	Promissioterapie wat met bepaalde vlak van geloofsvolwassenheid korreleer
Gespreksteknik	Dialogies Kommunikasie-georiënteerd	Triologies Verbondsmatig-kommunikatief georiënteerd
Antropologie	Mens is outonome wese Potensiaal tot selfrealisering	Geskape wese en dus afhanklik Charismatiese potensiaal vir geloofsrealisering
Doelwit	Psigiese volwassenheid	Geloofsvolwassenheid
Effek	Psigofisiese stabiliteit	Geloofstabiliteit
Konteks	Berader-kliënt-interaksie	Pastor-gespreksgenoot-interaksie

- *Metodiek.* Die psigoterapeutiese metode wat deur die terapeut gevolg word, korreleer met 'n bepaalde persoonlikheidsteorie. Die pastorale terapeut maak grootliks gebruik van promissioterapie wat met 'n bepaalde vlak van geloofsvolwassenheid korreleer.
- *Gespreksteknik.* Die gesprekstegnik in psigoterapie is hoofsaaklik dialogies en kommunikasiegeoriënteerd. In pastorale terapie is dit triologies en verbondsmatig-kommunikatief van aard.
- *Antropologie.* In sy basisteorie gaan die psigoterapie van die vooronderstelling uit dat die mens 'n outonome wese is wat oor inherente potensiaal tot selfrealisering beskik. Die pastorale terapie gaan in sy basisteorie van die antropologiese vooronderstelling uit dat die mens 'n afhanklike wese is wat oor charismatiese potensiaal met die oog op geloofsrealisering beskik.
- *Doelwit.* Psigoterapie is gerig op die herstel van die menslike selfbeeld binne relasies met die oog op psigiese volwassenheid. Pastorale terapie is gerig op verandering van die nuwe mens binne relasies met die oog op herstel van die pneumatiese dimensie van menswees en die ontwikkeling van geloofsvolwassenheid. Blühm (1983:51) meen uitdruklik dat die doel van sielsorg is om mense tot heiliging en vernuwing vanuit die heilgebeure te begelei.
- *Effek.* Die suksesvolle uitwerking van psigoterapie op die kliënt is psigofisiese stabiliteit.

Die geslaagde uitwerking van pastorale terapie op die gespreksgenoot is geloofstabyliteit wat vastigheid vind in die trou van God.

- *Konteks.* Die konteks waarbinne psigoterapie plaasvind, is die kommunikasienetwerk van die berader-kliënt-interaksie. Pastorale terapie geskied binne die kommunikasienetwerk van die pastor-gespreksgenoot(lidmaat)-interaksie.

Samevattend kom dit daarop neer dat daar tussen die psigoterapeutiese benadering en die pastoraal-terapeutiese benadering 'n perspektiewiese verskil bestaan. Die psigoterapie benader die mens fenomenologies vanuit 'n persoonse- en gedragsmatige perspektief. Daar word na die hoogste mate van selfrealisering en kongruensie van die persoonlikheid gesoek. Dit benader die mens vanuit 'n intra- en interpersoonlike perspektief en werk met die empiriese dimensie van kommunikasie en gedragspatrone. Pastorale terapie benader die mens openbaringsmatig vanuit 'n skeppings- en herskeppingsmatige perspektief. Dit beoog die hoogste mate van geloofsrealisering by die gespreksgenoot. Pastorale terapie benader die gespreksgenoot vanuit 'n eskatologiese perspektief en werk met die transendente dimensie van sinvelde. Psigoterapie het te doen met die mens se persoonlikheidsfunksies en probleme op intrapsigiese, interpersoonlike en kontekstuele vlak. Pastorale terapie het primêr te doen met probleme op transpsigiese vlak, rakende die mens se spiritualiteit en geloofsfunksies en sy verhouding tot God. Sowel die psigoterapie as die pastorale terapie lewer elkeen vanuit sy eiesoortige perspektief 'n belangrike bydrae en werk met die mens binne konkrete relasies.

4.2.3 Psigopastorale antropologie vir die pastorale praktyk

Die stelling word deur Louw (1997:153) gemaak dat 'n pastorale teologie sonder 'n duidelik omlynde teologiese antropologie die gevaar loop om nie met die konkrete mens in sy historiese konteks rekening te hou nie. Heitink (1979:84) bevestig die behoefte aan 'n antropologie vir die pastorale praktyk wanneer hy skryf: "Elk handelen dat zich richt op de mens wordt impliciet mee bepaald door het verstaan van die mens in anthropologische categorieën en vooronderstellingen." Hoe die pastorale terapeut sy gespreksgenoot hanteer, watter middele gebruik word en wat uiteindelik met 'n pastorale ontmoeting beoog word, hang nie net van die grondliggende

teologiese basisteorie af nie, maar ook van die bepaalde mensbeskouing wat hy huldig. Onder 'n pastoraal-teologiese antropologie verstaan Heitink (1979:109): ". . . een theologische anthropologie ten dienste van het pastoraat . . . die bewust aansluiting zoekt bij de resultaten van het onderzoek binnen de mens- en gedragswetenschappen en zich richt op een verstaan van de mens in empirische zin". Hy vind dit dus noodsaaklik dat daar in 'n pastorale antropologie kennis vanuit ander geesteswetenskappe gekombineer word met 'n Bybelse visie op die mens.

In Hoofstuk 2 is 'n literatuurstudie oor antropologie in dogmatiese konteks gedoen. Sekere beginsels wat daaruit getrek is, word in hierdie afdeling na analogie van Zerfaß se metodologiese model (sien Figuur 2.1) met 'n basisteorie (sien Afdeling 4.1), die eiesoortige aard van pastorale terapie (sien Afdeling 4.2.1) en bydraes uit die hulpwetenskappe geïntegreer. Dit lei tot die formulering van 'n psigopastorale antropologie vir die pastorale praktyk.

Ten einde te verstaan hoe die mens as geheel funksioneer, word daar van sekere strukturele konsepte gebruik gemaak. Sulke strukturele konsepte is voorstellings oor hipotetiese basiese eenhede of "werkende dele" waaruit die persoonlikheid bestaan, en wat op een of ander wyse saamwerk om gedrag te produseer (Meyer et al 1997:21).

In navolging van Victor Frankl (1967), soos deur Meyer en ander (1997:559) aangehaal, word daar uitgegaan van die beskouing dat die mens op drie bestaansvlakke funksioneer, naamlik 'n *liggaamlike*, 'n *psigiese* en 'n *spirituele* vlak. Hierdie drie onderskeidings word nie as afsonderlike komponente gesien nie, maar as verskillende dimensies van die individu wat in mekaar verweef is. Die mens bestaan dus as 'n liggaam-psige-spirituele-eenheid. In al sy gedragswyses tree die mens in sy totaliteit op. Heyns (1988:123) wys daarop dat die Bybel net één mens ken en dit is die mens wat in sy totaliteit van God afhanklik is. Hierdie totaliteit, asook die oorheersende belangrikheid van die spirituele dimensie, word deur Frankl (1975:28-29) as volg beklemtoon: "Wholeness . . . means the integration of somatic, psychic and spiritual aspects. Without the spiritual as its essential ground, this wholeness cannot exist."

In die lig van die voorafgaande uiteensetting word 'n teologiese antropologie vir die pastorale praktyk aan die hand van die *liggaamlike*, die *psigiese* en die *spirituele* dimensies van menswees

geformuleer.

4.2.3.1 Liggaamlike dimensie

Op die liggaamlike vlak het 'n neuroloog eenmaal die mens beskryf as "nothing but a complex biochemical mechanism powered by a combustion system which energizes computers with prodigious storage facilities for retaining encoded information" (aangehaal in Frankl 1969:21). In teenstelling met hierdie streng meganistiese en uitsluitend materialistiese beskouing handhaaf Heyns (1988:120-122) dat die liggaam nooit net 'n deel en allermins 'n minderwaardige deel van die mens aandui nie. Die liggaam is nie minderwaardig soos die antieke Grieke, in besonder Plato (sien Jordaan & Jordaan 1989:5, 11), beweer het nie. In die liggaam woon die Heilige Gees. "Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie?" (1 Kor 6:19). Met die begrip "liggaam" word in die Bybel die totale mens bedoel, maar dan veral die mens na sy uiterlike verskyning. Die liggaam is beslis die mens, maar as onlosmaaklike deel van die lewe dui die liggaam waarin die lewe tot gestalte kom, veral op die mens na sy buitekant (Heyns 1988:121). Vir die mens se lewe op aarde is sy liggaam onontbeerlik. Daarmee handel hy. Daardeur is hy van ander mense onderskeie. Nie alleenlik konstitueer die liggaam die mens se individualiteit nie, maar dit vorm ook sy kommunikasiemiddel met die wêreld en sy medemens.

Al sterwe die liggaam eenmaal, sal hy opstaan as 'n geestelike liggaam. 1 Korintiërs 15:44 bevestig dit met die woorde: "'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek." Heyns (1988:121) beklemtoon dat liggaamlikheid nie die alles van die mens is nie. Om te beweer dat die mens niks anders sou wees as die liggaamlike buitekant nie, is te veel gesê. Louw (1997:296) verwys na die ingeweftheid van die spiritualiteit in die menslike liggaam as hy skryf dat die liggaam die konkrete medium is waardeur God Sy teenwoordigheid op aarde via die Heilige Gees bekend maak. As tempel van die Heilige Gees, word die mens se liggaam 'n medium waardeur God die effektiwiteit van die heil in gedragsreaksies konkretiseer.

4.2.3.2 Psigiese dimensie

Op die psigiese vlak het die mens oorlewingsinstinkte en behoeftes, drange, intelligensie, geheue en ander vermoëns. Daar word aangesluit by die tradisionele onderskeiding wat die psigologie ten opsigte van die psige van die mens maak, te wete die *kognitiewe*, *affektiewe* en *konatiewe* komponente (sien Plug et al 1989:8, 181, 183).

- *Kognitiewe komponent.* Die kognitiewe komponent van die menslike persoonlikheid word deur Plug en ander (1989:181) beskryf as die prosesse waardeur kennis van 'n objek, saak of omgewing verkry word. Hierdie prosesse sluit waarneming, herkenning, verbeelding, redenering, beoordeling, herinnering, leer en denke in. Louw (1997:296) toon aan dat omdat die pastorale ontmoeting op die verandering van menslike denke gerig is, die kognitiewe komponent vir pastorale terapie van besondere belang is. Die kognitiewe komponent vertel die pastorale terapeut meer oor sy gespreksgenoot se standpunte, perspektiewe, opvattinge en lewensbeskouings. Kennis hiervan help met die evaluering van die gespreksgenoot se doelwitte en basiese lewensprioriteite.
- *Affektiewe komponent.* Die affektiewe komponent het op die individu se gevoelslewe betrekking. Dit verskaf inligting oor die onmiddellike innerlike gewaarwordinge en die uitwerking van gebeure op die mens se emosionele reaksies en behoeftes. Kaplan en ander (1994:276) wys daarop dat die terapeut sekere afleidings aangaande die gespreksgenoot se affektiewe belewenis uit sy gesigsuitdrukkings kan maak. Noukeurige waarneming deur die pastorale terapeut kan hom help om sy gespreksgenoot se gevoelens en emosies te verstaan. So kan hy kennis opdoen van die persoon se onmiddellike belewingswêreld.
- *Konatiewe komponent.* Die konatiewe komponent dui, volgens Plug en ander (1989:183), op aspekte en funksies wat met doelgerigte en willekeurige gedrag, asook die impuls om op te tree, verband hou. In besluitnemingsprosesse vervul nie alleenlik kognitiewe prosesse 'n belangrike funksie nie, maar ook die konatiewe komponent in die vorm van die wil om tot handeling oor te gaan. Louw (1997:296) meld dat menslike hartstog en

behoefte deel is van die konatiewe dimensie. 'n Analise van die gespreksgenoot se behoeftes en wense neem daarom 'n belangrike plek by die pastorale ontmoeting in. Dit help onder meer die pastorale terapeut om die motiewe agter sy gespreksgenoot se dade beter te verstaan.

Die voorafgaande psigiese komponente moet egter nie as afgebakende entiteite beskou word nie. Hulle funksioneer meestal gesamentlik as 'n eenheid.

4.2.3.3 Spirituele dimensie

Meyer en ander (1997:560) skryf: "Dit is eers wanneer die mens se derde bestaansvlak, die geestelike dimensie, in oënskou geneem word dat die ware aard van die mens duidelik word." Met sy opmerking "man is spirit" beklemtoon Frankl (1967:63) die spirituele dimensie van die mens. Sou menslike gedrag slegs vanuit die nie-spirituele dimensie, dit wil sê vanuit die liggaamlike en psigiese dimensies, bestudeer word, word 'n onvolledige en skewe beeld van menswees verkry. Volgens Frankl (1959:154) is die mens primêr daarop ingestel om sin in sy lewe te vind. Hy skryf: "Man's heart is restless unless he has found, and fulfilled, meaning and purpose in life" (Frankl 1969:31). Hierdie strewe is, volgens hom, sterker as enige ander vorm van motivering. Frankl se lewensfilosofie wat behels dat die lewe onvoorwaardelike sin het, vorm die onderbou van sy antropologiese beskouing. Die mens is 'n wese wat die sin van die lewe kan ondersoek. Hy kan die sin in die lewe ook soek en vind en dit verantwoordelik in sy lewe vergestalt, selfs in lyding en die dood (Frankl 1978:42-43). Slegs in die belewing van werklike sin in die lewe is die mens volledig mens. Eers dan het die mens geword wat hy veronderstel is om te wees.

Die mens word moreel aangespreek, beweer Frankl (1969:52), "through the conscience of the human person". As die mens aan morele opdragte wat tot sy gewete kom, gehoor gee, ervaar hy sin. In ooreenstemming hiermee skryf Louw (1997:297): "Ten diepste word die kwaliteit van die mens se bestaan bepaal deur die doelwitte en waardesisteme wat hy nastreef." Daar word derhalwe in die lig daarvan dat die mens in Afdeling 2.4.3 as 'n verhoudingswese beskryf word

wat in besonder in 'n verhouding tot God staan, 'n *normatiewe komponent* tot die menslike persoon toegevoeg. Die normatiewe komponent in die persoonlikheidsstruktuur van die mens konstitueer die integrasiepunt tussen die liggaamlike en die psigiese dimensies. Daardeur word die mens tot 'n sedelike wese gestempel en word 'n etiese dimensie aan sy menslike bestaan verleen.

Die pastorale terapie wil binne die mens se normatiewe komponent 'n wysiging aanbring sodat die mens as 'n sedelike wese deur God se bestemmingsfunksie vir die lewe gerig word. In hierdie sin speel die teleïtiewe dimensie 'n deurslaggewende rol in menslike gedrag. Normatiewe koppelgewete en waardes sodat die mens se bestaan 'n gerigtheid kry wat die proses van singewing beïnvloed. As beeldraer van God wat sy lewe aan Christus normeer, kan hierdie normatiewe komponent in die menslike persoonlikheid nie geïgnoreer word nie.

Samevattend word die antropologiese struktuur van die menslike persoon beskou as 'n integrasie tussen verskillende strukturele komponente. Die psigopastorale antropologie gaan van die veronderstelling uit dat die mens 'n etiese wese is. Sy liggaamlike, kognitiewe, affektiewe en konatiewe funksies word deur gekose gedrag en lewenswaardes waarin die normatiewe komponent 'n verdere belangrike funksie vervul, gerig. In die konteks van die *pastorale gespreksprosedure* wat in Afdeling 4.2.4 aan die orde gestel word, verkry elkeen sy besondere funksie.

4.2.4 Gespreksprosedure vir die pastorale praktyk

Die ontwerp van 'n gespreksprosedure vir pastorale terapie as deel van 'n praktykteorie word in hierdie afdeling aan die orde gestel. Die gegewens van 'n pastorale basisteorie (Afdeling 4.1) en 'n psigopastorale antropologie (Afdeling 4.2.3) word geïntegreer ten einde 'n gespreksprosedure vir die hantering van eksistensiële probleemsituasies en die effektiewe kommunikasie van die heil met die oog op geloofsgroei, te formuleer. Met die ontwerp van 'n gespreksprosedure vir pastorale terapie is handhawing van die eiesoortige aard van die pastorale gesprek, soos in die literatuur beskryf, belangrik.

4.2.4.1 Eiesoortige aard van pastorale gespreksprosedure

Volgens Faber en Van der Schoot (1962:136) is die eiesoortigheid van die pastorale gesprek daarin geleë dat dit gevoer word omdat die Kerk - en deur die Kerk dus Christus - daartoe opdrag gee. Tacke (1975:89) skryf: "Es ist die Meisterschaft des Heiligen Geistes, die die Sorge des Menschen mit der Seelsorge Gottes verbindet, so dass sie dialogisch mit einander kommunizieren." Vir hom gaan dit in die pastorale gesprek daarom dat die mens in sy nood en die boodskap van die evangelie, deur middel van 'n begeleidingsproses by mekaar moet uitkom. Al kan die pastorale gesprek oor uiteenlopende sake gaan, is die besondere van die pastorale gesprek dat mense met die evangelie gekonfronteer word. Die sentrale doelstelling van die pastorale gesprek is om mense te troos sodat hulle sinvol kan lewe. Benner (1992:27-28) sien die saak so: "The master goal of pastoral counseling is the facilitation of spiritual growth. This involves helping people and their lives in the light of their relationship to God and then to live more fully in this relationship."

Onder invloed van die psigologie het die klem in die pastorale gesprek egter grootliks verskuif na insig, katarsis, verbalisering, empatie, relasiebou en kognitiewe herstrukturering. Die begeleidingskomponent van die pastorale gesprek word met die oog op die mensword van die persoon sterk beklemtoon. Estadt (1983:21) beskryf pastoraat as "a process of humanization: a person becoming fully functioning, free, consciously aware, responsible, and loving in the product of the process". Vir hom is die doel van die pastorale beraad om die persoon te help om sy eie besluite te formuleer en die geldigheid van sy besluite te toets. Vir Blom (1981:62) het die aspek van verandering binne relasies in die pastoraat besondere betekenis. Volgens Johnson (1953:73) is die pastorale beraad "a responsive relationship arising from expressed need to work through difficulties by means of emotional understanding and growing responsibility". Vir Benjamin (1973:48) moet die helpende gesprek daartoe bydra om die persoon 'n ervaring van selfontdekking te gee asook om 'n verandering te genereer wat vir die persoon self sinvol kan wees. In terme van May (1980:61) se omskrywing gaan dit in die pastorale gesprek binne die meer psigologies-georiënteerde benadering om selfontdekking: "It is the function of the counselor to assist the counselee to find his real self, and then to help him to have courage to be his self."

In reaksie teen die kerugmatiese model in die pastoraat sluit gespreksmodelle by die gedagte van liefdevolle aanvaarding en empatie aan. In hierdie verband moet Van der Merwe (1977:131) se waarskuwing egter ernstig opgeneem word. Hy wys daarop dat empatie nie as simpatie verstaan moet word nie. Dit is 'n verstaansproses deur verplasing binne die ander persoon se verwysingsraamwerk met die oog op warmte en nabyheid. Rogers (1980:142) gee die volgende beskrywing van empatiese luister: "It means entering the private perceptual world of the other and becoming thoroughly at home in it. It involves being sensitive . . . to the changing felt meanings which flow in this other person . . . he or she is experiencing."

4.2.4.2 Model vir gespreksprosedure

In die psigoterapeutiese model wat Taylor (1991:8) aanbied, gaan dit om verandering in die persoon se denke en houding. Hy verdeel die proses in drie fases, te wete verkenning, verstaan en handel. Die fasemodel wat Egan (1994:22-41) voorstel, is daarop ingestel om die gespreksgenoot te help om effektiewe probleemhanteringsgedrag aan te leer. Die gespreksgenoot word begelei om probleme op 'n konstruktiewe wyse aan te pak deur onontwikkelde en onbenutte bronne en geleenthede te benut. Louw (1997:411) is egter van mening dat Egan se model nie sonder meer op die pastorale gespreksituasie toegepas kan word nie. Die noodsaaklikheid van wysiging word gesien teen die agtergrond daarvan dat die pastorale antropologie van 'n psigologiese antropologie verskil. Met gebruikmaking van vier basiese antropologiese komponente, naamlik die affektiewe, kognitiewe, konatiewe en normatiewe, kom Louw (1997:411-415) tot die ontwerp van 'n eiesoortige gespreksmodel. In Fase 1 word op kontakbou en selfverstaan gekonsentreer. Fase 2 fokus op probleemanalise en perspektiefontwikkeling. In Fase 3 gaan dit hoofsaaklik om besluitneming, doelwitformulering en programontwerp. Fase 4 staan sterk in die teken van sinontwerp en geloofsontwikkeling.

Met inagneming van die voorafgaande literatuurbeskrywing en in besonder die fasemodelle van Taylor (1991), Egan (1994) en Louw (1997), word 'n model vir die pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies in Figuur 4.2 gepostuleer.

STADIUM 1: PROBLEEMSITUASIE	
ONAAANVAARBARE PROBLEEM WORD GEÏDENTIFISEER	
STAP 1	IDENTIFIKASIE: Bespreek feite van die probleem en onbenutte geleenthede.
STAP 2	STRUIKELBLOKKE: Raak ontslae van belemmerende verwysingsraamwerk.
STAP 3	PRIORITEITE: Bepaal prioriteite vir hantering van probleme en komplekse.
STAP 4	GELOOFSTATUS: Evalueer rol van godsdiens by die probleem en geloofstatus.

|



STADIUM 2: GEWENSTE SITUASIE	
VISUALISEER SCENARIO NA SUKSESVOLLE PROBLEEMHANTERING	
STAP 1	MOONTLIKHEDE: Visualiseer wat moontlikhede is vir 'n beter scenario.
STAP 2	DOELWITTE: Kies realistiese moontlikhede en omskep dit in doelwitte.
STAP 3	BINDING: Identifiseer aansporingsmiddels wat nastreef van doelwitte bevorder.
STAP 4	GELOOFSIDEAAL: Visualiseer geloofsvolwassenheid na probleemhantering.

|



STADIUM 3: AKSIEBEPLANNING	
ONTWIKKEL AKSIEPLANNE VIR REALISERING VAN GESTELDE DOELWITTE	
STAP 1	IDEËBERAAD: Met ideëberaad ontwikkel strategieë vir bereiking van doelwitte.
STAP 2	STRATEGIEË: Kies strategieë wat geskikste vir bereiking van doelwitte is.
STAP 3	AKSIEPLANNE: Formuleer gedetailleerde aksieplanne vir gekose strategieë.
STAP 4	GELOOFSAKSIES: Ontwikkel aksieplanne vir realisering van geloofsideaal.

|



STADIUM 4: PASTORALE NASORG	
VOORTGESETTE BEMOEIING NA AFLOOP VAN AKTIEWE TERAPIE	
STAP 1	OPVOLGBESOEKE: Opvolgbesoeke om moontlike probleme te hanteer.
STAP 2	UITNODIGING: Uitnodiging om kwellinge en probleme te bespreek.
STAP 3	HUISBESOEK: Wees gedurende huisbesoek sensitief vir probleemsituasie.
STAP 4	GROEPWERK: Inskakeling in gemeentelike groepwerk bevorder geloofsgroei.

FIGUUR 4.2: Model vir pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies.

In die model vir die pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies wat kursories in Figuur 4.2 geïllustreer word, word spesiale aandag geskenk aan die rol van godsdiens en geloofsgroei met die oog op die bereiking van optimale geloofsvolwassenheid. Die model bestaan uit vier stadia. Elke stadium word in vier stappe wat logies op mekaar volg, onderverdeel. 'n Sinoptiese verduideliking van elke stadium werp meer lig op die voorgestelde gespreksprosedure.

- *Stadium 1: Probleemsituasie.* In hierdie stadium word met die betrokke onaanvaarbare probleemsituasie gehandel. Deurdat die gespreksgenoot sy storie vertel, word die probleem geïdentifiseer. Struikelblokke soos 'n destruktiewe verwysingsraamwerk waardeur hy in 'n selfvernietigende denkpatroon vasgevang is, word geïdentifiseer. Indien meer as een probleem na vore kom, word prioriteite bepaal, asook watter deel van die probleem eerste aandag verg. Die plek wat godsdiens in die probleemsituasie beklee, asook die geloofsvolwassenheid van die gespreksgenoot, word geëvalueer en bespreek.
- *Stadium 2: Gewenste situasie.* Hierdie stadium handel met die begeerde scenario. Die gespreksgenoot word bygestaan met die visualisering van doelwitte gebaseer op 'n begrip van sy probleemsituasie en beskikbare geleenthede. Antwoorde word gesoek op vrae soos wat hy werklik begeer, hoe die lewe sal wees as geleenthede benut is en die probleem suksesvol hanteer is. Realistiese moontlikhede wat in lewensvatbare doelwitte omskep kan word met die oog op uitvoerbare aksieplanne, word gekies. Dit is essensieel dat die gespreksgenoot hom aan sy doelwitte verbind. Ter versterking van die verbinding word aanspormingsmiddels geïdentifiseer. Die pastorale terapeut begelei sy gespreksgenoot met die visualisering van sy geloofslewe nadat suksesvolle hantering van die probleemsituasie plaasgevind het.
- *Stadium 3: Aksiebeplanning.* Die gespreksgenoot word gedurende 'n ideëberaad bygestaan met die ontwikkeling van strategieë vir aksie met die oog op die bereiking van doelwitte wat in Stadium 2 gestel is. Die gegenereerde strategieë word in terme van hulle realisme en die gespreksgenoot se waardesisteem geëvalueer. Hiervolgens word die geskikste strategieë vir die bereiking van die doelwitte, gekies. Met bystand van die pastorale terapeut word die gekose strategieë vervolgens in aksieplanne, wat stap vir stap

uiteengesit word, geformuleer. Realistiese tydskedules word daaraan gekoppel. Die proses sluit ook die ontwikkeling van aksieplanne met betrekking tot die gespreksgenoot se geloofsideaal so ver dit die onderhawige probleemsituasie raak, in.

- *Stadium 4: Pastorale nasorg.* Nadat die probleemsituasie hanteer is, staan die pastorale terapeut steeds sy gespreksgenoot by vir in geval van 'n hernude manifestasie van dieselfde of 'n soortgelyke probleemsituasie voorkom, asook met die oog op geloofsopbou. Dit word gedoen deur gereelde opvolgbesoeke, uitnodiging om die terapeut onmiddellik te spreek indien nodig en sensitiwiteit gedurende formele huisbesoek vir moontlike manifestasies van die probleem. Deur die gespreksgenoot by groepe in die gemeente in te skakel, kan hy nie alleenlik nuttig aangewend word nie, maar kan dit ook bydra tot sy ontwikkeling na psigiese en geloofsvolwassenheid.

In die voorafgaande gespreksprosedure kan verskillende gesprekspatrone wisselend na vore tree, afhange van die pastorale terapeut se belangstelling en vaardighede, asook die situasie. Dit sluit onder meer in empatiese aanvaarding, vraag en antwoord, ondersteuning en bemoediging, konfrontasie en vermaning, raadgewing en organiese Skrifgebruik. Met die bespreking van die rol van Godskonsepte in die pastorale proses in Hoofstuk 7 word 'n aanvullende model vir pastorale gespreksvoering gepostuleer. Dit sluit nou aan by die gespreksprosedure soos in Figuur 4.2 uiteengesit.

4.3 SAMEVOEGENDE REFLEKSIE OP 'N BASIS- EN PRAKTYKTEORIE

'n Basisteorie verwoord 'n kritiese, ideële, normatiewe teologiese teorie wat die praktykteorie ten grondslag lê. As sulks besit dit 'n kritiese funksie wat normatief inwerk op die ontwikkeling van 'n praktykteorie. In die onderhawige basisteorie word relevante teologiese materiaal rondom die tema van Godskonsepte in die pastorale terapie georden.

Daar word aangevoer dat die verbond die grondmotief vir die pastoraat is. Deur die verbond word God se bemoeienis met die mens gewaarborg. Dit toon Hom as 'n alwyse, liefdevolle,

genadige en lankmoedige God wat in Sy trou vir mense omgee. In die lig van God se verbondsbeloftes word die mens opgeroep om nou reeds blymoedig daaruit te leef. In hierdie proses is die pastor die bemiddelende verbondskommunikator wat die heil aan noodlydende mense vertolk. 'n Inherente eskatologiese perspektief is in die verbond aanwysbaar. Vanuit die *alreeds-* en *nog-nie-*perspektief word die eskatologie as 'n gerealiseerde, presentatiewe en futuriese eskatologie getipeer. In hierdie verband sluit dit in die pastoraat nou aan by momente van onder meer lydingsverwerking, sinsontsluiting en geloofsgroei. God word aangetoon as die God wat trou bly aan Sy beloftes.

Die pastoraat word as 'n metaforiese ontmoeting tussen God en die mens beskou. Die gesprek wat in hierdie ontmoeting plaasvind, is dialoogies van aard deurdat God die Derde Faktor is. Die pastor vervul daarin 'n vertolkingsfunksie. Dit verg 'n paradigmaterskuiwing met betrekking tot Godskonsepte. Die wese van God word as gevolg van hierdie paradigmaterskuiwing nie alleenlik in terme van abstrakte metafisies-ontologiese terme verklaar nie, maar ook in kommunikatiewe metaforiese terme binne kontekste. In die lig van die paradigmaterskuiwing na 'n kommunikatiewe metaforiese ontmoetingsmodel waarin God se betrokkenheid binne kontekste van menslike ervaring in berekening gebring word, word die rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting aangedui. Daar word tussen toepaslike en ontoepaslike Godskonsepte onderskei. Eersgenoemde het 'n konstruktiewe uitwerking op mense se geloofsgedrag. Laasgenoemde kan weens hulle destruktiewe aard 'n remmende en ontwrigtende invloed op geloofsgedrag tot gevolg hê.

Met inagneming van die krities-normatiewe funksie van die basisteorie, word in samewerking met die psigologie, 'n praktykteorie vir pastorale terapie ontwikkel. Te midde van die feit dat daar raakpunte tussen pastoraat en psigologie bestaan, besit pastorale terapie 'n eiesoortige aard. In laaste instansie kom dit daarop neer dat, weens die eskatologiese perspektief van die pastoraat, daar tussen die psigoterapeutiese en die pastoraal-terapeutiese benaderings 'n perspektiewese verskil bestaan.

Die perspektiewese benadering in pastorale terapie word grootliks bepaal deur die psigopastorale antropologie wat die terapeut huldig. Daar word aangesluit by die tradisionele beskouing van die

psigologie wat die liggaamlike, kognitiewe, affektiewe en konatiewe komponente as deel van menswees beskryf. Hieraan word kragtens die etiese gerigtheid van die mens 'n normatiewe komponent toegevoeg. As beelddraer van God kan hierdie normatiewe komponent nie geïgnoreer word nie.

In aansluiting by die krities-normatiewe funksie van die basisteorie en die perspektiwiese invloed van die psigopastorale antropologie, word 'n eiesoortige pastorale gespreksprosedure vir pastorale terapie geformuleer. In dié prosedure, wat gerig is op die pastoraal-terapeutiese hantering van probleemsituasies, kry die noodlydende se geloofstatus, geloofsideaal, geloofsaksies en graad van geloofsvolwassenheid 'n prominente posisie.

HOOFSTUK 5

INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA OOR GODSKONSEPTE

By die insameling van empiriese data oor die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie moet met die konstrueteoretiese benadering rekening gehou word. Enersyds word na sekere begrippe eie aan die persoonlikekonstruk-teorie verwys. Andersyds word 'n aangepaste vorm van die tegniek wat Kelly (1955:270-272) vir die identifisering en evaluering van persoonlike konstruete ontwerp het, in die empiriese ondersoek gebruik. In die lig hiervan is dit noodsaaklik dat 'n sinoptiese oriëntering ten opsigte van sowel die persoonlikekonstruk-teorie as die repertoierrooster as navorsingstegniek aangebied word. Die *konstrueteoretiese benadering* word dus eers verduidelik. Daarna word die *insameling van empiriese data* bespreek.

5.1 KONSTRUKTEORETIESE BENADERING

Bewus of onbewus het elke mens 'n lewens- en wêreldbeskouing. Volgens De Klerk (1998b:86) is dit 'n sisteem van opvattinge, norme en reëls van wat behoort en nie behoort nie. Dit is denkpatrone en gedragpatrone, prioriteite, afkere en voorkere. Meestal sluit dit ook gedagtes oor God in. Kopp (1994:14) meen dat elke persoon se identiteit die resultaat is van die mites, rituele en gepaardgaande oorleweringe van kultuur, tesame met die verhale van sy eie geskiedenis. Procter en Parry (1978:160) wys op verhoudings binne die gesin asook die wyer sosiale proses se invloed op die ontwikkeling van die kind se konstruksisteem. Allport (1963:264-265) erken die feit dat elke individu se vorige relasies met die wêreld sy emosionele disposisies soos geaardheid, neigings en sy eie verwagtings van die toekoms saamdra. Hy verwys daarna as *prosepsie*. Met hierdie term wat hy van die filosoof Justus Buchler (1955:114) leen, bedoel hy alle invloede wat tussen sensoriese waarneming en die gevolglike handeling intree. Die mens skep vir hom orde in die wêreld deur met bemiddeling van die leerproses eenvoudige abstraksies van die wêreld te maak. Hierdie abstraksies, beweer Pask (1961:21-22), is 'n private beeld, maar dit

help die mens om met sy omgewing te handel en dit te verstaan. Dit word ook *persoonlike konstruksie* genoem.

5.1.1 Persoonlikekonstruk-teorie

Die Amerikaanse kliniese psigoloog, G A Kelly (1905-1967), het as uitvloeisel van sy kognitiewe psigoterapie sy persoonlikekonstruk-teorie bekend gestel in werke soos *The psychology of personal constructs* (1955), *A theory of personality* (1963) en *Clinical psychology and personality* (1969). Volgens hierdie teorie word die individu se gedrag deur sy persoonlike konstruksie en sy konstruksistiem bepaal. Dit handel onder meer oor basiese filosofieë wat die mens oor ander persone en situasies huldig.

Elke mens streef om sin uit sy wêreld te maak. Met hierdie doel voor oë ontwikkel en herontwikkel hy 'n onuitgesproke teoretiese raamwerk wat sy persoonlike konstruksistiem is. In terme van hierdie sistiem leef hy, antisipeer hy gebeurtenisse, bepaal hy sy gedrag en vra sy vrae. Sulke teorieë mag verbaal, nie-verbaal of pre-verbaal wees. Hulle mag idiosinkrasies wees of algemeen gehou word. Hulle is egter teorieë in die sin dat hulle netwerke van singewing is waardeur mense die heelal of situasies waardeur hulle beweeg, sien en hanteer. Elke mens het baie sulke onuitgesproke oortuigings of teorieë oor byvoorbeeld biljart, liefdesaangeleenthede, kinders, of oor God. Daar word na hierdie teorieë as die persoon se persoonlike konstruksie verwys. Op hulle beurt is hierdie kleiner teorieë gekoppel aan die oorkoepelende teorie wat 'n persoonlike konstruksistiem genoem word (Fransella & Bannister 1984:2).

5.1.1.1 Persoonlike konstruksie

Elke mens beleef die wêreld as 'n warboel van situasies en feite. Procter en Parry (1978:157) beskryf Kelly se teorie as 'n teorie van persoonlike betekenis. Dit bied 'n verklaring vir die proses waardeur 'n mens sin uitmaak van die wêreld waarin hy leef. Kelly beskryf hierdie situasies of belewenisse as *gebeurtenisse* en die kognitiewe voorstellings van gebeurtenisse in die individu se

omgewing as *persoonlike konstrunkte*. "Man looks at his world through transparent patterns or templates which he creates and then attempts to fit over the realities of which the world is composed . . . Let us give the name constructs to these patterns that are tried for size. They are ways of constructing the world" (Kelly 1955:8-9).

Die persoonlikekonstruk-teorie is gebaseer op die filosofiese benadering dat elke mens oor die vrye wil en kognitiewe vermoë beskik om 'n gebeurtenis in sy omgewing op verskillende maniere te beleef en te interpreteer. Kelly (1970:1) vat hierdie vermoë as *konstruktiewe alternatiewe* saam deur as volg daarna te verwys: ". . . what nature may be, or howsoever the quest for truth will turn out in the end, the events we face today are subject to as great a variety of constructions as our wits will enable us to contrive". Vir hom is daar nie 'n enkele, absoluut korrekte manier waarop die wêreld of enige aspek daarvan deur alle mense vertolk word nie. Mense mag wel dieselfde gebeurtenisse beleef, maar elkeen interpreteer hierdie gebeurtenisse subjektief en dus op heeltemal verskillende maniere. Daarom is daar nie net een geloof wat vir alle mense onbetwisbaar korrek is nie. Met die resultate van die empiriese ondersoek wat in Hoofstuk 6 gerapporteer word, kom die betekenis van konstruktiewe alternatiewe met betrekking tot Godskonsepte by individue in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus sterk na vore.

Kelly onderskei by persoonlike konstrunkte twee soorte eienskappe, naamlik *algemene* en *formele* eienskappe (sien Hjelle & Ziegler 1983:329-331; Möller 1995:139-140; Smith & Vetter 1982:241-242). Alle persoonlike konstrunkte besit die volgende *algemene* eienskappe: Hulle is bipolêr, gelyksoortig, eiesoortig en veranderlik. Ook is hulle in 'n hiërargiese orde met mekaar geskakel sodat die individu se keuse van een konstruk sy verdere keuse van ander toepaslike konstrunkte beïnvloed. Sekere *formele* eienskappe is kenmerkend van alle persoonlike konstrunkte (Hjelle & Ziegler 1983:329). Dit lei tot die uniekheid van persoonlike konstrunkte (Möller 1995:141). Formele eienskappe van persoonlike konstrunkte is: 'n geskikheidsomvang, geskikheidsfokus en grade van deuringbaarheid.

Ofskoon daar op grond van hulle algemene en formele eienskappe ooreenkomste tussen persoonlike konstrunkte bestaan, kan daar tog verskillende tipes onderskei word volgens die aard van beheer wat hulle stilswyend oor die elemente uitoefen (Hjelle & Ziegler 1983:329-331; Möller

1995:142-143). Hulle verskil dus met betrekking tot funksie. In die onderhawige navorsingstudie is veral *kernkonstrukte* in onderskeiding van *randkonstrukte* van wesenlike belang. Elke mens se persoonlike konstrunkte is in 'n hiërargiese sisteem saamgebind. Om hierdie rede word daar tussen hoërorde- en laerordekonstrukte onderskei. *Kernkonstrukte*, waarvan die meeste mense vier tot ses in getal het, behoort tot die boonste klas van hoërordekonstrukte (Stewart et al 1981:24-25). Met kernkonstrukte word bedoel konstrunkte wat sentraal in die individu se persoonlikheidsfunksionering staan, byvoorbeeld die individu se geloof in God. Hierdie tipe konstrunkte verander nie maklik nie. Verandering van 'n individu se kernkonstrukte kan vir die betrokke individu baie traumaties wees. In die hiërargie van die individu se persoonlike konstruksisteem behoort *randkonstrukte* tot die laerordekonstrukte. Hulle is verder van die wese van die mens geleë. In vergelyking met kernkonstrukte is randkonstrukte van veel minder belang. Verandering in dié konstrunkte het relatief min invloed op die individu se geaardheid.

Samevattend kom dit daarop neer dat elke persoon se konstruksisteem uniek is: "Persons differ from each other in their construction of events" (Kelly 1955:55). Elke persoon konstrueer die realiteit deur sy eie unieke bril. Die verskil tussen mense is daarin geleë dat hulle gebeurtenisse uit verskillende perspektiewe konstrueer. Die realiteit vereis van die mens om voortdurend sy persoonlike konstruksisteem te evalueer ten einde die betroubaarste voorspellings van gebeurtenisse te verseker. Dit volg dan dat die konstruksisteem verander in verhouding met sy onvermoë om die gevolge van gebeurtenisse korrek te antisipeer.

5.1.1.2 Psigopatologie

Die persoonlikekonstruk-teorie verklaar psigopatologiese gedrag as die volgehoue gebruik van persoonlike konstrunkte wat foutief of ontoepaslik is en wat tot 'n foutiewe konstruering van die realiteit lei. In dié geval toon die individu 'n onvermoë om toekomstige gebeurtenisse akkuraat te voorspel en gevolglik is hy nie opgewasse teen die eise van die wêreld nie. Dit lei tot die beleving van ang, bedreiging, vrees en vyandigheid. Hierdie aangeleentheid is relevant wanneer die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte in Hoofstuk 7 bespreek word.

5.1.1.3 Psigoterapie

In terme van die persoonlikekonstruk-teorie is die ontwikkelingsproses van die persoonlikheid primêr die vorming van persoonlike konstrunkte en konstruksisteme. Uit die perspektief van die teorie van *konstruktiewe alternatiewe* bewerkstellig psigoterapie 'n proses van rekonstruering van die individu se persoonlike konstruksisteme. So 'n rekonstruering behels die vervanging of wysiging van bestaande persoonlike konstrunkte. Uit hierdie perspektief gesien, word die kliënt deur middel van psigoterapie op tweërlei wyse bygestaan. Dit begelei hom om óf nuwe persoonlike konstrunkte te ontwikkel wat hom in staat sal stel om die hinderlike gebeurtenisse beter te voorspel, óf om sy bestaande persoonlike konstrunkte meer omvangryk te maak sodat hulle nuwe ervarings in hul geskiktheidsomvang kan akkommodeer.

Ten einde psigoterapie of pastorale terapie suksesvol te kan toepas, is dit vir die terapeut nodig om die persoonlike konstrunkte wat tot psigologiese of godsdienstige probleme by sy kliënt lei, te identifiseer. Dit stel die repertoierrooster-tegniek aan die orde.

5.1.2 Repertoierrooster-tegniek

Die rolkonstruk-repatoriumtoets is deur Kelly (1955:270-272) ontwikkel met die oog op blootlegging van 'n kliënt se persoonlike konstruksisteme. Dit is 'n diagnostiese vraelys vir "looking beyond the words" (Fransella & Bannister 1984:23). Anastasi (1963:629) meen dat die toets gemeenskaplike eienskappe met die Semantiese Differensiaal vertoon. Verfyning van die rolkonstruk-repatoriumtoets het daartoe gelei dat die tegniek van die repertoierrooster ontwikkel is. Hierdie tegniek word tans wyd gebruik om individue se persoonlike konstrunkte oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe te identifiseer.

Die beste manier om na die repertoierrooster-tegniek te kyk, is om dit as 'n besondere vorm van 'n gestruktureerde onderhoud te beskou (Fransella & Bannister 1984:4). Daardeur kan informasie op so 'n wyse uit die kliënt verkry word dat waarnemervooroordeel tot bykans zero beperk word. Die repertoierrooster laat 'n persoon sy beskouings in sy eie unieke taal beskryf. Shaw (1978:59)

meen dit is 'n instrument waardeur die individu meer bewus word van sy eie gedagtepatrone en die gevoelens wat in sy response inbegrepe is. 'n Belangrike aantrekkingskrag van die repertoierrooster is sy rol in die ontwikkeling van 'n woordeskat en die struktuur wat dit voorsien om pre-verbale woordeskat in 'n verbale vorm om te sit (Stewart et al 1981:83).

Die repertoierrooster met sy gesistematiseerde en individuele aanslag bied 'n metode om byna enige probleem op 'n presiese en onbevooroordeelde wyse te ondersoek (Davisson 1978:31-32). Enkele voorbeelde word genoem. Op 'n algemene vlak is die tegniek, volgens Pope (1978:76-77), onder andere met betrekking tot die opleiding van onderwysers gebruik. Beard (1978:70) skryf dat hy die repertoierrooster-tegniek in sy navorsing oor die evaluering van leesbekwaamheid gebruik het. In die kliniese veld meld Meshoulam (1978:111) die bestudering van hakkelaars se konstruering van bipolêre spreek-situasies. Kerrick-Mack (1978:117-118) het in die repertoierrooster sekere inherente eienskappe gevind wat hy kon gebruik by 'n kliniese navorsingsprojek oor persoonlikheids-groei. Sully (1997:127-133) het die repertoierrooster-tegniek aangewend om die konstruk *werk versus nie-werk* in die landelike gebied van Suid-Afrika te ondersoek. Van Jaarsveld (1986) het die loopbaandilemmas van middeljarige mans met gebruikmaking van die repertoierrooster ondersoek.

Hoewel die navorser die persoonlikekonstruk-teorie nie noodwendig in al sy aspekte en konsekwensies aanvaar nie, word die repertoierrooster wat as ondersoekmetode daaruit voortvloei, as nuttig beskou. Möller (1995:152) is van mening dat die repertoierrooster tot meer navorsing gelei het as die persoonlikekonstruk-teorie wat die grond vir sy ontwikkeling is. Ook Hjelle en Ziegler (1983:344) skryf: "The truth is that the Rep Test has captured more attention than the theory of which it is an integral part." Deur die ontwikkeling van sy repertoierrooster het Kelly (1955:270) sonder twyfel 'n betekenisvolle bydrae tot navorsing gemaak.

Die basiese samestelling van die repertoierrooster-tegniek bestaan uit 'n aantal elemente en konstrunkte wat deur vergelyking van die elemente onthul word. Met betrekking tot die kompilasie en dokumentasie van die resultate, word 'n algemeen aanvaarbare en bruikbare metode deur Stewart en ander (1981:11-36) asook deur Fransella en Bannister (1984:11-19) beskryf.

Omdat die tegniek aanvanklik ontwerp is as 'n diagnostiese instrument om die terapeut te help sodat hy sy pasiënt se konstruering van ander mense en die omgewing beter kan verstaan, is dit derhalwe nie moontlik om die repertoierrooster in sy oorspronklike vorm vir die identifisering van Godskonsepte te gebruik nie. Belangrike aanpassings moes dus gemaak word om genoemde tegniek vir die identifisering van Godskonsepte aan te wend. Afgesien van kleiner aanpassings, is veral twee belangrike aanpassings gedoen, naamlik met betrekking tot die *elemente* vir die repertoierrooster en met betrekking tot die kategorisering van die *konstrukte* wat uit konstruering van die elemente verkry is.

5.1.2.1 Elementontwikkeling

Die aard van die gesprek wat tussen die onderhoudvoerder en die respondent gaan plaasvind, word deur die keuse van die elemente bepaal. Dit beheer die materiaal waaroor die onderhoud sal gaan. Die elemente bestaan meestal uit mense, voorwerpe, gebeurtenisse of aktiwiteite (Stewart et al 1981:30). Die onderhoudvoerder of die respondent kan die elemente voorsien. 'n Ander metode is dat die respondent die elemente na aanleiding van 'n stel vrae of sekere riglyne wat vir elke element neergelê word, verskaf (Stewart et al 1981:32-36).

5.1.2.2 Konstrukonthulling

Konstrukonthulling is die proses waardeur die persoonlike konstrukte van die elemente verkry word. Persoonlike konstrukte verteenwoordig die dimensies wat die respondent gebruik wanneer hy oor die elemente dink. Dit behels derhalwe die bipolêre onderskeidings wat gemaak word. Verskeie metodes vir die onthulling van persoonlike konstrukte word beskryf. In die onderhawige empiriese ondersoek is die *minimum-konteks-kaartvorm* (sien Fransella & Bannister 1984:14-16) gebruik. Dit behels die volgende prosedure: Drie elemente word per keer aan die respondent voorgelê en hy moet aandui in watter belangrike opsig twee van hulle ooreenstem en derhalwe verskillend is van die derde element. Die ooreenkoms tussen die twee elemente vorm die konstrukpool, terwyl die verskil die kontraspool uitmaak. 'n Persoonlike konstruk word in

bipolêre vorm neergeskryf (sien Bylaag 1).

5.1.2.3 Dokumentasie

Die verloop van die repertoierrooster-onderhoud word op die volgende wyse gedokumenteer: Die kaartjies waarop die elemente geskryf is, word genommer. Op die rekordbladsy word aan die linkerkant die nommers van die elementkaartjies wat as 'n drietal vir die vergelyking van die elemente aan die respondent voorgelê word, neergeskryf. Die onderhoudvoerder onderstreep die nommers van die twee wat saam gegroepeer word. Dan skryf hy die beskrywing van die saamgegroepeerde paar aan die linkerkant van die koppelteken neer. Dit is die konstruipool. Die beskrywing van die enkel-element, met ander woorde, dit wat die enkel-element verskillend van die ander twee elemente maak, word aan die regterkant van die koppelteken neergeskryf. Dit is die kontraspool. Die volgende kort voorbeeld uit die empiriese ondersoek illustreer die metode van dokumentasie:

<u>123</u>	is naby	-	is ver
<u>123</u>	is menslik	-	is nie menslik nie
<u>123</u>	gee riglyne	-	sê voor
<u>456</u>	is nie God nie	-	is God
<u>789</u>	bevelend	-	ondersteunend

Die ongekompliseerde metode van dokumentasie bring mee dat verskillende onderhoudvoerders wat aan dieselfde probleem werk, mekaar se rekords verstaan.

5.1.2.4 Analisering en interpretasie van repertoierrooster-data

Die metode wat vir die analisering en interpretasie van repertoierrooster-data aangewend word, hang onder meer af van die doel waarvoor die data benodig word. Metodes vir die analisering en interpretasie van data wat beskryf word, is algemene inspeksie, frekwensietelling,

inhoudsontleding, visuele fokus en gevorderde rekenaarontleding. In die onderhawige navorsingstudie is van inhoudsontleding gebruik gemaak.

Om inhoudsontleding met betrekking tot die konstrukte uit te voer, word 'n reeks kategorieë waarin die persoonlike konstrukte gesorteer kan word, geselekteer. Vervolgens word die persoonlike konstrukte aan die geselekteerde kategorieë toegewys. Die eerste taak is dus om 'n geskikte stel kategorieë te ontwerp. Dit word gewoonlik gedoen aan die hand van 'n bekende teorie in die vakliteratuur (Holsti 1969:94-126).

5.2 INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA

Die doel van hierdie empiriese ondersoek as deel van die navorsingstudie is om deur analisering van sekere metafore vir God by 'n geselekteerde groep individue die eiesoortige konstrukkenmerke ten opsigte van Godskonsepte by individue in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus te ontdek ten einde die betekenis daarvan vir die pastorale terapie te evalueer. Die insameling van die empiriese data met gebruikmaking van die repertoierrooster-tegniek word vervolgens gerapporteer.

5.2.1 Metodologie van die empiriese ondersoek

Die metodologie van die empiriese ondersoek word toegelig uit perspektiewe van die *aard* van die empiriese data, die *kriteria* vir die toelaatbaarheid van empiriese data en die *verwerkingsmetode* van die empiriese data.

5.2.1.1 Aard van die empiriese data

Die data vir die empiriese ondersoek van die onderhawige navorsingstudie is van tweërlei aard: *primêre* data en *sekondêre* data. Die aard van hierdie twee tipes word kortliks beskryf.

Primêre data. Die data wat van die respondente verkry word deur middel van persoonlike onderhoude, is een soort primêre data. Die data van die respondente verkry deur middel van die repertoierrooster vir die bepaling van die dinamiek onderliggend aan Godskonsepte, maak 'n ander tipe primêre data uit.

Sekondêre data. Die data oor die selektering van elemente en die onthulling van konstrakte vir gebruik met die repertoierrooster, asook oor die verwerking van die response wat deur middel van die repertoierrooster verkry is, maak een tipe sekondêre data uit. Die gepubliseerde navorsingstudies en ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte wat met die meet en interpretasie van repertoierroosters handel, is 'n ander tipe sekondêre data.

5.2.1.2 Kriteria vir die toelaatbaarheid van empiriese data

Slegs data verkry van respondente volgens die neergelegde kriteria vir die keuring van respondente soos in Afdeling 5.2.2.1 uiteengesit, word in hierdie empiriese ondersoek gebruik.

Alleenlik data van respondente verkry volgens die metode in hierdie empiriese ondersoek vir die gebruik van die repertoierrooster voorgeskryf, word gebruik.

5.2.1.3 Verwerkingsmetode van die empiriese data

Leedy (1980:75-76) onderskei die volgende vier tipes navorsingsdata:

1. Geskrewe rekords en weergawes van gebeurtenisse in die verlede.
2. Observasies waarvan beskrywing die oordragmetode is.
3. Observasies wat gekwantifiseer is in die vorm van numeriese konsepte.
4. Observasies van verskille en eendersheid wat aanleiding gee tot vergelyking van kontras.

Die tipe data bepaal die navorsingsmetodologie, te wete:

1. Die historiese metode wat toepaslik is vir data wat primêr van dokumentêre of literêre aard is.
2. Die beskrywende ondersoekmetode, ook genoem die normatiewe ondersoekmetode, wat geskik is vir waarnemings deur middel van byvoorbeeld vraelyste.
3. Die analitiese ondersoekmetode wat gebruik word vir kwantitatiewe data.
4. Die eksperimentele metode wat toepaslik is vir data wat van byvoorbeeld voortoets- en natoets-situasies afkomstig is.

Behr (1988:97) klassifiseer beskrywende navorsingsmetodologie in drie tipes, naamlik opnames, ontwikkelingstudies en gevallestudies. Leedy (1997:105-108) onderskei tussen kwantitatiewe navorsing en kwalitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsers soek verduidelikings en voorspellings wat hulle na ander persone en plekke kan veralgemeen. Daarteenoor beskou kwalitatiewe navorsers dit hulle taak om te verstaan en te interpreteer hoe deelnemers in 'n sosiale opset die wêreld rondom hulle konstrueer.

Die navorsing in die onderhawige ondersoek kan hoofsaaklik as van kwalitatiewe aard beskryf word. Die data wat vir die doel van hierdie empiriese ondersoek deur middel van die repertoierrooster versamel is, kan binne voorgemelde raamwerk as 'n beskrywende ondersoek waarvan die data deur middel van opnames verkry is, geklassifiseer word.

Presiese afbakening van 'n navorsingsmetodologie is egter in 'n groot mate 'n arbitrêre proses. Alhoewel hierdie ondersoekmetodologie as 'n beskrywende ondersoek aangedien word, vind daar ook kwantifisering van data plaas. Die repertoierrooster wat oorspronklik deur Kelly vir kliniese gebruik in die psigologie ontwerp is, was aanvanklik uitsluitlik beskrywend in die data wat verkry is. Verdere aanpassings wat deur Bannister en Mair (1968), Fransella en Bannister (1984), Stewart en ander (1981) en Van Jaarsveld (1986) beskryf word, dui egter aan dat aansienlike kwantifisering van data wat met die navorsingstegniek verkry word, kan plaasvind. Toepaslike kwantifisering word gevolglik in hierdie empiriese ondersoek gedoen.

5.2.2 Respondente vir die empiriese ondersoek

In hierdie afdeling word die kriteria waarvolgens respondente vir die empiriese ondersoek gekeur is, uiteengesit. Daar word ook duidelikheid verkry oor die metode van klassifikasie waarvolgens respondente in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus met die oog op analisering en interpretasie van data gekategoriseer is.

5.2.2.1 Kriteria vir keuring van respondente

Keuring van respondente vir die empiriese ondersoek in hierdie navorsingprojek is volgens die volgende kriteria gedoen:

1. Afrikaanssprekende blanke manlike en vroulike persone.
2. Persone van 'n Christelike geloofsoortuiging.
3. Persone in die ouderdomsgroep 18 jaar en ouer.
4. Persone wat hulle gewillig verklaar het om aan die projek deel te neem.
5. Die respondente is op 'n toevallige basis geselekteer.

5.2.2.2 Klassifikasie volgens stadia van die volwasse lewensiklus

Daar is aanduidings dat mense se ouderdomme 'n rol speel in hulle godsdienstige oriëntasie. Allport (1963:303) skryf: "The search for religious meaning seems to grow with advancing years." In hierdie verband wys hy op aanduidings dat universiteitsgegradeerde persone 'n dekade of twee nadat hulle die universiteit verlaat het, meer godsdienstig is as wat hulle aan die universiteit was. Gerdes en ander (1981:310-311) voer wel aan dat navorsing teenstrydige resultate oor die godsdienstigheid van mense in verskillende stadia van die lewenspan opgelewer het. Hulle kom nietemin tot die gevolgtrekking dat dit redelik lyk om te veronderstel dat daar gedurende die latere lewensjare 'n verskuiwing na 'n intrinsieke godsdienstige oriëntasie plaasvind. Allport (1963:300-301) gee te kenne dat daar met 'n intrinsieke godsdienstige oriëntasie bedoel word 'n

volwasse godsdiens met 'n waardesisteem wat onderliggend aan alle ander dinge lê. Louw (1997:387) beskryf dit ook as 'n volwasse godsdiens wat tot 'n doelgerigte en verantwoordelike optrede lei. Dit skep positiewe assosiasies wat geborgenheid bied, troos bring, nuwe perspektiewe open en die toekoms na vore hoopvol oopbreek. Dit is 'n deurleefde Godsdiens en staan in teenstelling tot 'n ekstrinsieke godsdienstige oriëntasie wat op selfsugtige eie gewin gerig is.

Op sterkte daarvan dat daar aanduidings in die literatuur is dat mense se godsdienslike oriëntasie gedurende die lewensiklus verander, is Godskonsepte in die onderhawige navorsingstudie uit die perspektief van verskillende lewenstadië in die volwasse lewensiklus verder ondersoek.

a. Samestelling van die lewensiklus

Personoloë het in die verlede verskeie indelings vir die menslike lewenspan voorgestel (sien Bühler 1962; Erikson 1963; Gould 1977; Havighurst 1973; Möller 1995:76-78; Papalia & Olds 1986:8-9; Rümke 1938; Sheehy 1976; Super 1990; Wijngaarden 1950). Lewenstadië word gewoonlik afgebaken op grond van kriteria soos ouderdomme, rolle, lewensake en persoonlikheidskenmerke. Alhoewel daar 'n groot verskeidenheid omskrywings vir stadië van volwasse-ontwikkeling bestaan, is verandering en opeenvolging onderliggend aan almal.

Vir die doel van die onderhawige navorsingstudie word by die lewensiklusverdeling soos deur Erikson (1963:249-273) voorgestel, aangesluit. Hy is een van die min teoretici wat 'n volledige uiteensetting van ontwikkeling oor die hele lewensloop, van geboorte tot die dood, aanbied. Hergenhahn (1984:117) meen dat Erikson se teorie deur vele beskou word as een van die nuttigste psigologiese teorieë. Die teorie word as psigososiaal beskryf, omdat dit klem lê op die interaksie tussen die persoon se innerlike eienskappe en die eise van kultuur en samelewing op 'n gegewe tydperk.

Volgens Erikson is die ontwikkeling van die individu die resultaat van twee gelyktydige en komplekse invloede, te wete genetiese en sosiale faktore. Ontwikkeling behels vir hom dat

eienskappe volgens 'n geneties bepaalde grondplan na vore tree. Hy verduidelik hierdie grondplan aan die hand van die epigenetiese beginsel, 'n konsep wat aan die biologie ontleen is. Hiervolgens tree die individu se eienskappe op sekere ouderdomme en in sekere geneties vasgelegde patrone na vore (Erikson 1959:52). Aan die hand van 'n epigenetiese kaart verduidelik Erikson (1963:273) die agt stadia van die menslike lewenspan:

- Babajare: 0-1 jaar.
- Vroeë kinderjare: 1-3 jaar.
- Speel stadium: 3-6 jaar.
- Skooljare: 6-11 jaar.
- Adolessensie: 11-20 jaar.
- Vroeë volwassenheid: 20-25 jaar.
- Volwassenheid: 25-65 jaar.
- Bejaardheid: 65+ jaar.

Die ouderdomme hierbo aangedui, word slegs as benaderde ouderdomme beskou aangesien dit heelwat van persoon tot persoon kan wissel.

b. Kenmerke van die volwasse lewenstadia

Vir die doel van die onderhawige navorsingstudie word die drie stadia wat die volwasse lewensiklus konstitueer, verder toegelig.

- *Vroeë volwassenheid.* Vroeë volwassenheid begin êrens tussen die agtiende tot die twintigste lewensjaar en strek tot ongeveer vyf-en-twintigjarige ouderdom. Krisisse in hierdie lewenstadium sentreer hoofsaaklik rondom intimiteit aan die een kant en isolasie aan die ander kant. Dit staan meestal in verband met die huwelik, sosiale verhoudings, die uitwerk van 'n lewensfilosofie, waardes en liefde. Suksesvolle hantering van die krisisse lei tot egosterkte.

- *Volwassenheid.* Hierdie lewenstadium strek ongeveer van die vyf-en-twintigste tot die vyf-en-sestigste lewensjaar. Lewenskrisisse draai grootliks rondom generatieweit teenoor stagnasie. Persone van hierdie volwassenheidstadium het 'n behoefte om te voel dat mense hulle nodig het (Erikson 1963:266-267; Erikson 1964:130). Dit vind daarin uitdrukking dat hulle ander mense wil versorg, asook dat hulle kennis en tradisies wil oordra. Indien hierdie behoefte nie bevredig word nie, word hulle deur 'n gevoel van sinloosheid en stagnasie bedreig. Suksesvolle hantering van krisissituasies in hierdie lewenstadium lei tot die egosterkte sorgsaamheid.
- *Bejaardheid.* Die bejaarde lewenstadium begin êrens tussen die sestigste en sewentigste lewensjaar, afhangende van die persoon se gesondheid en die kultuur waarin hy lewe. Die lewenskrisisse van hierdie stadium wentel grootliks rondom die twee pole van ego-integriteit teenoor wanhoop. Hulle kan enersyds met tevredenheid op 'n eenmalige lewe terugkyk en dit met gerustheid afsluit. Aan die ander kant kan hulle vertwyfeling ervaar. Hulle vrees die dood en wens dat hulle die lewe weer kon herhaal. Erikson noem die egosterkte wat uit 'n suksesvolle oplossing van die krisis van bejaardheid voortvloei, *wysheid* wat hy beskryf as "detached concern with life itself, in the face of death itself" (Erikson 1964:133).


c. Godkonsepte in die verskillende volwasse lewenstadia

Met Erikson (1963:249-273) se uiteensetting van die verskillende stadia in die volwasse lewensiklus as basis, is die respondende vir die ondersoek in drie groepe verdeel, te wete:

- *Vroeë-volwasse lewenstadium.* Respondente in die ouderdomsgroep agtien tot vyf-en-twintig jaar is hier geklassifiseer.
- *Middel-volwasse lewenstadium.* Hierdie groep is saamgestel uit respondente met ouderdomme ses-en-twintig tot nege-en-vyftig jaar.
- *Laat-volwasse lewenstadium.* Respondente van 60 jaar en ouer is aan hierdie lewenstadium toegewys.

5.2.3 Empiriese ondersoekmodel

Die ondersoek wat met behulp van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster gedoen is, vorm die basis vir die empiriese ondersoekmodel wat as deel van hierdie navorsingsprojek onderneem is. Die verloop van die empiriese ondersoek word in Figuur 5.1 oorsigtelik aangebied.



FIGUUR 5.1: Empiriese ondersoekmodel.

Figuur 5.1 dui in 8 stappe die vloei van die empiriese ondersoek aan. Dit begin in Stap 1 met die identifisering van elemente vir die repertoierrooster-ondersoek. Met behulp van 'n loodsstudie is die geskiktheid van die geïdentifiseerde elemente vir die kompilasie van repertoierroosters getoets (Stap 2). Die volgende stap (Stap 3) was die seleksie van individue wat die respondente vir die empiriese ondersoek uitgemaak het.

Vervolgens is repertoierroosters by 50 individue gekompileer deurdat elke individu versoek is om 'n onbepaalde aantal konstruksie volgens die neergelegde riglyne te onthul (Stap 4). Stap 5 behels inhoudsontleding en kategorisering van die konstruksie wat deur die respondente in die vorige stap onthul is. Die volgende stap (Stap 6) was om die betroubaarheid van die kategoriseringstelsel en die gepaardgaande prosedure te toets. Hierna is die inhoud wat in die kategorieë gesorteer is verder geanaliseer (Stap 7). Die data wat deur middel van die repertoierroosters verkry is, is geïnterpreteer en finaal geëvalueer (Stap 8).

5.2.3.1 Elemente vir die repertoierrooster

Stewart en ander (1981:32-36) beskryf drie strategieë waarvolgens elemente vir 'n repertoierrooster bekom kan word (sien Afdeling 5.1.2.1). In die onderhawige empiriese ondersoek het die onderhoudvoerder die elemente voorsien.

Omdat die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie in hierdie navorsingsprojek ondersoek word, is sommige van die metafore vir God wat in die literatuur beskryf word as elemente vir die repertoierrooster-ondersoek aangewend. Louw (1997:400-403) beskryf elf Godsvoorstellinge in kognitiewe geloofsgedrag waarvan vyf positief en ses negatief is. In die lig van McFague (1987:61-62) se voorstel en opmerkings deur De Klerk (1998a:9) word die metafoor "God as Moeder" ingesluit. Op sterkte van bevindings deur Pieterse en ander (1993:202) van 'n neiging by blanke gelowiges in Suid-Afrika, is ook die metafoor "God as 'n Geweldige Krag" bygevoeg. Op hierdie wyse is 'n relatief verteenwoordigende lys van metafore vir God saamgestel.

Die elemente vir die repertoierrooster-ondersoek wat uitgevoer is, was derhalwe die volgende:

1. God as Vader.
2. God as 'n Geweldige Krag.
3. God as Vriend.
4. God as Sadis of Paaiboelie.
5. God as Verlosser.
6. God as Kersvader.
7. God as Trooster.
8. God as Bedryfsingenieur.
9. God as Regter.
10. God as Rekenaar of Programmeerder.
11. God as Moeder.
12. God as Towenaar.

5.2.3.2 Loodsstudie vir die kompilasie van repertoירוasters

'n Loodsstudie is onderneem om die uitvoerbaarheid en toepaslikheid van die repertoירוoster met betrekking tot die onthulling van konstrukte volgens die neergelegde instruksies te toets. Vyf individue wat voldoen aan die kriteria vir die keuring van respondente is op individuele basis by die ondersoek betrek. Elke respondent is versoek om konstrukte volgens die voorgeskrewe instruksies aan die hand van die gegewe elemente te onthul (sien Stewart et al 1981:11-17). Ten einde die verwysingsraamwerk waarbinne konstrukte van die individue verwag is, te omskryf, is vir die ontwikkeling van die konstrukte die frase ". . . in terme van hoe dit jou persoonlik raak" bygevoeg (vgl Stewart et al 1981:20-21). Dokumentasie is volgens die metode deur Stewart en ander (1981:15-17) beskryf, gedoen.

5.2.3.3 Kompilasie van die repertoירוasters

Nadat die uitvoerbaarheid en toepaslikheid van repertoירוasters volgens die neergelegde instruksies deur die loodsstudie bepaal is, het die kompilasie van die repertoירוasters individueel

by die respondente plaasgevind. Dieselfde elemente as wat in die loodsstudie gebruik is, is met die oog op konstrukonthulling aan die respondente verskaf deur dit mondelings aan hulle oor te dra en terselfdertyd in geskrewe vorm op kaartjies aan hulle voor te lê.

Konstrukonthulling is volgens 'n aangepaste vorm van die minimum-konteks-kaartvorm (Fransella & Bannister 1984:14-15) gedoen. Drie elemente is per keer aan die respondent voorgelê en die respondent moes aandui in watter belangrike opsig die twee van sy eie keuse ooreenstem en hoedanig hulle in daardie opsig verskillend is van die derde element ". . . in terme van hoe dit jou persoonlik raak". In 'n poging om met die vergelyking van die elemente in drie-talle so verteenwoordigend as moontlik te wees en dit tog binne praktiese getalle-perke te hou, was die verskillende kombinasies van drie-talle waarin die genoemde elemente met die oog op konstrukonthulling aan die respondente voorgelê is, die volgende: 1 2 3, 4 5 6, 7 8 9, 10 11 12, 1 10 12, 1 4 7, 2 5 8, 3 6 9, 4 7 10, 5 8 12, 1 4 10, 2 5 12, 1 11 12, 2 6 11, 3 5 11.

Die dokumentasie van die resultate is op 'n soortgelyke wyse as wat deur Stewart et al (1981:15-17) beskryf word, gedoen. 'n Voorbeeld van 'n voltooide repertoierrooster word in Bylaag 1 aangebied.

5.2.3.4 Kategorisering van die konstrukte

Ten einde die 1235 konstrukte wat die respondente met die kompilasie van die repertoierroosters onthul het, sinvol te orden, is met die oog op latere interpretasie volgens die metode deur Holsti (1969:94-126) beskryf, van 'n kategoriseringsproses gebruik gemaak. As eerste stap in die kategoriseringsproses van die konstrukte is 'n stelsel van toepaslike kategorieë aan die hand van teoretiese aspekte wat in die literatuur vermeld word, ontwikkel.

Met die Bybel as fundamentele en geïnspireerde literatuurbron vir die teologie is besluit om aan die hand van die klagformule soos dit in die Psalms in die algemeen en in Psalm 22 in die besonder figureer, toepaslike kategorieë te ontwikkel. Die Psalmboek het 'n sterk pastorale gerigtheid. Ongeveer 'n derde van die boek bestaan uit klaagpsalms, liedere wat opklink te midde van siekte,

doodsangs, vervolging, veragting en sondelas. Dit gaan ook om waaromvrae, sosiale verskynsels van ongeregtigheid, armoede en die voorspoed van die goddelose (Müller 1981:25). Te midde hiervan gaan dit om geloof, onwankelbare hoop, vertrouwe op God en lofsang op die heerlijkheid van God. Dit alles korreleer hoog met die inhoud wat in pastorale terapie teëgekomp word. Die feit dat lyding so 'n prominente plek in die pastoraat en by name die pastorale terapie beklee, speel 'n rol in hierdie kategoriseringskeuse.

Die struktuur van die klagformule soos deur Louw (1997:463-467) uiteengesit, is derhalwe as basis vir die ontwikkeling van 'n kategoriestelsel gebruik. Volgens hom is die basiese struktuurelemente van die klagformules die volgende:

- * Die aanroep van God.
- * Die beswaar of protes/aanklag.
- * Herinnering as keermoment.
- * Uitspraak van vertrouwe (geloofsbevestiging).
- * Versoek en petisie.
- * Bemoediging en troos.
- * Lofprysing.

Met bogenoemde as riglyne word die proses waarvolgens 'n kategoriestelsel vir die klassifikasie van konstruksie ontwikkel is, as volg geskets:

Dawid roep God direk aan in Psalm 22:2a met die woorde: "My God, my God." Met hierdie aanroep gee Dawid erkenning aan God, aan die syn, aan die wese van God, aan sy grootheid en majesteit. Die afstand tussen God en mens kan hier afgelei word. Psalm 19:2 bevestig hierdie gedagte: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspannel maak die werk van sy hande bekend." König (1991:54) haal aan dat daar twee aspekte van die verhouding tussen God en die mens bestaan. Uit die verskil tussen God en die mens word 'n aantal aanvullende, paslike, komplementerende eienskappe afgelei, en uit die ooreenkoms tussen God en die mens word 'n aantal ooreenstemmende of analogiese eienskappe afgelei. Dit gee aanleiding tot twee afsonderlike kategorieë in die ontwerp van 'n kategoriestelsel: die eerste 'n kategorie genoem

unieke wesenseienskappe en die tweede genoem *menslikheidseienskappe*. Eersgenoemde kategorie akkommodeer konstrunkte wat die grootheid, majesteit, mag of afstand tussen God en die mens uitdruk. Laasgenoemde kategorie bevat konstrunkte wat menslike eienskappe soos liefde, vriendelikheid, geduld en emosies aandui.

Duidelik beskrywe die psalmis die ongeborgenheid en die diepte van ellende in terme van die afwesigheid van God in Psalm 22:2b: "waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?" Psalm 69:18 verwoord Dawid se pleidooi: "Moet tog nie u dienaar alleen laat nie!" Hierdie kategorie word *afwesigheid* genoem. Konstrunkte wat die afwesigheid van een of ander aard aandui, word hier gesorteer.

In Psalm 22:2b, 3 verwyf die digter God as hy sê: "waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie." Die digter formuleer hier sy probleem in die vorm van 'n protes. Daar klink selfs 'n verwyf teenoor God op. Hy lê sy hart bloot. Dit gaan om een of ander noodsituasie, 'n eksistensiële krisis, benoudheid wat ervaar word, eensaamheid, hulpeloosheid, vrees in siekte of doodsangs. Protes en opstandigheid word op direkte wyse aan God gekommunikeer. Met verwyf, besware, protes, blootlegging van die hart en die uitspraak van emosies wat negatiwiteit en ongelukkigheid as basis kan insluit, word hierdie kategorie *katarsis* genoem. Konstrunkte wat die uitpraat van die hart, negatiwiteit en ongelukkigheid behels, word in hierdie kategorie gesorteer.

Soms het die psalmis 'n begrip vir sy oortredinge. Op voetspoor hiervan word die kategorie *tekortkoming* daargestel. In hierdie kategorie vind konstrunkte wat aanduiding van tekortkominge, gebreke en sonde gee, 'n plek.

In Psalm 22:5 is daar 'n keermoment by die digter as hy God aan Sy reddingsdade in Israel se geskiedenis herinner: "Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered." Dit word bevestig dat Hy in die verlede gered het. Op indirekte wyse figureer die eksodus-tradisie as kernmoment in die gedagte-wêreld van die digter. In hierdie kategorie wat *bystand* genoem word, word konstrunkte geplaas wat na goeie dade van God verwys, na hulp wat in een of ander vorm verleen word.

Vertroue in God word in Psalm 22:11 uitgespreek: "Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God." Geloof in die reddende genade van God word hier bevestig. Die digter vra in Psalm 22:20-22 iets konkreets van God: "En U, Here - moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou! Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde. Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit." Die nood en benoudheid van die individu kry hier gestalte. Hy verlang hulp in sy noodtoestand; dat God sal ingryp en hom van sy moeilike omstandighede bevry. Konstruksie wat behoeftes aandui of vertroue dat hulp ontvang kan word, vind 'n plek in hierdie kategorie wat *vertroue* genoem word.

Die digter ontdek dat God in sy saak belangstel en hom nie alleen sal laat nie. Deur God se beloftes kry hy rus en vrede. Verligting word ervaar. "Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie" (Ps. 22:6). Hier word op geruststelling en vertroosting gedui. Dawid is getroos deur God se ingrype. As gevolg hiervan ervaar hy 'n rustigheid en kalmte. Hierdie kategorie word derhalwe *vertroosting* genoem. Konstruksie wat die gedagte van vertroosting, tevredenheid, geruststelling en bemoediging uitdruk, word in hierdie kategorie geplaas.

Die digter wil God loof en prys. Hy sê in Psalm 22:26: "My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my beloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien." Hy weet dat God doen wat hy beloop het. Hierdie kategorie word *lofprijsing* genoem. Konstruksie wat lof en eer ontsluit, word in hierdie kategorie geklassifiseer. As uitvloeisel van die lofprijsing kan die individu ook sy dank regstreeks uitspreek. Daarom word konstruksie wat dankbaarheid uitdruk, ook hierby ingesluit. Wanneer die digter ervaar dat God by sy saak betrokke raak en hom uitkoms bied, breek hy dikwels in gejubel uit. Gevolglik word konstruksie wat verband hou met vreugde ook hier geakkommodeer.

Tabel 5.1 bied 'n oorsig van die geïdentifiseerde kategorieë met 'n sinoptiese beskrywing van die konstruksie wat in die betrokke kategorieë geklassifiseer behoort te word. Met die oog op die praktiese klassifisering van die konstruksie word die mees algemene kenmerke van die konstruksie wat in die betrokke kategorieë tuishoort, verder toegelig.

TABEL 5.1
KATEGORISERINGSTABEL VIR DIE KONSTRUKTE

KATEGORIE	BYBELSE FUNDERING	ALGEMENE BESKRYWING
1. Unieke wesenseienskappe	God word in Sy grootheid aangeroep.	Erkenning word aan God se grootheid en mag gegee.
2. Menslikheids-eienskappe	God word as "my God" aangeroep.	Menslike emosies en gedrag word waargeneem.
3. Afwesigheid	God antwoord nie.	Die afwesigheid van iemand, iets of hulp. God is ver.
4. Katarsis	Ongelukkigheid, protes, verwyte, besware en opstand word aan God gekommunikeer.	Die hart word blootgelê. Gevoelens van ongelukkigheid, opstandigheid en ontevredenheid.
5. Tekortkoming	Begrip vir sonde en gebreke word getoon. Tekortkominge word erken.	Gebreke en tekortkominge word aangedui.
6. Bystand	Herinnering aan hulp wat in die verlede ontvang is.	Dui op enige vorm van hulp of bystand.
7. Vertroue	Vertroue dat God uitkoms sal bied.	Vertroue dat hulp beskikbaar sal wees. Behoeftes raak bekend.
8. Vertrouwing	Vertrouwing en tevredenheid word deur God gebied. Gerusstelling en bemoediging.	Gerusstelling, kalmte, tevredenheid, bemoediging.
9. Lofprysing	Lof en eer word aan God gegee. God se goedheid word te kenne gegee.	Lof, eer, waardering, dankbaarheid en vreugde word aangedui.
10. Onbepaald	Ongespesifiseerd.	Konstrukte wat nie in bogenoemde kategorieë geklassifiseer kan word nie.

1. *Unieke wesenseienskappe*. Konstrukte wat in hierdie kategorie geakkommodeer word, hou verband met die Goddelikheid, God se skeppingsvermoë, grootheid, majesteit, mag, krag, onkenbaarheid, onbekendheid, alomteenwoordigheid, voortdurende beskikbaarheid, onveranderlikheid en onvoorspelbaarheid.

2. *Menslikheidseienskappe*. Konstrukte in hierdie kategorie handel oor menslike eienskappe: aspekte soos emosies, emosionele belewenis, emosionele betrokkenheid van God, liefde, vriendelikheid, haat, geduld en die persoonlikheid van God.

3. *Afwesigheid*. Konstrukte wat in hierdie kategorie geakkommodeer word, hou verband met

die afwesigheid van God. Hy is op 'n afstand, ver, verwyderd. God is nie betrokke nie. Enigiets anders wat afwesig of verwyderd is.

4. *Katarsis*. Konstruke in hierdie kategorie dui op blootlegging van die hart, oor dinge wat onaangenaam is, seermaak of veronreg laat voel. Opstandigheid, ontevredenheid, protes, frustrasie, teleurstelling, vrees en angs hoort hier tuis. Sake wat hier ter sprake kom, is dat daar oor die individu se lotgevalle besluit word sonder dat hy in die saak geken word, dat God nie 'n gevoel vir hom toon nie, dat daar nie vir hom omgee word nie, dat daar nie met hom gekommunikeer word nie, dat daar nie vir hom ruimte gelaat word om te dink nie, dat hy geen eie beheer oor sy lotgevalle het nie, dat hy onregverdig behandel word, dat hy voorgesê word.

5. *Tekortkoming*. Konstruke wat in hierdie kategorie geakkommodeer word, hou verband met vorme van tekortkoming: God is onvolledig, die uitdrukking: "Is nie God nie", onvolmaaktheid, sonde, gebreke, oortreding, ongeloof, onwaardige gedrag, gebrek aan goeie voorbeeld, onaanvaarbaarheid, vals geloof, valsheid of leuen.

6. *Bystand*. Konstruke in hierdie kategorie hou verband met hulp of bystand wat gegee of geantisipeer word, voorsiening in behoeftes, onderhoud, versorging of redding. Iets word gegee, bemagtiging vind plaas, riglyne word verskaf.

7. *Vertroue*. Konstruke in hierdie kategorie dui daarop dat vertroue gegee of uitgespreek of geantisipeer word. Daar word verwys na vertroue op uitkoms of verbetering wat verwag word, hoop, bemoediging, goeie dae wat verwag word, hulp wat verwag word.

8. *Verstroosting*. Konstruke wat in hierdie kategorie geakkommodeer word, hou verband met een of ander vorm van vertroosting, genade, gerusstelling of verligting. Kalmte word bewerkstellig. Geloof word gegee of aangedui. Belangstelling word getoon. Sekerheid word verskaf. Die belange van die mens word op die hart gedra.

9. *Lofprysing*. Konstruke in hierdie kategorie gee God se goedheid te kenne. Lof, eer, waardering, dankbaarheid, geluk en vreugde word uitgedruk. God doen wat reg is, doen goeie

dinge, doen mooi dinge, maak die individu vry, laat voel die individu goed of lekker, maak hom gelukkig, bied die goeie.

10. *Onbepaald*. Konstruke wat weens hulle aard nie in een van die voorgenoemde kategorieë geplaas kan word nie, vind hier 'n heenkome. Pogings moet egter aangewend word om so min konstruke as moontlik in hierdie kategorie te plaas.

Nadat die konstruke wat met die repertoierrooster-ondersoek verkry is elkeen op 'n afsonderlike kaartjie geskryf en genommer is, is die fisiese klassifikasie van die konstruke gedoen. Die nommers van die kaartjies wat in elke kategorie geplaas is, is genoteer.

5.2.3.5 Betroubaarheid van die klassifikasiestelsel

Ten einde aan die vereiste van objektiviteit met betrekking tot klassifikasie by inhoudsontleding te voldoen, en derhalwe die betroubaarheid van die ontledingstelsel en die daarmee gepaardgaande prosedure te toets (Holsti 1969:135-142), is 'n ewekansige monster van 200 items onafhanklik gekategoriseer deur 'n senior dosent¹⁾ verbonde aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van die Vrystaat. Die verband tussen hierdie stel gegewens en die resultate deur die navorser met 'n soortgelyke oefening en dieselfde data verkry, is met behulp van formules van Holsti en Scott (Holsti 1969:140) bereken. Holsti toets betroubaarheid met die volgende formule:

$$C.R. = \frac{2M}{N_1 + N_2}$$

waar M die aantal koderings is waaroor die ontleders saamgestem het en N_1 en N_2 na die aantal koderingsbesluite wat onderskeidelik deur die twee ontleders geneem is, verwys.

Die betroubaarheidstelling wat deur die berekening tussen die twee stelle gegewens met

¹⁾ Ds M C Potgieter

bogenoemde formule verkry is, was C.R. = 0,95.

Bogenoemde formule word egter gekritiseer omdat dit nie die ooreenstemming wat deur die kodeerders as gevolg van die toeval verkry mag word, in aanmerking neem nie. Deur die invloed van die toeval sal die ooreenstemming tussen die klassifikasies van die beoordelaars toeneem wanneer die aantal kategorieë verminder (Van Jaarsveld 1986:145). Ten einde hierdie beswaar die hoof te bied, is die volgende formule wat sowel die aantal kategorieë in die ontledingstelsel as die relatiewe gebruik van elke kategorie in berekening bring, en deur Holsti (1969:140) aangehaal word, gebruik:

$$pi = \frac{\% \text{ waargenome ooreenstemming} - \% \text{ verwagte ooreenstemming}}{1 - \% \text{ verwagte ooreenstemming}}$$

waar die *persentasie waargenome ooreenstemming* die beoordelings verteenwoordig waaroor die beoordelaars ooreenstem en die *persentasie verwagte ooreenstemming* ooreenstemming as gevolg van die toeval aandui.

Persentasie verwagte ooreenstemming deur die toeval word bereken deur die proporsie items in elke kategorie van die totale stel kategorieë te bepaal en die somtotaal van die kwadrate te bereken. Berekening van die persentasie verwagte ooreenstemming as gevolg van die toeval, het 'n waarde van 0,13 gelever wat beteken dat indien die twee kodeerders die items op 'n toevallige wyse aan die kategorieë toegeken het, hulle klassifikasies in 13% van die items ooreen sou gekom het.

Instelling van *Proporsie ooreenstemming* = 0,95 en *Proporsie verwagte ooreenstemming* = 0,13 in die betrokke formule het 'n meer konserwatiewe berekening van betroubaarheid, naamlik $pi = 0,94$ gelever.

Holsti (1969:142) wys daarop dat die definiëring van 'n aanvaarbare vlak van betroubaarheid by inhoudsontleding geen eenvoudige oplossing het nie, maar dat dit binne die konteks van die navorsingsprobleem beoordeel moet word. Alles in ag genome word daar derhalwe in die

onderhawige ondersoek tot die gevolgtrekking gekom dat die navorser se klassifikasie objektief volgens bevredigende prosedure plaasgevind het.

5.2.3.6 Analisering van die kategorieë

Met die kompilasie van repertoierroosters is 1235 konstrunkte deur 50 respondente onthul. Die konstrunkte is in die kategorieë wat na analogie van die klaagpsalms ontwikkel is, geklassifiseer. Statistiese verwerking van die klassifisering word in Tabel 5.2 verstrekk.

TABEL 5.2
VERSPREIDING VAN DIE KONSTRUKTE PER KATEGORIE

KATEGORIE	FREKWENSIE UIT TOTALE KONSTRUKTE	PERSENTASIE UIT TOTALE KONSTRUKTE	FREKWENSIE UIT TOTALE RESPONDENTE	PERSENTASIE UIT TOTALE RESPONDENTE
Unieke wesenseienskappe	208	16,8	40	80,0
Menslikheidseienskappe	181	14,7	43	86,0
Afwesigheid	58	4,7	14	28,0
Katarsis	169	13,7	37	74,0
Tekortkoming	202	16,4	35	70,0
Bystand	153	12,4	36	72,0
Vertroue	46	3,7	18	36,0
Vertrouing	122	9,9	33	66,0
Lofprysing	64	5,2	25	50,0
Onbepaald	32	2,6	15	30,0

Die eerste kolom van Tabel 5.2 dui die benaming van die kategorie aan. Kolom 2 toon die aantal konstrunkte wat in die betrokke kategorie ingedeel is. Kolom 3 verteenwoordig die persentasie konstrunkte in daardie bepaalde kategorie uit die totale getal konstrunkte. Kolom 4 dui die aantal respondente by wie konstrunkte van die betrokke kategorie voorgekom het aan. Kolom 5 verskaf die persentasie respondente by wie die konstrunkte van die betrokke kategorie voorgekom het.

Deur noukeurige inspeksie van die inhoud van die konstrunkte in elke kategorie is die volgende tendense bepaal:

Unieke wesenseienskappe. In hierdie kategorie kom 208 konstrunkte oftewel 16,8% van die totale

aantal konstrunkte in die repertoierrooster-onderzoek voor. Hulle is versprei tussen 40 respondente, dit wil sê 80,0% van die 50 respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het. Die sentrale tema by die konstrunkte handel oor die onbekende, onvoorspelbare God wat oor onbeperkte krag beskik, vir Wie die mens so 'n groot respek het dat dit die mens se handeling beperk.

Menslikheidseienskappe. Hierdie kategorie bevat 181 (14,7%) konstrunkte wat tussen 43 (86,0%) respondente versprei is en sluit hoofsaaklik bewerings in wat oor menslikheidseienskappe en emosionele betrokkenheid handel. God se persoonlikheid of nie-persoonlikheid; menslikheid of nie-menslikheid; en menslikheidsaspekte soos liefde, haat en geduld figureer sterk in hierdie kategorie.

Afwesigheid. In hierdie kategorie kom 58 (4,7%) konstrunkte, versprei tussen 14 (28,0%) respondente, voor. Dit bevat hoofsaaklik bewerings wat verband hou met God se betrokkenheid of gebrek aan betrokkenheid by die mens. Nabyheid en verwyderdheid van God is sterk op die voorgrond. Kommunikasie of gebrek daaraan kom ook ter sprake.

Katarsis. Die 169 (13,7%) konstrunkte wat in hierdie kategorie voorkom, het hulle oorsprong by 37 (74,0%) verskillende respondente en sluit veral bewerings in wat aandui dat daar nie vir die individu omgegee word nie; dat daar oor sy lewe besluit word sonder dat hy in die saak geken word; dat hy geen eie beheer of keuse toegelaat word nie.

Tekortkoming. Hier is 202 (16,4%) konstrunkte tussen 35 (70,0%) respondente verdeel en behels benewens *Is God - Is nie God nie*, ook woorde soos: onaanvaarbaar, vals geloof, ligsinnig teenoor ernstig, planloos teenoor "het 'n plan".

Bystand. Die 153 (12,4%) konstrunkte in hierdie kategorie is tussen 36 (72,0%) respondente versprei. Benewens *Kan help - Kan nie help nie* bevat dit onder meer woorde soos: bemagtig, beskerm, behulpsaam, rigtingwyser, gee krag, ondersteunend en red.

Vertroue. In hierdie kategorie kom 46 (3,7%) konstrunkte wat tussen 18 (36,0%) respondente

versprei is, voor. Dit bevat sinsnedes en woorde soos: wil die goeie vir my doen, kan op hulp staatmaak, skep vertroue, kan my help op my pad, geloofbaar en standvastig.

Vertrouwing. Die 122 (9,9%) konstrunkte in hierdie kategorie kom by 33 (66,0%) respondente voor. Dit bevat sinsnedes en woorde soos: gee my geloof, het persoonlike belang by my, dra my belange op die hart, voel goed, gee rustigheid, gee sekerheid, gerusstellend en sekuriteit.

Lofprysing. Hierdie kategorie akkommodeer 64 (5,2%) konstrunkte afkomstig van 25 (50,0%) verskillende respondente en maak gewag van uitdrukkings soos: doen goeie dinge, doen mooi dinge, doen wat reg is, bied die goeie, maak my vry, laat goed voel, gee geluk en laat lekker voel.

Onbepaald. In hierdie kategorie is 32 (2,6%) konstrunkte afkomstig van 15 (30,0%) respondente geplaas. Geen besondere tendens is in hierdie kategorie waargeneem nie.

5.3 SAMEVATTING VAN INSAMELING VAN EMPIRIESE DATA

By die insameling van empiriese data oor Godskonsepte word met die konstrunkteoretiese benadering rekening gehou. Oriëntering met betrekking tot die persoonlikekonstruk-teorie en bekendstelling aan die repertoierrooster-tegniek is derhalwe noodsaaklik. Die aard en tipe van die persoonlike konstrunkte word beskryf. Klem word op kernkonstrukte as naby die wese van die mens gelê. Verder word psigopatologie en psigoterapie uit die perspektief van die persoonlikekonstruk-teorie verklaar. Die repertoierrooster-tegniek as metode vir die identifisering van persoonlike konstrunkte word bespreek. Daar word verwys na elementontwikkeling, konstrukonthulling, dokumentasie en analisering van data.

Vervolgens word die proses van die insameling van empiriese data oor Godskonsepte beskryf. Die doel van die empiriese ondersoek is om die eiesoortige konstrukkenmerke ten opsigte van Godskonsepte by individue in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus met die oog op pastorale terapie te evalueer. As elemente vir die kompilasie van die repertoierroosters is twaalf metafore vir God uit die literatuur gekies. 'n Loodsstudie is gedoen om die uitvoerbaarheid van

die beoogde kompilasië van repertoierroosters volgens die neergelegde instruksies te toets. Die finale kompilasië van die repertoierroosters is individueel onderneem deur 50 respondente wat op 'n toevallige basis gekies is. Met die oog op sinvolle interpretasie van die data is 'n stelsel van kategorieë na analogie van die klaagpsalms vir die klassifisering van die konstrakte wat deur die respondente onthul is, ontwikkel. Nadat die konstrakte in die kategorieë gesorteer is, is die betroubaarheid van die kategorieestelsel geverifieer en die klassifikasies in die kategorieë ontleed.

HOOFSTUK 6

ANALISERING EN INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA

Die onderhawige empiriese ondersoek is gebaseer op data wat met 'n repertoierrooster-ondersoek verkry is. Dit behels die onthulling van persoonlike konstrakte wat met Godskonsepte verband hou. Die onthullingsproses is gestimuleer deur metafore vir God ten einde insig te verkry in individue se Godskonsepte.

6.1 RESPONDENTE VIR DIE REPERTOIERROOSTER-ONDERSOEK

Die respondente vir die repertoierrooster-ondersoek is op 'n ewekansige basis saamgestel. Die geselekteerde groep het uit 50 blanke manlike en vroulike persone van 18 jaar en ouer bestaan. Hulle was van Christelike geloofsoortuiging en het hulle gewillig verklaar om aan die projek deel te neem. Tabel 6.1 verstrek 'n detailontleding van die respondente.

TABEL 6.1
RESPONDENTE VIR DIE REPERTOIERROOSTER

KATEGORIE	RESPONDENTEGROEP	VROEG	MIDDEL	LAAT
Getal (N)	50	17	16	17
Ouderdomsgrense	18-72 jaar	18-25 jaar	26-59 jaar	60-72 jaar
Gemiddelde ouderdom	43,3 jaar	23,0 jaar	40,7 jaar	65,9 jaar
Mediaanouderdom	39,5 jaar	23,0 jaar	39,5 jaar	66,0 jaar
Opvoedkundige kwalifikasies				
Senior Sertifikaat	Getal respondente in totaal 35	12 in totaal	10 in totaal	13 in totaal
Tersiêre opleiding	Getal respondente in totaal 15	5 in totaal	6 in totaal	4 in totaal
Geslag				
Manlik	24	8	7	9
Vroulik	26	9	9	8

Soos in Tabel 6.1 aangedui word, het die ouderdomme van die respondente van 18 tot 72 jaar

gewissel. Van die 50 respondente was 24 manlik en 26 vroulik. Die gemiddelde ouderdom was 43,3 jaar en die mediaan-ouderdom 39,5 jaar. Betreffende opvoedkundige kwalifikasies het 35 respondente oor 'n Senior Sertifikaat beskik. Die oorblywende 15 respondente se opvoedkundige kwalifikasies het onder meer die volgende ingesluit: Diploma in Beeldende Kunste, Onderwysdiploma, BA, BSocSc, BSc (Hons), BTh, MB ChB, PhD, DPhil.

Die ouderdomme van die 17 respondente verteenwoordigend van die vroeë-volwasse lewenstadium het van 18 tot 25 jaar gewissel. Sowel hulle gemiddelde ouderdom as die mediaanouderdom was 23,0 jaar. Geslagtelik was agt manlik en nege vroulik. Van hulle het twaalf oor 'n Senior Sertifikaat en vyf oor tersiêre kwalifikasies beskik.

Die respondente van die middel-volwasse lewenstadium het uit 16 individue bestaan. Sewe was manlik en nege vroulik. Hulle ouderdomme het van 26 tot 59 jaar gewissel. Die gemiddelde ouderdom was 40,7 jaar en die mediaanouderdom 39,5 jaar. Benewens die tien wie se hoogste kwalifikasie 'n Senior Sertifikaat was, het ses tersiêre opleiding ondergaan.

Die laat-volwasse lewenstadium is verteenwoordig deur 17 respondente. Hulle ouderdomme het gewissel van 60 tot 72 jaar. Hulle gemiddelde ouderdom was 65,9 jaar en die mediaanouderdom 66,0 jaar. Nege was manlik en agt vroulik. Betreffende opvoedkundige kwalifikasies het dertien oor 'n Senior Sertifikaat en vier oor tersiêre opleiding beskik.

6.2 INHOUDSONTLEDING VAN DIE KONSTRUKTE

Die doel met hierdie gedeelte van die ondersoek was in hoofsaak om aan die hand van metafore vir God wat vryelik in die literatuur vermeld word, individue se Godskonsepte te bepaal. Met hierdie doel voor oë is die onthulde konstrukte aan inhoudsontleding onderwerp. Inligting wat op hierdie wyse bekom is, word uit verskillende perspektiewe geanaliseer en geïnterpreteer.

6.2.1 Metafore vir God tydens verskillende volwasse lewenstadia

In hierdie afdeling word die respondente se konstruering van die metafore vir God bespreek. Daar word deurgaans verwys na die eiesoortige Godskonsepte wat verteenwoordigend is van die bepaalde lewenstadium. Kenmerkend is die feit dat konstrueringe wat deur die respondente onthul is, hulle beskouinge in die begrip en taal van die respondente weergee. Waarnemervooroordeel as gevolg van 'n bepaalde verwysingsraamwerk word hierdeur tot 'n minimum beperk.

6.2.1.1 Vadermetafoor

Tabel 6.2 dui in beknopte vorm die respondente van die drie volwassenheidsgroepe se konstruering van *God as Vader* aan.

TABEL 6.2
METAFOOR: GOD AS VADER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God	Ware God	Ware God
Skepper	Onveranderlik	Onbekend
Allesomvattende kwaliteite	Stabiel en standvastig	Regverdig
Konkrete figuur	Onvolledig	Menslik
Magtig	Magtig veral op emosionele vlak	Naby
Kan met Hom 'n verhouding hê	Magte is beperk	Betoon genade
Ver van die mens verwyderd	Ver van die mens verwyderd	Gee liefde, simpatie, deernis
Het plan met mens se lewe	Koud, rigied en geslote	Kan met Hom kommunikeer
Verwag respek	Altyd beskikbaar	Beperk eie beheer
Dwing respek deur vrees af	Luister na die mens	Beperk ruimte van eie denke
Bevelend deur voor te sê	Gee liefde	Gerusstelling
Gee rigting aan mens se lewe	Vertroos	Sekerheid
Beperk mens se vryheid met straf	Gee hulp	Geluk
Beskerm die mens	Bied sekuriteit en rustigheid	Laat mens lekker voel
Versorging op materiële vlak	Bevelend	
	Beperk mens se vryheid	
	Beskerm die mens	
	Versorging op materiële vlak	
	Doen goeie en regte dinge vir mens	

Detailbespreking van die inhoud wat in Tabel 6.2 aangebied word, bring die volgende aan die lig met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering oor die betrokke

metafoor:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God die Vader is 'n konkrete figuur met Wie die mens 'n persoonlike verhouding het. Hy is die ware God wat as Skepper magtig is, oor allesomvattende kwaliteite beskik en steeds skeppend optree. Hy het 'n plan met die mens met betrekking tot sy eindbestemming, die hemel, en Hy kan daardie plan uitvoer. Hy verwag dat die mens Hom moet respekteer en dwing dit deur vrees af. Hy gee rigting aan die mens se lewe deur vir hom voor te sê en nie deur slegs riglyne te verskaf nie. Dit beteken egter nie dat God die mens se vrye wil en besluitnemingsreg geheel en al wegneem nie. God is as Vader ver van die mens verwyderd. Hoewel Hy die individu straf en daarmee sy vryheid beperk, beteken dit nie dat Hy vir hom kwaad is oor wat hy doen nie. As Vader het God 'n definitiewe vasgestelde en bekende rol waarmee die mens vertrou is. In hierdie hoedanigheid fokus Hy hoofsaaklik daarop om die mens te beskerm en op die materiële vlak te versorg, veral met betrekking tot tydelike behoeftes soos kos en klere.

Middel-volwasse lewenstadium. God is as Vader aanvaarbaar as die ware en seker God wat dinge bestuur. As sulks is Hy onveranderlik, stabiel en standvastig, maar nogtans onvolledig. As Vader is Hy by magte om enigiets vir die mens te doen. Hy tree soos die mens op en Sy magte is veral op die emosionele vlak bekend, maar is nietemin beperk. Hy is altyd beskikbaar, beskerm die mens en sorg dat wat Hy vir die mens doen, goed en reg is. Daardeur beperk Hy egter die mens se vryheid in 'n groot mate. Hy dra die mens se belange op die hart, luister na die mens, gee raad en inligting, asook die nodige materiële versorging. Dit kom daarin tot uiting dat Hy in die mens belangstel, oor hom besorgd is, liefde gee, hom help en vertroos. Op hierdie wyse bied Hy sekuriteit en rustigheid aan die mens. Oor die algemeen is Hy egter bevelend en neem mag van die mens weg, met ander woorde, Hy ontmagtig die mens. As sulks is Hy ver van die mens verwyderd, koud, rigied en geslote. Dit sluit egter nie uit nie dat 'n mens by tye 'n warm, positiewe gevoel teenoor Hom ervaar wanneer Hy Sy goedheid openbaar deur behulpsaam te wees en goeie dinge laat gebeur. Daarom dat Hy soms as naby die mens ervaar word. Hier word iets bespeur van die oorgangstadium met betrekking tot Godskonsepte waarin persone van die middel-volwasse lewenstadium verkeer. Hierdie oorgangstadium word in Afdeling 8.2.2 verder toegelig wanneer voorstelle vir verdere navorsing onder die opskrif: "Verdeling van die volwasse lewensiklus" gedoen word.

Laat-volwasse lewenstadium. God is as Vader aanvaarbaar as die ware en regverdige God wat Sy Vaderskap aan die mensdom bewys het deur vader van Sy Seun Jesus Christus te wees. Hoewel Hy as die onbekende die mens se eie beheer en sy ruimte om te dink beperk, word Hy tog as menslik, in 'n mate bekend en so naby beskou dat 'n mens met Hom kan kommunikeer. As Vader is Hy persoonlik en intiem by die mens betrokke deur aan hom genade te betoon in die vorm van liefde, simpatie en deernis. Hy het persoonlike belang by die mens. Daarom gee Hy vir die mens om, sorg vir hom, beskerm hom en wil die goeie vir hom doen. Deur Sy emosionele betrokkenheid by die mens wat Hy in liefde en deernis vir die mens manifesteer, bied Hy aan die mens gerusstelling, sekerheid, geluk en laat hom lekker voel.

6.2.1.2 Geweldige Krag-metafoor

'n Beknopte oorsig van die respondente se konstruering van *God as 'n Geweldige Krag* word in Tabel 6.3 aangebied.

TABEL 6.3
METAFOOR: GOD AS 'N GEWELDIGE KRAG

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God	Onbekende werklikheid	Oral in die heelal
Allesomvattende krag	Alomteenwoordig	Onwerklik
Abstrakte konsep	Almagtig	Onpersoonlik
Beweeg op die agtergrond	Skeppend	Nie menslik nie
Meer as menslik	Onbeperkte krag	Beteken niks as God nie
Skeppend	Kan enigiets doen	Kan nie mens van sonde verlos nie
Magtig	Kan wêreld 'n beter plek maak	Bestuur die wêreld
Nie spesifieke funksie nie	Aksies is outomaties	Neem nie goeie in ag in bestuur nie
Weet nie wat om te verwag nie	Geen menslike eienskappe	Ver verwyder van die mens
Ver verwyderd	Emosieloos	Kommunikasie onmoontlik
Gereeld beskikbaar	Ver van die mens verwyder	Geen liefde
Luister na die mens	Stel nie in enkeling belang nie	Kan nie mens gelukkig maak nie
Gee slegs riglyne	Luister nie na die mens nie	Geen vrye keuse
Gee vryheid van doen en late	Bestuur nie enkeling se lewe nie	Bevelend
Respek vir Hom beperk gedrag	Kan nie help in noodsituasie nie	Kan wel iets vir mens doen
	Bied nie geluk nie	Sy krag gee sekuriteit
	Nie bevelend of voorskriftelik nie	
	Laat vryheid van besluitneming toe	

Die inhoud wat in Tabel 6.3 aangebied word, bring die volgende aan die lig met betrekking tot

die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering oor die metafoor *God as 'n Geweldige Krag*:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as 'n Geweldige Krag is 'n abstrakte konsep waarmee die mens nie vertrou is nie. As ware God tree Hy skeppend op. Hy het nie 'n spesifieke funksie nie en 'n mens weet nie wat om van Hom te verwag nie. As allesomvattend krag is Hy meer as menslik en beweeg op die agtergrond. Hy is magtig en openbaar dit deur dinge te laat gebeur sonder dat Hy allerhande slenterslae daarvoor nodig het. Dit wat Hy doen het egter niks met mag te doen nie, maar is suiwer op krag gebaseer. Alhoewel Hy ver van die mens verwyderd is, is Hy gereeld beskikbaar. Hy straf nie, maar gee aan die mens vryheid van doen en late. Respek vir Hom beperk egter die mens se handeling. Hy stel nie daarin belang of die mens hom goed gedra voordat Hy die nodige vir hom doen nie. Hy kom nie na die mens nie, maar die mens moet na Hom gaan. Dan luister Hy na die mens. In plaas van om vir die mens voor te sê, gee Hy slegs raad en riglyne.

Middel-volwasse lewenstadium. God as 'n Geweldige Krag is 'n wonderlike, onbekende werklikheid. Hy beskik oor onbeperkte mag en krag en tree skeppend op. Hy is almagtig en kan enigiets doen. So kan Hy ook die wêreld 'n beter plek maak. Daar is egter nie by Hom 'n doelbewuste aksie nie, maar Sy aksies vind outomaties plaas. Hy is naby die mens in die sin dat Hy alomteenwoordig is en gee die mens mag. God as bloot 'n Geweldige Krag stel nie in die individu as enkeling belang nie, luister nie na hom nie en bestuur nie sy lewe ten beste nie. Intendeel, Hy bestuur nie die enkeling se lewe nie. Hy is derhalwe nie in staat om in 'n noodsituasie te help, of geluk of iets tasbaars te gee nie. Hy is nie voorskriftelik aan die mens nie. Hy gee selfs nie riglyne nie, maar laat die mens volslae vryheid van besluitneming en handeling toe. God as bloot 'n Geweldige Krag beskik nie oor menslike eienskappe nie en is in daardie verband ver van die mens verwyderd. As gevolg daarvan kan Hy nie veel vir die enkeling doen nie. Verder is Hy emosieloos in die sin dat Hy nie barmhartigheid, medelye of liefde betoon nie. Vriendelikheid kom nie ter sprake nie.

Laat-volwasse lewenstadium. God as net 'n Geweldige Krag is onbekend, onwerklik, onpersoonlik, nie menslik nie en oral in die heelal. Omdat Hy nie Goddelike eienskappe besit nie,

kan Hy dus as 'n God nie iets beteken nie. Hy kan die mens nie van sy sonde verlos nie. As 'n Geweldige Krag bestuur Hy die wêreld sonder om noodwendig die goeie in aanmerking te neem. Wat die individu betref, is Hy so ver van die mens as 'n enkeling verwyder dat die mens nie met Hom kan kommunikeer nie. Die mens het dus geen vrye keuse met betrekking tot sy eie lot nie. Hy moet handel soos daar vir hom voorgesê word. God as 'n onpersoonlike Geweldige Krag steur Hom nie aan die individu nie en is nie direk met hom betrokke nie. As 'n krag kan Hy wel iets vir die mensdom doen, 'n feit wat gerusstellend is, sekerheid en vertroue gee en die mens goed laat voel. Van liefde gee is daar geen sprake nie en Hy kan ook nie die mens gelukkig maak nie.

6.2.1.3 Vriendmetafoor

Die respondente verteenwoordigend van die drie volwasse lewenstadia se konstruering van *God as Vriend* word in Tabel 6.4 oorsigtelik aangebied.

TABEL 6.4
METAFOOR: GOD AS VRIEND

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God	Ware God	Ware God
Konkrete figuur	Menslike eienskappe	Persoonlik en menslik
Nie skeppend nie	Beperkte mag	Weet wat om van Hom te verwag
Nie magtig nie	Naby die mens	Naby die mens
Verstaanbare persoon	Luister na die mens	Kommunikasie moontlik
Naby die mens	Kan veel vir die mens doen	Geloofbaar
Elke dag beskikbaar	Gee mag	Regverdig
Gereelde kontak	Rigtingwyser	Gee liefde
Gee raad en riglyne	Kleiner as party ander metafore	Gerusstellend
Gereelde versorging	Skenk nie genade nie	Beteken iets in godsdienstige sin
Weet wat om van Hom te verwag	Beskerming is beperk	Wil goeie vir mens doen
Vryheid van doen en late	Bied rustigheid	Bied hulp
Straf nie	Emosionele mag	
Aanvaar die mens soos hy is	Vriendelik	
Verwag nie respek nie	Feilbaar	
Kan ontspanne voor Hom wees	Minder geduldig	

Die inhoud wat in Tabel 6.4 aangebied word, bring die volgende aan die lig met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering oor die metafoor *God as 'n Vriend*:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as 'n Vriend is nie iets abstraks nie, maar 'n konkrete figuur in die lewe van die mens. Hy is ware God, maar nie in 'n skeppende hoedanigheid of magtig nie. As 'n persoon is Hy verstaanbaar. Alhoewel Hy verskeie rolle kan beklee, is 'n mens met Sy rol vertrouwd. 'n Mens weet dus wat om van Hom te verwag. Hy straf nie die mens nie, maar gee vryheid van doen en late. Hy aanvaar dus die mens soos hy is. Hy verwag nie respek van die mens nie, gevolglik kan die mens ontspanne en natuurlik wees en enigiets in Sy teenwoordigheid doen. Hy is naby die mens en as Vriend is hy elke dag beskikbaar. 'n Mens het dus gereelde kontak met Hom. As sulks gee hy raad en riglyne en bied gereelde versorging.

Middel-volwasse lewenstadium. Om in God as 'n Vriend te glo, is nie 'n vals geloof nie. Anders as die Geweldige Krag is Hy bekend, het menslike eienskappe en beskik oor beperkte mag. Omdat die mens Hom elke dag nodig het, het dit dié waarde dat die Goddelikheid naby die mens is en derhalwe vir hom iets kan doen. Hy gee die mens mag, bied vryheid, kan hom op sy pad help en tree as 'n rigtingwyser op. Hy is nie heeltemal so groot soos sommige van die ander metafore nie. Hy skenk nie genade nie en Sy beskerming van die mens is beperk. Sy mag is egter op die emosionele vlak en word in vriendelikheid openbaar. As Vriend kan Hy na die mens luister, raad en bystand gee en rustigheid bied. Hy is egter nie so na aan die mens soos werklike familie nie. Hy stel wel in die mens belang en tree in sy belange op, maar is feilbaar en kan die mens in die steek laat. Ook is Hy minder geduldig en kan vir die mens kwaad word.

Laat-volwasse lewenstadium. 'n Mens kan God as 'n Vriend beskou. Dit beteken dat Hy as 'n simbool teenoor die Verlosser as die werklike God gestel word. God as Vriend is persoonlik of menslik. 'n Mens ken Hom. Hy is geloofbaar, regverdig en gerusstellend. Hy is naby die mens, maar nie heeltemal so naby as sommige van die ander metafore nie. In godsdienstige sin beteken Hy iets vir die mens. Hy is by die doen en late van die mens betrokke, wil die goeie vir die mens doen, kan dinge vir hom doen en staan hom by. 'n Mens het Hom elke dag nodig en kan met Hom kommunikeer. As Vriend het Hy liefde vir die mens, gevolglik kan 'n mens op Sy hulp vertrou.

6.2.1.4 Sadis- of paaiboeliemetafoor

Tabel 6.5 dui in oorsigtelike vorm die respondente wat verteenwoordigend was van die drie volwassenheidsgroepe se konstruering van *God as Sadis of Paaiboelie* aan. Uit die tabel kom die volgende aan die lig met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering oor die metafoor *God as 'n Sadis of 'n Paaiboelie*:

TABEL 6.5
METAFOOR: GOD AS SADIS OF PAAIBOELIE

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Nie ware God nie Konkrete figuur Beperkte vermoëns Het allerhande planne Kan planne uitvoer Gee rigting aan mens se lewe Manipuleer die mens Verwag respek Veroorsaak vrees Geen vrye wil of eie keuse Kwaad vir mens oor wat hy doen Maak seer Beroof mens van geluk Geen beskerming	Goddelike aksie Kan nie mens van sonde verlos nie Verwaarloos die mens Stel as God teleur Magtig Stel nie in die mens belang nie Bedreigend en geen vertroosting Stoot die mens af Gevoelloos en liefdeloos Doen lelike dinge Harde en bevelende optrede Baasspelerig Neem nie emosies in aanmerking Gee nie raad nie Geen beskerming Voorsien nie in behoeftes nie Gee voorwaardelik Hou mens se daade teen hom	Nie ware God nie Met valsheid geassosieer Handelswyse is onbekend Ver van die mens verwyderd Gee nie vir mens om nie Bring slegte dinge oor die mens Geen liefde van Sy kant nie Haat van Sy kant betrokke Skep nie vertrou nie Stoot af Maak mens bang Maak mens onrustig Skep onsekerheid Laat mens twyfel Geen versorging Geen troos

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as Sadis of Paaiboelie word as 'n konkrete figuur in die lewe van die mens beskou. Die metafoor God as 'n Sadis beskryf nie werklik vir God nie. Dit is 'n illusie, 'n leuen. Om hierdie siening van God te huldig, beteken dat die persoon in 'n God glo wat wel beperkte vermoëns het, maar allerhande planne het en dit kan en sal uitvoer. Op hierdie wyse gee Hy rigting aan die mens se lewe deur manipulasie. Hy verwag respek van die mens, veroorsaak vrees en kan op verskeie maniere gemeen wees. 'n Mens weet wat om van so 'n God te verwag. Hy laat geen vrye wil of eie keuse by die mens toe nie, gun die mens geen eie beslissingsreg nie en kan kwaad wees oor wat die mens doen. Hy wil die mens seermaak, laat hom sleg voel, gee ongelukkigheid en neem dinge van die mens weg. Geen beskerming kan van

so 'n God verwag word nie.

Middel-volwasse lewenstadium. God as 'n Sadis of Paaiboelie is wel van Goddelike aard, dog Hy dra nie by om die mens uit sy sondige toestand te verlos nie, maar verwaarloos hom. Hy is nie wat 'n mens dink God behoort te wees nie, want Hy dra nie die mens se belange op die hart nie. Hy is bedreigend en stoot die mens af omdat Hy nie in die mens se welsyn belangstel nie en gevoelloos is. Hoewel Hy die mag het om groot dinge te doen, doen Hy dinge wat nie reg is nie, kwade, lelike dinge. Dit is harde optrede waarby emosies nie in aanmerking geneem word nie. Daarom het die mens 'n koue negatiewe gevoel teenoor Hom. Hy is nie 'n wyse God wat altyd beskikbaar is en die mens raad gee nie. Van beskerming is daar nie sprake nie. Hy intimideer die mens eerder, is baasspelerig en afknouerig. Hy bestuur nie die mens se lewe ten goede nie en voorsien nie in sy behoeftes nie. In plaas van iets te gee, neem Hy eerder weg. As Hy wel iets gee, dan gee Hy dit voorwaardelik met 'n egoïstiese motief. Hy onthou die mens se verkeerde dade en hou dit teen hom. Van liefde en vertroosting van Sy kant kom niks tereg nie. Hy is hoofsaaklik bevelend.

Laat-volwasse lewenstadium. Om God as 'n Sadis te sien, is om Hom nie as 'n ware God te beskou nie. Hy word dan afgetrek na die menslike vlak. So 'n God is onaanvaarbaar en word eerder met valsheid geassosieer. Sy handelswyse is onbekend. Hy staan los en ver van die mens. Hy gee nie vir die mens om nie, maar bring slegte dinge oor die mens en kasty hom. 'n Mens voel nie goed oor Hom nie. Daar is nie deernis en liefde van Sy kant nie. 'n Mens kry eerder die gevoel dat daar haat betrokke is. In plaas van vertrouwe te skeep, stoot Hy 'n mens af. Hy maak 'n mens bang of onrustig. Dit gee onsekerheid en laat 'n mens twyfel. So 'n God kan nie vir die mens sorg nie, kan nie troos nie, het nie liefde of genade nie en is onsimpatiek.

6.2.1.5 Verlossermetafoor

Die respondente verteenwoordigend van die drie volwasse lewenstadia se konstruering van *God as Verlosser* word in Tabel 6.6 oorsigtelik aangebied. Uit die inhoud van Tabel 6.6 blyk die volgende met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering van die

metafoor *God as Verlosser*:

TABEL 6.6
METAFOOR: GOD AS VERLOSSER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God	Ware God	Ware God
Abstrakte figuur	Onbekend	Heilig
Allesomvattend	Almagtig	Werk op die Goddelike vlak
Onbekend	Kies beperkte pligte	Kragtig in godsdienstige sin
Onverstaanbaar	Kan wêreld 'n beter plek maak	Naby die mens
Mens weet wat Sy rol is	Ver verwyderd	Verlos uit sonde
Werk op die agtergrond	Stel in mens belang	Bied genade
Geen vertoning van mag of krag	Bevry uit sondige toestand	Liefde vir die mens
Hy beplan mens se lewe	Begelei na eindbestemming	Wil goeie vir mens doen
Verander lewe op subtiele wyse	Het plan met mens se lewe	Beïnvloed mens se lewe vir ewig
Baie emosies betrokke	Bestuur mens se lewe ten beste	Laat keuse om Hom te gebruik
Mens moet na Hom gaan	Hy verander die mens	Geloof
Hy luister na die mens	Nie rigtingwyser nie	Sekerheid
Eenmalige kontak	Help mens nie op sy pad nie	Vertroue
Vryheid sonder verantwoording	Kan onvoorwaardelik vertrou	Kan op Sy hulp staatmaak
Bied geluk	Beskerm mens	Gerusstelling
Moet versigtig voor Hom wees	Voorsien in behoeftes	Laat lekker en goed voel
Eenmalige versorging	Gee onvoorwaardelik	

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as Verlosser is nie 'n illusie of leuen nie, maar 'n werklike, allesomvattende God. Sy rol is duidelik en 'n mens weet wat dit is. Hy is egter nie 'n persoon wat vir die mens bekend of verstaanbaar is nie. Hy is 'n abstrakte figuur wat op die agtergrond werk. Daar is in Sy werk nie 'n vertoning van mag of krag nie. Hy speel wel 'n rol in die beplanning van die mens se lewe en verander die mens se lewe op 'n subtiele manier waarby baie emosies betrokke is. Hy kom nie na die mens nie, maar die mens moet na Hom gaan. Dan luister Hy na die mens, laat hom lekker voel en bied hom geluk. Hy gee aan die mens vryheid sonder dat Hy die mens tot verantwoording roep. Die mens kan egter nie ontspanne en natuurlik teenoor God as Verlosser wees nie, maar moet versigtig wees. Hy kan net sekere dinge in die Verlosser se teenwoordigheid doen. Die kontak met Hom is nie gereeld nie, maar eenmalig. Daarom is die versorging wat Hy bied ook nie gereeld nie, maar eenmalige versorging.

Middel-volwasse lewenstadium. God as Verlosser is waarlik God, maar onbekend. Hy is almagtig en kan groot dinge bo die mens se vermoë doen. Hy kan ook die wêreld verander en dit 'n beter plek maak. Hy kies egter beperkte pligte en doen derhalwe nie enigiets nie. Dit bring mee

dat Hy nie 'n rigtingwyser in die algemeen vir die mens is en hom as sulks op sy pad help nie. Die mens ervaar Hom as verwyderd, as die Goddelikheid op 'n afstand. God as Verlosser is egter op die mens gerig, stel in die mens belang en het 'n plan met sy lewe. Hy bevry die mens uit sy sondige toestand en begelei hom na sy eindbestemming. Daardeur verander Hy die mens. Hy bestuur die mens se lewe ten beste. 'n Mens kan onvoorwaardelik op hom vertrou. Hy sal die mens nooit in die steek laat nie. As sulks beskerm Hy die mens en voorsien in sy behoeftes. Hy is egter uitsonderlik in die sin dat 'n mens Hom net af en toe nodig het. Hy gee dan ook nie so 'n wye verskeidenheid bystand in die alledaagse lewe soos sommige van die ander metafore vir God nie, maar wat Hy gee, is onvoorwaardelik en onbaatsugtig.

Laat-volwasse lewenstadium. God as Verlosser is waarlik God. Hy is heilig en bo-menslik in die sin dat Hy Goddelike eienskappe het en op die Goddelike vlak opereer. As sulks is Hy vir die mens kragtig in godsdienstige sin omdat Hy die mens uit sy sonde kan verlos en derhalwe sy lewe vir ewig beïnvloed. Hy laat egter aan die mens 'n keuse om Hom te gebruik al dan nie. Hy word as naby ervaar, het die mens lief, gee baie vir die mens om en wil vir die mens die goeie doen. Hy openbaar gevolglik eerder genade as krag. Omdat die mens in Hom vertrou het en weet dat hy op Sy hulp kan staatmaak, gee Hy aan die mens geloof en sekerheid. Dit stel gerus en laat die mens goed voel.

6.2.1.6 Kersvadermetafoor

Tabel 6.7 bied oorsigtelik die respondente verteenwoordigend van die volwasse lewenstadia se konstruering van die metafoor *God as Kersvader*. Uit die inhoud van Tabel 6.7 blyk die volgende met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering van die metafoor *God as Kersvader*:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as Kersvader is vir die mens 'n konkrete figuur. Om Hom as sulks te beskou, is egter 'n illusie, 'n leuen. Dis nie die ware God nie. So 'n God is bekend in die sin dat hy 'n definitiewe of bepaalde rol het en dat 'n mens weet wat om van hom te verwag: Hy beloon net goeie gedrag. Daarom is Hy net af en toe beskikbaar. Deur te gee maak Hy die

mens gelukkig en laat hom lekker voel. Krag is hier van belang en liefde kom nie ter sprake nie. In Sy teenwoordigheid kan 'n mens homself wees en hom uitleef.

TABEL 6.7
METAFOOR: GOD AS KERSVADER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Nie ware God nie Konkrete figuur Het 'n definitiewe rol Mens weet wat om te verwag Beloon goeie gedrag Net af en toe beskikbaar Maak gelukkig deur te gee Krag is van belang Liefde nie ter sprake nie Kan jouself wees	Nie ware God nie Openbaar Goddelike aksie Het nie mag nie Doen nie iets besonders nie Skenk genade Voorsien in tydelike behoeftes Kreatief Hulpvaardig Verwag niks terug nie Maak mens gelukkig Vriendelik Geen liefde	Nie ware God nie Ongeloofbaar Gaan nie oor regverdigheid nie Maak tydelik gelukkig Gee liefde Doen goeie dinge Skep mate van vertrouwe Skep mate van geloof Maak bang Maak onseker Min invloed oor mens Kan nie gee wat nodig is nie

Middel-volwasse lewenstadium. Om God as 'n Kersvader te beskou, is 'n vals geloof. Hy kan nie werklik God wees nie. God as Kersvader openbaar wel 'n Goddelike aksie, maar het nie mag nie en doen nie vir die mens iets besonders nie. Hy skenk wel genade en voorsien in tydelike behoeftes. Daarby is Hy kreatief en hulpvaardig. Alhoewel Hy nie in die mens se belang optree nie, gee Hy wel iets aan die mens, soos byvoorbeeld mag en ander dinge. Hy doen dit onvoorwaardelik sonder om iets terug te verwag. Daardeur maak Hy die mens gelukkig. Vriendelikheid gaan daarmee gepaard, dog daar is nie liefde, barmhartigheid of medelye nie. Hoewel Hy nie bystand gee nie, is Hy darem nie afknouering of baasspelerig nie.

Laat-volwasse lewenstadium. God as Kersvader kan nie God wees nie, want so 'n God is op die menslike vlak. Dit gaan nie by Hom oor regverdigheid nie. Hy is onbekend, maar word as persoonlik beskou. Hy kan die mens tydelik gelukkig maak. Omdat Hy wel liefde vir die mens het en goeie dinge vir hom doen, skep Hy 'n mate van vertrouwe en geloof. Die wete dat Hy in werklikheid nie geloofbaar is nie, maak die mens egter bang, onseker en onrustig. Gevolglik het Hy min invloed oor die mens. Hy beteken derhalwe nie veel vir die mens nie omdat Hy nie kan bied wat die mens werklik nodig het nie. Daar is nietemin nie valsheid by Hom nie.

6.2.1.7 Troostermetafoor

Die respondente verteenwoordigend van die drie volwasse lewenstadia se konstruering van *God as Trooster* word in Tabel 6.8 oorsigtelik aangebied.

TABEL 6.8
METAFOOR: GOD AS TROOSTER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God Werk meestal op emosionele vlak Weet nie wat om te verwag nie Gee nie rigting aan lewe nie Voorsien nie in fisiese behoeftes Bied vertroosting deur liefde Dwing respek af	Ware God Magtig Dra by tot verlossing uit sonde Onthou nie verkeerde dade nie Bestuur mens se lewe op regte pad Tyd vir menslike aspekte Werk meestal op emosionele vlak Help in moeilike omstandighede Vertrous Beskerm Gee raad	Ware God Bied alles wat mens nodig het Naby Wil die goeie vir mens doen Gee ondersteuning Stel mens gerus Genadig Regverdig Eerlik Liefdevol Simpatiek

Tabel 6.8 bring die volgende aan die lig met betrekking tot die verskillende volwassenheidsgroepe se konstruering oor die metafoor *God as Trooster*:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as Trooster is werklik God. Hoewel Hy op verskeie vlakke werk, werk Hy hoofsaaklik op die emosionele vlak. Daar is verwarring oor wat van Hom verwag kan word en 'n mens weet eintlik nie wat om van Hom te verwag nie. Sy funksie is nie om in die fisiese behoeftes van die mens te voorsien nie, maar om aan hom vertroosting te bied. Hy doen dit nie deur 'n vorm van manipulasie of slim planne nie, maar deur liefdevol te wees en liefde te gee. Hierdeur dwing hy respek af. Sy funksie as Trooster behels nie om rigting aan die mens se lewe te gee nie.

Middel-volwasse lewenstadium. God as Trooster het Goddelike eienskappe en is as sulks magtig. Hy bestuur die mens se lewe en hou hom op die regte pad. Om aan God as Trooster te dink, gee 'n mens 'n warm, positiewe gevoel want Hy het tyd vir menslike aspekte. Hy het die mens lief, is vir hom goed en is behulpsaam. Hy dra die individu se belange op die hart en kan vir hom iets doen in die sin dat Hy hom troos, beskerm en raad gee. Hy sluit die mens nie uit by Sy werk nie,

maar betrek hom daarby. In Sy werkswyse opereer Hy sagkens, hoofsaaklik op die emosionele vlak. Hy onthou nie die mens se verkeerde dade nie, maar is oor hom besorgd en help in moeilike omstandighede. Hierdeur dra Hy by tot die mens se herstel uit sy sondige toestand.

Laat-volwasse lewenstadium. God as Trooster is aanvaarbaar in die lewe van die mens. Hy is werklik God want Hy bied alles wat 'n mens nodig het. Hy word as naby ervaar en wil die goeie met die mens. As sulks is Hy regverdig, eerlik, genadig, liefdevol, simpatiek en gee ondersteuning. Hierdie eienskappe van Hom stel die mens gerus.

6.2.1.8 Bedryfsingenieurmetafoor

Tabel 6.9 bied oorsigtelik die respondente verteenwoordigend van die volwasse lewenstadia se konstruering van die metafoor *God as Bedryfsingenieur*.

TABEL 6.9
METAFOOR: GOD AS BEDRYFSINGENIEUR

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God	Nie ware God nie	Nie ware God nie
Aggressiewe en dinamiese optrede	Nie magtig nie	Kan nie uit sonde verlos nie
Beweeg nie op agtergrond nie	Nie skeppend nie	Ver verwyderd
Beplan mens se lewe	Kan nie wêreld verander nie	Nie eerlik nie
Voorsien in fisiese behoeftes	Kan nie uit sonde verlos nie	Harde optrede
Bevelend	Mens kan goeie of slegte verwag	Neem nie mens se gevoel in ag nie
Kan nie bedrieg word nie	Tree soos 'n masjien op	Ongenadig
Emosies nie ter sprake nie	Sonder emosies	Bevelend
Weet nie wat om te verwag nie	Het plan met mens se lewe	Maak mens bang
Krag wat verandering aanbring	Kan nie in nood help nie	
Bied gerustelling en vertroosting		

Interpretasie van die inhoud van Tabel 6.9 laat blyk die volgende:

Vroeë-volwasse lewenstadium. Om in God as 'n bedryfsingenieur te glo, beteken om in 'n ware God te glo. Hy skep die idee van dinamiese, aggressiewe optrede. Hy beweeg nie op die agtergrond nie, maar kom na die mens, sê hom voor en doen Sy ding. Hy kan nie geflous word

nie. Emosies kom nie ter sprake nie. Sy rol is egter grootliks onduidelik sodat 'n mens nie eintlik weet wat om van Hom te verwag nie. Hy het nietemin spesifieke funksies en speel 'n rol in die beplanning van die mens se lewe. Verder voorsien Hy in die mens se fisiese behoeftes. Hy is 'n krag wat veranderinge aanbring en juis hierdie wete bied aan die mens vertroosting.

Middel-volwasse lewenstadium. God as Bedryfsingenieur beskik nie oor Goddelike eienskappe nie. Hy is nie magtig nie en verskil derhalwe nie van 'n gewone werker nie. Hy kan nie dinge bo mense se vermoë doen nie. Dit beteken dat Hy tot niks buitengewoon skeppend in staat is nie. Hy kan nie die wêreld verander of 'n beter plek maak nie. 'n Mens kan enigiets van Hom verwag, die goeie of die slegte. Hy tree soos 'n masjien op. 'n Mens dink aan Hom as tegniese en sonder emosie. Hy het wel 'n plan met die mens se lewe en bestuur dit ten beste. Hy kan egter nie in 'n noodsituasie help en die mens troos of gelukkig maak nie. Ook kan Hy die mens nie uit sy sondige toestand bevry nie. Hy is gevoelloos en stel nie werklik in die mens belang nie. Hy doen nie vir die mens iets besonder nie en hou hom nie op die regte pad nie. Dit wat Hy wel doen, is vooraf beplan.

Laat-volwasse lewenstadium. God as 'n Bedryfsingenieur is nie wat onder God verstaan word nie. Hy is nie eerlik nie en kan nie vir die mens iets doen nie. Hy word met hardheid geassosieer deurdat Hy oor die mens se lewe beslis sonder om hom in die saak te ken, en op dié wyse sy lewensloop beïnvloed. Die gevoel is dat Hy ver verwyderd is en nie persoonlik by die mens betrokke is nie. Hy is ongenadig en kan nie vir die mens iets beteken nie omdat Hy die mens nie uit sy sondige toestand kan verlos nie. Hy gee aan die mens geen keuse nie, maar is bevelend en sê hom voor. Hy maak die mens eerder bang.

6.2.1.9 Regtermetafoor

Die respondente verteenwoordigend van die drie volwasse lewenstadia se konstruering van *God as Regter* word in Tabel 6.10 oorsigtelik aangebied. Uit die tabel blyk die volgende met betrekking tot die respondente se konstruering van die metafoor *God as Regter*:

Vroeë-volwasse lewenstadium. God as Regter is wat 'n mens van God verwag. Hy het 'n definitiewe rol waarvoor Hy vaardigheid nodig het en 'n mens weet wat om van Hom te verwag. Sy funksie is om die mens vir sy daade te vergeld. Hy vergoed die mens egter ook vir goeie gedrag. Dit is onmoontlik om Hom te bedrieg. Emosie speel nie by die uitvoering van Sy funksie 'n rol nie. Hy is elke dag beskikbaar en voorsien in die mens se fisiese behoeftes, maar Hy bied nie vertroosting nie.

TABEL 6.10
METAFOOR: GOD AS REGTER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God Definitiewe rol Weet wat om te verwag Vergeld mens vir sy daade Vergoed vir goeie gedrag Kan nie bedrieg word nie Emosies speel nie rol nie Elke dag beskikbaar Voorsien in fisiese behoeftes Geen vertroosting	Ware God Magtig Nie kreatief nie Tree uitvoerend op Hou mens op regte pad Neem mag en dinge van mens weg Optrede vyandig Emosies nie betrokke nie Tree in mens se belang op Bied bystand Skenk genade Gee gerusstelling	Ware God Ver verwyderd Harde optrede Bevelend Sonder liefde Beslis sonder mens te raadpleeg Beslis op neutrale wyse Genadig Eerlik Bied alles wat mens nodig het Gerusstellend

Middel-volwasse lewenstadium. God as Regter besit Goddelike eienskappe, is magtig en baie groot. Hy tree nie kreatief op nie, maar hoofsaaklik in uitvoerende hoedanigheid. Daardeur hou Hy die mens op die regte pad. In die proses neem Hy mag en ander dinge van die mens weg. Sy optrede kan dus nie as vriendskaplik beskou word nie, maar eerder as vyandig. Emosies speel nie 'n rol in die uitvoering van Sy funksie nie. Hy tree egter in die mens se belang op en bied bystand in moeilike omstandighede. Ook skenk Hy genade. Dit gee gerusstelling.

Laat-volwasse lewenstadium. God as 'n Regter is onbekend maar geloofbaar. As Regter word Hy as hard en bevelend beskou. Die feit dat Hy eerlik en genadig is, is egter gerusstellend. Hy word nietemin as ver verwyderd en sonder liefde vir die mens ervaar. Hy beslis oor die mens se lewe sonder om hom in die saak te ken. Sy beslissing word op 'n neutrale wyse gedoen en gaan nie daaroor of Hy die goeie vir die mens wil doen nie. Hy kan dinge vir die mens doen en bied alles wat die mens nodig het.

6.2.1.10 Rekenaar- of programmeerdermetafoor

Tabel 6.11 toon op oorsigtelike wyse die respondente se konstruering van die metafoor *God as Rekenaar of Programmeerder*.

TABEL 6.11
METAFOOR: GOD AS REKENAAR OF PROGRAMMEERDER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God / Nie ware God nie	Nie ware God nie	Nie ware God nie
Magtig	Kan nie van sonde verlos nie	Kan nie vir mens sorg nie
Help om lewensdoel te bereik	Magteloos	Ver verwyderd
Laat geen vrye wil toe nie	Bestuur wêreld en mens se lewe	Onpersoonlik
Geen besluitnemingsreg nie	Hard, rigied en sonder gevoel	Gee nie vir mens om nie
Kwaad oor wat mens doen	Doen wat reg is	Geen gevoel vir mens
Manipuleer die mens	Laat min vryheid toe	Nie emosioneel betrokke nie
Verhouding met Hom onpersoonlik	Hou verkeerde dade teen mens	Doeltreffend
Weet wat om te verwag	Nie emosioneel nie	Onvoorspelbaar
Veelvoudige pligte	Bevelend	Doen voor die handliggende dinge
Versorg en beskerm die mens	Kan lelike dinge laat gebeur	Laat geen ruimte vir eie beheer
Geen liefde	Altyd beskikbaar	Laat geen eie denke toe nie
	Kan nie kommunikeer nie	Veroorsaak onsekerheid
	Skep onrustige gevoel	Maak mens bang
	Verwaarloos mens	

Met betrekking tot die metafoor *God as Rekenaar of Programmeerder* bring 'n interpretasie van Tabel 6.11 die volgende aan die lig aangaande die konstruering van die respondente wat die drie volwasse lewenstadia verteenwoordig het:

Vroeë-volwasse lewenstadium. Met betrekking tot God as Rekenaar is daar sommige respondente wat Hom nie as die ware God beskou nie terwyl ander meen dat Hy aanvaarbaar is as 'n God. Eersgenoemde groep huldig die mening dat so 'n God vir die mens geen vrye wil of eie besluitnemingsreg toelaat nie, maar kan kwaad wees oor wat die mens doen. Die ander groep meen dat Hy oor spesifieke kwaliteite beskik en die mens manipuleer. Hy het 'n bekende en definitief positiewe funksie. Hoewel die verhouding met Hom onpersoonlik is, weet 'n mens wat om van Hom te verwag. Hierdie groep is van mening dat God as Rekenaar magtig is en alles moontlik kan doen. Hy fokus nie net op versorging nie, maar op baie pligte. So voorsien Hy in meer as die tydelike en help die mens om sy lewensdoel te bereik. Ook bied Hy beskerming.

Daarby laat Hy die mens vryheid van besluitneming deur verskillende opsies in die lewe toe. Van liefde vir die mens is daar egter nie by Hom sprake nie.

Middel-volwasse lewenstadium. Om God as 'n Rekenaar te beskou is nie aanvaarbaar nie. Aan die mens verander Hy niks nie want Hy dra nie by tot die mens se herstel uit sy sondige toestand nie. So 'n God is relatief magteloos en kan nie baie dinge verander nie. Hy bestuur wel die wêreld en die mens se lewe, maar is hard, sonder gevoel, liefde of barmhartigheid. Hy doen net wat reg is en laat die mens min vryheid toe. God as Rekenaar is koud, rigied en geslote. Hy onthou die mens se verkeerde dade en hou dit teen hom. Verder wek Hy 'n negatiewe, onaangename gevoel by die mens omdat Hy nie emosioneel is nie, en hom derhalwe nie in ag neem nie. Daarby is Hy bevelend en kan lelike dinge laat gebeur. Hy is altyd beskikbaar, maar skep 'n onrustige situasie deurdat 'n mens nie met Hom kan praat nie. Alhoewel Hy die mens van raad en inligting bedien, beskerm en troos Hy hom nie, maar verwaarloos hom eerder.

Laat-volwasse lewenstadium. Die respondente van hierdie lewenstadium meen om God met 'n Rekenaar te vergelyk is so onwerklik dat dit wensdenkery genoem kan word. So 'n God kan nie vir die mens sorg nie, want Hy is onpersoonlik teenoor die mens, het nie 'n gevoel vir die mens nie, en is nie emosioneel by hom betrokke nie. Hulle voel dat Hy nie vir die mens omgee nie en ver verwyderd is. Die gedagte is vir hulle egter nie onbekend nie want die rekenaar word ook met doeltreffendheid geassosieer. So 'n God sal, volgens die respondente, egter net die voor die handliggende dinge kan doen, onvoorspelbaar wees en aan die mens geen eie beheer of ruimte vir eie denke laat nie. Hulle is oortuig dat dit onsekerheid by die mens in die hand sal werk en hom bang sal maak.

6.2.1.11 Moedermetafoor

Respondente verteenwoordigend van die volwasse lewenstadia se konstruering van die metafoor *God as Moeder* word samevattend in Tabel 6.12 getoon. Interpretasie van die tabel lewer die volgende met betrekking tot die respondente se konstruering van die metafoor *God as Moeder*:

TABEL 6.12
METAFOOR: GOD AS MOEDER

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Ware God Skepper Menslik Verstaanbaar Positiewe rol Weet wat om te verwag Persoonlike verhouding met Haar Nie bevelend nie Gereelde kontak Verhouding op liefde gebaseer Deurlopende tydelike versorging Voorsien leiding na hemel	Ware God Onvolledig Nie kreatief nie Voed nie vir hiernamaals op nie Standvastig en stabiel Aards en alledaags Baie naby Begelei mens deur die lewe Kan met Haar kommunikeer Geduldig Emosioneel en vriendelik Rigtingwyser Doen enigiets vir die mens Kan onvoorwaardelik vertrou Bied sekuriteit en geluk Stel gerus	Ware God Kan enigiets doen Weet wat om te verwag Baie naby Het persoonlike belang Kan op Haar hulp staatmaak Het haar elke dag nodig Gee liefde Bied die goeie Gee vertrou Gee alles wat mens nodig het Nie vir Haar bang nie Gerusstellend Nie ware God nie Betekens niks in godsdienstige sin

Vroeë-volwasse lewenstadium. Om God as Moeder te beskou is nie op 'n leuen gegrond nie. Sy is nie alleenlik ons Skepper nie, maar is 'n Persoon wat menslik en verstaanbaar is. Haar rol is bepaald, positief en bekend. 'n Mens weet dus wat om van Haar te verwag. 'n Mens het 'n persoonlike verhouding met Haar. Sy is gereeld beskikbaar. Daar is gereelde kontak met haar sonder dat Sy bevelend is. Haar benadering is onvoorwaardelik en op liefde gebaseer. Sy vra nie of ons soet was nie, maar gee liefde vryelik. Die versorging wat Sy bied is deurlopend. God as Moeder fokus hoofsaaklik op versorging vir die mens op die tydelike, die materialistiese vlak soos byvoorbeeld die voorsiening van kos en klere. So 'n God is nie besorgd oor die eindbestemming, die hemel, as sulks nie, maar oor hoe die mens daar kom. Sy voorsien dus die padkos vir die mens op sy weg na die eindbestemming.

Middel-volwasse lewenstadium. Om in God as 'n Moeder te glo, is aanvaarbaar. Dit is nie 'n vals geloof nie. Hoewel Sy alles kan laat gebeur, is Sy tog 'n onvolledige God. Sy is nie kreatief nie en voed die mens nie vir die hiernamaals op nie. So 'n God is 'n kragtige werklikheid wat waar, seker, standvastig en stabiel is. Sy is bekend, aards en alledaags. 'n Mens ervaar in Haar dat die Goddelikheid baie naby aan jou is, byna so naby soos familie. Sy staan die mens by en begelei hom deur die lewe. 'n Mens kan met Haar praat en Sy is geduldig. 'n Mens het Haar elke dag nodig en dis lekker om met Haar te kommunikeer want sy is emosioneel en vriendelik. Sy is vir

die mens 'n rigtingwyser en kan hom op sy pad help. God as 'n Moeder doen alles en enigiets vir die mens. Daar kan onvoorwaardelik op Haar vertrou word want Sy het die mens lief en sal hom nie in die steek laat nie. Sy beskerm die mens, bied sekuriteit en gerusstelling, skenk geluk, betoon barmhartigheid en medelye.

Laat-volwasse lewenstadium. Sommige respondente in hierdie ouderdomsgroep aanvaar die metafoor *God as 'n Moeder* terwyl ander dit nie as aanvaarbaar beskou nie. Die laasgenoemde groep voel dat om God as 'n moeder te beskou, nie vir die mens iets in godsdienstige sin kan beteken nie. By sommige is daar die mening dat die beeld van die moeder 'n simbool vir God kan wees omdat die moeder die mens liefhet. Eersgenoemde groep meen dat God as 'n Moeder beskou kan word want Sy het persoonlike belang by die mens. Sy word as persoonlik en baie naby ervaar. Sy gee baie vir die mens om, het hom lief, bied hom die goeie en gee hom alles wat hy nodig het. 'n Mens kan op Haar hulp staatmaak. God as 'n Moeder kan enigiets doen. Hoewel Sy as menslik beskou word, kan Sy meer as die menslike doen. Die mens het Haar elke dag nodig. Sy is voorspelbaar in die sin dat 'n mens weet wat om van haar te verwag. 'n Mens het in Haar vertrou en is nie vir Haar bang nie. Sy laat die mens goed en gelukkig voel. Die sekerheid wat Sy bied, is gerusstellend.

6.2.1.12 Towenaarmetafoor

Tabel 6.13 vat die respondente se konstruering van die metafoor *God as Towenaar* saam. Interpretasie van die tabel bring die volgende aan die lig:

Vroeë-volwasse lewenstadium. Om aan 'n God as 'n Towenaar te dink, is om 'n God te hê wat nie allesomvattend is nie, maar eensydig en onvolledig. Hy is nie die ware God, ons Skepper nie. Hy is 'n abstrakte figuur. 'n Mens het nie met Hom 'n persoonlike verhouding nie en weet nie wat om van Hom te verwag nie. Daar is by Hom wel 'n openbaring van mag. Daarvoor benodig Hy spesifieke magte. Van emosie of liefde is daar egter nie sprake nie. Dit wat Hy die mens bied, gee Hy voorwaardelik. Hy laat die mens vryheid van doen en late toe, maar hou hom verantwoordelik vir sy dae. Hy gee nie net die tydelike soos versorging nie, maar verrig baie

ander pligte. Sommige respondente is egter van mening dat Hy geen rol speel in die beplanning van 'n mens se lewe nie.

TABEL 6.13
METAFOOR: GOD AS TOWENAAR

VROEË-VOLWASSENHEID	MIDDEL-VOLWASSENHEID	LAAT-VOLWASSENHEID
Nie ware God nie	Nie ware God nie	Nie ware God nie
Abstrakte figuur	Kan baie dinge doen	Nie heilig nie
Onvolledig	Voorsien in tydelike behoeftes	Kan nie mens van sonde verlos nie
Eensydig	Gee wat mens wil hê	Openbaar krag
Openbaring van mag	Mens kan met Hom praat	Kan onmoontlike doen
Nie persoonlike verhouding nie	Verleen hulp	Ver verwyderd
Weet nie wat om te verwag nie	Maak mens gelukkig	Stel nie in mens belang nie
Geen emosie	Onbetroubaar	Versorg nie die mens nie
Gee voorwaardelik	Beskerm nie die mens nie	Gee ruimte om te dink
Laat vryheid van handeling toe	Neem nie goeie of slegte in ag nie	Gee eie beheer
Hou mens verantwoordelik	Laat vryheid van handeling toe	Gee eie keuse oor doen en late
Tydlike versorging	Oordeel mens vir sy dade	

Middel-volwasse lewenstadium. God as Towenaar is nie as 'n God aanvaarbaar nie. Dit is om in 'n onbekende God te glo. So 'n God is nie skeppend nie. Alhoewel Hy nie almagtig is nie, kan hy baie dinge bo mense se vermoëns doen en baie veranderinge bewerkstellig. Hy gee dit wat die mens wil hê, sonder om in ag te neem of dit goed of sleg is. Hy laat die mens vryheid van doen en late toe, maar oordeel ook die mens vir sy dade. 'n Mens kan met Hom praat. Hy voorsien in die tydelike behoeftes soos dit wat 'n mens vir die liggaam nodig het. Deur dit te doen, maak Hy die mens gelukkig. Hy verleen wel hulp, maar beskerm nie die mens nie. Die feit is egter dat om in so 'n God te glo, net 'n storie, 'n vals geloof is. Hy is onbetroubaar. Geloof in Hom kan maklik verdwyn.

Laat-volwasse lewenstadium. As teenstrydige beskouings, soos liefde en persoonlike betrokkenheid, oor God as Towenaar geïgnoreer word, dan bly die volgende oor: As Towenaar openbaar Hy krag en kan die onmoontlike doen. As God is Hy ver van die mens verwyderd. Hy gee die mens ruimte om te dink, eie beheer, asook 'n eie keuse oor sy doen en late. Om aan God as 'n Towenaar te dink, is egter wensdenkery. So 'n Towenaar-God besit nie Goddelike eienskappe nie en kan die mens nie van sy sonde verlos nie. Hy is ook nie heilig nie. Hoewel Hy die mens se lot vir ewig bepaal, stel Hy nie in die mens belang nie en voorsien nie wat hy nodig

het nie. Hy het ook nie die krag om die mens te versorg nie.

Sekere feite wat in hierdie afdeling met betrekking tot die metafore vir God deurgeskemer het, word vervolgens bespreek.

6.2.2 Bespreking van die metafore vir God

Uit die voorafgaande bespreking kom twee aspekte met betrekking tot die metafore vir God aan die lig: verskillende betekenisse word aan die metafore vir God geheg en individue in verskillende volwasse lewenstadia verskil met betrekking tot hulle konstruering van die metafore vir God. Hierdie twee aspekte word verder bespreek.

6.2.2.1 Vergelyking van die metafore

Deur inspeksie van die gebruik van die verskillende metafore vir God is merkbare verskille tussen die metafore waargeneem.

Wanneer die metafore *Geweldige Krag* en *Vader* vergelyk word, val die volgende op: Teenoor die konkrete figuur van die *Vader* word die *Geweldige Krag* as 'n abstrakte konsep beskou. Met die *Geweldige Krag* is die mens nie vertrou nie, terwyl hy weet wat om van die *Vader* te verwag. Die *Geweldige Krag* is, in teenstelling met die *Vader*, onpersoonlik. Hy stel gevolglik nie veel in die doen en late van die mens belang nie. By die *Geweldige Krag*, anders as by die *Vader*, speel emosies nie 'n rol nie. Liefde kom derhalwe by eersgenoemde nie ter sprake nie.

Wanneer die metafoor *Vriend* met sommige van die ander metafore vergelyk word, kom die volgende in die konstruering na vore: Die metafoor *God as Vriend* geniet nie dieselfde status as *God as Vader* nie. Anders as die *Vader* en as die *Geweldige Krag*, is Hy nie skeppend of magtig nie. Teenoor die *Geweldige Krag* is Hy verstaanbaar en beskik oor emosionele magte. Ook verwag Hy nie respek van die mens soos die *Vader* en die *Geweldige Krag* nie.

In vergelyking met sommige van die ander metafore is *God as Verlosser* meer op die agtergrond. Hy kom nie na die mens nie, maar die mens moet na Hom toe gaan. Daar is by Hom ook nie 'n manifestering van krag soos by sommige van die ander metafore nie, maar eerder genade. Verder is daar met die *Verlosser* eenmalige kontak in plaas van gereelde kontak soos by sommige van die ander metafore. Dit bring ook eenmalige in plaas van deurlopende versorging mee. Sy werk het niks met mag te doen nie, terwyl daar van mag by ander metafore melding gemaak word.

Wanneer die metafore *God as Vader* en *God as Moeder* gekontrasteer word, blyk dit dat die *Vader* respek van die mens verwag en dit deur vrees afdwing, terwyl dit met die *Moeder* nie die geval is nie. Teenoor die *Moeder* wat vir die mens slegs riglyne verskaf, is die *Vader* bevelend en sê voor wat gedoen moet word. Ook word die *Vader* as ver verwyderd ervaar in vergelyking met die *Moeder*, veral deur die respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium.

In vergelyking met sommige van die ander metafore word die *Towenaar* as relatief onbeduidend deur al drie groepe van die volwasse lewensiklus aangeslaan.

6.2.2.2 Vergelyking van die volwasse lewenstadia

Inspeksie van die gebruik van die metafore vir God het die volgende met betrekking tot Godskonsepte by die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus aan die lig gebring:

By die repondente verteenwoordigend van die vroeë-volwasse lewenstadium is God as 'n *Vader* ver verwyderd ervaar. Sy mag en allesomvattende kwaliteite word sterk beklemtoon. Daar word geen melding van Sy voortdurende beskikbaarheid gemaak nie. Die liefde, rustigheid en sekuriteit wat Hy aan die mensdom bied en wat by die respondente van die middel-volwassenheid sterk ter sprake kom, word nie hier aangeroe nie. By die respondentegroep van die middel-volwassenheid word meer klem op die menslikheid van God as 'n *Vader* gelê as by die vorige groep. Ervaring van God as 'n *Vader* se nabyheid, wat in die vroeë-volwasse groep geheel en al afwesig is, begin ook by die middel-volwasse respondente ter sprake kom. By die respondente verteenwoordigend van 60 jaar en ouer skuif die grootheid en majesteit van *God as Vader* op die agtergrond terwyl

kommunikasie, liefde en versorging van die individu sterk na vore tree.

Evaluering van die metafoor *Vriend* dui daarop dat die vroeë-volwasse respondente op 'n gemakliker basis met *God as Vriend* verkeer as die ander twee volwassenheidsgroepe. Hulle maak daarvan melding dat Hy nie van die mens respek verwag nie, met die gevolg dat die mens ontspanne en natuurlik kan wees en enigiets in Sy teenwoordigheid kan doen.

In vergelyking met die ander twee volwassenheidstadia is die respondente in die middel-volwasse lewenstadium besonder uitgesproke en negatief in hulle konstruering met betrekking tot die metafoor *God as Sadis of Paaiboelie*.

Evaluering van die metafoor *Verlosser* laat blyk die volgende: Respondente verteenwoordigend van die vroeë- en middel-volwasse lewenstadia ervaar *God as Verlosser* ver verwyderd. Respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium beskou dit as belangrik dat 'n mens in Sy teenwoordigheid nie ontspanne kan wees nie, terwyl die ander twee groepe geen melding van so iets maak nie. Met betrekking tot *God as Kersvader* huldig hulle dieselfde beskouing.

Tussen die respondente van die vroeë-volwasse en die middel-volwasse lewenstadia bestaan verskil van mening in dié sin dat eersgenoemde groep oortuig is dat *God as Trooster* nie aan die mens se lewe rigting gee nie. Die ander groep meen dat Hy wel die mens se lewe bestuur.

Relatief groot verskille kom na vore in die drie groepe se beskouing oor *God as Bedryfsingenieur*. Die respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium assosieer Hom met dinamiese, aggressiewe optrede. Hierteenoor huldig die middel-volwasse respondente 'n waardelose, negatiewe beskouing oor Hom, terwyl die groep in die laat-volwasse lewenstadium hulle nog verder van Hom distansieer en Hom eerder vrees.

In teenstelling met die respondente verteenwoordigend van die vroeë-volwasse lewenstadium wat nie vertroosting in *God as Regter* ervaar nie, vind die respondente van die middel- en laat-volwasse lewenstadia gerusstelling in Sy eerlikheid en genade.

Daar is aanduidings dat die metafoor *Rekenaar of Programmeerder* 'n mate van ooreenkoms toon met die metafoor *Geweldige Krag* by die Godskonsepte van respondente in die vroeë-volwasse groep. Hulle huldig dan ook van Hom 'n meer positiewe beskouing oor Sy moontlikhede as die ander twee groepe.

Die metafoor *God as Moeder* geniet by die vroeë-volwasse respondente 'n besonder hoë waardering vir haar versorgingsaspek in vergelyking met die respondente van die ander twee volwassenheidsgroepe.

6.2.3 Metafore vir God in verskillende konstruk-kategorieë

Die frekwensie van die konstrunkte met betrekking tot die metafore vir God wissel aansienlik in die verskillende kategorieë waarin hulle gesorteer is. Met die oog op sinvolle interpretasie hiervan word die frekwensies vir die totale aantal respondente, die vroeë-volwasse groep, die middel-volwasse groep en die laat-volwasse groep in afsonderlike kolomme in Tabel 6.14 aangebied. Om verdere opheldering te verskaf, word die persentasies van die aantal konstrunkte per kategorie uit die totale aantal konstrunkte wat deur die betrokke groep onthul is, ook aangedui.

TABEL 6.14
FREKWENSIE VAN KONSTRUKTE PER KATEGORIE VIR VOLWASSE GROEPE

KATEGORIE	FREKWENSIE VIR TOTALE AANTAL RESPONDENTE		FREKWENSIE VIR VROEG-VOLWASSE RESPONDENTE		FREKWENSIE VIR MIDDEL-VOLWASSE RESPONDENTE		FREKWENSIE VIR LAAT-VOLWASSE RESPONDENTE	
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Unieke wesenseienskappe	208	16,8	120	29,9	64	16,8	23	5,1
Menslikheidseienskappe	181	14,7	43	10,7	73	19,1	66	14,6
Afwesigheid	58	4,7	12	3,0	9	2,4	40	8,9
Katarsis	169	13,7	73	18,2	38	9,9	57	12,6
Tekortkoming	202	16,4	61	15,2	48	12,6	91	20,2
Bystand	153	12,4	63	15,7	54	14,1	35	7,8
Vertroue	46	3,7	0	0,0	17	4,5	29	6,4
Vertrouing	122	9,9	12	3,0	42	11,0	72	16,0
Lofprysing	64	5,2	8	2,0	23	6,0	30	6,7
Onbepaald	32	2,6	10	2,5	14	3,7	8	1,8

Uit Tabel 6.14 blyk dat by die totale aantal respondente die meeste konstrunkte voorkom in die kategorie wat oor die *unieke wesenseienskappe* van God handel. Daarna, nog relatief hoog, volg in dalende volgorde die konstrunkte wat betrekking het op *tekortkoming*, God se *menslikheidseienskappe*, *katarsis*, *bystand* en *vertroosting*. Aansienlik laer in frekwensie kom die konstrunkte wat handel met *afwesigheid*, *lofprijsing* en *vertroue*. Tabel 5.2 wat in Afdeling 5.2.3.6 aangehaal word, dui aan dat die verspreiding van die konstrunkte tussen die verskillende respondente met betrekking tot die kategorieë ongeveer dieselfde patroon volg.

Vervolgens word die verspreiding van konstrunkte in die verskillende kategorieë met betrekking tot respondente in die drie volwasse lewenstadia bespreek.

6.2.3.1 Vroeë-volwasse lewenstadium

Konstruering wat deur die metafore vir God geïnisieer is, het by die respondente in die ouderdomsgroep 18 tot 25 jaar die meeste konstrunkte opgelewer in die kategorie wat oor die *unieke wesenseienskappe* van God handel. Betekenisvol laer in frekwensie volg in dalende volgorde die kategorieë *katarsis*, *tekortkoming*, *bystand* en die *menslikheidseienskappe* van God. Baie laag in frekwensie volg die kategorieë *afwesigheid*, *vertroosting*, *lofprijsing* en *vertroue*. In laasgenoemde kategorie verskyn geen konstrunkte nie. In die lig van hierdie statistieke word respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium se Godskonsepte as volg geïnterpreteer:

Die unieke wesenseienskappe van God waarin aan God erkenning vir Sy grootheid en mag gegee word, beklee 'n uiters belangrike plek in hulle Godskonsepte. Sy alomteenwoordigheid, krag en algemene beskikbaarheid kom sterk na vore. Klem word ook gelê op Sy onveranderlikheid en onvoorspelbaarheid. By hierdie respondentegroep figureer die menslikheidseienskappe van God veel minder prominent. Hoewel emosies soos liefde, vriendelikheid en geduld in die persoon van God 'n belangrike aspek van hulle Godsbeskouing uitmaak, vind hulle dit tog nie so belangrik soos Sy grootheid, krag en majesteit nie.

Aansienlik prominent in hierdie ouderdomsgroep se Godskonsepte figureer *katarsis*, die blootlê

van die hart, die te kenne gee van gevoelens van ongelukkigheid, opstandigheid en ontevredenheid. Saam hiermee gaan die feit dat daar oor die individu se lotgevalle besluit word sonder raadpleging. Ook die geleentheid om ontspanne op te tree, kry hier 'n belangrike plek in hulle evaluasie van metafore vir God. Daar word melding gemaak van die feit dat die individu in die teenwoordigheid van sekere metafore vir God versigtig moet wees en nie kan doen wat hy wil nie. Die feit dat die metafoor bevelend optree en voorsê in plaas van net raad te gee, beklee ook 'n belangrike posisie in hierdie ouderdomsgroep se Godskonsepte.

Tekortkominge in die vorm van 'n onderskeid tussen watter metafore as ware God aanvaar word, beklee nie 'n besonder belangrike plek nie. Bystand in die vorm van hulp wat gegee of geantisipeer word, versorging en riglyne wat gegee word, neem ook 'n gemiddelde posisie in. Sonde as 'n tekortkoming word nie genoem nie.

Aanduidinge van afwesigheid, byvoorbeeld uitsprake oor die nabyheid of afstand wat God van die mens ervaar word, of Sy betrokkenheid by die mens, is by hierdie ouderdomsgroep uiters skraal. vertroosting in die vorm van kalmte en bemoediging neem 'n baie ondergeskikte plek in. Lofprysing waarin dankbaarheid, waardering, vreugde en die weldade van God uitgedruk word, verskyn nog laer op die ranglys. Van vertrouwe wat uitgespreek of geantisipeer word, hoop op verbetering of goeie dade wat verwag word, word deur hierdie ouderdomsgroep absoluut geen melding gemaak nie.

6.2.3.2 Middel-volwasse lewenstadium

Die respondente in die volwassenheidsgroep 26 tot 59 jaar het die meeste konstrunkte wat deur die metafore vir God onthul is, in die kategorie *menslikheidseienskappe* van God gelewer. Kort op sy hakke in frekwensie volg die kategorie *unieke wesenseienskappe* van God. 'n Bietjie laer in frekwensie volg die kategorie *bystand*. Die kategorieë *tekortkoming*, *vertroosting* en *katarsis* figureer nog laer in frekwensie, terwyl *lofprysing* en *vertrouwe* heelwat minder konstrunkte by hierdie ouderdomsgroep akkommodeer. Heel laagste in frekwensie kom *afwesigheid*. Met inagneming van hierdie statistieke word die Godskonsepte van die respondente in die middel-

volwasse lewenstadium met betrekking tot die inhoud van die konstruuskategorieë as volg geïnterpreteer:

Die menslikheidseienskappe van God waarin klem gelê word op menslike gedrag en emosies, beklee 'n sleutelposisie. Die persoonlikheid en emosionele betrokkenheid van God in die vorm van liefde, vriendelikheid en geduld vorm derhalwe 'n baie belangrike komponent van hierdie groep se Godskonsepte. God se unieke wesenseienskappe waarin Sy grootheid, mag, majesteit, skeppingsvermoë, alomteenwoordigheid en voortdurende beskikbaarheid erken word, beklee ook 'n belangrike posisie, dog skyn ondergeskik te wees aan die menslikheidseienskappe. Derde in volgorde van belangrikheid skyn die konsep van bystand te wees. Dit omvat onder meer verlossing uit sonde, die voorsiening in behoeftes, onderhoud, versorging en riglyne wat gegee word.

Onderskeid tussen die metafore vir God as waar of vals, en ander tekortkominge in die vorm van onvolmaaktheid, gebreke, oortredinge en onaanvaarbaarheid verkyn laer in prioriteit met betrekking tot die Godskonsepte van hierdie groep. Vertrouing wat saamgaan met gerusstelling, genade en kalmte beklee ook so 'n laer posisie. Ook die blootlegging van die hart waarin uiting gegee word aan gevoelens van opstand, protes en frustrasie neem 'n middelmatige posisie in. Die feit dat daar oor die individu se lotgevalle besluit word sonder dat hy in die saak geken word, kommunikasie met hom en onregverdigte behandeling neem ook 'n minder belangrike plek in hierdie respondente se Godskonsepte in.

Van lofprysing waarin die goedheid van God erken word en dankbaarheid uitgedruk word, asook vertrouwe wat uitgespreek of geantisipeer word; kom in hierdie groep se Godskonsepte nie veel tereg nie. Of God as naby of as ver verwyderd ervaar word, skyn vir respondente in die middelvolwasse lewenstadium relatief onbelangrik te wees.

6.2.3.3 Laat-volwasse lewenstadium

Konstruering wat deur die metafore vir God geïnisiëer is, het by die respondente in die

ouderdomsgroep van 60 jaar en ouer die grootste getal konstruëte opgelewer in die kategorie wat oor *tekortkominge* handel. Daarna kom, nog relatief hoog in frekwensie *vertroosting*, *menslikheidseienskappe* van God en *katarsis* met *afwesigheid* 'n bietjie laer in frekwensie. In vergelyking met bogenoemde kategorieë volg *vertroue*, *bystand*, en *lofprijsing* heelwat laer in frekwensie. Die kategorie wat met die *unieke wesenseienskappe* van God handel akkommoddeer die minste konstruëte. Interpretasie van gemelde statistieke laat blyk die volgende:

Beoordeling van die metafore vir God as waar of vals, aanvaarbaar of onaanaanvaarbaar, neem by die Godskonsepte van respondente in hierdie ouderdomsgroep 'n besonder belangrike plek in. Sonde en ongeloof kom sterk ter sprake. Naas beskouinge oor Wie God werklik is, is die vertroosting wat God aan hierdie ouderdomsgroep bied, belangrik. Daarom volg dit so hoog in frekwensie. Hulle verlang gerusstelling, belangstelling, genade en kalmte. Dit is vir hulle belangrik dat hulle belange deur God op die hart gedra word.

Om in hierdie behoefte te voorsien, is die wesenseienskappe van God soos Sy grootheid, mag en majesteit nie besonder belangrik nie, maar wel die feit dat God as persoonlik beskou kan word. Hy moet oor menslikheidseienskappe soos emosies, vriendelikheid en geduld beskik. Dit bring mee dat die blootlê van die hart en die vermoë om met God te kan kommunikeer 'n belangrike plek beklee. Byna net so belangrik as die voorafgaande vir hierdie respondentegroep is die feit of God as naby ervaar word. Hoewel vertroue in die vorm van bemoediging uitgespreek word, versorging van God verlang word en dankbaarheid erken word, beklee dit ondergeskikte posisies by hierdie respondente se Godskonsepte.

6.2.4 Bespreking van die kategorieë uit die klaagpsalms

Daar skyn sterk ooreenkoms te bestaan tussen die inhoud van die klaagpsalms, in besonder Psalm 22, en die inhoud wat algemeen in pastorale terapie teëgekomp word. Op sterkte van hierdie skynbare ooreenkoms is in die onderhawige empiriese ondersoek 'n kategorieestelsel ontwikkel met inagneming van die inhoud van die klaagpsalms. Die konstruëte wat die respondente na aanleiding van sekere metafore vir God onthul het, is in die ontwikkelde kategorieë gesorteer.

Die resultaat van die sortering word in hierdie afdeling vanuit twee gesigspunte bespreek, naamlik 'n vergelyking tussen die kategorieë en 'n vergelyking tussen die volwasse lewenstadia.

6.2.4.1 Vergelyking tussen die kategorieë

Inspeksie van die kategorieë waarin die konstruerte gesorteer is, bring noemenswaardige verskille met betrekking tot die frekwensie van gebruik aan die lig.

By die respondente in die algemeen geniet die kategorie waarin erkenning aan die grootheid, mag, voortdurende beskikbaarheid, onveranderlikheid en onvoorspelbaarheid van God erkenning gegee word, merkbare voorkeur bo die ander kategorieë. Beoordeling van die metafore vir Wie of Wat as God aanvaarbaar is, tesame met die menslikheidseienskappe van God soos emosionele betrokkenheid, en die blootlê van die hart in die vorm van protes, frustrasie en gebrek aan kommunikasie met God, beklee belangrike tweede plekke by individue se Godskonsepte in die algemeen. Versorging, hulp en bystand deur God neem 'n ietwat laer prioriteit in. Die nabyheid van God, asook individue se vertroue dat God beter toestande sal bewerkstellig, vertroosting in die vorm van die individue se belange wat op die hart gedra word, tesame met erkenning aan die goedheid van God, geniet besonder lae prioriteit.

Wanneer die kategorieë egter met betrekking tot die verskillende lewenstadia vergelyk word, verander die beeld insiggewend:

Die grootheid en mag van God oorskadu die ander kategorieë by verre in die Godskonsepte van die vroeë-volwasse respondente. Hierteenoor kry vertroue dat verbetering in toestande as gevolg van God se bemoeiing kan plaasvind, by hulle absoluut geen plek nie. Die allesomvattendheid van God, versorging deur Hom gebied en die feit dat riglyne bo bevele verkies word, geniet tweede plek. Hierdie aspekte is vir die betrokke respondente selfs belangriker as die persoonlikheid en emosionele betrokkenheid van God. vertroosting en lofprijsing geniet lae prioriteit.

Hoewel die menslikheidseienskappe van God voorkeur geniet, beklee Sy mag en grootheid 'n

belangrike tweede plek by die Godskonsepte van die middel-volwasse respondente. Verder steun hierdie groep sterk op God se versorging en hulp. In vergelyking met die ander kategorieë neem die beoordeling van die metafore as waar of vals, vertroosting, die uitpraat van die hart, vertrou en lofpysing baie gemiddelde posisies in. In hoeverre God as naby of ver verwyderd ervaar word, beklee 'n relatief ondergeskikte plek in die Godskonsepte van hierdie groep.

Die kategorie waarin *tekortkominge* aangespreek word, neem by die respondente van 60 jaar en ouer 'n oorheersende posisie in. Dit handel hoofsaaklik met die evaluering van die metafore vir God as waar of vals, as aanvaarbaar of onaanvaarbaar. Hoe God in die personifikasie van 'n metafoor gesien word, maak by die individue van hierdie groep 'n baie belangrike komponent van hulle Godskonsepte uit. Volgende in belangrikheid in hulle Godskonsepte is vertroosting. Hulle steun sterk daarop of God belangstelling in hulle toon, hulle saak op die hart dra, genade skenk en kalmte bewerkstellig. Tesame hiermee gaan hulle waardering vir die menslikheidseienskappe van God waardeur Sy emosionele betrokkenheid tot sy reg kom. Omdat kommunikasie gevolglik vir respondente in hierdie volwassenheidstadium belangrik is, beklee die ervaring van God as naby of ver verwyderd 'n belangrike plek in hulle Godskonsepte. Versorging, vertrou en lofpysing neem posisies van ondergeskikte belang in.

Uit die voorafgaande evaluering is dit duidelik dat daar nie veralgemeen kan word ten opsigte van die belangrikheid van die verskillende kategorieë by respondente se Godskonsepte nie. Die bepaalde volwasse lewenstadium waarin die betrokke respondente verkeer, is deurslaggewend.

6.2.4.2 Vergelyking tussen die volwasse lewenstadia

Wanneer die volwasse lewenstadia met mekaar vergelyk word ten opsigte van die gebruik van die kategorieë, kom insiggewende feite na vore.

By die respondente in die vroeë-volwasse lewenstadium geniet die *unieke wesenseienskappe* van God merkbaar hoër prioriteit as by sowel die respondente van die middel- as die laat-volwasse lewenstadia. Die laat-volwasse groep vertoon weer betekenisvol laer in hierdie aspek as die

middel-volwasse groep. Met die vermeerdering in lewensjare kom daar dus 'n daling voor in die respondente se waardering vir die grootheid, mag en majesteit van God. Die teenoorgestelde tendens word met betrekking tot die *menslikheidseienskappe* van God bemerk. Hier vertoon die vroeë-volwasse groep betekenisvol laer as die ander twee groepe. Hoewel laasgenoemde twee groepe redelik eenders voorkom, neig die middel-volwasse groep tog om 'n bietjie hoër te wees. Die afleiding kan gemaak word dat die persoonlikheidsaspekte van God, soos Sy emosionele betrokkenheid, Sy liefde, vriendelikeheid en geduld by die twee ouer groepe 'n belangriker plek in hul Godskonsepte inneem as by die jonger groep. Laasgenoemde groep se Godskonsepte word grootliks oorheers deur hulle beskouing oor Sy mag, onbekendheid, alomteenwoordigheid en onvoorspelbaarheid.

Die ervaring van God as naby of ver verwyderd bekleë by die Godskonsepte van respondente van 60 jaar en ouer 'n betekenisvol belangriker plek as by die jonger respondente. Die blootlegging van die hart oor dinge wat onaangenaam is of seermaak, protes, teleurstelling, vrees en angs, blyk by die respondente in die middel-volwasse lewensjare van minder belang te wees as by sowel die jonger as die ouer respondente. Vir die jonger groep is dit besonder belangrik dat daar nie oor hulle lot besluit word sonder dat hulle in die saak geken word nie. Die ouer groep lê weer klem op kommunikasie met God. Laasgenoemde feit kan waarskynlik in verband gebring word met hulle hoë waardering vir die persoonlikheidsaspekte van God.

Die respondente van die laat-volwasse lewenstadium is betekenisvol meer krities oor die aanvaarbaarheid van sekere metafore vir God as die ander twee groepe. Vir sommige persone van eersgenoemde groep is metafore soos *Vriend* en *Moeder* heeltemal onaanvaarbaar. Die metafoor *Geweldige Krag* is vir hierdie groep grootliks onaanvaarbaar. Die metafoor *Regter* bekleë by die laat-volwasse respondente 'n heeltemal aanvaarbare posisie in hulle Godskonsepte.

Die vroeë-volwasse respondente lê baie meer klem op erkenning van hulle eie identiteit deur God as die ander twee groepe. Dit gaan grootliks oor riglyne vir die lewe. Dit is vir hierdie jonger respondente besonder belangrik dat daar nie bevelend opgetree word nie, dat hulle nie voorgesê word nie, maar dat slegs riglyne wat aan hulle vryheid van besluitneming toelaat, verskaf word.

Vertroue op verbetering van heersende toestande en hoop of bemoediging wat deur God bewerkstellig kan word, geniet by die Godskonsepte van die respondente van 60 jaar en ouer aansienlik hoër prioriteit as by die jonger respondente. Merkwaardig is die feit dat hierdie kategorie by die vroeë-volwasse groep absoluut geen plek in hulle Godskonsepte kry nie. Dieselfde neiging word bemerk met betrekking tot *vertroosting*. Vertrouwing in die vorm van gerusstelling, genade wat betoon word, kalmte wat bewerkstellig word en sekerheid dat die individu se belange deur God op die hart gedra word, neem toe saam met die vermeerdering in lewensjare. Dit bereik 'n hoogtepunt in die Godskonsepte van die individue van 60 jaar en ouer. Die ouer persone is ook meer geneig om God te loof vir Sy goedheid. Hulle gee meer erkenning daaraan dat God goeie dae verrig en die mens gelukkig en lekker laat voel.

6.2.5 Godskonsepte in die volwasse lewensiklus

Analisering van die metafore vir God en konstruksortering in die kategorieë wat na analogie van die klaagpsalms ontwikkel is, dui daarop dat daar betekenisvolle verskille in die Godskonsepte van respondente in die drie gedefinieerde volwasse lewenstadia waarneembaar is. In hierdie afdeling word die beskouings van die respondente soos dit deur hulle konstrukonthulling aan die lig gekom het, in Godskonsepte vir die verskillende volwasse lewenstadia saamgevat. Dit word gedoen aan die hand van sekere merkers. Die woord "merkers" is in navolging van Janse van Rensburg (1999:45-51) gebruik omdat sowel die woorde "kriteria" as "komponente" nie as geskik beskou word vir die beskrywing van respondente se samestellende Godskonsepte nie. Die volgende merkers is van toepassing:

- *Aanvaarbaarheid van die metafore.* Die respondente se evaluering van die metafore as beskrywend van die ware God word gerapporteer. Dit kom veral tot uiting in Kategorie 5 van die kategorieestelsel wat na analogie van die klaagpsalms ontwikkel is.
- *Unieke wesenseienskappe van God.* Die respondente se beskouings oor die wesenseienskappe van God en die metafore wat daarmee verband hou, word beskryf. Kategorie 1 van die reeds aangehaalde kategorieestelsel is hoofsaaklik hierby betrokke.

- *Persoonlikheidseienskappe van God.* Die persoonlikheid van God soos geopenbaar in menslike eienskappe wat aan Hom toegeskryf word, emosionele aspekte, emosionele betrokkenheid van God waarin liefde, vriendelikheid, haat en geduld openbaar word, is hier ter sprake. Die inhoud van Kategorieë 2, 3 en 8 speel hier 'n beslissende rol.
- *Frustrasie tussen God en mens.* Die mens se evaluering van God se optrede vorm die basis vir hierdie merker. Dit gaan oor die blootlê van gevoelens soos opstandigheid, ontevredenheid, frustrasie, angs en vrees. Kommunikasie, of die gebrek daaraan, sowel as vryheid, of die beperking daarvan, word bespreek. Kategorie 4 in die reeds gemelde kategoriestelsel werp lig op die inhoud van dié merker.
- *Werkswyse van God.* Die respondente het opinies oor God se lewensplan wat Hy vir die mens het, asook die bystand en versorging wat Hy aan die mens op sy weg deur die lewe bied. Kategorie 6 is in 'n groot mate hier van toepassing.
- *Die mens se reaksie teenoor God.* Die mens se reaksie teenoor die goeie dae van God word bespreek. Die individu se vertroue dat God uitkoms uit moeilike situasies sal bied, word geëvalueer. Verder word die respondent se beskouing oor dankbaarheid, geluk en vreugde wat deur God bewerkstellig word, in oënskou geneem. Die inhoud van Kategorieë 7 en 9 is by uitstek hier van toepassing.

Vervolgens word die Godkonsepte van die drie gedefinieerde volwasse lewenstadia, soos deur die respondente in die vorm van konstruksie onthul, met verwysing na die merkers beskryf. Die volgorde waarin die merkers in die beskrywings van die verskillende Godskonsepte aangewend word, is nie dieselfde nie. Die prominensie wat die betrokke ouderdomsgroep in hulle Godskonsepte aan die inhoud van die merkers gee, is vir die volgorde daarvan deurslaggewend.

6.2.5.1 Vroeë-volwasse lewenstadium

Die saamgestelde Godskonsepte van die respondente verteenwoordigend van die ouderdomsgroep

18 tot 25 jaar word deur die merker *unieke wesenseienskappe* van God gedomineer. God se skeppingsvermoë, grootheid, mag, krag, onkenbaarheid, onbekendheid, alomteenwoordigheid, onveranderlikheid en onvoorspelbaarheid geniet hoë prioriteit. Die respondente se konstruering van die metafore vir God akkommodeer bogenoemde konsepte. God as 'n *Geweldige Krag* is allesomvattend en magtig. As sulks is dit 'n abstrakte, meer as menslike konsep waarmee die mens nie vertrou is nie. Omdat Hy nie 'n spesifieke funksie het nie, weet 'n mens nie wat om van Hom te verwag nie. Hy beskik oor onbeperkte krag en laat dinge outomaties gebeur. God as *Verlosser* is ook 'n abstrakte, onbekende, onverstaanbare figuur. Hoewel Hy oor allesomvattende kwaliteite beskik, is daar by Hom geen vertoning van mag of krag nie. Netsoos God as *Vader* oor allesomvattende kwaliteite beskik en magtig is, beskryf die metafoor *Vriend* 'n konkrete, verstaanbare figuur. Laasgenoemde is egter nie magtig nie en tree nie skeppend op nie.

Minder prominent figureer die merker *frustrasie tussen God en mens*. Die metafoor *Vader* word gesien as die beskrywing van 'n God wat ver van die mens verwyderd is, bevelend optree en vir die mens voorsê wat hy moet doen. Hy verwag respek van die mens en dwing dit deur middel van vrees af. Verder beperk hy die mens se vryheid deur hom te straf vir sekere dade. Die metafoor *Vriend*, aan die ander kant, word as naby die mens beskou. Hy straf nie die mens nie en tree nie outoritêr op nie, maar aanvaar die mens soos hy is. Daarom laat Hy vryheid van doen en late toe en gee slegs raad en riglyne. Omdat Hy nie respek van die mens verwag nie, kan 'n mens ontspanne en natuurlik is Sy teenwoordigheid wees. Hoewel die *Geweldige Krag* nie respek van die mens verwag nie, beperk respek vir Hom wel die mens se gedrag.

Laer in prioriteit verskyn die merker *aanvaarbaarheid van die metafore*. Die respondente is relatief uitgeproke oor watter metafore vir die ware God aanvaarbaar is en watter nie. Aanvaarbaar as die ware God is *Vader*, *Geweldige Krag*, *Vriend*, *Verlosser*, *Trooster*, *Bedryfsingenieur*, *Regter* en *Moeder*. Metafore soos *Sadis of Paaiboelie*, *Kersvader* en *Towenaar* is nie aanvaarbaar nie. Die metafoor *Rekenaar of Programmeerder* word deur sommige respondente in hierdie ouderdomsgroep as aanvaarbaar vir die ware God beskou, terwyl dit vir ander onaanvaarbaar is.

Met betrekking tot die *werkswyse van God* het God as *Vader* en as *Verlosser* 'n plan vir die lewe

van die mens. Met hierdie plan word die mens se lewe in 'n bepaalde rigting gestuur. Die *Vader* dwing die mens in daardie bepaalde rigting deur middel van straf. Die *Verlosser* werk egter meer op die agtergrond. Hy verander die mens se lewe in die voorafbepaalde rigting op 'n subtiële manier deur van emosies gebruik te maak. So maak die *Trooster* ook van emosies gebruik, dog hy gee nie rigting aan die mens se lewe nie. In die realiseringsproses van die plan met die mens se lewe word gereelde beskerming en versorging deur God as *Vader*, *Vriend*, *Bedryfsingenieur*, *Regter*, *Rekenaar* en *Moeder* gebied. Daar word veral deur die *Vader*, *Bedryfsingenieur* en *Regter* na die fisiese behoeftes van die mens omgesien, terwyl die *Moeder* hoofsaaklik leiding op die mens se weg na die hemel verskaf.

Relatief laag in prioriteit verskyn die merker wat na die *persoonlikheidseienskappe van God* verwys. God as *Moeder* is baie menslik. 'n Persoonlike verhouding wat op liefde gebaseer is, is moontlik en gereelde kontak vind met Haar plaas. Met die *Vader* kan 'n mens ook 'n persoonlike verhouding hê, dog hy word as ver verwyderd en op 'n afstand ervaar. Met die *Vriend* wat naby die mens is en elke dag beskikbaar is, is gereelde kontak moontlik.

Die merker wat *die mens se reaksie teenoor God* aandui in die vorm van vertroue, lofprijsing en dankbaarheid, kry bykans geen plek in hierdie ouderdomsgroep se Godskonsepte nie.

6.2.5.2 Middel-volwasse lewenstadium

In die saamgestelde Godskonsepte van die respondente verteenwoordigend van die ouderdomsgroep 26 tot 59 jaar figureer die *persoonlikheidseienskappe* van God oorheersend. Aspekte soos die persoonlikheid van God, emosies, emosionele belewenis, die emosionele betrokkenheid van God, liefde, vriendelikheid en geduld beklee daarin belangrike posisies. Die respondente se konstruering van die metafore vir God akkommodeer bogenoemde konsepte. God word veral in die metafoor *Moeder* as baie naby ervaar. 'n Mens kan met Haar kommunikeer. Sy is aards, alledaags, emosioneel, vriendelik en geduldig. God as *Vriend* is ook naby die mens, luister na die mens en tree vriendelik op. Die *Verlosser* en *Trooster* beskik sodanig oor menslike eienskappe dat Hulle in die mens belangstel en na die mens luister. Eersgenoemde word egter as

ver verwyderd ervaar. Die *Vader* luister ook na die mens, en alhoewel Hy liefde gee, is Hy ver van die mens verwyderd, koud, rigied en geslote. Hierteenoor staan die *Geweldige Krag*, wat geen menslike eienskappe besit nie, ver van die mens verwyderd is, nie in die enkeling se lewe belangstel nie, nie na hom luister nie en ook nie die enkeling se lewe bestuur nie. Die *Regter* en die *Sadis* toon 'n mate van ooreenkoms in die sin dat beide gevoelloos, liefdeloos en sonder emosie handel. Daarby neem Hulle nie die gevoelens van die mens in ag nie. Die *Regter* se optrede word as vyandig beskou, terwyl dié van die *Sadis* die mens afstoot.

By die respondente in hierdie lewenstadium neem die *unieke wesenseienskappe* van God nie so 'n prominente plek in hulle Godskonsepte in soos *Sy persoonlikheidseienskappe* nie. Wat die *wesenseienskappe* betref, word die metafore as volg beskryf: God as 'n *Geweldige Krag* is alomteenwoordig. Hy is almagtig en beskik oor onbeperkte krag, gevolglik is Hy skeppend en kan enigiets doen. As sulks kan Hy ook die wêreld 'n beter plek maak. Die *Verlosser* toon met Hom ooreenkoms in die sin dat Hy ook almagtig is en die wêreld 'n beter plek kan maak. Daarby is Hy onbekend. Die *Trooster*, *Sadis* en *Regter* word slegs as magtig beskou. Laasgenoemde is nie kreatief nie. Die *Vader* se mag word veral tot die emosionele vlak beperk, gevolglik is Hy onvolledig. Hy is nietemin onveranderlik, stabiel en standvastig. Die *Moeder* toon ooreenkoms met die *Vader* in die sin dat Sy ook stabiel en standvastig, dog onvolledig is. Sy tree ook nie kreatief op nie.

Die *werkswyse van God* in die vorm van versorging, hulp en bystand, neem 'n gemiddelde posisie by die Godskonsepte van hierdie ouderdomsgroep in. Dit omvat onder meer verlossing uit sonde, die voorsiening in behoeftes, onderhoud en riglyne wat gegee word. Beskouings oor die rol van sommige metafore laat blyk dat die *Vader*, *Vriend*, *Verlosser*, *Trooster*, *Regter* en *Moeder* almal in mindere of meerdere mate in hierdie verband bydra. Die *Vader* wat voortdurend beskikbaar is, gee hulp en bied sekuriteit deurdat Hy die mens beskerm. Op hierdie wyse doen Hy goeie dinge vir die mens. Die versorging wat Hy bied, is egter hoofsaaklik op die materiële vlak. Die *Moeder*, *Vriend* en *Regter* toon ooreenkoms met die *Vader* in die versorgingsaspek, maar Hulle bydrae is minder. Die *Moeder* word nietemin uitgesonder as 'n God wat as rigtingwyser optree en die mens deur die lewe begelei, terwyl die *Regter* die mens op die regte pad hou. Die *Verlosser* en die *Trooster* se funksies is meer beperk. Dit gaan hoofsaaklik om bevryding van die

mens uit sy sondige toestand. Van God as 'n *Geweldige Krag* sonder meer kan nie veel verwag word in terme van hulp en bystand nie. Hy is onpersoonlik en stel nie in die mens as enkeling belang nie, maar is meer gemoeid met die bestuur van die groot heelal.

Onderskeid betreffende die *aanvaarbaarheid van die metafore* as beskrywend van die ware God beklee nie 'n besondere posisie by die Godskonsepte van hierdie respondente nie. Daar word wel 'n mate van versigtigheid aan die dag gelê by hulle evaluering van die metafore. Die *Vader*, *Vriend*, *Verlosser*, *Trooster* en *Regter* word sonder huiwering as die ware God aanvaar. Die *Moedermetafoor* is deur een vroulike respondent baie beslis as 'n valse voorstelling van God afgewys. Die *Geweldige Krag* is as 'n onbekende werklikheid wat alomteenwoordig, magtig en skeppend is, beskryf. Sommige ander eienskappe soortgelyk aan die van metafore wat vir die ware God aanvaarbaar is, word verder aan die *Geweldige Krag* toegeken. Die *Sadis of Paaiboelie* word as van Goddelike aard beskou. Hy openbaar 'n Goddelike aksie alhoewel Hy nie is wat 'n mens dink God behoort te wees nie. Die metafore *Kersvader*, *Bedryfsingenieur*, *Rekenaar of Programmeerder* en *Towenaar* word afgewys as nie aanvaarbaar vir die ware God nie.

Die respondente van die middel-volwasse lewenstadium se *reaksie teenoor God* in die vorm van vertrou en dankbaarheid vir goeie dae, neem 'n relatief onbeduidende posisie in. Dit is egter nie geheel en al afwesig nie. God as die *Verlosser* kan onvoorwaardelik vertrou word om die mens uit sy sondige toestand te verlos, terwyl die *Trooster* ook 'n bydrae in hierdie verband lewer. Die *Moeder* kan onvoorwaardelik vertrou word om die mens sekuriteit te bied, gelukkig te maak en gerus te stel. Die vertrou word uitgespreek dat God as 'n *Vriend* baie vir die mens kan doen en rustigheid bewerkstellig. Hy het egter nie die vermoë om genade te skenk nie. Dit doen die *Regter* wanneer Hy in die mens se belang optree. Daardeur bied Hy gerusstelling.

6.2.5.3 Laat-volwasse lewenstadium

In die saamgestelde Godskonsepte van die respondente verteenwoordigend van die ouderdomsgroep 60 jaar en ouer neem diskriminasie betreffende die *aanvaarbaarheid van die*

metafore vir die ware God 'n oorheersende posisie in. Daar bestaan grootliks eenstemmigheid oor watter *metafore* as aanvaarbaar vir die ware God beskou kan word. *Vader, Vriend, Verlosser, Trooster* en *Regter* word sonder teenkanting aanvaar. Die *Moedermetafoor* is ietwat van 'n kontroversiële figuur. Alhoewel die meeste respondente Haar aanvaar as die ware God, is daar enkeles wat van mening is dat Sy in godsdienstige sin niks beteken nie. Met betrekking tot die metafoor *Geweldige Krag* kan die benadering as relatief onbeslis en ongedefinieerd geïnterpreteer word. Hy word as 'n onpersoonlike, nie-menslike, onwerklike krag wat oral in die heelal is, beskryf. Ook het Hy nie die vermoë om die mens van sonde te verlos nie. Die *metafore Sadis, Kersvader, Bedryfsingenieur, Rekenaar of Programmeerder* en *Towenaar* word onomwonde afgewys as onaanvaarbaar vir die ware God.

Die volgende merker wat 'n belangrike posisie by die Godskonsepte van die laat-volwasse lewenstadium beklee, is die *persoonlikheidseienskappe* van God wat in die vorm van vertroosting, gerusstelling, belangstelling, genade en kalmte geopenbaar word. Dit is veral belangrik dat God die mens se belange op die hart dra, dat Hy naby die mens is en as beskikbaar ervaar word. Om aan hierdie behoefte te voldoen, moet die *metafore* oor menslikheidseienskappe soos, onder meer, emosies, vriendelikheid en geduld beskik. Dit gaan dus hoofsaaklik om die troos wat gebied word deur die aanwending van God se *persoonlikheidseienskappe* soos dit in die *metafore* geopenbaar word. God as *Vader* en *Vriend* word as persoonlik en menslik beskryf. Daar word uitdruklik melding gemaak van die feit dat kommunikasie met Hulle moontlik is. Die *Verlosser* en *Trooster* word by hierdie twee betrek wanneer Hulle verder beskryf word as naby die mens en daar na ander menslike eienskappe soos die gee van liefde, simpatie en deernis verwys word. Die *Moeder* deel al hierdie eienskappe dog word verder uitgesonder in die sin dat Sy persoonlike belang by die mens het. In teenstelling met die bogenoemde staan die *Regter* en die *Geweldige Krag* eenkant. Albei word as ver verwyderd van die mens beskou. Die *Regter* se optrede is hard en sonder liefde. Die *Geweldige Krag* is nie menslik nie, onpersoonlik en sonder die vermoë tot liefde. Kommunikasie met Hom is nie moontlik nie.

Die *unieke wesenseienskappe* van God neem geen besondere plek by die Godskonsepte van die respondente van 60 jaar en ouer in nie. Netso beklee die *reaksie van die mens teenoor God* in die vorm van vertrouwe en dankbaarheid ondergeskikte posisies.

6.2.5.4 Vergelykende evaluering van die Godskonsepte

Vergelyking van die saamgestelde Godskonsepte soos gekonstrueer deur die respondente verteenwoordigend van die vroeë-, middel- en laat-volwasse lewenstadia bring 'n aantal verskille aan die lig. Sonder om in kleiner detail in te gaan, is die opvallendste verskille die volgende:

By die saamgestelde Godskonsepte van die respondente in die ouderdomsgroep 18 tot 25 jaar oorheers die *unieke wesenseienskappe* van God, terwyl die dominerende merker by die middel-volwasse groep die *persoonlikheidseienskappe* van God is. Vir die respondente van die laat-volwasse lewenstadium is die unieke wesens- en persoonlikheidseienskappe van God nie van oorheersende belang nie. By hulle gaan dit eerder oor watter metafore aanvaarbaar is as beskrywend van die ware God en watter verwerp moet word as valse voorstellings.

Hoewel daar by die respondente van al drie volwasse lewenstadia merkbare ooreenstemming bestaan oor watter metafore as aanvaarbaar vir die ware God beskou kan word, kom daar tog enkele verskille voor. Met betrekking tot die metafore *Vader*, *Vriend*, *Verlosser*, *Trooster* en *Regter* is die respondente van al drie die lewenstadia eenstemmig in hulle aanvaarding van die metafore. Die respondente van die vroeë-volwasse groep is egter meer liberaal in hulle erkenning van metafore in die sin dat hulle God as *Geweldige Krag* en as *Bedryfsingenieur* onvoorwaardelik aanvaar. Die metafoor *Rekenaar of Programmeerder* word deur sommige aanvaar. Die groep van die middel-volwasse lewenstadium is meer versigtig deur die *Bedryfsingenieur* en die *Rekenaar of Programmeerder* nie as metafore vir die ware God te aanvaar nie. Die respondente van die laat-volwasse lewenstadium onderskei hulle daarin dat hulle wel bereid is om dieselfde metafore as die middelgroep te aanvaar, behalwe die *Geweldige Krag*. Ook word die *Moedermetafoor* deur sommige respondente van die laat-volwasse lewenstadium nie as aanvaarbaar vir die ware God beskou nie.

Frustrasie tussen God en die mens wys ook op verskille in dié sin dat die vroeë-volwasse groep daarop klem lê dat die *Vader* outoritêr optree, bevelend is en die mens se doen en late deur middel van straf beperk. Vir hulle is dit belangrik om in die teenwoordigend van sekere metafore, soos byvoorbeeld die *Vriend*, ontspanne en natuurlik te kan optree. Respondente van die ander twee

lewenstadia maak nie van sodanige frustrasies melding nie.

Vertrouwing wat deur die persoonlikheidseienskappe van God gebied word, beklee in die Godskonsepte van die respondente van die laat-volwasse lewenstadium 'n aansienlik belangriker posisie as by die respondente van die ander twee lewenstadia.

6.3 GEVALLESTUDIE

Die volgende ontleding van 'n respondent se repertoierrooster-ondersoek word as 'n beknopte gevallestudie aangebied:

Die vroulike respondent is 25 jaar oud en ongetroud. Sy beskik oor 'n universiteitsgraad en werk in die mediese hulpwetenskappe. Haar kerkverband beskryf sy as van so 'n aard dat sy so lank laas in 'n kerk was dat sy nie weet of sy nog aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk behoort nie.

Die respondent glo in 'n allesomvattende God. Dié God het 'n plan vir haar lewe. Met die uitvoer van die plan maak Hy haar soms gelukkig en soms ongelukkig. Haar Godskonsep is egter nie vaag en ongedifferensieerd nie. Bogenoemde drie hoofmomente van haar Godskonsep, naamlik *God is allesomvattend*, *God het 'n plan met haar lewe* en *God veroorsaak ambivalente emosies*, word deur die konstrakte wat na aanleiding van die metafore vir God in haar repertoierrooster-ondersoek onthul is, verder toegelig.

Haar Godskonsep word nie aan 'n enkele metafoer gekoppel nie, maar word deur verskeie metafore vir God verduidelik.

God is allesomvattend. Die feit dat God allesomvattend is, beteken dat Hy alles moontlik kan doen. Hy beskik oor onbeperkte mag wat deur die metafoer van die *Geweldige Krag* beskryf word. As *Geweldige Krag* beweeg Hy op die agtergrond vanwaar Hy alles beheer. Hy dring Hom nie aan haar op nie. Indien sy iets van Hom verlang, dan moet sy na Hom toe gaan. Dan luister Hy na haar en gee haar raad en riglyne vir die verdere hantering van die probleem waaroor

sy Hom genader het.

Die *Geweldige Krag* manifesteer Hom in die vorm van die ander metafore. In die metafoor van die *Verlosser* tree God byna net so allesomvattend soos die *Geweldige Krag* in die agtergrond op. Teenoor hierdie twee is God in die personifikasies van die ander metafore minder allesomvattend. God kan soos 'n *Rekenaar of Programmeerder* alles moontlik doen. Dit is in teenstelling met die *Trooster, Towenaar* en *Sadis* wat eensydig is en gevolglik net een ding kan doen.

As God beskerm en versorg Hy die mens. In die personifikasies van die *Vader, Moeder, Vriend, Rekenaar of Programmeerder* en *Regter* is God elke dag beskikbaar om die mens te beskerm en te versorg. Die *Vader* en die *Moeder* is egter hoofsaaklik ingestel op tydelike versorging. Hulle help veral op die materiële vlak soos met die voorsiening van kos en klere.

God het 'n plan met haar lewe. In die rol van die *Vader* het die allesomvattende God 'n uitgewerkte plan vir haar lewe. Die plan fokus daarop dat sy uiteindelik 'n eindbestemming, wat ook die hemel genoem kan word, moet bereik. As *Vader* het God die vermoë om dié plan uit te voer. Met die realisering van die plan gee Hy rigting aan haar lewe. Hy doen dit egter deur nie slegs raad en riglyne aan haar te verskaf nie, maar deur op 'n outoritêre wyse aan haar voor te sê en haar met straf vir ongehoorsaamheid in die gewenste rigting te dwing. Haar vryheid word dus beperk. Dit is hier waar God ook in die rol van die *Sadis of Paaiboelie* betrek word. Deur haar seer te maak en dinge van haar weg te neem, bestuur Hy haar lewe so dat die uitgewerkte plan van haar lewe gerealiseer word. Die wroeging wat sodoende deur die beperking van haar vryheid veroorsaak word, word egter deur God in die rol van die *Trooster* versag.

God veroorsaak ambivalente emosies by haar. God beskik oor die vermoë om haar by tye gelukkig te maak en ander tye ongelukkig. As 'n *Geweldige Krag* wat in die agtergrond werk, tree Hy nie bevelend op nie, maar gee aan haar slegs raad en riglyne. Hy laat dus aan haar 'n eie besluitnemingsreg en vryheid van doen en late toe. Dit is egter respek vir Hom wat haar handeling beperk. In die personifikasie van *Vriend* stem God grootliks ooreen met haar beskouing van die *Geweldige Krag*. Omdat die *Vriend* nie outoritêr optree nie, kan sy in Sy teenwoordig haarself wees, kan sy ontspanne en natuurlik wees en enigiets doen. As *Verlosser*

gee God ook aan haar vryheid sonder om haar tot verantwoording te roep, dog netsoos by die *Moeder* moet sy tog versigtig wees wat sy in Sy teenwoordigheid doen. Hierteenoor veroorsaak die bevelende optrede van God in die personifikasies van die *Vader* en die *Bedryfsingenieur* ongelukkigheid deur vir haar voor te sê wat sy moet doen.

6.4 SAMEVATTENDE INTERPRETASIE VAN EMPIRIESE DATA

Vir die interpretasie van die data wat met die repertoierooster-ondersoek verkry is, is die respondente in drie groepe verdeel. Grondliggend aan die verdeling lê Erikson (1963:249-273) se teorie oor die drie stadia van die volwasse lewensiklus. Interpretasie van die data lei tot die daarstelling van gedifferensieerde Godskonsepte vir die drie stadia van die volwasse lewensiklus met betrekking tot elke metafoer. Die frekwensie van die konstrunkte in die verskillende kategorieë wat na analogie van die klaagpsalms ontwikkel is, word vir elke ouderdomsgroep bereken en geïnterpreteer. Samevattende Godskonsepte word vir elke stadium van die volwasse lewensiklus bepaal. 'n Gevallestudie word gedoen.

HOOFSTUK 7

DIE ROL VAN GODSKONSEPTE IN DIE PASTORALE PROSES

Verskeie navorsers verwys in verskillende kontekste na mense se voorstellings van God, alternatiewelik Godskonsepte genoem (sien onder meer Basset et al 1990; Grosseohme 1996; Louw 1997). God openbaar Hom op vele wyses in die Heilige Skrif. Dit is derhalwe verstaanbaar dat daar nie by mense 'n universele Godskonsep wat algemeen kenbaar is, bestaan nie. Inteendeel, Louw (1997:387) gaan so ver om te skryf dat daar geen "suiwere" Godsvoorstelling bestaan wat God volledig verstaanbaar en sinvol kan voorstel of kommunikeer nie.

Die resultate wat met die empiriese ondersoek na Godskonsepte deur middel van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster verkry is, is in Hoofstuk 6 in detail geanaliseer en geïnterpreteer. Ten einde 'n geheelbeeld te kry van Godskonsepte eie aan elke stadium van die volwasse lewensiklus is dit nodig om die navorsingsresultate verder te sistematiseer en met verwysing na die literatuur te evalueer. Alleenlik dan kan dit sinvol aangewend word vir die daarstelling van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering en die daarmee gepaardgaande terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte.

7.1 EVALUERENDE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

Die analisering en interpretasie van Godskonsepte wat in Hoofstuk 6 uit verskillende perspektiewe gedoen is, word in Tabel 7.1 oorsigtelik saamgetrek. 'n Vergelykende evaluering word vir die vroeë-, die middel- en die laat-volwasse stadia van die volwasse lewensiklus gedoen.

TABEL 7.1
VERGELYKENDE EVALUERING VAN GODSKONSEPTE IN VOLWASSE LEWENSTADIA

AARD VAN GODSKONSEPTE	VROEË-VOLWASSE LEWENSTADIUM	MIDDEL-VOLWASSE LEWENSTADIUM	LAAT-VOLWASSE LEWENSTADIUM
Metafisies-ontologies	Hoë prioriteit	Gemiddelde prioriteit	Lae prioriteit
Menslikheidseienskappe	Lae prioriteit	Gemiddelde prioriteit	Hoë prioriteit
Paradigmaverskuiwing	Gemiddeld	Gemiddeld	Groot
Beoordeling van metafore	Min krities	Gemiddeld krities	Baie krities
Aanvaarbaarheid van metafore vir God	Vader, Krag, Vriend, Verlosser, Trooster, Bedryfsingenieur, Regter, Moeder	Vader, Vriend, Verlosser, Trooster, Regter, Moeder	Vader, Verlosser, Trooster, Regter
Katarsis	Baie belangrik	Gemiddelde belang	Baie belangrik
Gerusstelling	Lae prioriteit	Lae prioriteit	Hoë prioriteit
Vertrouwing	Lae prioriteit	Lae prioriteit	Hoë prioriteit
Doksologie	Afwesig	Afwesig	Lae prioriteit

7.1.1 Evaluering van data rakende die vroeë-volwasse lewenstadium

Die empiriese data (vgl Tabel 7.1) aangaande die vroeë-volwasse lewenstadium word met betrekking tot die *aard van Godskonsepte* geëvalueer.

- *Metafisies-ontologiese eienskappe van God.* Die unieke wesenseienskappe van God, oftewel Sy metafisies-ontologiese eienskappe, word besonder hoog aangeslaan. God se skeppingsvermoë, grootheid, mag, krag, onkenbaarheid, onbekendheid, onveranderlikheid, alomteenwoordigheid en onvoorspelbaarheid geniet hoë prioriteit. Dit sluit nou aan by die kerugmatiese model vir pastorale sorg van Thurneysen (1963, 1968, 1976) waarin hy die absolute soewereiniteit van God deur middel van Sy grootheid, onaantasbaarheid en uniekheid beklemtoon.
- *Menslikheidseienskappe van God.* Aansienlik laer in prioriteit kom die menslikheidseienskappe van God voor. Dit behels die metaforiese verstaan van God, in terme van Iemand teenoor Wie hulle hul harte kan uitpraat, asook Iemand in Wie hulle

vertroosting en vertrouwe kan vind. God se liefde, vriendelikheid en geduld beklee dus aansienlik laer posisies as Sy grootheid, krag en majesteit. Vertroue dat verbetering in toestande as gevolg van God se bemoeiing sal plaasvind, kry in die Godskonsepte van hierdie ouderdomsgroep absoluut geen plek nie.

- *Paradigmaverskuiwing.* Die paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte wat in Afdeling 4.1.3.3 bespreek is en sterk deur Louw (1997:110-111) bepleit word, skyn in die geval van respondente in die vroeë-volwasse lewenstadium nie as algemeen geldend aanvaarbaar te wees nie. Daarvoor lê hulle te veel klem op die grootheid, mag en soewereiniteit van God.
- *Beoordeling van metafore vir God.* 'n Beskrywing van Wie God werklik is, neem by persone van hierdie lewenstadium nie 'n besonder belangrike plek in nie. 'n Relatief wye verskeidenheid metafore vir God en Sy kwaliteite word aanvaar.
- *Aanvaarbaarheid van metafore vir God.* Respondente van die vroeë-volwasse lewenstadium se konstruering van *God as Vader* dui daarop dat Hy wel 'n plan met die mens se lewe het. Hy is almagtig en bied as sulks beskerming en versorging, veral op materiële vlak. Omdat Hy die mens egter deur middel van straf dwing om aan die plan wat Hy met die mens se lewe het, te konformeer, word Hy met straf geassosieer. Haendler (1971:20) wys dan ook daarop dat *God as Vader* as 'n despoot en patriarg beskou word en dat sulke projeksies probleme kan skep. Ook De Villiers (1997:56) haal die Westerse Wêreld se ervaringsveld van 'n vader as 'n outoritêre persoon aan. Daar is derhalwe aanduidings dat individue van die vroeë-volwasse lewenstadium die patriargale gedrag wat aan 'n vader gekoppel word, met agterdog bejeën.

In die onderhawige empiriese ondersoek het een van die respondente se response daarop gedui dat *God as Vader* vir hom met straf en onaangenaamheid geassosieer word. Uit die konteks van die navraag wat daarop gevolg het, word steun verleen aan Rizzuto (1979:177) se mening dat Godskonsepte reeds gedurende die kinderjare beslag kry in hulle soeke na geborgenheid en intimiteit. Kopp (1994:14) skryf dat elke persoon se

identiteit die resultaat is van die verhale van sy eie geskiedenis. Procter en Parry (1978:160) voer aan dat 'n persoon se verhoudings binne die gesin 'n invloed op die ontwikkeling van sy konstruksisteem het. Allport (1963:264-265) gee erkenning aan die feit dat elke individu se vorige relasies sy eie verwagtings van die toekoms saamdra. De Villiers (1997:205) voer aan dat die mens soms vanuit sy ervarings met 'n biologiese vader oordragte op God maak wat meebring dat hy so 'n God nie wil hê nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat 'n metafoor vir God nie sonder meer as gesond of patologies geklassifiseer kan word nie. Dieselfde metafoor kan vir die een persoon positiewe en vir die ander persoon negatiewe betekenis inhou, afhangende van die persoon se persoonlike konstruksisteem. Hiermee word sterk aansluiting by Kelly (1955, 1963, 1969) se persoonlikekonstruk-teorie (sien Afdeling 5.1.1) gevind.

Individue van die vroeë-volwasse lewenstadium verkeer op 'n heel gemaklike wyse met die metafoor *God as Vriend*. Louw (1997:115-117) sluit hierby aan as hy sy keuse van die metafoor *God as Vriend* motiveer deur daarop te wys dat dit intimiteit waarborg. Dit bevredig die behoefte om onvoorwaardelik aanvaar te word en te kan ontsluit sonder die angs vir verwerping en isolasie. Ook Bons-Storm (1992:147-149) kies vir die metafoor *God as Vriend* omdat sy van mening is dat patriargale metafore beperkinge op die pastoraat plaas. Om aan *God as 'n Moeder* te dink, is vir hierdie respondentegroep ook aanvaarbaar. In hierdie verband sentreer die gedagtes hoofsaaklik rondom liefdevolle versorging, gereelde kontak en leiding sonder dat daar voorgesê word.

Respondente in die vroeë-volwasse lewenstadium is bereid om die metafoor *God as 'n Geweldige Krag* as die ware God te aanvaar. De Villiers (1997:56) meen dat die moderne mens met sy wetenskaplike kennis nie meer mitologiese beelde oor God net so kan aanvaar nie. Aanvullend tot Pieterse en ander (1993:202) se bevinding dat daar 'n tendens by professionele blanke gelowiges in Suid-Afrika bestaan om God se Persoon met 'n blote krag te vermeng, wil dit uit die onderhawige empiriese ondersoek voorkom dat hierdie tendens besig is om tot die jonger volwasse individue in die algemeen oor te vloei. As 'n *Geweldige Krag* is God vir hulle allesomvattend en magtig, ver verwyderd en beweeg op die agtergrond. Dit is vir hulle meer as 'n menslike konsep. Hy beskik oor onbeperkte

mag en laat dinge outomaties gebeur, gevolglik weet 'n mens nie wat om van Hom te verwag nie. Hulle beskou so 'n God as iemand wat vryheid van doen en late toelaat en slegs riglyne gee. Hierdie neiging van persone in die vroeë-volwasse lewenstadium is heeltewel verklaarbaar teen die agtergrond van hulle aandrang op erkenning van identiteit (Gerdes et al 1981:278-279) en hulle begeerte om nie voorgesê te word nie. Hulle voeg egter by dat respek vir *God as 'n Geweldige Krag* wel hulle gedrag beperk.

Individue van die vroeë-volwasse lewenstadium glo ook in 'n God wat soos 'n bedryfsingenieur dinamies is en met krag kan optree, wat dinge kan laat gebeur. Begrippe soos *God as Verlosser* en as *Trooster* neig om vir hulle vae begrippe te wees. Dit skep by hulle die idee van 'n ver verwyderde God. Die regterlike funksie van God bied vir hierdie groep persone geen vertroosting nie. Hy vergoed mense wel vir hulle daade, maar vergeld hulle ook vir verkeerde daade.

- *Katarsis*. Persone van die vroeë-volwasse lewenstadium wil graag hulle harte uitpraat. Hulle wil gevoelens van ongelukkigheid, opstandigheid en ontevredenheid te kenne gee. Dit is vir hulle belangrik dat daar nie bevelend teenoor hulle opgetree word nie, dat hulle nie voorgesê word nie, maar dat slegs riglyne wat aan hulle vryheid van besluitneming toelaat, verskaf word. Dit staan in sterk kontras met Adams (1973:55) se noutetiese pastorale model waarin hy skryf dat Christelike berading die gebruik van outoritiewe instruksies behels. Hierdie ouderdomsgroep lê besondere klem op erkenning van hulle eie identiteit deur God. Dit sluit aan by Gerdes en ander (1981:284) wat skryf dat soeke na identiteit een van die take van individue in die vroeë-volwasse lewenstadium is. Saam met die soeke na identiteit gaan 'n omlyning van hulle waardesistiem. Maslow (1968:177) skryf in hierdie verband: "the search for identity is, in essence, the search for one's own intrinsic, authentic values". Daar kan dus verwag word dat persone in die vroeë-volwasse lewenstadium geredelik by die eduktiewe pastorale model soos deur Hiltner (1958:151) bedryf, aansluiting sal vind. Vir hom gaan die voorligting wat aan gespreksgenote verskaf word, nie om leiding in die sin van etiese voorskrifte nie, maar om die ontwikkeling van dit wat potensieel reeds in die persoon aanwesig is.

- *Gerusstelling, Vertrouwing en Doksologie.* Godskonsepte wat verband hou met gerusstelling en vertroosting geniet lae prioriteit, terwyl konsepte waarin God geloof of dankbaarheid betoon word, by individue van die vroeë-volwasse lewenstadium geheel en al afwesig skyn te wees.

7.1.2 Evaluering van data rakende die middel-volwasse lewenstadium

Evaluering van die empiriese data wat in Tabel 7.1 saamgetrek is, bring die volgende met betrekking tot Godskonsepte by persone van die middel-volwasse lewenstadium aan die lig:

- *Metafisies-ontologiese eienskappe van God.* Die metafisies-ontologiese eienskappe van God neem by persone van die middel-volwasse lewenstadium 'n geringe laer posisie in as 'n metaforiese verstaan van God in terme van menslikheidseienskappe. Dit kom nietemin nog sterk na vore.
- *Menslikheidseienskappe van God.* Metaforiese spreke oor God neem 'n geringe hoër posisie as die metafisies-ontologiese eienskappe van God in. Klem word gelê op menslike gedrag en emosies. Die persoonlikheid en emosionele betrokkenheid van God in die vorm van liefde, vriendelikheid en geduld, vorm derhalwe 'n belangrike komponent van hierdie ouderdomsgroep se Godskonsepte.
- *Paradigmaverskuiwing.* Die paradigmaterskuiwing met betrekking tot Godskonsepte wat in Afdeling 4.1.3.3 bespreek is, skyn in 'n oorgangstadium te wees. Hoewel die metaforiese verstaan van God binne kontekste 'n relatief belangrike posisie by individue van hierdie ouderdomsgroep inneem, word steeds sterk erkenning aan die metafisies-ontologiese spreke oor God gegee. Dit dui daarop dat die metafisies-ontologiese bestaan van God nie sonder meer as spekulاسie oor God (sien Louw 1997:110) afgemaak kan word nie. Sowel die metafisies-ontologiese as die metaforiese spreke oor God is tog Bybels gefundeerd. Die metafisies-ontologiese spreke oor God mag daarom nie as onbruikbaar vir die pastorale terapie beskou word nie. So 'n stap sou op 'n metaforiese

reduksie van God neerkom. Deur slegs op die metaforiese verstaan van God te konsentreer, dreig die gevaar dat die onbegryplikheid van God geheel en al vir 'n vermenslikte verstaan van God verruil word. Dit is eerder waar dat die metaforiese spreke oor God die mens help om die metafisies-ontologiese eienskappe van God beter te verstaan.

- *Beoordeling van metafore vir God.* Persone behorende tot hierdie lewenstadium is meer krities as die vroeë-volwasse groep oor watter metafore beskrywend is van die ware God, dog nie so krities soos mense van sestig jaar en ouer nie.
- *Aanvaarbaarheid van metafore vir God.* Besondere klem word op die menslikheid van *God as Vader* gelê. As sulks bied Hy liefde en rustigheid. Die neiging om God as redelik naby te ervaar begin na vore tree. Die metafoor *God as Vriend* word nie besonder hoog aangeslaan nie. So 'n God sal volgens hulle feilbaar wees en oor beperkte mag beskik. Dit beteken dat individue behorende tot hierdie lewenstadium hulle nie geheel en al berus by Louw (1997:115-117) en Bons-Storm (1992:147-149) se keuse van *God as Vriend* nie. Die gevaar bestaan dus dat daar te ver gegaan word met 'n veralgemening deur die metafoor *God as Vriend* as 'n algemeen geldende metafoor vir persone van alle volwasse lewenstadia voor te stel. Om aan God in terme van die *Verlosser* te dink, skep by hierdie groep die idee van 'n ver verwyderde God wat nie by die daaglikse lewe van die mens betrokke is nie. Die gedagte dat *God as Regter* voorgestel kan word, bied as gevolg van Sy eerlikheid en genade gerusstelling. Hoewel *God as Moeder* in hulle konstruering as aards, alledaags, vriendelik, geduldig en naby beskryf word, word sy nie met besondere entoesiasme aanvaar nie. Dit wil dus voorkom of McFague (1987:61-62) se voorstel van die Moedermetafoor in die geval van individue van die middel-volwasse lewenstadium nie sonder meer as algemeen geldend beskou kan word nie.
- *Katarsis.* Blootlegging van die hart waarin uiting gegee word aan gevoelens van opstand, protes en frustrasie neem 'n middelmatige posisie in. Hierdie ouderdomsgroep berus geredelik in die feit dat daar oor hulle lotgevalle besluit word sonder dat hulle in die saak geken word. Kommunikasie en moontlike onregverdigte behandeling neem 'n minder

belangrike plek by individue van hierdie ouderdomsgroep in.

- *Gerusstelling en vertroosting.* Konsepte wat verband hou met God se bystand in die vorm van voorsiening aan behoeftes, onderhoud, versorging, riglyne wat gegee word en verlossing uit genade neem relatief lae posisies in. vertroosting wat saamgaan met gerusstelling, genade en kalmte, beklee nog 'n laer posisie. Of God as naby of ver verwyderd ervaar word, skyn vir respondente van hierdie lewenstadium relatief onbelangrik te wees.
- *Doksologie.* Van dankbaarheid en lofprijsing waarin die goedheid van God erken word, kom in hierdie groep se Godskonsepte nie veel tereg nie.

7.1.3 Evaluering van data rakende die laat-volwasse lewenstadium

Die empiriese data wat in Tabel 7.1 saamgevat is, en wat op Godskonsepte by persone van die laat-volwasse lewenstadium betrekking het, word vervolgens geëvalueer.

- *Metafisies-ontologiese eienskappe van God.* By persone in die laat-volwasse lewenstadium skuif Godskonsepte wat verband hou met die metafisies-ontologiese eienskappe van God, heeltemal op die agtergrond. Die soewereiniteit, grootheid, onaantasbaarheid en uniekheid van God wat Thurneyen (1963, 1968, 1976) so hoog aanslaan, beklee absoluut ondergeskikte posisies teenoor Godskonsepte wat God se liefde, versorging en kommunikasie verteenwoordig.
- *Menslikheidseienskappe van God.* Die menslikheidseienskappe van God geniet besonder hoë prioriteit by die Godskonsepte van individue in hierdie ouderdomsgroep. God beskik onder meer oor emosies, vriendelikheid en geduld. Dit is vir mense van hierdie ouderdomsgroep belangrik om daagliks met God te kommunikeer en hulle harte bloot te lê. Hulle steun sterk daarop dat God in hulle belangstel, hulle saak op die hart dra, kalmte bewerkstellig en genade skenk. God word dus metafories as naby

gekonseptualiseer. Hy moet so bereikbaar wees dat hulle hul probleme en bekommernisse aan Hom kan opdra. Godskonsepte wat in verband met versorging staan, neem 'n belangrike posisie in. Die term *sorg* word deur Louw (1984:42) omskryf as "daardie aspek van die Godsopenbaring waarin dit gaan om Gods neerbuigende liefde, barmhartigheid en ontferming". Om aan die versorgingsaspek gestalte te gee, bring mee dat God as persoonlik beskou word.

- *Paradigmaverskuiwing.* Die paradimaverskuiwing van 'n metafisies-ontologiese spreke oor God na 'n metaforiese verstaan van God binne kontekste waarna Louw (1997:110-111) verwys, en wat in Afdeling 4.1.3.3 bespreek word, kry by persone van hierdie lewenstadium deeglik gestalte.
- *Beoordeling van metafore vir God.* Godskonsepte word by persone in die laat-volwasse lewenstadium oorheers deur hulle nougesette beoordeling van Wie God werklik is. Hulle is besonder krities oor met watter metafore God beskryf kan word.
- *Aanvaarbaarheid van metafore vir God.* Die Vadermetafoor is vir persone van hierdie ouderdomsgroep baie aanvaarbaar. As Vader is Hy persoonlik en intiem by die mens betrokke. Anders as in die geval van die *Geweldige Krag*-metafoor het Hy persoonlike belang by die mens. Deur Sy emosionele betrokkenheid wat in liefde en deernis manifesteer, bied Hy aan die mens gerusstelling, sekerheid en geluk. Die Godskonsepte wat rondom die metafoor *God as Vader* ontwikkel word, voldoen grootliks aan die versorgingsbehoefte wat hulle met betrekking tot God ervaar. As sulks word dit geakkommodeer in die God-metafoor wat Louw (1997:394) aanbied as 'n samestelling uit beskouinge van McFague en Van der Ven soos in Figuur 4.1 gedemonstreer. In die figuur word aangetoon dat die Vadermetafoor via die beginsel van sorg en die verstaan van God se styl as ontferming, die menslike ervaring van empatie sodanig kan beïnvloed dat hy dit as ondersteuning ervaar. Die moontlike despotiese en patriargale beeld van die vader waarna Haendler (1971:20) verwys, en die Westerse Wêreld se ervaring van 'n vader as 'n outoritêre persoon wat De Villiers (1997:56) aanhaal, pla blykbaar geensins die individue van die laat-volwasse lewenstadium nie.

Die Regtermetafoor is ook vir persone van die laat-volwasse lewenstadium heel aanvaarbaar. Hy word egter nie so naby as die Vader ervaar nie. As Regter word God met eerlikheid en genade geassosieer. Daarom vind individue van hierdie ouderdomsgroep in Hom gerusstelling. Die metafoor *God as Verlosser* beskryf vir hierdie persone ook die ware God. Hy opereer op bo-menslike vlak in dié sin dat Hy die mens uit sy sondetoestand kan verlos. As sulks bied Hy geloof en sekuriteit. Die Troostermetafoor word ook as 'n werklike beskrywing van God aanvaar. Die ander metafore wat in die empiriese ondersoek nagevors is, word deur persone van die laat-volwasse lewenstadium óf as minder aanvaarbaar, óf as geheel en al onaanvaarbaar beskou.

Die onaanvaarbaarheid van die metafoor wat God as 'n geweldige krag beskryf, dui teen Pieterse en ander (1993:202) se bevinding in dat professionele blanke Suid-Afrikaners neig om God as 'n blote krag te beskou. Die respondente van die laat-volwasse lewenstadium in die onderhawige ondersoek het ook professionele persone wat hulle teen die betrokke metafoor uitgespreek het, ingesluit. Ook plaas dit De Villiers (1997:56) se mening dat die moderne mens nie meer in mitologiese beelde van God wil glo nie, onder verdenking. Daar kan ten minste in hierdie opsig nie na persone van alle lewenstadia veralgemeen word nie.

- *Katarsis*. Om met God in persoonlike kommunikasie te tree, is vir persone van die laat-volwasse lewenstadium besonder belangrik. God is so naby dat hulle hul probleme en bekommernisse te eniger tyd aan Hom kan opdra.
- *Gerusstelling en vertroosting*. Gerusstelling en vertroosting geniet relatief hoë prioriteit by die Godskonsepte van persone in die laat-volwasse lewenstadium. Anderson (1983:59) druk God se vertroostende trou deur Sy beloftes as volg uit: "Unlike the capricious gods of the ancient world, the God whom Israel worships is true to promises made, constant in faithfulness, consistent in behaviour." Dit is dus verstaanbaar dat persone van die laat-volwasse lewenstadium - die laaste lewenstadium voor die dood - in Godskonsepte van vertroostende aard sal belangstel weens hulle sterk eskatologiese perspektief. Troos is

een van die ses pastorale response wat Louw (1997:304) onderskei. Ontleding van hierdie ouderdomsgroep se Godskonsepte dui daarop dat *troos* as terapeutiese respons vir hulle besonder relevant is. As kommunikasie van die heil sluit troos sterk aan by die eskatologiese perspektief van die pastoraat (sien Afdeling 4.1.2.2). König (1975:161) aksentueer hierdie eskatologiese perspektief wanneer hy skryf dat die mens se troos in God se toekoms lê. Vir mense van die laat-volwasse lewenstadium hou die opmerking van Heyns (1988:390) 'n besondere troosboodskap in wanneer hy sê dat die eskatologiese handeling wel oor die beloftes aangaande die toekoms gaan, maar dat hierdie beloftes nie los staan van die mens van ons tyd nie.

Hiermee word aangesluit by Gerdes en ander (1981:311) se opmerking dat daar skynbaar in die later lewensjare 'n kwalitatiewe verskuiwing na 'n intrinsieke godsdienstige oriëntering plaasvind. Dit word ook 'n volwasse godsdiens genoem. Volwasse godsdiens word deur Louw (1997:387) beskryf as 'n godsdiens wat troos bring. Allport (1963:301) koppel volwasse godsdiens aan 'n intrinsieke godsdienstige oriëntasie. In sy identifisering van twee vorme van godsdienstige oriëntering, te wete ekstrinsieke en intrinsieke oriëntering, beskryf Allport (1966:54) intrinsieke oriëntering as "a supreme value in its own right". Hy beskou dit as 'n waardesisteem wat onderliggend aan alle ander dinge lê. Louw en Edwards (1993:464) gaan selfs so ver om te sê dat 'n intrinsieke godsdienstige oriëntering as verstaanbare teorie 'n algehele oplossing vir al die probleme van die lewe bied.

- *Doksologie*. Min aanduiding van lofprysing of dankbaarheid teenoor God word in die Godskonsepte van individue behorende tot die laat-volwasse lewenstadium gevind. Dit wil egter voorkom asof daar tog 'n groter tendens daartoe by hierdie ouderdomsgroep bestaan as by die respondente van die twee vroeëre lewenstadia.

Samevattend bring evaluering van die empiriese navorsing die volgende aan die lig: Die metafisies-ontologiese eienskappe van God skuif geleidelik laer in prioriteit met die toename in lewensjare terwyl die menslikheidseienskappe van God soos dit in 'n metaforiese spreke oor God na vore kom, geleidelik hoër beweeg. Die paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte van

'n metafisies-ontologiese beskrywing van God na 'n metaforiese verstaan van God binne kontekste vind grootliks by persone van die laat-volwasse lewenstadium plaas. Persone in die laat-volwasse lewenstadium is uiters krities oor watter metafore vir God aanvaarbaar is. Met betrekking tot katarsis blyk dit dat hierdie aspek van groter belang is by persone van die vroeë- en die laat-volwasse lewenstadia as by individue van die middel-volwasse lewenstadium. Vertroue dat God 'n verbetering in heersende toestande sal teweegbring, geniet by persone van die laat-volwasse lewenstadium aansienlik hoër prioriteit as by individue van die ander twee lewenstadia. Godskonsepte waarin lof aan God of dankbaarheid geïmpliseer word, is by individue van sowel die vroeë- as die middel-volwasse lewenstadia afwesig. Selfs by die persone van die laat-volwasse lewenstadium is response wat aanduidend van sodanige Godskonsepte is, uiters skraal.

Feite wat met die vergelykende evaluering van Godskonsepte tussen die drie stadia van die volwasse lewensiklus aan die lig kom, word in Afdelings 7.2 en 7.3 benut wanneer die pastoraal-terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte en 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering aan die orde gestel word.

7.2 TERAPEUTIESE HERSTRUKTURERING VAN GODSKONSEPTE

Die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte beklee 'n sleutelposisie in die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering wat in Afdeling 7.3 voorgestel word. Om dié rede word in hierdie afdeling na die pastoraal-terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte uit 'n aantal perspektiewe verwys.

7.2.1 Die rol van Godskonsepte by kliënteprobleme

Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, word sommige problemsituasies waarmee gespreksgenote dikwels 'n pastor nader, in hierdie afdeling aangedui. Die moontlike rol van Godskonsepte as bydraend tot die probleem wat in die pastorale gesprek aangebied word, word aangetoon.

7.2.1.1 Angs

Wanneer die gespreksgenoot daarvan bewus word dat sy Godskonsepte nie geskik is om situasies waarmee hy gekonfronteer word die hoof te bied nie, ervaar hy angs. Moontlike voorbeelde hiervan is die volgende: In plaas van Godskonsepte wat vertroosting en hoop te midde van straf, siekte en dood stimuleer, handhaaf hy Godskonsepte wat God uitbeeld as 'n ongenadige *Sadis*. Angs kan ook ervaar word wanneer 'n persoon in die laat-volwasse lewenstadium God as 'n *Geweldige Krag* konseptualiseer terwyl hy in werklikheid behoefte het aan Godskonsepte wat verband hou met die versorging en gerusstelling wat die metafoor *God as Vader* bied.

7.2.1.2 Depressie

Die depressiewe persoon word deur Kaplan en ander (1994:534) beskryf as iemand wat negatiewe beskouings oor die wêreld en homself koester. Sy gedagtes sentreer dikwels rondom verlies, skuld, selfmoord en die dood. Hy beskik nie oor Godskonsepte waardeur hy God as naby, na Wie hy met sy nood en bekommernis kan gaan, ervaar nie. Verder het hy 'n gebrek aan Godskonsepte wat hom van God se ontferminge bewus maak. In Afdeling 7.3, waar die aanvullende model vir pastorale gespreksvoering aan die hand van 'n fiktiewe gevallestudie verduidelik word, word meer lig op hierdie aspek gewerp.

7.2.1.3 Swak selfbeeld

'n Persoonlikheidsprobleem soos byvoorbeeld gebrek aan selfvertroue en selfrespek kan verband hou met die denkskema waarna Heitink (1979:112) verwys as hy sê dat die mens nie klein genoeg van homself en nie groot genoeg van God kan dink nie. Dit kan afkomstig wees van 'n konseptualisering van *God as Vader* in die sin van 'n patriargale of despotiese figuur. Die persoon beskou homself dan so nietig dat hy nie net aan God ondergeskik wil wees nie, maar ook minderwaardig voel teenoor almal rondom hom.

7.2.1.4 Verslawing

Probleme soos alkoholisme en ander vorme van verslawing kan verband hou met 'n gebrek aan Godskonsepte waardeur die verslaafde besef dat hy vir sy dade verantwoordelik gehou sal word. In sy stryd teen die verslawing sal hy ook in die versoeking kom om tou op te gooi indien hy nie kan staatmaak op Godskonsepte verbonde aan byvoorbeeld die Vader-, Moeder- of Vriendmetafoor wat krag, hulp en bystand verseker nie. Omdat die stryd teen verslawing dikwels 'n geskiedenis van val en opstaan het, het hy ook behoefte aan vertroosting wat deur toepaslike Godskonsepte gestimuleer word (sien Afdeling 7.2.2.4).

7.2.1.5 Huweliksprobleme

Huweliksprobleme kan in verskeie vorme in die pastorale gesprek presenteer. Dade van ontrou en wreedheid teenoor die huweliksmaat mag die gevolg wees van 'n gebrek aan Godskonsepte wat hom vertel dat hy verantwoording vir sy verkeerde dade sal moet doen. Wanneer die gespreksgenoot egter ly as gevolg van onregmatige dade teenoor hom gepleeg, byvoorbeeld ontrou van sy huweliksmaat, dan benodig hy Godskonsepte wat gerusstelling en bemoediging dat sake weer kan regkom, stimuleer. Gebrek aan Godskonsepte wat vertroosting in sy teleurstelling bied, bring mee dat hy die situasie nie kan aanvaar nie. Indien hy nie oor Godskonsepte beskik wat hom in staat stel om sy hart teenoor God uit te praat nie, voel hy eensaam en verlate. Hierdie probleme word in Afdeling 7.2.2.5 aangespreek wanneer die gebruik van toepaslike Godskonsepte in die herstruktureringproses behandel word.

7.2.1.6 Antisosiale gedrag

Antisosiale gedrag, soos onder meer diefstal, bedrog en leuens kan verband hou met Godskonsepte afkomstig van die metafoor *God as Geweldige Krag*. Daardeur kan die gespreksgenoot onder die indruk kom dat God die wêreld bestuur, maar teenoor hom apaties staan en nie in hom as individu belangstel nie. Hy meen dan dat hy maar kan doen wat hy wil.

7.2.1.7 Behoefte aan katarsis

Die individu van die vroeë-volwasse lewenstadium wat God as 'n *Geweldige Krag* konseptualiseer, kan frustrasie ervaar omdat hy sy hart wil uitpraat oor gevoelens van opstandigheid. Die *Geweldige Krag* bestuur die wêreld, maar luister nie na hom as 'n individu nie. Dieselfde geld vir die persoon van die laat-volwasse lewenstadium wat in sy verswakkende toestand met sy bekommernisse na God wil gaan.

7.2.1.8 Hooputopie

Hooputopie word deur Louw (1984:57) beskryf as 'n valse verwagting dat dit in die toekoms beter sal gaan. Die realiteit word geïgnoreer. Verantwoordelikheid word ontduik. So 'n probleemsituasie kan ontstaan deur Godskonsepte wat met die metafoor *God as Kersvader* of *God as Towenaar* geassosieer word. Daar word verwag dat God 'n kitsoplossing uit probleme sal bied sonder dat die gespreksgenoot enige verantwoordelike bydrae lewer.

7.2.1.9 Onbevredigende geloofslewe

Die gespreksgenoot kan in opstand teenoor lyding kom omdat hy God as 'n *Sadis* konseptualiseer. Hy kla soms dat God nie na hom is sy nood luister nie omdat hy God konseptualiseer as 'n *Geweldige Krag* wat die wêreld bestuur, maar nie in hom persoonlik belangstel nie. Soms twyfel hy aan sy geloof, aan sy verlossing, aan die vergifnis van al sy sonde omdat hy God nie genoegsaam as Verlosser konseptualiseer nie. Wanneer hy bid vir uitkoms uit 'n probleem, raak hy ongeduldig omdat die uitkoms nie dadelik kom nie want hy konseptualiseer God as 'n *Towenaar*.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit nie noodwendig ongesonde of ontoepaslike Godskonsepte is wat vir die gespreksgenoot se probleem verantwoordelik is nie. Heel dikwels is dit net 'n gebrek aan gesonde of toepaslike Godskonsepte wat verantwoordelik is vir die

probleem wat in die gespreksituasie aan die orde gestel word.

7.2.2 Die gebruik van toepaslike Godskonsepte by die herstruktureringproses

Hierdie afdeling sluit nou aan by die vorige afdeling waarin ontoepaslike Godskonsepte of gebrek aan toepaslike Godskonsepte aangedui word as bydraend tot kliënte se probleme. Die gebruik van gesonde Godskonsepte by die terapeutiese herstruktureringproses word dus met verwysing na die voorbeelde wat in Afdeling 7.2.1 aangehaal word, geïllustreer.

7.2.2.1 Angs

Wanneer 'n persoon in 'n angsituasie, wat byvoorbeeld met straf, siekte en dood verband hou, God as 'n ongenadige sadis konseptualiseer, dan is dit nodig dat hierdie ontoepaslike Godskonsep na 'n meer toepaslike een herstruktureer word. In so 'n geval bestaan die behoefte aan 'n Godskonsep wat gerusstelling bewerkstellig. Uit die resultate van die empiriese ondersoek blyk dat gerusstelling veral in die metafoor *God as Vader* setel. Vir persone van die vroeë-volwasse lewenstadium kan die metafoor *God as Moeder* weens Haar liefdevolle versorging en gereelde beskikbaarheid ook met vrug aangewend word (sien Afdeling 7.1.1). Indien persone van die laat-volwasse lewenstadium God as bloot 'n *Geweldige Krag* konseptualiseer, ervaar hulle soms angs omdat hulle nie met so 'n God persoonlike kontak kan bewerkstellig nie. Herstrukturering van sodanige persone se Godskonsepte na dié verbonde aan *God as Vader* en die daarmee gepaardgaande persoonlike kommunikasie, kan gerusstelling bewerkstellig.

7.2.2.2 Depressie

Die depressiewe persoon wie se gedagtes rondom verlies, skuld, selfmoord en dood sentreer, het behoefte aan iemand teenoor wie hy sy hart kan uitpraat, met wie hy sy bekommernisse kan deel. Hy benodig dus 'n God met Wie intieme kommunikasie moontlik is. God moet as naby ervaar

word. Metafore vir God wat aan hierdie vereistes voldoen, is vir die ouer persoon *God as Vader*. By die jonger persone kan herstrukturering na metafore soos *God as Moeder* en *God as Vriend* gedoen word. Die depressiewe persoon wat met skuld en sonde (dikwels die waan dat hy 'n onvergeeflike sonde begaan het) worstel, kan gerustelling vind in Godskonsepte verbonde aan die metafoor *God as Verlosser*. Volgens Louw (1982:26) moet die pastor in 'n situasie van lyding die lydende van God se ontferminge bewus maak. König (1975:161) skryf dat die mens se troos in sy geloof in God se toekoms lê. Heyns (1988:392) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die sterk toekomspektief van die eskatologie hoop in die hart van die gelowige stimuleer. In hierdie verband kan 'n positiewe horison van sin deur God se beloftes wat op die heil gerig is, by die depressiewe persoon tuisgebring word in die vorm van Godskonsepte verbonde aan die metafoor *God as Verlosser*.

7.2.2.3 Swak selfbeeld

Die persoon in die vroeë-volwasse lewenstadium wat onder 'n gebrekkige selfbeeld gebuk gaan, kan baat vind indien sy Godskonsepte herstruktureer word in ooreenstemming met Godskonsepte aan die Vriendmetafoor verbonde. Daardeur leer hy dat God vryheid van doen en late binne perke toelaat en die mens aanvaar soos hy is; dat hy voor *God as Vriend* ontspanne kan wees.

7.2.2.4 Verslawing

Die verslaafde persoon moet tot 'n besef van die verkeerdheid van sy dade kom. Godskonsepte verbonde aan die metafoor *God as Regter* behoort dit by hom tuis te bring dat sy dade nie reg is nie en dat hy daarvoor verantwoordelik is. Omdat hy in sy stryd teen die versoeking maklik moedeloos raak, kan die verslaafde bemoeding put indien sy Godskonsepte herstruktureer word na metafore soos *God as Vader* en *God as Moeder* waardeur hy tot die besef kom dat God hom krag gee in sy stryd, na hom luister en altyd beskikbaar is. Omdat die verslaafde dikwels terugval, het hy ook Godskonsepte soos vertroosting en bemoediging, wat deur die Troostermetafoor gestimuleer word, nodig.

7.2.2.5 Huweliksprobleme

Verkeerde dade van die gespreksgenoot teenoor sy huweliksmaat kan by hom tuisbring word deur die herstrukturering van Godskonsepte wat deur die Regtermetafoor gestimuleer word. Wanneer die gespreksgenoot ly as gevolg van onregmatige dade deur byvoorbeeld sy huweliksmaat gepleeg, kan Godskonsepte afkomstig van die metafoor *God as Trooster* hom tot berusting bring. Aangesien die veronregte in die huwelik behoefte het aan iemand teenoor wie hy sy hart kan uitpraat, kan dit help indien hy kennis neem van die gereelde beskikbaarheid van kommunikasie met God deur die Vader-, Moeder- en Vriendmetafoor. Die Vadermetafoor is waarskynlik vir ouer persone meer toepaslik (sien Afdeling 7.1.3) en die Moeder- en Vriendmetafoor vir jonger gespreksgenote (sien Afdeling 7.1.1).

7.2.2.6 Antisosiale gedrag

Dit is 'n bekende feit dat terapie in die geval van die persoon wat aan antisosiale gedrag ly, dikwels nie suksesvol is nie. Simpatie werp meestal nie vrugte af nie. Omdat hy dikwels nie uit ervaring leer nie, word die mening deur die navorser gehuldig dat herstrukturering van Godskonsepte na dié verbonde aan die Regtermetafoor, waardeur dit by hom tuisbring word dat hy verantwoording vir sy dade moet doen, moontlik met vrug aangewend kan word.

7.2.2.7 Behoefte aan katarsis

Hoewel die neiging om *God as 'n Geweldige Krag* te beskou by alle stadia van die volwasse lewensiklus kan voorkom, kom dit veral by persone van die vroeë-volwasse lewenstadium voor. Aangesien die jongmens opstandigheid en protes te kenne wil gee deur die uitpraat van sy hart, kan hy met die *Geweldige Krag*-metafoor gefrustreerd raak as 'n God met Wie hy nie kan kommunikeer nie. Herstrukturering van sy Godskonsepte na 'n God met Wie hy gemaklik kan omgaan en wat na hom luister, is nodig. Metafore soos *God as Vriend* en *God as Moeder* behoort toepaslik te wees (sien Afdeling 7.1.1). By die laat-volwassene wat behoefte het om sy

bekommernisse met God te deel, sal herstrukturering van Godskonsepte verbonde aan die Vadermetafoor waarskynlik toepaslik wees (sien Afdeling 7.1.3).

7.2.2.8 Hooputopie

Valse verwagtinge dat dit in die toekoms beter sal gaan, berus op Godskonsepte wat met die Kersvader- en Towenaarmetafoor geassosieer word. Korrigering van valse verwagtinge kan plaasvind deur die gespreksgenoot te lei om die realiteit van die situasie en verantwoordelikheid te aanvaar. Hiervoor kan die ontoepaslike Godskonsepte herstruktureer word na toepaslike Godskonsepte wat die individu bewus maak dat God beskerming bied, voortdurend beskikbaar is, troos in bedroewende omstandighede, uitkoms bied en hoop vir die toekoms en 'n ewige lewe inhou. Dit kan bewerkstellig word deur die individu te lei tot die aanvaarding van metafore soos *God as Vader*, *God as Regter*, *God as Moeder*, *God as Trooster* en *God as Verlosser*. By die keuse van die regte metafore vir terapeutiese herstrukturering sal natuurlik in aanmerking geneem moet word watter metafore vir die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium meer aanvaarbaar is (sien Afdeling 7.1).

7.2.2.9 Onbevredigende geloofslewe

'n Onbevredigende geloofslewe kan op vele wyses manifesteer. Hier word slegs na enkele voorbeelde verwys. Wanneer die persoon teen lyding in opstand kom omdat hy God as 'n sadis konseptualiseer, kan sy Godskonsepte herstruktureer word na dié wat deur die Vader-, Moeder-, Vriend- en Troostermetafoor simpatie, deernis, gerusstelling, sekuriteit en vertroosting bied. Soms twyfel die gespreksgenoot aan sondevergifnis, sy geloof en verlossing. Dit kan die gevolg wees van geloof in 'n metafoor vir God soos byvoorbeeld *God as 'n Geweldige Krag* wat nie persoonlike belangstelling uitdruk nie. Herstrukturering van Godskonsepte waardeur God se bemoeienis met die mens vir tyd en ewigheid gewaarborg word, is hier nodig. 'n Metafoor soos *God as Verlosser* mag die oplossing bied.

7.2.3 Probleme by die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte

Op sterkte van die konstrueteoretiese benadering met betrekking tot konstruktiewe alternatiewe (Kelly 1970:1) is dit duidelik dat alle persone nie eenderse Godskonsepte huldig nie. Dit verklaar in eerste instansie die feit dat individue in die verskillende lewenstadia verskillende Godskonsepte nahou. Dit verklaar ook waarom individue in dieselfde lewenstadium met betrekking tot hulle Godskonsepte verskil. Soos elke individu se konstruksisteem uniek is, is ook sy Godskonsepte uniek. Hierdie unieke konstruksisteem en by implikasie sy unieke Godskonsepte, het hom tot dusver deur die lewe gedra. As gevolg daarvan mag daar dus by die gespreksgenoot 'n onwilligheid, of selfs onvermoë, bestaan om sy Godskonsepte na die wens van die terapeut te herstruktureer. In hierdie verband word verwys na die respondent wat *God as Vader* in die onderhawige empiriese ondersoek as sadisties konseptualiseer (Afdeling 7.1.1). In omstandighede soos hierdie sal dit raadsaam wees om die gespreksgenoot se Godskonsepte op 'n ander min of meer soortgelyke metafoor wat in die konteks van sy lewenstadium en persoonlike konstruksisteem aanvaarbaar is, te fokus. Vir die betrokke respondent waarna hierbo verwys word, voldoen die metafoor *God as Moeder* blykbaar aan sy persoonlike behoeftes.

7.2.4 Inkongruensie tussen Godskonsepte en lewenstadium

Omdat elke persoon se konstruksisteem uniek is, bestaan die moontlikheid van inkongruensie tussen die gespreksgenoot se Godskonsepte en sy betrokke lewenstadium. So 'n situasie word nie as ongesond of patologies beskou nie, mits dit aan die kriteria vir toepaslike Godskonsepte voldoen. Alle persone reageer immers nie op die gemiddelde vlak betreffende persoonlike ontwikkeling en Godskonsepte nie.

7.2.5 Pastor se rol in die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte

Van wesenlike belang is die paradigma waaruit die pastorale terapeut sy terapie bedryf. Dill (1996:170) opereer byvoorbeeld uit 'n gekwalifiseerde postmoderne paradigma en beskryf die rol

van die pastor nie as die "oplosser" van probleme nie, maar eerder as dié van medeskepper van betekenis van hoe "reg gedoen" word. Daarmee impliseer hy dat hy sy gespreksgenoot tot herstrukturering van Godskonsepte wil lei sonder om voorskriftelik op te tree. Dit kan ernstige implikasies vir etiese norme by die herstrukturering van Godskonsepte inhou. Indien die pastor nie eties-rigtinggewend optree nie, maar bloot die gespreksgenoot toelaat om die gerieflikste uitweg uit sy probleme te kies sonder om Skrifnorme in aanmerking te neem, bestaan die gevaar dat daar vasgeklou word aan 'n ongesonde Godskonsep. Die gespreksgenoot mag God dan byvoorbeeld as 'n kersvader konseptualiseer - 'n God wat net in nood gebruik word om 'n oplossing vir sy probleme te bied. Van Godskonsepte wat 'n God van orde en eerlikheid voorhou soos wat met die Regtermetafoor geassosieer word, kom in so 'n geval niks tereg nie.

Hierteenoor kan verwag word dat 'n terapeut wat byvoorbeeld uit 'n noutetiese pastorale model opereer, outoritatief en direktief sal optree (sien Adams 1973:55). Dit mag ook probleme skep. 'n Pastor wat sonder inagneming van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium of unieke konstruksisteem byvoorbeeld op 'n jong persoon wat 'n negatiewe konnotasie aan die vaderfiguur heg, Godskonsepte verbonde aan die Vadermetafoor outoritatief afdwing, sal nie die verwagte resultate kry nie, maar eerder die gespreksgenoot vervreem. In so 'n geval mag met vrag gebruik gemaak word van Godskonsepte verbonde aan 'n ander toepaslike metafoor (sien in hierdie verband Afdeling 7.2.2).

Daarby kom nog die feit dat die terapeut se antropologiese beskouings 'n invloed sal hê op sy doelwit met die herstrukturering van die gespreksgenoot se Godskonsepte. Daar kan derhalwe aansienlike verskille by pastorale terapeute se benaderings verwag word.

Die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte gedurende pastorale terapie is geen eenvoudige taak nie. Vir die navorser wat in die onderhawige navorsingstudie vanuit 'n diakoniologiese vertrekpunt opereer en 'n eties-normatiewe komponent in sy psigopastorale antropologie insluit, kan die herstrukturering van Godskonsepte nie bloot op die ontwikkeling van menslike potensiaal en 'n gerieflike uitweg uit probleme berus nie. Daar word aangesluit by Noyce (1989:20) wat die mening uitspreek dat mense wel morele leiding verwag. In hierdie geval raak Skrifgebruik in die herstrukturering van Godskonsepte (Afdeling 7.2.7) baie relevant.

7.2.6 Geloofsvolwassenheid en die herstrukturering van Godskonsepte

Geloofsvolwassenheid moet nie as 'n statiese toestand beskou word nie, maar as 'n proses wat op 'n kontinuum voorgestel kan word. Dit begin met die aanvang van die nuwe, die pneumatiese mens aan die een kant en strek voort na sy optimale toestand van geloofsvolwassenheid aan die ander kant. Tussen hierdie twee pole lê die moeisame pad wat as die heiliging beskryf word. Op hierdie kontinuum kry ook die individue se Godskonsepte hulle relatiewe posisies. Dit bring mee dat daar in die proses van geloofsgroei na die herstrukturering van Godskonsepte gekyk kan word in terme van *kort-* en *langtermyn doelwitte*.

- *Korttermyn doelwitte*. Die herstrukturering van Godskonsepte wat as korttermyn doelwitte geklassifiseer kan word, hou verband met duidelik waarneembare ontoepaslike of patologiese Godskonsepte. In hierdie verband word gedink aan Godskonsepte wat onder meer ontspring uit metafore soos *God as Sadis*, *Kersvader* en *Towenaar*.
- *Langtermyn doelwitte*. Langtermyn doelwitte hou verband met die lewenslange proses van heiliging (sien Heyns 1988:319-324) op die pad van geloofsgroei na optimale geloofsvolwassenheid. Etiese norme kry hier hulle plek. Die metafoor *God as Vader* wat outoritêr optree en straf gebruik om 'n koersaanpassing te bewerkstellig na 'n lewe in ooreenstemming met dit wat die pneumatiese mens as beeld van God moet vertoon, kry hier betekenis. Die Regtermetafoor met sy Godskonsepte van regverdigheid en beoordeling stimuleer eties aanvaarbare gedrag. As langtermyn doelwitte vra dit vir die ontwikkeling van Godskonsepte wat in dankbaarheid en lofprijsing manifesteer. Met die empiriese ondersoek het geblyk dat doksologie by persone van die vroeë- en middelvolwasse lewenstadia geheel en al afwesig is terwyl dit by individue van die laat-volwasse lewenstadium uiters lae prioriteit geniet. 'n Belangrike langtermyn doelwit met betrekking tot die herstrukturering van Godskonsepte kan dus hier geïmplementeer word, naamlik dat individue nie net met hulle behoeftes tot God sal kom nie, maar ook hulle dankbaarheid en lof aan God bring vir Sy goedheid.

7.2.7 Skrifgebruik by die herstrukturering van Godskonsepte

Die navorser opereer vanuit 'n diakoniologiese epistemologie. Die oortuiging word dus gehuldig dat alle terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte Bybelsgefundeerd moet wees. Dit bring mee dat twee aspekte van die Godheid besondere aandag geniet. Dit is *Sy metafisies-ontologiese eienskappe* waardeur Sy grootheid en alles wat daarmee saamhang, beklemtoon word en *Sy menslikheidseienskappe* waardeur Sy alledaagse beskikbaarheid en bystand oorgedra word. Enige herstrukturering van Godskonsepte wat nie in aansluiting by hierdie Godseienskappe geskied nie, word nie as Skrifgefundeerd beskou nie. Dit het noodwendig die afwysing van sekere metafore vir God tot gevolg. So sal die metafoor *God as net 'n Geweldige Krag* byvoorbeeld met agterdog bejeën word omdat dit die mensliksheidseienskappe van God misken.

By die herstrukturering van Godskonsepte moet etiese norme gegrond op die Heilige Skrif voortdurend in berekening gebring word. Altyd moet uitgegaan word van die beginsel: "So sê die Here." Enige herstrukturering na Godskonsepte wat nie die etiese norme wat in die Heilige Skrif voorgehou word impliseer nie, word afgewys.

7.3 AANVULLENDE MODEL VIR PASTORALE GESPREKVOERING

Met verwysing na modelle deur Taylor (1991), Egan (1994) en Louw (1997) voorgestel, is 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering in Afdeling 4.2.4.2 gepostuleer en in Figuur 4.2 gedemonstreer. Die aanvulling lê klem op die geloofstatus van die gespreksgenoot en sy begeleiding na geloofsvolwassenheid. Inligting wat in die empiriese ondersoek na die rol van Godskonsepte aan die lig gekom het, dui egter op sekere leemtes in daardie model. Ten einde die leemtes aan te spreek, word 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering voorgestel.

Soos die titel van hierdie afdeling aandui, word daar nie 'n nuwe model vir pastorale gesprekvoering voorgestel nie. Die model wat reeds in Figuur 4.2 gedemonstreer en in Afdeling 4.2.4.2 verder toegelig is, word slegs aangevul. Die aanvulling vind hoofsaaklik plaas uit die perspektiewe van Godskonsepte by gespreksgenote in verskillende lewenstadia, die individu se

unieke konstruksisteem en die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte. Die finale aanvullende model wat dus saam met die bestaande model soos in Figuur 4.2 uiteengesit, gelees moet word, word in Figuur 7.1 oorsigtelik aangebied.

Hoewel Godskonsepte in al die stappe van die model vir die pastoraal-terapeutiese hantering van probleem-situasies ter sprake kan kom, is daar sekere stappe waarin die aanwending en herstrukturering van Godskonsepte besonder toepaslik is. Met die oog op meer helderheid word 'n verduideliking van die model aan die hand van 'n fiktiewe gevallestudie gedoen. Die fiktiewe gevallestudie gaan oor 'n vier-en-twintigjarige getroude man. Hy nader sy pastor omdat hy uiters depressief is as gevolg van huweliksprobleme wat in onverdraagsaamheid en neerhalende aanmerkings deur sy eggenote manifesteer.

Die model in Figuur 7.1, saamgelees met Figuur 4.2, word deur middel van die fiktiewe gevallestudie verduidelik.


- *Stadium 1.* Die onaanvaarbare probleem waarmee die gespreksgenoot na die pastorale terapeut kom, word in vier stappe geïdentifiseer.

Stap 1. Die feite rondom die probleem word bespreek. Aandag word aan onbenutte geleenthede geskenk.

Stap 2. Struikelblokke wat hantering van die probleem belemmer, word geïdentifiseer en bespreek. Sommige van die struikelblokke kan 'n belemmerende verwysingsraamwerk as gevolg van ontoepaslike of patologiese Godskonsepte wees. Die fiktiewe gespreksgenoot huldig 'n Godskonsep verbonde aan die metafoor *God as 'n Geweldige Krag*. Hy wil sy hart uitpraat en bid oor sy huweliksprobleme, maar indien God net 'n Geweldige Krag is wat die wêreld bestuur en nie in die enkeling belangstel nie, het hy nie met God die nodige kommunikasie nie.

Stap 3. Bepaal prioriteite vir die hantering van die probleem-situasie.

Stap 4. Die geloofsvolwassenheid van die gespreksgenoot kom ter sprake. Die plek wat godsdiens en in besonder Godskonsepte by die probleem inneem, word geëvalueer.



FIGUUR 7.1: Aanvullende model vir pastorale gesprekvoering.

Hier word aandag geskenk aan Godskonsepte van patologiese aard en in hoe 'n mate dit saamhang met Godskonsepte wat heersend is in die besondere lewenstadium van die gespreksgenoot. Die fiktiewe gespreksgenoot benodig 'n God wat vir hom omgee en na hom luister. Weens die feit dat hy in die vroeë-volwasse lewenstadium verkeer, kies die pastorale terapeut nie Godskonsepte verbonde aan die Vadermetafoor nie, maar aan die Vriendmetafoor.

- *Stadium 2.* Die gespreksgenoot visualiseer 'n scenario van die situasie indien die probleem suksesvol hanteer is.

Stap 1. Bepaal moontlikhede vir die oplos van die probleem.

Stap 2. Kies die mees realistiese moontlikhede vir die oplos van die probleem. Omskep die gekose moontlikhede in doelwitte.

Stap 3. Aangesien die nastreef van doelwitte 'n moeisame taak is en die gespreksgenoot maklik in moedeloosheid kan verval, word aansporingsmiddels geïdentifiseer.

Stap 4. Die gespreksgenoot bepaal, in samewerking met die terapeut, sy geloofsideaal. Sy graad van geloofsvolwassenheid ná die suksesvolle hantering van die probleemsituasie, word gevisualiseer. Daar word veral aandag geskenk aan die herstrukturering van ontoepaslike na toepaslike Godskonsepte. Dit word gevisualiseer dat die gespreksgenoot sy *Geweldige Krag*-metafoor met 'n Vriendmetafoor sal vervang. In hierdie stadium is dit belangrik dat die terapeut daarteen waak dat hy nie onoordeelkundig sy gespreksgenoot se Godskonsepte uit die perspektief van sy eie lewenstadium en persoonlike konstruksisteem interpreteer nie, maar uit die lewenstadium en konstruksisteem van sy gespreksgenoot. Die terapeut wat miskien in die laat-volwasse lewenstadium is, moet daarteen waak om nie sy waarskynlike keuse van die Vadermetafoor op die jong gespreksgenoot af te dwing nie.

- *Stadium 3.* Ontwikkel aksieplanne wat daartoe behoort te lei dat die gestelde doelwitte bereik kan word.

Stap 1. Deur middel van 'n ideëberaad word soveel strategieë as moontlik bepaal vir die bereiking van die gestelde doelwitte. Die ideëberaad sluit ook strategieë in vir die bereiking van die gevisualiseerde graad van geloofsvolwassenheid na suksesvolle probleemhantering. Uit die aard van die saak sal Godskonsepte in die verskillende lewensstadia hier ter sprake kom.

Stap 2. Uit die totale aantal strategieë wat met die ideëberaad ontwikkel is, word die geskikstes vir die bereiking van die gestelde doelwitte gekies. Dit sluit geskikte strategieë vir die bereiking van die gevisualiseerde graad van geloofsvolwassenheid in. Saam hiermee gaan dat strategieë gekies word om ontoepaslike Godskonsepte te herstruktureer, byvoorbeeld Bybelstudie. Die evaluering van toepaslike en ontoepaslike Godskonsepte geskied steeds teen die agtergrond van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium.

Stap 3. Aksieplanne vir die realisering van die gekose strategieë word geformuleer. Dit sluit noodwendig aksieplanne vir die herstrukturering van Godskonsepte volgens die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium in, byvoorbeeld Bybelstudie en kerkbywoning saam met sy eggenote.

Stap 4. Doelgerigte aksieplanne vir die realisering van die gevisualiseerde geloofsideaal word ontwikkel. Sodanige aksieplanne gaan onder meer om die herstrukturering van ontoepaslike of patologiese Godskonsepte. Hierdie aksieplanne word met gesonde Godskonsepte wat kenmerkend is van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium, gekorreleer. Dit kan gedoen word deur die jong gespreksgenoot by jeugbyeenkomste in te skakel waar hy die getuienis van ander jongmense beleef.

- *Stadium 4.* Nadat die probleemsituasie suksesvol hanteer is en aktiewe pastorale terapie tot 'n einde gekom het, vind nasorg plaas.

Stap 1. Die pastor of terapeut doen gereelde opvolgbesoeke. Met die besoeke kom die gespreksgenoot se geloofsvolwassenheid en gevolglik sy Godskonsepte ter sprake. Die bespreking van sy Godskonsepte geskied teen die agtergrond van sy bepaalde lewenstadium en Godskonsepte eie aan daardie lewenstadium.

Stap 2. Die terapeut nooi die gespreksgenoot om kwellinge, insluitend rondom sy Godskonsepte, te bespreek. Hier kan die kwessie van lyding en konsepte verbonde aan die metafoer *God as Sadies* moontlik ter sprake kom.

Stap 3. Gedurende huisbesoek evalueer die pastor sy gespreksgenoot se graad van geloofsvolwassenheid onder meer aan die hand van die aard van sy Godskonsepte in die lig van sy bepaalde lewenstadium.

Stap 4. Die gespreksgenoot word by gemeentelike groepwerk ingeskakel. In die proses is dit onvermydelik dat die Godskonsepte van die individu 'n belangrike posisie sal beklee. Kennis van die uiteenlopende aard van Godskonsepte by persone van verskillende lewenstadia mag fasiliterend inwerk gedurende groepbesprekings.

Met die voorafgaande uiteensetting van die deurwerking van Godskonsepte in pastorale gesprekvoering word geensins op volledigheid aanspraak gemaak nie. Dit dien slegs as beknopte riglyne om die implementering van Godskonsepte, met inagneming van die gespreksgenoot se bepaalde volwasse lewenstadium en unieke konstruksisteem, aan te dui.

7.4 SAMEVATTENDE REFLEKSIE

Die resultate wat deur die navorsing met betrekking tot Godskonsepte verkry is, word uit drie perspektiewe bespreek, naamlik Godskonsepte in die *volwasse lewensiklus*, die pastoraal-terapeutiese *herstrukturering* van Godskonsepte en die postulering van 'n *aanvullende model* vir pastorale gesprekvoering.

Empiriese data rakende Godskonsepte in die volwasse lewensiklus word uit die perspektiewe van die vroeë-, middel- en laat-volwasse lewenstadia geëvalueer. Die verskille tussen die drie ouderdomsgroepe se Godskonsepte hou verband met 'n paradigmaverskuiwing waarin die metafisies-ontologiese eienskappe en die menslikheidseienskappe van God betrek word, asook die aanvaarbaarheid en gebruik van metafore vir God, begeerte tot kommunikasie, erkenning van identiteit, versorging, gerusstelling en vertroosting.

Die pastoraal-terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte word vanuit verskeie aspekte toegelig. In dié verband word aandag geskenk aan die rol van Godskonsepte by kliënteprobleme; die gebruik van toepaslike Godskonsepte in die herstruktureringsproses; probleme by die herstruktureringsproses; inkongruensie tussen Godskonsepte en die gespreksgenoot se lewenstadium; die pastor se rol; geloofsvolwassenheid; en Skrifgebruik by die herstruktureringsproses.

Ten einde sekere leemtes in bestaande pastorale gespreksmodelle aan te spreek, word 'n aanvullende model gepostuleer. In die aanvullende model word klem gelê op die gespreksgenoot se geloofstatus en begeleiding na geloofsvolwassenheid. Die aanvulling van leemtes in bestaande gespreksmodelle hou hoofsaaklik verband met die invloed van Godskonsepte op pastorale terapie in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus, die terapeutiese aanwending van metafore vir God en die herstrukturering van Godskonsepte. Die model word visueel deur middel van 'n vloeddiagram voorgestel en riglyne vir die praktiese implementering daarvan, word aangebied.

HOOFSTUK 8

GEVOLGTREKKING EN SLOTOPMERKING

Die doel met hierdie navorsingstudie is om die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie met spesiale verwysing na 'n konstrukteoretiese benadering te ondersoek, met die oog op effektiewe kommunikasie van die heil. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, was dit nodig om 'n metode van ondersoek vir die akkurate identifisering van Godskonsepte te vind. Dié metode moes so min as moontlik vir waarnemervooroordeel gevoelig wees. In die proses is vyftig respondente vir 'n empiriese ondersoek geselekteer. Die gegewens wat uit die literatuur en met behulp van die empiriese ondersoek bekom is, word vervolgens as gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

8.1 GEVOLGTREKKINGS

Vir die sinvolle dissiplinerings van die navorsing, is 'n oorkoepelende hipotese gestel. Met die oog op praktiese hantering van die oorkoepelende hipotese word dit in 'n aantal subhipoteses opgebreek. Hierdie subhipoteses word vir die doel van evaluering in die volgende groepe verdeel: *identifisering* van Godskonsepte, Godskonsepte tydens *verskillende lewenstadia* en postulerings van 'n *aanvullende model* vir pastorale gesprekvoering.

8.1.1 Identifisering van Godskonsepte

In 'n poging om 'n doeltreffende metode vir die identifisering van Godskonsepte te ontwikkel, is die volgende subhipotese in Afdeling 1.2.2 gestel:

Subhipotese 1: Die vermoede bestaan dat 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek in so 'n mate geskik is vir die identifisering van Godskonsepte dat dit moontlike

verskille in Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid by persone in die verskillende volwasse lewenstadia kan aantoon.

Om die bogenoemde subhipotese met die oog op evaluering te ondersoek, is die volgende subdoelwit in Afdeling 1.3.2 gestel:

Subdoelwit 1: Die eerste subdoelwit is die ontwikkeling van 'n ondersoekmetode wat individue se Godskonsepte sodanig relatief vry van waarnemervooroordeel kan identifiseer dat dit moontlike verskille by individue se Godskonsepte in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus kan aantoon.

Daar is reeds op die pastorale terapeut se dilemma met betrekking tot die indentifisering van Godskonsepte gewys. Objektiviteit word deur verskeie faktore bedreig. Met hierdie navorsingstudie is 'n poging aangewend om 'n data-insamelingsmetode te gebruik wat nie die respondente verlei om binne die verwysingsraamwerk van die navorser te reageer nie. Daar is dus beoog om waarnemervooroordeel tot 'n minimum te beperk. Vir dié doel is die repertoierrooster-tegniek aangepas.

Met die implementering van die repertoierrooster-tegniek is bevind dat die respondente positief reageer. Die tegniek laat die gesprek vlot verloop. Die onderhoud is nie te wyd nie omdat daar struktuur in die proses is, maar die respondente gee self inhoud daaraan. Hulle word net deur die tegniek by 'n bepaalde prosedure en onderwerp gehou. Die normale duur van 'n gesprek is veertig tot sestig minute.

Van die kant van die navorser gesien, hou hierdie besondere data-insamelingsmetode onder meer die volgende voordele in:

- Minder druk word op die onderhoudvoerder geplaas om die gesprek aan die gang te hou as wat dit met sommige ander gestruktureerde onderhoude die geval is.
- Relatief min druk word op die onderhoudvoerder geplaas betreffende dokumentasie van die onderhoud.

- Nie alleenlik is die dokumentasie eenvoudig nie, maar ook van so 'n gestruktureerde aard dat navorsers of terapeute mekaar se dokumente kan interpreteer.
- Daar word nie 'n deskundige in die betrokke vakgebied benodig om die repertoierrooster af te neem nie.

Die metode waarvolgens die konstruke deur die respondente onthul word, verseker dat die navorser se subjektiewe bydrae in die vorm van waarnemervooroordeel tot die absolute minimum beperk word. Geen leidende vrae word aan die respondente gestel nie. Die onderhoudvoerder skryf alleenlik die konstruke, dit wil sê die respondente se konsepte wat hulle oor God onthul, sonder kommentaar of evaluering neer. Die aangepaste repertoierrooster in die empiriese ondersoek onthul besonder goedomlynde Godskonsepte. Dit beskryf respondente se Godskonsepte uit sowel 'n metafisies-ontologiese as uit 'n metaforiese benadering met besondere noukeurigheid.

In Afdeling 1.1 word daarna verwys dat moontlike verskille in gespreksgenote se Godskonsepte en godsdienstige oriëntasie as gevolg van die betrokke lewenstadium waarin hulle verkeer, blykbaar nie genoegsaam in bestaande pastorale gespreksmodelle verreken word nie. Die aangepaste repertoierrooster-tegniek, soos dit in die onderhawige navorsingstudie gebruik word, identifiseer wel insiggewende data met betrekking tot individue in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus. Die tegniek identifiseer nie alleenlik die belangrike paradigmatverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte by groepe individue in die verskillende volwasse lewenstadia nie; binne die metaforiese verstaan van God onderskei die tegniek ook tussen groepe persone se konseptualisering oor metafore vir God en die konnotasie wat respondente aan die verskillende metafore heg (sien Tabel 7.1).

Uit die voorafgaande bespreking word tot die gevolgtrekking gekom dat Subdoelwit 1 met die navorsing bereik is. Subhipotese 1 word dus aanvaar. Die onderhawige navorsingstudie lewer gevolglik bewys dat die repertoierrooster-tegniek in sy aangepaste vorm nie alleenlik geskik is om persone se Godskonsepte relatief akkuraat en onbevooroordeeld te identifiseer nie, maar dat dit ook tussen respondentegroepe se konseptualisering van God kan onderskei.

8.1.2 Godskonsepte tydens verskillende lewenstadia

In Afdeling 1.1 word na moontlike verskille in mense se Godskonsepte en godsdienslike oriëntasie as gevolg van die betrokke lewenstadium waarin hulle verkeer, verwys. Navorsers soos Allport (1963:303) en Gerdes en ander (1981:310-311) verwys na tendense in daardie rigting. Met die oog daarop om meer helderheid met betrekking tot hierdie aspek te verkry, is die volgende subhipotese in Afdeling 1.2.2 gestel:

Subhipotese 2: Die vermoede bestaan dat daar verskille in Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid by persone in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus voorkom.

Ten einde die bogemelde subhipotese te evalueer, is die volgende subdoelwit in Afdeling 1.3.2 gestel:

Subdoelwit 2: Die tweede subdoelwit is om met gebruikmaking van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek aan te toon dat individue in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus verskil met betrekking tot hulle Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid.

Die resultate van die empiriese ondersoek en die interpretasie daarvan word in Afdeling 6.2 gerapporteer. Dit bring insiggewende verskille tussen die respondentegroepe behorende tot die drie volwasse lewenstadia met betrekking tot hulle Godskonsepte aan die lig. Tabel 7.1 bied 'n vergelykende evaluering van Godskonsepte tussen die groepe van die volwasse lewenstadia. Die verskille word in Afdeling 7.1 verder toegelig. Daaruit blyk dat daar veral betekenisvolle verskille bestaan tussen respondente van die vroeë- en die laat-volwasse lewenstadia met betrekking tot hulle Godskonsepte. Persone van die middel-volwasse lewenstadium neem 'n min of meer middelposisie in. Voorbeelde van die verskille wat met die repertoierrooster-tegniek geïdentifiseer is, is die volgende:

- *Paradigmaverskuiwing met betrekking tot Godskonsepte.* Die paradigmaverskuiwing van

'n metafisies-ontologiese spreke oor God na 'n metaforiese verstaan van God is by persone van die laat-volwasse lewenstadium groot. By individue van die ander twee lewenstadia is dit van aansienlik geringer aard.

- *Metafisies-ontologiese eienskappe van God.* By persone van die vroeë-volwasse lewenstadium beklee die metafisies-ontologiese eienskappe van God 'n besonder hoë prioriteitsposisie teenoor individue van die laat-volwasse lewenstadium.
- *Metaforiese spreke oor God.* Metaforiese spreke oor God in die vorm van menslikheidseienskappe, neem by persone van die laat-volwasse lewenstadium 'n betekenisvol hoër prioriteitsposisie in as by individue van sowel die vroeë- as die middel-volwasse lewenstadia.
- *Beoordeling van metafore vir God.* Persone in die laat-volwasse lewenstadium is besonder krities oor watter metafore vir God hulle as aanvaarbaar beskou. Individue van die vroeë-volwasse lewenstadium is bereid om 'n relatief wye verskeidenheid metafore vir die beskrywing van hulle Godskonsepte te aanvaar. Weer eens neem persone van die middel-volwasse lewenstadium 'n min of meer middelposisie in.
- *Gerusstelling en vertroosting.* Godskonsepte wat verband hou met gerusstelling en vertroosting neem by persone van die laat-volwasse lewenstadium 'n beduidend hoër prioriteitsposisie in as by individue van die twee vroeër lewenstadia.

In die lig van die voorafgaande verskille wat met die implementering van die aangepaste repertoierrooster-tegniek gevind is, word tot die gevolgtrekking gekom dat Subdoelwit 2 bereik is. Subhipotese 2 word dus aanvaar. Daar bestaan wel identifiseerbare verskille in Godskonsepte en daarmee gepaardgaande geloofsvolwassenheid by persone tydens verskillende stadia van die volwasse lewensiklus.

8.1.3 Aanvullende model vir pastorale gesprekvoering

Met die probleemstelling in Afdeling 1.1 is na moontlike leemtes in pastorale gespreksmodelle verwys. Moontlike verskille in mense se Godskonsepte as gevolg van die betrokke lewenstadium waarin hulle verkeer, is aangedui. Daar is ook gemeld dat sommige implikasies van die

persoonlikekonstruk-teorie moontlik nie genoegsaam verreken word nie. Met die oog daarop om genoemde aspekte aan te spreek, is die volgende subhipotese in Afdeling 1.2.2 gestel:

Subhipotese 3: Die vermoede bestaan dat 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering waarin die identifisering en betekenis van Godskonsepte in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus, asook implikasies van die persoonlikekonstruk-teorie geïntegreer word, vir die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei gepostuleer kan word.

Om bogenoemde subhipotese met die oog op evaluering te ondersoek, is die volgende subdoelwit in Afdeling 1.3.2 gestel:

Subdoelwit 3: Die derde subdoelwit behels die daarstelling van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering waarin die identifisering en implikasies van individue se Godskonsepte in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus, asook die betekenis van die persoonlikekonstruk-teorie, by die hantering van eksistensiële nood en geloofsgroei verreken word.

Daar word in Afdeling 4.2.4.2 verwys na sake wat, volgens die mening van die navorser, nie genoegsaam verreken word in bestaande modelle vir pastorale gesprekvoering nie. In dié verband word na modelle van Taylor (1991), Egan (1994) en Louw (1997) verwys. Dit het tot die postulering van 'n model, soos in Figuur 4.2 gedemonstreer, gelei. Daarin word besondere aandag aan die rol van godsdiens en geloofsgroei met die oog op geloofsvolwassenheid, geskenk. Nuwe insigte wat met die empiriese ondersoek, soos in Afdeling 6.2 gerapporteer, aan die lig kom, lei tot die postulering van 'n tweede aanvullende model. In laasgenoemde model word die identifisering van Godskonsepte, verskille in Godskonsepte by persone in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus en implikasies van die persoonlikekonstruk-teorie verreken. Die model word in Figuur 7.1 diagrammaties voorgestel en in Afdeling 7.3 verder verduidelik.

Hoewel Godskonsepte in al die stappe van die model vir die pastoraal-terapeutiese hantering van problemsituasies ter sprake kan kom, is daar sekere stappe waarin die aanwending van

Godskonsepte besonder relevant is. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- *Stadium 1.* Struikelblokke in die weg van probleemhantering kan verband hou met 'n belemmerende verwysingsraamwerk as gevolg van ontoepaslike Godskonsepte. Geloofsvolwassenheid wat in hierdie stadium ter sprake kom, kan verband hou met Godskonsepte wat algemeen voorkom by individue van die betrokke lewenstadium.
- *Stadium 2.* Met visualisering van 'n scenario ná suksesvolle probleemhantering, word 'n geloofsideaal vir die gespreksgenoot bepaal. Daar word onder meer aandag geskenk aan die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte, veral uit die perspektief van die lewenstadium waarin die gespreksgenoot hom bevind.
- *Stadium 3.* In hierdie stadium waarin aksieplanne vir die bereiking van gestelde doelwitte en 'n gevisualiseerde graad van geloofsvolwassenheid bepaal word, word ontoepaslike Godskonsepte hanteer. Dit word weer eens teen die agtergrond van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium, en Godskonsepte heersend in daardie periode, gedoen.
- *Stadium 4.* Met nasorg ná die suksesvolle hantering van die probleemsituasie, is die hantering van Godskonsepte uit die perspektief van die gespreksgenoot se bepaalde lewenstadium in al die stappe relevant.

Uit die voorafgaande bespreking word tot die gevolgtrekking gekom dat Subdoelwit 3 bereik is met die daarstelling van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering wat na die mening van die navorser prakties toepaslik is. Subhipotese 3 word dus aanvaar. Dit is moontlik om 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering te postuleer waarin die identifisering van Godskonsepte, die betekenis van lewenstadia met betrekking tot Godskonsepte en implikasies van die persoonlikekonstruk-teorie geïntegreer word. So 'n model kan bydra tot die hantering van eksistensiële nood sowel as tot geloofsgroei.

8.1.4 Samevoegende gevolgtrekking

Die oorkoepelende hipotese wat vir die ondersoek van die onderhawige navorsingsprobleem gestel is, is die volgende:

Die vermoede bestaan dat die persoonlikekonstruk-teorie soos deur Kelly (1955) gepostuleer, aanvullend kan inwerk op die konvergensiemodel. Met aanpassing van die tegniek wat oorspronklik vir die identifisering van persoonlike konstrunkte (sien Fransella 1978; Fransella & Bannister 1984; Stewart et al 1981) ontwikkel is, kan verskille in die rol van Godskonsepte gedurende pastorale terapie by persone in verskillende lewenstadia aangetoon word. Dit kan lei tot die postulering van 'n aanvullende model vir insluiting in pastorale gesprekvoering.

Ten einde voorgemelde oorkoepelende hipotese vir aanvaarding of verwerping in sy geheel of gedeeltes daarvan te evalueer, is die volgende oorkoepelende doelwit gestel:

Die oorkoepelende doelwit met die navorsingstudie is om deur gebruikmaking van 'n aangepaste vorm van die repertoierrooster-tegniek, inligting aangaande Godskonsepte by persone in verskillende stadia van die volwasse lewensiklus in te samel, ten einde 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering te postuleer.

Voorgenoemde oorkoepelende doelwit is in drie subdoelwitte verdeel. In Afdelings 8.1.1, 8.1.2 en 8.1.3 word bewyse aangevoer dat al drie subdoelwitte bereik is. Daarmee is ook die oorkoepelende doelwit bereik. Die gevolgtrekking word derhalwe gemaak dat, met die bereiking van die oorkoepelende doelwit as 'n geheel, die oorkoepelende hipotese in al sy aspekte aanvaar kan word. Die persoonlikekonstruk-teorie kan aanvullend inwerk op die konvergensiemodel. Met aanpassing van die tegniek wat oorspronklik vir die identifisering van persoonlike konstrunkte ontwikkel is, naamlik die repertoierrooster-tegniek, kan verskille in die rol van Godskonsepte gedurende pastorale terapie by persone van die verskillende lewenstadia aangetoon word. Dit kan lei tot die postulering van 'n aanvullende model vir insluiting in pastorale terapie, soos in Afdeling 7.3 gedoen word.

8.2 AANBEVELINGS

Voortvloeiend uit inligting wat met die onderhawige navorsingstudie bekom is, word aanbevelings

vanuit twee perspektiewe gedoen. Dit behels aanbevelings uit die perspektief van die *aanvullende model* vir pastorale gesprekvoering en uit die perspektief van moontlikhede vir *verdere navorsing*.

8.2.1 Aanbevelings aangaande die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering

Ten einde die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering optimaal te benut, word die volgende aanbevelings gedoen:

- *Kennis van repertoierrooster-tegniek.* Aangesien daar nie vakkundige kennis benodig word vir die afneem van die repertoierrooster nie, word aanbeveel dat die pastorale terapeut homself in hierdie tegniek bekwaam. Dit kan van groot waarde wees indien hy, as deel van sy terapeutiese ekspedisie, die gespreksgenoot se Godskonsepte op hierdie wyse eerstehands bepaal.
- *Vraelys.* Met inligting wat uit die onderhawige navorsingstudie na vore kom, kan 'n kort vraelys vir die identifisering en verheldering van gespreksgenote se Godskonsepte opgestel word. So 'n vraelys kan die terapeut van waardevolle inligting vir verdere benutting in die pastorale onderhoud bedien.
- *Identifisering van metafore.* Uit die onderhawige navorsingstudie blyk dit dat die aanvaarbaarheid van metafore vir God by individue verskil. Dit hou verband met die individu se bepaalde volwasse lewenstadium en sy persoonlike konstruksisteem. Daar word geensins daarop aanspraak gemaak dat die metafore wat in die huidige ondersoek gemeld word, volledig is nie. Dit word gevolglik aanbeveel dat die terapeut die moontlikheid van ander aanvaarbare metafore vir God by sy gespreksgenoot ondersoek. Dit kan gedoen word deur die gespreksgenoot te vra om metafore vir God te genereer na aanleiding van sekere leidende vrae. Sien in hierdie verband Afdeling 5.1.2.1, asook Stewart en ander (1981:32-36) vir 'n bespreking van die generering van elemente vir die repertoierrooster.

- *Gestruktureerde repertoierooster.* 'n Kundige kan die repertoierooster vir minder ervare gebruikers aanpas. 'n Beperkte aantal elemente kan voorsien word en riglyne kan aangebied word vir die gebruik daarvan met die oog op onthulling van die gespreksgenoot se Godskonsepte.
- *Empiriese evaluering van die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering.* Dit word voorgestel dat die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering, soos in Afdeling 7.3 gepostuleer, empiries geëvalueer word. Sodanige evaluering mag tot opgradering van die model lei.

8.2.2 Voorstelle vir verdere navorsing

Die onderhawige navorsingstudie maak geensins op volledigheid aanspraak nie. Die volgende moontlikhede vir verdere navorsing kom daaruit na vore:

- *Verdeling van die volwasse lewensiklus.* Die middel-volwasse lewenstadium soos in die onderhawige navorsingstudie beskryf, is 'n lang periode van ongeveer vyf-en-dertig jaar. Aan die begin van hierdie periode verkeer die persoon nog na aan die vroeë-volwasse lewenstadium en aan die einde van die periode na aan die laat-volwasse lewenstadium. Dit kan dus aanvaar word dat daar in die middel-volwasse lewenstadium individue gevind word wat aan die een kant na die vroeë-volwasse lewenstadium neig, en aan die ander kant na die laat-volwasse lewenstadium. Van Jaarsveld (1986:195-196) het in sy ondersoek na die loopbaandilemmas van middeljarige mans hierdie probleem met betrekking tot middeljarigheid probeer uitskakel deur 'n bufferperiode van vyf jaar tussen die respondentegroepe te plaas. Hierdie bufferperiode kom nie vir statistiese berekeninge in aanmerking nie. Hurlock (1980) het in sy navorsing oor die middeljare met 'n soorgelyke probleem geworstel. Hy verdeel gevolglik daardie periode in die vroeë- en die laat-middeljare. Louw (1989a:230) verdeel die volwasse lewensiklus in vroeë-volwassenheid (18 tot 40 jaar), middel-volwassenheid (40 tot 60 jaar) en bejaardheid (60 jaar en ouer).

Dit kan verwag word dat sekere eienskappe van die vroeë-volwassenheid nog 'n rol speel aan die begin van die middel-volwasse lewenstadium. Net so kan dit verwag word dat eienskappe van laat-volwassenheid naby aan die einde van die middel-volwasse lewenstadium reeds 'n invloed daarop mag hê. Dit word derhalwe voorgestel dat Godskonsepte in die lig van bogemelde feite verder ondersoek word.

- *Variasies van repertoierrooster.* Met die repertoierrooster as basis is ander navorsingstegnieke, soos onder andere die rangorderrooster en die beoordelingsrooster, ontwikkel (Fransella & Bannister 1984:30-52; Van Jaarsveld 1986:133-135). Hierdie metodes maak meer gesofistikeerde statistiese verwerkinge moontlik. Relatiewe gewigte kan byvoorbeeld aan die elemente toegeken word. Die belangrikheid en prioriteit van Godskonsepte kan dus statisties bepaal word. Verdere navorsing oor die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie met gebruikmaking van die gemelde twee variasies, asook ander variasies van die repertoierrooster, kan insiggewende resultate oplewer.
- *Gebruik van die repertoierrooster-tegniek op ander terreine.* Die repertoierrooster-tegniek is wel oorspronklik vir kliniese gebruik ontwerp. Bewys is egter gelewer dat dit op bykans enige terrein vir navorsing aangewend kan word. Daar word dus voorgestel dat hierdie tegniek, weens sy aanpasbaarheid, ook op ander kerklik-godsdienstige terreine vir die inwin van inligting aangewend word. Moontlike sodanige terreine is sendingwerk, Bybelverspreiding, metodes vir fondsinsameling, ondersoek na kerkbywoning en nog vele meer.
- *Unieke konnotasie aan metafore vir God geheg.* Uit die empiriese navorsing is dit duidelik dat verskillende persone verskillende betekenis aan die metafore vir God heg. Sommige verskille is in die onderhawige navorsingstudie aangetoon. Daar is egter nie 'n poging aangewend om oorsaaklike verbande met betrekking tot die verskille te vind nie. Navorsing in hierdie verband mag belangrike inligting na vore bring.

8.3 SLOTOPMERKING

Die navorsingsprobleem met betrekking tot die rol van Godskonsepte vir pastorale terapie is deur middel van sowel 'n literatuur- as 'n empiriese ondersoek nagevors. Insiggewende verskille by Godskonsepte tydens die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus is ontdek. Die konstrueteoretiese perspektief is in berekening gebring. Die navorsingshipoteses wat gestel is, is aanvaar. 'n Aanvullende model vir pastorale gesprekvoering is gepostuleer. Hiermee word vertrou dat die doelwit met die navorsingstudie bereik is.

LITERATUURLYS

- Adams, J E 1973. *Competent to counsel*. Grand Rapids: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- 1974. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- 1976a. *The use of the Scriptures in counseling*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.
- 1976b. *What about nouthetic counseling?* New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- 1977. *Coping with counseling crises*. Nutley, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- 1978. *Matters of concern to Christian counselors: A potpourri of principles and practices*. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- 1979. *More than redemption: A theology of Christian counseling*. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.
- 1980. *Shepherding God's flock: A preacher's handbook on pastoral ministry, counseling, and leadership*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.
- Allen, J J 1986. *The ministry of the church: Image of pastoral care*. Crestwood, New York: St. Vladimir's Seminary Press.
- Allport, G W 1963. *Pattern and growth in personality*. London: Holt, Rinehart and Winston.
- 1966. Traits revisited, in Gerdes et al 1981:311.
- Anastasi, A 1963. *Psychological testing*. 2nd ed. New York: Macmillan.
- Anderson, B W 1983. *Out of the depths: The Psalms speak for us today*. Philadelphia: Westminster.
- Auer, J & Ratzinger, J 1975. *Die Welt - Gottes Schöpfung. Kleine Katholische Dogmatik. Band III*. Regensburg: Pustet.
- Bannister, D & Mair, J M M 1968. *The evaluation of personal constructs*. London: Academic Press.
- Barbour, I G 1990. *Religion in an age of science: The Gifford Lectures 1989-1991*. Volume

1. San Francisco: Harper & Row.

Barth, K 1959. *Kirchliche dogmatik III 2*. Zürich: Evangelischer Verlag.

Basset, R L et al 1990. Picturing God: A nonverbal measure of God concept for conservative protestants. *Journal of Psychology and Christianity* 9/2, 73-81.

Bäumler, C 1976. Probleme der Theoriebildung Praktischer Theologie, in Zerfaß, R & Greinacher, N 1976. *Einführung in die Praktische Theologie*, 77-95. Kaiser: Grünewald.

Bavinck, H 1918. *Gereformeerde dogmatiek*. Tweede deel. Derde onveranderde uitgave. Kampen: Kok.

Beard, R 1978. Teachers' and pupils' construing of reading, in Fransella 1978:69-74.

Becvar, D S & Becvar, R J 1996. *Family therapy: A systematic integration*. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.

Behr, A L 1988. *Empirical research methods for the human sciences*. 2nd ed. Durban: Butterworths.

Benjamin, A 1973. *Het helpende gesprek*. Haarlem: De Toorts.

Benner, D G 1992. *Strategic pastoral counseling: A short-term structured model*. Grand Rapids: Baker.

Berkhof, H 1962. *De mens onderweg: Een Christelijke mensbeschouwing*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

--- 1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.

--- 1985. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.

Berkhof, H & Van der Woude, A S 1970. *Wat dunkt u van de mens?: Een reeks beschouwingen over de mens in Bijbel en maatsschappij*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G C 1957. *Dogmatische studiën: De mens het beeld Gods*. Kampen: Kok.

--- 1958. *Dogmatische studiën: De zonde I: Oorsprong en kennis der zonde*. Kampen: Kok.

--- 1960. *Dogmatische studiën: De zonde II: Wezen en verbreiding der zonde*. Kampen: Kok.

Bezuidenhout, R 2000. Predikant-skrywer verduidelik metafore in tienerboek ná reaksie. *Volksblad* 24 Jan, p3.

Blom, M B 1981. *Engagement en interventie*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

- Blühm, R 1983. *Begriff und Theorie der Seelsorge*, in Louw 1997:74.
- Bonhoeffer, D 1985. *Spiritual care*. Philadelphia: Fortress Press.
- Bons-Storm, M 1992. *Pastoraat als bondgenootskap: Aanzet tot vernieuwing van de kerkelijke praktijk vanuit het vrouwenpastoraat*. Kampen: Kok.
- Booth, F L 1991. *When God becomes a drug: Breaking the chains of religious addiction & abuse*. New York: Putman' Sons.
- Bosman, D B, Van der Merwe, I W & Hiemstra, M A 1979. *Tweetalige woordeboek*. 7de uitg. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Botha, M E 1977. Die wending in die nuwere wetenskapsteorieë en in die sosiale wetenskappe, in Strauss, D F M et al, *Woord en wetenskap*, 129-151. Pretoria: VCHO.
- Brillenburg Wurth, G 1955. *Christelike zielzorg in het licht der moderne psychologie*. Kampen: Kok.
- Brueggemann, W 1993. *The Bible and postmodern imagination: Text under negotiation*. London: SCM.
- Brunner, E 1972. *Dogmatik*. Band II. Zürich: Zwingli-Verlag.
- Bucer, M 1991. *Over de ware zielzorg*. Kampen: Kok.
- Buchler, J 1955. *Nature and judgment*. New York: Columbia University Press.
- Bühler, C 1962. *Psychologie im Leben unserer Zeit*. München: Droemer/Knauer.
- Buri, F, Lochman, J M & Ott, H 1976. *Dogmatik im Dialog*. Band 3. Gerd Mohn: Gütersloher Verlagshaus.
- Bybel 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Cabot, R C & Dicks, R L 1964. *The art of ministering to the sick*. New York: Abingdon Press.
- Calhoun, C 1992. Culture, history, and the problem of specificity in social theory, in Janse van Rensburg 2000:72.
- Capps, D 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis: Fortress Press.
- Cavanagh, M 1992. The perception of God in pastoral counseling. *Pastoral Psychology* 41/2, 75-87.
- Clinebell, H 1987. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.

- Coleman, J C, Butcher, J N & Carson, R C 1984. *Abnormal psychology and modern life*. 7th ed. Glenview, Illinois: Scott, Foresman and Company.
- Cornelissen, R J F 1979. In dienst van de Geest: Theologiese beinning op het hedendaagse pastoraat. *Tijdschrift voor teologie* 28 (1), 28-47.
- Davisson, A 1978. George Kelly and the American mind (or why has he been obscure for so long in the U.S.A. and whence the new interest?), in Fransella 1978:25-33.
- De Beus, C H 1979. *Komst en toekomst van het koninkrijk*. Heemstede: Drukkerij Princo.
- Deist, F 1986. *A concise dictionary of theological terms with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list*. Pretoria: Van Schaik.
- De Jongh van Arkel, J T 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. DTh thesis, University of South Africa, Pretoria.
- De Klerk, J J 1978. *Herderkunde*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- 1981. *Pastoraat en die ander "pastorale" wetenskappe*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- 1985. *Verbond en bediening*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- De Klerk, W 1998a. Calvinistiese kerke in SA is erg verweer. *Volksblad* 24 Sept, p9.
- 1998b. *Die vreemde God en sy mense*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Klerk, W J 1975. *Pastorale sensitiwiteit*. Johannesburg: Perskor.
- Depoortere, K 1990. You have striven with God: (Gen 32:28): A pastoral-theological reflection on the Image of God and suffering, in Louw 1997:115.
- De Villiers, H J 1997. *Hoekom is ek hier?* Kaapstad: Human en Rossouw.
- Dill, J 1996. 'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie. PhD-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Dill, J & Kotzé, D J 1997. Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die praktiese teologie. *Acta Theologica* 17(1), 1-26.
- Donga, H C 1989. *Ontmoeting: Een studie over pastoraat en ontmoeting*. Hardingveld: Narratio.
- Du Toit, B 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.
- Durand, J J F 1978. *Die sonde: Wegwysers in die dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

- Ebeling, G 1982. *Dogmatik des Christlichen Glaubens*. Band I. Tübingen: Mohr.
- Egan, E 1994. *The skilled helper: A problem-management approach to helping*. 5th ed. Pacific Grove, California: Brooks/Cole Publishing Company.
- Erikson, E H 1959. Identity in the life cycle [Monogram 1]. *Psychological Issues*, 1(1). New York: International University Press.
- 1963. *Child and society*. 2nd ed. New York: Norton.
- 1964. *Insight and responsibility*. New York: Norton.
- Estadt, B K 1983. *Pastoral counseling*. New Jersey: Prentice Hall.
- Faber, H & Van der Schoot, E 1962. *Het pastorale gesprek: Een pastoraal-psychologische studie*. Utrecht: Erven J Bijleveld.
- Feiner, J & Löhrer, M 1967. *Mysterium Salutis: Grundriss heilsgeschichtlicher Dogmatik*. Band II. Einsiedeln: Bunsiger Verlag.
- Firet, J 1979. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.
- Fletcher, J 1966. *Situation ethics*. London: SCM.
- Frankl, V E 1959. *Man's search for meaning: An introduction to logotherapy*. Boston: Beacon.
- 1967. *Psychotherapy and existentialism: Selected papers on logotherapy*. New York: Washington Square Press.
- 1969. *The will to meaning: Foundations and applications of logotherapy*. New York: World Publishing.
- 1975. *The unconscious God: Psychotherapy and theology*. New York: Simon & Schuster.
- 1978. *The unheard cry for meaning: Psychotherapy and humanism*. New York: Simon and Schuster.
- Fransella, F (ed) 1978. *Personal construct psychology 1977*. London: Academic Press.
- Fransella, F & Bannister, D 1984. *A manual for repertory grid technique*. London: Academic Press.
- Frielingsdorf, K 1992. *Dämonische Gottesbilder: Ihre Entstehung, Entlarvung und Überwindung*. Mainz: Matthias Grünwald Verlag.
- Gerdes, C, Ochse, R, Stander, C & Van Ede, D 1981. *Die ontwikkelende volwassene*. Durban: Butterworth.

- Gergen, K J 1985. Social constructivist movement in psychology. *American Psychologist* 40, 266-275.
- 1991. *The saturated self: Dilemmas of identity in contemporary life*. New York: Basic Books.
- 1994. *Realities and relationships: Soundings in social construction*. London: Harvard University Press.
- Gerkin, C V 1984. *The living human document: Re-visioning pastoral counseling in a hermeneutical mode*. Nashville: Abingdon.
- 1986. *Widening the horizons: Pastoral responses to a fragmented society*. Philadelphia: Westminster Press.
- 1994. Projective identification and the image of God: Reflections on object relations theory and the psychology of religion, in Louw 1997:387.
- Gould, R L 1977. The phases of adult life: A study in developmental psychology, in Gerdes et al 1981:19.
- Graham, L 1992. *Care of person, care of worlds: A psychosystems approach to pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.
- Grossoehme, D H 1996. Prayer reveals belief: Images of God from hospital prayers. *The Journal of Pastoral Care* 50/1, 33-39.
- Haendler, O 1971. *Tiefenpsychologie, Theologie und Seelsorge*. Göttingen: Vandenhoech & Ruprecht.
- Hall, C S & Lindzey, G 1960. *Theories of personality*. New York: Wiley & Sons.
- Harrison, R.K (ed) 1988. *The new Unger's Bible dictionary*. Chicago: Moody Press.
- Havighurst, R J 1973. History of developmental psychology: Socialization and personality development through the life-span, in Gerdes et al 1981:18.
- Heitink, G 1979. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.
- 1983. *Gids voor het pastoraat*. Kampen: Kok.
- 1993. *Praktische theologie: Geschiedenis - theorie - handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok.
- 1998. *Pastorale zorg: Theologie - differentiatie - praktijk*. Kampen: Uitgeverij Kok.

- 1999. *Practical theology: History, theory, action domains*. (Translated by Reinder Bruinsma). Grand Rapids: Eerdmans.
- Hergenhahn, B R 1984. *An introduction to theories of learning*. 2nd ed. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Heyns, J A 1974. *Die mens: Bybelse en Buite-Bybelse mensbeskouinge*. Bloemfontein: Sacum.
- 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- 1988. *Dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- 1992. *Inleiding tot die dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, J A & Jonker, W D 1977. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Heyns, J A & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie*. Pretoria: Gnosis.
- Hick, J 1993. *The metaphor of God Incarnate: Christology in a pluralistic age*. Louisville, Kentucky: Westminster.
- Hielema, J S 1975. *Pastoral or Christian counseling*. Leeuwarden: De Tille.
- Hiltner, S 1958. *Preface to pastoral theology*. Nashville: Abingdon.
- 1959. *The Christian shepherd: Some aspects of pastoral care*. Nashville: Abingdon.
- 1965a. The heritage of Anton T. Boisen. *Pastoral Psychology* 16 (158), 5-10.
- 1965b. Paul Tillich and pastoral psychology. *Pastoral Psychology* 16 (159), 5-9.
- 1966. The death of God: A psychological perspective. *Pastoral Psychology* 17 (167), 5-9.
- 1968. Faith and cosmology. *Pastoral Psychology* 19 (187), 5-7.
- Hjelle, L A & Ziegler, D J 1983. *Personality theories: Basic assumptions, research, and applications*. 2nd ed. Auckland: McGraw-Hill.
- Hoffman, L 1992. Constructing the theoretical context: A reflexive stance for family therapy, in Mcnamee, S & Gergen K J (eds), *Therapy as social construction*, 7-24. London: Sage Publications.
- Holsti, O R 1969. *Content analysis for the social sciences and humanities*. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.
- Horak, G 2000. Perspektief op die Vader. (Woord en perspektief). *Volksblad* 7 Maart, p6.

- Hurlock, E B 1980. *Developmental psychology: A lifespan approach*. 5th ed. New York: McGraw-Hill.
- Janse van Rensburg, J 1996. Verbond en pastoraat: Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 37(1), 152-165.
- 1999. *The occult debate*. Cape Town: Lux Verbi.
- 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.
- Johnson, P E 1953. *Psychology of pastoral care: The pastoral ministry in theory and practice*. Nashville: Abingdon.
- Jordaan, W J & Jordaan, J J 1989. *Man in context*. 2nd ed. Johannesburg: Lexicon Publishers.
- Joubert, G 1997. *Die groot gedagte: Abstrakte weefsel van die kosmos*. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Jüngel, E 1980. *Entsprechungen: Gott, Wahrheit, Mensch*. München: Chr. Kaiser Verlag.
- Kaplan, H I, Sadock, B J & Grebb, J A 1994. *Kaplan and Sadock's synopsis of psychiatry: Behavioral sciences, clinical psychiatry*. 7th ed. Baltimore: Williams & Wilkins.
- Kelly, G A 1955. *The psychology of personal constructs: A theory of personalty*. New York: Norton.
- 1963. *A theory of personality*. New York: Norton.
- 1969. Clinical psychology and personality, in Möller 1995:138-139.
- 1970. A brief introduction to personal construct theory, in Bannister, D (ed) 1970. *Perspectives in personal construct theory*, 1-29. New York: Academic Press.
- Kerr, M E & Bowen, M 1988. *Family Evaluation: An approach based on Bowen theory*. New York: Norton.
- Kerrick-Mack, J 1978. The role construct repertory grid as a process for facilitating self-awareness and personal growth, in Fransella 1978:117-118.
- Kilian, J 1993. *Form and style in theological texts: A guide for the use of the Harvard Reference System*. Pretoria: University of South Africa.
- Klein Kranenburg, E S 1988. *Trialoog: De derde in het pastorale gesprek*. s'-Gravenhage: Boekencentrum.
- König, A 1975. *Hier is Ek!*. Gelowig nagedink, deel 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

- 1980. *Jesus die laaste*. Gelowig nagedink, deel 2. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- 1991. *Bondgenoot en beeld*. Gelowig nagedink, deel 4. Halfway House: NG Kerkboekhandel.
- Kopp, S 1994. *If you meet the Buddha on the road, kill him!* London: Sheldon Press.
- Kotzé, G J 1971. Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde pastoraat met spesiale verwysing na die client-centered Amerikaanse pastoraat. DD-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.
- Kotzé, D J & Botha, A 1994. Die fasilitering van huweliksgroei by egpare met behulp van familie-van-oorsprong-werk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 35(3), 389-399.
- Kotzé, D J & Kotzé, E 1993. Die predikant se storie: 'n Narratiewe benadering tot die ontwikkeling van die persoon van die predikant. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 34(3), 363-370.
- Kraus, H-J 1979. *Theologie der Psalmen - Biblischer Kommentar Altes Testament*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- 1983. *Systematische Theologie in Kontext biblischer Geschichte und Eschatologie*. Neukirchen: Neukirchener Verlag.
- Kruispunt: Paasuitgawe 23 April 2000. Kaapstad: Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk. (Bylae in *Rapport* Sondag 23 April 2000.)
- Kuhn, T S 1962. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.
- Leedy, P D 1980. *Practical research: Planning and design*. 2nd ed. New York: Macmillan.
- 1997. *Practical research: Planning and design*. 6th ed. Upper Saddle River, New Jersey: Prentice Hall.
- Lemmer, J C 1991. Hipotese-genererende ondersoeke in prakties-teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1), 10-19.
- Lindijer C (red) 1990. *Beelden van God: Orientaties op het denken en spreken over God in onze tijd*. 's-Gravenhage: Meinema.
- Louw, D A 1989a. *Inleiding tot die psigologie*. 2de uitg. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- Louw, D A (red) 1989b. *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag*. Johannesburg: Southern Boekuitgewers.
- Louw, D A & Edwards, D 1993. *Psychology: An introduction for students in Southern Africa*. Johannesburg: Lexicon Publishers.

- Louw, D J 1982. *Pastoraat en lyding*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- 1989. Omnipotence (force) or vulnerability (defencelessness)? *Scriptura* 28, 41-58.
- 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Marais, J 1993. Narratiwiteit in die Ou Testament, in *Hervormende Teologiese Studies* 49(3), 639-649.
- Maslow, A H 1968. *Toward a psychology of being*. 2nd ed. New York: Van Nostrand.
- May, R 1980. *The art of counseling*. Nashville: Abingdon.
- McFague, S 1987. *Models of God*. Philadelphia: Fortress.
- McGoldrick, M & Gerson, R 1995. *Genograms in family assessment*. New York: Norton.
- Meshoulam, U 1978. There is more to stuttering than meets the ear: Stutterers' construing of speaking situations, in Fransella 1978:103-115.
- Meyer, W F, Moore, C & Viljoen, H G 1990. *Persoonlikheidsteorieë: Van Freud tot Frankl*. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- 1997 *Personologie: Van individu tot ekosisteem*. Johannesburg: Heinemann.
- Miller, P D 1994. Imagining God (Editorial). *Theology Today* 51/3, October 1994, 341-344.
- Mitchell, K R 1989. Ritual in pastoral care. *The Journal of Pastoral care*. Vol. XLIII, No. 1, 68-77.
- Möller, A T 1995. *Perspectives on personality*. Durban: Butterworths.
- Möller, C 1983. *Seelsorglich predigen: Die parakletische Dimension von Predigt, Seelsorge und Gemeinde*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Mouton, J 1993. Thomas S. Kuhn, in Snyman, J (ed), *Conceptions of social inquiry*, 53-75. Pretoria: HSRC.
- Mowrer, O H 1961. *The crisis in psychiatry and religion*. Princeton, New Jersey: Van Nostrand.

- Müller, B A 1981. *Skrifgebruik in die pastoraat*. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.
- Müller, J 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- Müller, J C 1993. Die gebruik van rituele in die pastoraat. *Praktiese Teologie in S.A.* 8(1), 1-13.
- Naudé, P 2000. Nuwe Godsbeelde 'onthuts', maar dit 'klink'. *Algemene Kerkbode* 11 en 12 Feb, p8.
- Nicol, W 2001. Sekerheid nie in vaste kennisinhoud. *Volksblad* 8 Jan, p7.
- Nouwen, J M 1979. *The wounded healer: Ministry in contemporary society*. New York: Image.
- Noyce, G 1989. *The minister as moral counselor*. Nashville: Abingdon.
- Olivier, B 1993. Deconstruction, in Snyman, J (ed), *Conceptions of social inquiry: HSRC Series in Methodology*. Pretoria: RGN-Drukkery.
- O'Meara, T F 1983. *Theology of Ministry*. New York: Paulist Press.
- Papalia, D E & Olds, S W 1986. *Human development*. 3rd ed. New York: McGraw-Hill.
- 1988. *Psychology*. 2nd ed. New York: McGraw-Hill.
- Pask, G 1961. *An approach to cybernetics*. London: Hutchinson.
- Peck, M S 1993. *Further along the road less travelled*. Londen: Simon & Schuster.
- Pesch, O H 1983. *Frei Sein Aus Gnade: Theologische Anthropologie*. Freiburg: Herder.
- Pieterse, H J C, Scheepers, P L H & Van der Ven, J A 1993. Plural religious beliefs: A comparison between the Dutch and white South Africans. *Hervormde Teologiese Studies* 49(1/2), 189-207.
- Ploeger, A K 1993. *Inleiding in de godsdienstpedagogiek*. Kampen: Kok.
- Plug, C, Meyer, W F, Louw, D A & Gouws, L A 1989. *Psigologie-woordeboek*. 2de uitg. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- Pope, M 1978. Monitoring and reflecting in teacher training, in Fransella 1978:75-86.
- Portmann, A 1968. *Was ist das - der Mensch?* München: Piper.
- Procter, H & Parry, G 1978. Constraint and freedom: The social origin of personal constructs, in Fransella 1978:157-170.

- Rebel, J J 1981. *Pastoraat in pneumatologisch perspektief: Een theologische verantwoording vanuit het denken van A. A. van Ruler*. Kampen: Kok.
- Riess, R 1973. *Seelsorge: Orientierung, analysen alternativen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Rizzuto, A-M 1979. *The birth of the living God: A psychoanalytic study*. Chicago: University of Chicago Press.
- Rogers, C R 1951. *Cliënt-centered therapy: Its current practice, implications, and theory*. Boston: Houghton Mifflin.
- 1980. *A way of being*. Boston: Houghton-Mifflin.
- Rossouw, P J 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model - Gerben Heitink*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Rümke, H C 1938. *Levenstijdperken van de man*. Amsterdam: Arbeiderspers.
- Sarot, M 1995. Pastoral counseling and the compassionate God. *Pastoral Psychology* 43/3, 185-190.
- Schniewind, J 1947. Theologie und Seelsorge. *Evangelische Theologie* 1946/47, 363-367.
- Seitz, M 1985. *Erneuerung der Gemeinde: Gemeindeaufbau und Spiritualität*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Shaw, M L G 1978. Interactive computer programs for eliciting personal models of the world, in Fransella 1978:59-67.
- Sheehy, G 1976. *Passages: Predictable crises of adult life*. New York: Dutton.
- Smith, D & Vetter, J 1982. *Theoretical approaches to personality*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Steere, D A 1980. A new pastoral theology: A study of its redefinition in the clinical pastoral movement according to the Biblical concept of shepherding, in Louw 1984:30.
- Stewart, V, Stewart, A & Fonda, N 1981. *Business applications of repertory grid*. London: McGraw-Hill.
- Strong J 1984. A concise dictionary of the words in the Greek Testament; with their renderings in the authorized English version, in Strong J, *The new Strong's exhaustive concordance of the Bible*, 7-79. Nashville: Thomas Nelson Publishers.
- Sully, M 1997. The construct of work and non-work in rural South Africa. *South African Journal of Psychology* 27(3), 127-133.

- Super, D E 1990. A life-span, life-space approach to career development, in Möller 1995:323-332.
- Taalkommissie 1991. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 8ste uitg. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.
- Tacke, H 1975. *Glaubenshilfe als Lebenshilfe: Probleme und Chancen heutiger Seelsorge*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener.
- Taege, J-W 1982. *Der Mensch und sein Heil: Studien zum Bild des Menschen und zur Sicht der Bekehrung bei Lukas*. Gerd Mohn: Gutersloher.
- Taylor, C W 1991. *The skilled pastor: Counseling as the practice of theology*. Minneapolis: Fortress.
- Thurneysen, E 1963. *A theology of pastoral care*. Richmond, Virginia: John Knox Press.
- 1968. *Seelsorge im Vollzug*. Zürich: EVZ-Verlag.
- 1976. *Die Lehre von der Seelsorge*. 4.Aufl. Zürich: Theologischer Verlag.
- Tom, K 1987. Interventive interviewing: Part II. Reflexive questioning as a means to enable self-healing. *Family Process* 26, 167-183.
- Trimp, C 1981. *Media vita*. Groningen: Uitgeverij de Vuurbaak.
- Ungersma, A J 1961. *The search for meaning: A new approach in psychotherapy and pastoral psychology*. London: Allen & Unwin.
- Van Bart, E S 2001. Millennium was oorspronklik duisendjarige vredestryk. *Bonus* 13 Jan, p2.
- Van Dam, W C 1977. *Stanger en Buchman: Twee modellen van strijdbare zielzorg*. Kampen: Kok.
- Van der Merwe, A B 1977. *Disintegrasie van gedrag*. Stellenbosch: Kosmo.
- Van der Ven, J A 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie*. Kampen: Kok.
- Van Gennep, F O 1990. *De terugkeer van de verloren Vader*. Baarn: Ten Have.
- Van Jaarsveld, F J 1986. 'n Ondersoek na die loopbaandilemmas van middeljarige mans deur gebruikmaking van die repertoire-rooster. DPhil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.
- Van Niekerk, A 1992. *Rasionaliteit en relativisme: Op soek na 'n rasionaliteitsmodel vir die menswetenskappe*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Van Pelt, J W 1999. *Pastoraat in trinitarisch perspektief: De samehang tussen trinitarische en*

antropologische aspecten in het pastoraat. Heerenveen: Uitgeverij Groen.

Van Selms, A 1973. *Genesis. Deel 1. Prediking van het Oude Testament.* Nijkerk: Callenbach.

Veltkamp, H J 1988. *Pastoraat als gelijkenis: De gelijkenis als model voor pastoraal handelen.* Kampen: Kok.

Versluis, J-M 2001. Kerklidmaatskap in Europa daal jaarliks. *Volksblad* 28 Aug, p4.

Von Rad, G 1965. *Theologie des Alten Testaments.* Band II. München: Chr. Kaiser Verlag.

Vorster, K 2001. Kompromieë is skadelik. *Volksblad* 9 Jan, p4.

Vriezen, Th C 1966. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament.* Wageningen: Veenman en Zonen.

--- 1977. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament.* Wageningen: Veenman en Zonen.

Wagenaar, L G 1959. *Over een Amerikaanse wijze van pastoraat.* 's-Gravenhage: Boekencentrum.

Weber, O 1972. *Grundlagen der Dogmatik.* Erster Band. Neukirchen: Verlag des Erziehungsvereins.

White, M & Epston, D 1990. *Narrative means to therapeutic ends.* New York: Norton.

Whitehead, A N 1953. Science and the modern world, in Hielema, J S 1975. *Pastoral or Christian counseling,* p13. Leeuwarden: De Tille.

Wijngaarden, H B 1950. *Hoofdproblemen der volwassenheid.* Utrecht: Bijleveld.

Wolff, H W 1974. *Anthropology of the Old Testament.* London: SCM.

Wormald, R D 1956. *Longmans' Latin course: Grammar and exercises complete edition.* London: Longmans, Green and Co.

Zerfaß, R 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft, in Klostermann, F & Zerfaß, R 1974. *Praktische Theologie heute,* 164-178. München: Mainz.

Zerfaß, R & Greinacher, N 1976. *Einführung in die Praktische Theologie.* Kaiser: Grünwald.

Zijlstra, W 1989. *Op zoek naar een nieuwe horizon: Handboek voor klinisch pastorale vorming.* Nijkerk: Callenbach.

BYLAE

BYLAAG 1: REPERTOIREROOSTER

Repertoirerooster no 3

NAAM: Henretha

GESLAG: Vroulik

TELEFOON: *** ** *

KERKVERBAND: Ned Geref Kerk

BEROEP: Chemiese patoloog

GEBOORTEDATUM: 16 11 1953

OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES: PhD

HUWELIKSTAAT: Geskei

KINDERS: Een

TOETSDATUM: 16 10 1999

ELEMENTE

1. God as Vader.
2. God as 'n Geweldige Krag.
3. God as Vriend.
4. God as Sadis of Paaiboelie.
5. God as Verlosser.
6. God as Kersvader.
7. God as Trooster.
8. God as Bedryfsingenieur.
9. God as Regter.
10. God as Rekenaar of Programmeerder.
11. God as Moeder
12. God as Towenaar.

KONSTRUKTE

KOMB	NO	KONSTRUKPOOL		KONTRASPOOL
<u>1 2 3</u>	1	Vryheid	--	Riglyne
<u>4 5 6</u>	2	Is nie God nie	--	Is God
<u>7 8 9</u>	3	Nie tyd vir menslike aspekte nie	--	Menslike aspekte
<u>10 11 12</u>	4	Kan alles laat gebeur	--	Kan nie alles laat gebeur nie
<u>1 10 12</u>	5	Kan nie baie verander nie	--	Kan baie verander
<u>1 10 12</u>	6	Laat min vryheid toe	--	Laat baie vryheid toe
<u>1 4 7</u>	7	Dra my belange op die hart	--	Dra nie my belange op die hart nie
<u>2 5 8</u>	8	Kan die wêreld 'n beter plek maak	--	Kan nie die wêreld 'n beter plek maak nie
<u>2 5 8</u>	9	Kan die wêreld verander	--	Kan nie die wêreld verander nie
<u>3 6 9</u>	10	Vals geloof	--	Nie 'n vals geloof nie
<u>3 6 9</u>	11	Nie vir jou nie	--	Vir jou
<u>4 7 10</u>	12	Kan iets doen	--	Magteloos
<u>5 8 12</u>	13	Hy oordeel	--	Hy oordeel nie
<u>1 4 10</u>	14	Doen wat reg is	--	Doen wat nie reg is nie
<u>1 4 10</u>	15	Doen goeie dinge	--	Doen kwaad, lelike dinge
<u>2 5 12</u>	16	Kan enigiets doen	--	Kan nie enigiets doen nie
<u>2 5 12</u>	17	Kies om alles te doen	--	Kies beperkte pligte
<u>1 11 12</u>	18	Onvolledige God	--	Meer volledige God
<u>2 6 11</u>	19	Nie vals nie	--	Vals
<u>3 5 11</u>	20	Kan my help op my pad	--	Kan my nie op my pad help nie
<u>3 5 11</u>	21	Rigtingwyser	--	Nie 'n rigtingwyser nie

BYLAAG 2: BRIEF VAN RESPONDENT

Posbus 37390
LANGENHOVENPARK
9330

3 Januarie 2000

Prof F.J. van Jaarsveld

Hiermee gee ek verlof dat die inligting aangaande myself en my Godskonsepte wat u aan my voorgelê het, in u navorsingsprojek gebruik mag word. Ek dink dit is 'n baie akkurate opsomming van my Godsbeskouing. Dit is soos ek oor God dink. Die lees daarvan gee my meer helderheid en stimuleer nuwe begrip oor die rol en betekenis van God in my lewe.

Die uwe



OPSOMMING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die vermoede bestaan dat die rol van Godskonsepte nie volledig in bestaande gespreksmodelle vir pastorale terapie verreken word nie. In hierdie verband word verwys na leemtes met betrekking tot die identifikasie van Godskonsepte, verskille by persone se Godskonsepte as gevolg van die bepaalde lewenstadium waarin hulle verkeer, persoonlike konstruksie en die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte.

Pastorale terapie vind teen die agtergrond van die terapeut se antropologiese oortuiging plaas. Aan die hand van Zerfaß se handelingswetenskaplike model vir die korrigerende van 'n Christelike kerklike praxis word 'n dogmatiese vertrekpunt vir die teologiese antropologie gemotiveer. Die teologiese antropologie vir die pastorale terapie word in die Godsleer gefundeer en aan Christus genormeer. Die wese van die mens word beskryf as die beeld van God, 'n verbondswese en 'n verhoudingswese. Hieruit word belangrike analogiese en komplementerende eienskappe van menswees afgelei. Omdat die mense waarmee pastorale terapie handel almal sondaars is, word die aktualiteit van die sonde verken in die mens se verhouding tot God en die skepping.

In aansluiting by die pastorale terapeut se antropologiese oriëntasie word daar verder aan sy terapeutiese benadering gestalte gegee deur die pastorale model waaruit hy opereer. 'n Aantal saakmakende pastorale modelle word gevolglik krities verken en geëvalueer. Dit lei tot 'n bespreking van die pneumatologiese implikasies vir antropologie en terapie. In onderskeiding van 'n fenomenologiese model besit 'n pneumatologiese model vir die pastoraat belangrike kenmerke soos onder meer 'n eiendomlike beïnvloedingsfeer, 'n nuwe lewensgerigtheid en moraal, asook 'n eiesoortige gespreksontmoeting. As sulks konstitueer die pastorale gesprek 'n dialoog.

Met inagneming van die voorafgaande word 'n basisteorie vir pastorale terapie ontwikkel. Daarin word die verbond as grondmotief vir pastorale terapie aangedui en die waarde van 'n eskatologiese perspektief beklemtoon. Die paradigmaterskuiwing met betrekking tot Godskonsepte en die gevolglike rol van Godskonsepte in die pastorale ontmoeting word bespreek. Met die basisteorie as krities-normatiewe kriterium vir 'n praktykteorie word 'n psigopastorale

antropologie verwoord.

Ter voorbereiding vir die empiriese ondersoek word Kelly se persoonlikekonstruk-teorie kursories verduidelik. Die empiriese ondersoek behels die identifisering van vyftig individue se persoonlike Godskonsepte deur middel van 'n aangepaste vorm van die repertoierooster. Evaluering van die empiriese data dui op belangrike verskille by mense tydens die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus. Dié verskille bestaan onder meer met betrekking tot die metafisies-ontologiese en die menslikheidseienskappe van God, die paradigmaterskuiwing na 'n metaforiese spreke oor God en die beoordeling van metafore vir God.

Ontoepaslike of 'n gebrek aan toepaslike Godskonsepte speel dikwels 'n rol by die probleme waarmee kliënte 'n pastorale terapeut nader. Gevolglik word die weg vir die terapeutiese herstrukturering van Godskonsepte by 'n aantal kliënteprobleme aangedui. Van wesenlike belang is die paradigma waaruit die pastorale terapeut die herstrukturering fasiliteer. Geloofsvolwassenheid in die vorm van kort- en langtermyn doelwitte, asook Skrifgebruik, beklee belangrike posisies by die herstruktureringsproses.

Aan die hand van die voorafgaande bevindings word 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering voorgestel. In die model word verskille by individue se Godskonsepte as gevolg van lewenstadium, persoonlike konstruksie asook die herstrukturering van ontoepaslike Godskonsepte verreken.

Die resultate van die navorsingstudie lei tot drie belangrike gevolgtrekkings: (1) 'n Aangepaste vorm van die repertoierooster is geskik vir die identifisering van persoonlike Godskonsepte. (2) Persone in die verskillende stadia van die volwasse lewensiklus huldig verskillende Godskonsepte. (3) Dit is moontlik om 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering waarin die voorafgaande bevindings verreken word, te postuleer.

Die navorsingsverslag sluit af met aanbevelings aangaande die gebruik van die aanvullende model vir pastorale gesprekvoering en verdere navorsing.

SUMMARY OF RESEARCH REPORT

There are indications that mans' concepts of God are not adequately considered in models for pastoral counseling. These refer to the identification of concepts of God, differences among people's concepts of God as a result of their stages of life, personal constructs, and the reconstruction of inappropriate concepts of God.

The therapist's anthropological beliefs influence his pastoral therapy. With reference to Zerfaß's model for the correction of a Christian-church praxis, a dogmatic point of departure is motivated for a theological anthropology based on doctrines about God with Christ as the norm. Man is described as the image of God, a party in the covenant, and existing in relations. From this description some human characteristics, analogic and complementary to those of God, are deduced. Because people as the objects of pastoral therapy are sinners, sin is discussed in the light of mans' relation to God and to God's creation.

The pastoral therapist's therapeutic approach is not only determined by his anthropological orientation, but also by the pastoral model from which he operates. Thus, a number of pastoral models are evaluated and their pneumatological implications for anthropology and therapy indicated. A phenomenological model for pastoral work differs in important characteristics from a pneumatological model. The differences comprise inter alia the sphere of influence, new goals and morals in life, and a specific way of counseling. These constitute pastoral counseling as a trialogue.

The above-mentioned facts serve as directives for the development of a basic theory for pastoral therapy. In that theory the covenant is indicated as the basic motivation for pastoral therapy. The importance of the eschatological perspective is stressed. The paradigm shift with regard to mans' concepts of God is discussed. Having the basic theory as criterion, a theory in practice which includes a psycho-pastoral anthropology, is formulated.

The construct-theoretical approach in this study necessitates a cursory explanation of Kelly's

personal construct theory. The empirical research comprises the identification of fifty individuals' concepts of God by means of a modified form of the repertory grid. Evaluation of the empirical data reveals important differences in concepts of God among three groups of individuals in different stages of life. The differences comprise inter alia the metaphysical-ontological and the human characteristics of God, the paradigm shift to a metaphorical form of speech about God, and the evaluation of metaphors for God.

Because inappropriate concepts of God can play a role in the problems clients present to their pastor, directives for the therapeutic reconstruction of concepts of God are given. Of prime importance is the paradigm from which the pastor facilitates the reconstruction process. Short and long term goals for achieving spiritual maturity and the use of the Holy Scripture occupy important positions in the reconstruction process.

On strength of the above-mentioned facts a supplementary model for pastoral counseling is postulated. Concepts of God specific to a client's stage of life, personal constructs, and the reconstruction of concepts of God are implemented in the model.

Conclusions drawn from the research are: (1) The repertory grid can be modified to identify mans' concepts of God. (2) People in different stages of the mature life cycle have different concepts of God. (3) The postulation of a supplementary model for pastoral counseling in which the preceding findings are implemented, is possible.

Finally, recommendations for the use of the supplementary model for pastoral counseling and future research are made.

KEY TERMS

anthropology
concepts of God
human characteristics
inappropriate concepts
paradigm shift
pastoral counseling
pastoral therapy
personal construct
pneumatology
repertory grid
stage of life
therapeutic reconstruction
trialogue